

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

# Die Effektiewe Regulering van Kinderarbeid

---

Lichél Kinnear

04393562

# Die Effektiewe Regulering van Kinderarbeid

deur

Lichél Kinnear

04393562

Ingedien as verhandeling vir die graad Magister  
Legum

In die Fakulteit Regsgeleerdheid  
Universiteit van Pretoria

2012

Onder leiding van Dr A S Louw

# The Effective Regulation of Child Labour

by

Lichél Kinnear

04393562

Submitted in fulfillment of the requirements for  
the degree Magister Legum

In the Faculty of Law

University of Pretoria

2012

Supervisor: Dr A S Louw

## **Summary:**

Every year millions of children worldwide are forced into the labour pool. More than half of these children are involved in some of the worst forms of child labour, which include slavery, work under hazardous conditions and illegal activities such as drug trafficking and prostitution. Children involved in child labour are usually deprived of access to basics such as proper nutrition, adequate shelter, education, basic hygiene and healthcare, and recreation. Due to the increase in poverty across the world, the vulnerability of children in child labour, and their need for income to survive in a poverty-stricken environment, these children simply cannot escape from the exploitative practices and worst forms of labour.

Despite the dangers associated with child labour, not all forms of work done by children are hazardous to them. The income earned by children in this way contributes substantially to their own survival and that of their families. Work can also help children acquire certain skills, which can contribute to their development. This dissertation investigates, in the light of the current socio-economic circumstances of South Africa, the possibility to allow children to work for their survival and simultaneously to protect them through regulatory measures from exploitative labour practices and the worst forms of child labour.

The dissertation starts with a general overview of child labour, including the historical development of the regulation of child labour, problems encountered in defining child labour, advantages and disadvantages of child labour as well as the various current perspectives and approaches to child labour. Special attention is given to the importance of education and the current problems experienced in the education system (which needs to be adjusted for child labourers) as well as the situation regarding girls in the labour market.

An exploration of the international legal framework applicable to child labour is coupled with a description of the current international conventions as well as international initiatives, which mainly seek to eliminate child labour. Emphasis is placed on the most important conventions that have a direct impact on child labour: The United Nations Convention on the Rights of the Child, the International Labour Organisation's conventions and the African Charter on the Rights and Welfare of the Child.

Subsequently, the dissertation canvasses the approach to child labour in South Africa with an overview of the nature and extent of child labour in South Africa and an exploration of the nexus between international law and South African national law. The author expounds in detail on the current South African national legal framework applicable to children and child labour, as well as the variety of South-African programmes that seek to effectively regulate child labour.

By way of comparison, the author investigates the approach to child labour in India, exploring the socio-economic and political circumstances as well as the extent of child labour in India, as also the federal law and child labour programmes that regulate child labour in India. India's approach to child labour is compared with that of South Africa to gauge how the two differ and what South-Africa can adopt from India.

The dissertation critically evaluates the South African approach to child labour and offers proposals to address the challenges in limiting, if not eradicating, the worst forms of child labour and its exploitative practices in South Africa. The author reviews and evaluates the measures and programmes implemented in India, with a view to improve the position of children involved in child labour in South Africa. The author closes by critically analysing the hypothesis posed at the outset of this study: that a judicious acceptance of child labour (excluding its worst forms), when considered in the context of its proper and effective regulation through legislation and enforcement, is the best approach to combat the perils associated with child labour in South Africa.

**Sleutelwoorde:**

Arbeid  
Arbeidspraktyke  
Effektiewe regulering  
Internasionale instrumente  
Kinderarbeid  
Kinders  
Konvensies  
Multidimensionele  
Protokol  
Regulering  
Uitbuiting  
Vorms van arbeid  
Werk  
Wetgewing

**Lys van afkortings:**

<i>ACERWC:</i>	'African Committee of Experts on the Rights and Welfare of the Child'
<i>ACRWC:</i>	'African Charter on the Rights and Welfare of the Child'
<i>CAPES:</i>	'Confederation of Associations in the Private Employment Sector'
<i>CLAP:</i>	'Child Labour Action Programme'
<i>CLPA:</i>	'Child Labour Programme of Action'
<i>DFN:</i>	'Dalit Freedom Network'
<i>ECOSOC:</i>	'United Nations Economic and Social Council'
<i>FIFA:</i>	'Fédération Internationale de Football Association'
<i>GK:</i>	Goewerment Kennisgewing
<i>IBSA:</i>	'India-Brazil-South Africa'
<i>ILO:</i>	'International Labour Organisation'
<i>IPEC:</i>	'International Program on the Elimination of Child Labour'
<i>NLRD:</i>	'National Legal Research Desk'
<i>OECD</i>	'Organisation for Economic Co-operation and Development'
<i>SASSA:</i>	'South African Social Security Agency'
<i>SIMPOC:</i>	'Statistical Information and Monitoring Programme on Child Labour' (International programme)
<i>SK:</i>	Staatskoerant
<i>UNCRC:</i>	'United Nations Convention on the Rights of the Child'
<i>UNESCO:</i>	'United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation'
<i>UNICEF:</i>	'United Nations Children's Fund'

## Inhoudsopgawe:

Summary: .....	3
Sleutelwoorde: .....	5
Lys van afkortings: .....	5
<b>HOOFSTUK 1: PROBLEMATIEK, STUDIEMETODE EN STRUKTUUR.....</b>	<b>11</b>
1.1 PROBLEMATIEK.....	11
1.2 STUDIEMETODE .....	13
1.3 STRUKTUUR .....	14
<b>HOOFSTUK 2: ALGEMENE INLEIDING TOT KINDERARBEID .....</b>	<b>17</b>
2.1 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE REGULERING VAN KINDERARBEID .....	17
2.1.1 Inleiding .....	17
2.1.2 Die ontstaan en ontwikkeling van meganismes om kinderarbeid te reguleer .....	17
2.1.2.1 Noodsaak vir reguleringsmeganismes .....	17
2.1.2.2 Eerste pogings om kinderarbeid te reguleer .....	19
2.1.2.3 Verdere ontwikkeling ten opsigte van die regulering van kinderarbeid .....	23
2.1.3 Gevolgtrekking.....	25
2.2 DEFINISIE VAN KINDERARBEID .....	26
2.2.1 Inleiding en noodsaak van 'n algemeen aanvaarde definisie van kinderarbeid .....	26
2.2.2 Definisies van kinderarbeid ingevolge internasionale instrumente .....	27
2.2.2.1 Konvensies van die 'International Labour Organisation' .....	27
2.2.2.2 Die 'United Nations Convention on the Rights of the Child, 1989' .....	28
2.2.2.3 Die 'United Nations Children's Fund' .....	28
2.2.3 Gevolgtrekking.....	29
2.3 VOOR- EN NADELE VERBONDE AAN KINDERARBEID .....	30
2.3.1 Inleiding .....	30
2.3.2 Nadele verbonde aan kinderarbeid.....	31
2.3.3 Voordele verbonde aan kinderarbeid .....	33
2.3.4 Gevolgtrekking.....	33
2.4 'N MULTIDIMENSIONELE BENADERING TOT KINDERARBEID .....	34
2.4.1 Inleiding .....	34
2.4.2 Verskeie oorsake van kinderarbeid .....	35
2.4.3 Filosofiese benaderings tot kinderarbeid .....	36
2.4.4 Voorgestelde oplossings vir kinderarbeid .....	39
2.4.5 Gevolgtrekking.....	40

2.5 KINDERARBEID EN SKOOLONDERRIG .....	40
2.5.1 Inleiding .....	40
2.5.2. Algemene probleme in die onderwys.....	41
2.5.3 Die instelling van verpligte onderwys.....	44
2.5.4 Moontlike oplossings vir onderwysprobleme .....	45
2.5.5 Gevolgtrekking.....	46
2.6 DIE BESONDERE SITUASIE VAN MEISIES.....	47
2.6.1 Inleiding .....	47
2.6.2 Verskillende vorms van arbeid waarin meisies veral betrokke raak .....	48
2.6.3 Gevolgtrekking.....	52
<b>HOOFTUK 3: INTERNASIONALE PERSPEKTIEF OP KINDERARBEID .....</b>	<b>53</b>
3.1 INTERNASIONALE INSTRUMENTE MET BETREKKING TOT KINDERARBEID VAN TOEPASSING IN SUID-AFRIKA .....	53
3.1.1 Inleiding .....	53
3.1.2 Internasionale beskerming aan kinders: Konvensies met betrekking tot kinderarbeid .....	54
3.1.2.1 Die ‘United Nations Convention on the Rights of the Child’, 1989 .....	54
3.1.2.1 (a) Algemeen .....	54
3.1.2.1 (b) Die beskerming van die kind teen uitbuitende arbeidspraktyke .....	55
3.1.2.1 (c) Indirekte beskerming: Die beste belang van die kind in samehang met die reg van die kind om gehoor te word.....	57
3.1.2.2 Die ‘Minimum Age Convention’, 138 of 1973 .....	58
3.1.2.3 ‘Convention Concerning the Prohibition and Immediate Action for the Elimination of the Worst Forms of Child Labour’, 182 of 1999 .....	59
3.1.2.3 (a) Algemeen .....	59
3.1.2.3 (b) Ergste vorms van kinderarbeid .....	60
(i) Slawerny of soortgelyke praktyke .....	60
(ii) Die aanwend van kinders vir prostitusie en pornografie .....	63
(iii) Die betrokkenheid van kinders by onwettige aktiwiteite .....	66
(iv) Werk wat die gesondheid, veiligheid of moraal van kinders skade kan berokken .....	68
3.1.2.4 Die ‘African Charter on the Rights and Welfare of the Child’ .....	68
3.1.2.4 (a) Algemeen .....	68
3.1.2.4 (b) Relevante bepalings .....	69
3.1.3 Internasionale beskerming aan kinders: protokolle met betrekking tot kinderarbeid .....	70
3.1.3.1 Algemeen.....	70
3.1.3.2 ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’ .....	71

3.1.3.3 Die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the involvement of children in armed conflict’ .....	72
3.1.4 Gevolgtrekking.....	73
<b>3.2 INTERNASIONALE INISIATIEWE TEEN KINDERARBEID .....</b>	<b>73</b>
3.2.1 Inleiding .....	73
3.2.2 Die ‘United Nations Children’s Fund’ .....	73
3.2.3 Die ‘International Programme for the Elimination of Child Labour’ .....	75
3.2.4 Gevolgtrekking.....	75
<b>HOOFSTUK 4: KINDERARBEID IN SUID-AFRIKA.....</b>	<b>77</b>
4.1 OMVANG VAN KINDERARBEID IN SUID-AFRIKA .....	77
4.2 INTERNASIONALE REG EN DIE VERHOUDING DAARVAN MET SUID-AFRIKAANSE NASIONALE REG .....	79
4.2.1 Inleiding .....	79
4.2.2 Status van die internasionale reg in die Suid-Afrikaanse regstelsel.....	79
4.2.2.1 Internasionale konvensies .....	79
4.2.2.2 Internasionale gewoontereg .....	81
4.2.2.3 Internasionale reg wat nie in Suid-Afrikaanse nasionale wetgewing geïnkorporeer is nie.....	81
4.2.3 Gevolgtrekking.....	82
4.3 NASIONALE WETGEWING IN SUID-AFRIKA RAKENDE KINDERARBEID .....	82
4.3.1 Inleiding .....	82
4.3.2 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 .....	83
4.3.2.1 Algemeen.....	83
4.3.2.2 Grondwetlike beskerming teen kinderarbeid .....	83
4.3.3 Wet op Basiese Diensvoorraad, 75 van 1997 .....	86
4.3.3.1 Algemeen.....	86
4.3.3.2 Relevante bepalings .....	86
4.3.4 Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 .....	88
4.3.4.1 Algemeen.....	88
4.3.4.2 Die reg tot onderwys .....	89
4.3.5 ‘Defence Act’, 42 of 2002 .....	90
4.3.6 Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 32 van 2007 .....	91
4.3.6.1 Algemeen.....	91
4.3.6.2 Misdrywe van belang vir kinderarbeid .....	91
4.3.7 ‘Child Justice Act’, 75 van 2008 .....	94
4.3.7.1 Algemeen.....	94
4.3.7.2 Relevante bepalings .....	95
4.3.8 ‘Children’s Act’, 38 van 2005 .....	96
4.3.8.1 Algemeen.....	96

4.3.8.2 Relevante bepalings .....	96
4.3.9 Die regulering van kinders in die vermaaklikheidsbedryf .....	99
4.3.10 Die regulering van kinders in gevaarlike werk.....	101
4.3.10.1 Algemeen.....	101
4.3.10.2 Relevante bepalings .....	102
4.3.11 Gevolgtrekking.....	103
4.4 DIE IMPLEMENTERING VAN NASIONALE WETGEWING EN INTERNASIONALE INSTRUMENTE IN SUID-AFRIKA .....	104
4.4.1 Inleiding .....	104
4.4.2 Probleemaspekte.....	105
4.4.2.1 Regsysteem teenoor kultuur .....	105
4.4.2.2 Realiteit eie aan Suid-Afrika .....	107
4.4.2.3 Oormatig beperkende arbeidswette .....	108
4.4.3 Gevolgtrekking.....	109
4.5 BESTAANDE KINDERARBEIDSPROGRAMME IN SUID-AFRIKA .....	110
4.5.1 Inleiding .....	110
4.5.2 'Child Labour Programme of Action' .....	110
4.5.3 Kindertoelae en ander gratis dienste .....	111
4.5.4 '1 GOAL: Education for All' veldtog .....	114
4.5.5 Kinderbeskermingsdienste .....	115
4.5.6 Gevolgtrekking.....	115

## **HOOFTUK 5: KINDERARBEID IN INDIE .....** **117**

5.1 ALGEMEEN.....	117
5.1.1 Staatsbestel .....	117
5.1.2 Verdeling van wetgewende magte.....	118
5.1.3 Sosiale struktuur.....	119
5.1.4 Aard en omvang van kinderarbeid .....	121
5.1.5 Ongeletterdheid .....	123
5.1.6 Motivering vir regsvergelykende studie tussen Suid-Afrika en Indië .....	124
5.2 REGULERING VAN KINDERARBEID IN INDIE.....	125
5.2.1 Wetgewende maatreëls .....	125
5.2.1.1 'The Constitution of India', 1950 .....	125
5.2.1.2 'Child Labour (Prohibition and Regulation) Act', 61 van 1986 .....	130
5.2.1.3 'Factories Act', 63 van 1948 .....	134
5.2.1.4 'Right of Children to Free and Compulsory Education Act', 35 van 2009 en 'Right of Children to Free and Compulsory Education (Amendment) Act' 30 van 2012 .....	136
5.2.1.5 'Juvenile Justice (Care and Protection of Children) Act', 56 van 2000 .....	137

5.2.1.6 ‘Immoral Traffic (Prevention) Act’, 104 van 1956 .....	139
5.2.2 Kinderarbeidsprogramme .....	140
<b>HOOFTUK 6: DIE EFFEKTIEWE REGULERING VAN KINDERARBEID.....</b>	<b>143</b>
6.1 DOELSTELLING VAN VERHANDELING .....	143
6.2 SUID-AFRIKA .....	143
6.3. INDIË.....	145
6.4 MAATREËLS IN INDIË VAN BELANG VIR SUID-AFRIKA .....	146
6.5 VERDERE VOORSTELLE VIR SUID-AFRIKA.....	147
6.6 GEVOLGTREKKING .....	149
<b>BIBLIOGRAFIE .....</b>	<b>151</b>

## HOOFTUK 1: PROBLEMATIEK, STUDIEMETODE EN STRUKTUUR

### 1.1 PROBLEMATIEK

Miljoene kinders is wêreldwyd by kinderarbeid betrokke<sup>1</sup> en word dikwels van die geleentheid ontneem om voldoende skoolopleiding, gesondheid en ontspanning te geniet.<sup>2</sup> Meer as die helfte van hierdie kinders is by die ergste vorms van kinderarbeid betrokke soos, onder andere, werk onder gevaarlike omstandighede, slawerny of onwettige bedrywighede soos dwelmhandel en prostitutie.<sup>3</sup> Die skade wat die ergste vorms van kinderarbeid aanrig, veroorsaak dat talle kinders ontneem word van menseregte, fisiese en psigiese gesondheid en sorgeloze kinderjare.<sup>4</sup> Vanweë hul weerloosheid, armoede en meestal lewensnoodsaaklike afhanklikheid van 'n inkomste, kan hierdie kinders dikwels nie self aan uitbuitende praktyke ontsnap nie.<sup>5</sup>

---

<sup>1</sup> Arat 2002 *Human Rights Quarterly* 24(1):180-182; sien ook statistiek uitgereik deur die 'United Nations Children's Fund' (hierna UNICEF) beskikbaar by 'Childinfo: Monitoring the Situation of Children and Women' <<http://www.childinfo.org/labour.html>> (besoek 13 Desember 2012) 1 - hiervolgens is daar na raming 32% van kinders by kinderarbeid betrokke in Sub-Sahara Afrika (tussen die ouerdomme vyf tot 14 jaar), terwyl 17% van kinders wêreldwyd arbeid verrig (uitgesluit China). Die 'Statistical Information and Monitoring Programme on Child Labour' (hierna SIMPOC), wat die statistiese afdeling is van die 'International Programme on the Elimination of Child Labour' (hierna IPEC) het bevind dat daar na raming 215 miljoen kinders wêreldwyd betrokke was by kinderarbeid gedurende 2008, waarvan ongeveer 115 miljoen kinders van die gevaelikste vorms van arbeid verrig het - sien 'Global Child Labour Developments: Measuring trends from 2004 to 2008' <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?ProductId=13313>> (besoek 13 Desember 2012) 6-12. Sien ook 'A Future without Child Labour: Global Report under the Follow-up to the ILO Declaration on Fundamental Principles and Rights at Work' <[http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/@dgreports/@dcomm/@publ/documents/publication/wcms\\_publ\\_9221124169\\_en.pdf](http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/@dgreports/@dcomm/@publ/documents/publication/wcms_publ_9221124169_en.pdf)> (besoek 18 Desember 2012) ix.

<sup>2</sup> De Beer 2008 *In die Skriflig* 42(4):619; 'Child Labour Robs Children of Childhood, Impedes Development' <[http://www.unicef.org/media/media\\_34504.html](http://www.unicef.org/media/media_34504.html)> (besoek 13 Desember 2012) 1; Nanjunda *Child Labour and Human Rights: A Prospective* 16-17; 'A Future without Child Labour: Global Report under the Follow-up to the ILO Declaration on Fundamental Principles and Rights at Work' <[http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/@dgreports/@dcomm/@publ/documents/publication/wcms\\_publ\\_9221124169\\_en.pdf](http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/@dgreports/@dcomm/@publ/documents/publication/wcms_publ_9221124169_en.pdf)> (besoek 18 Desember 2012) ix.

<sup>3</sup> 'Global Child Labour Developments: Measuring trends from 2004 to 2008' <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?ProductId=13313>> (besoek 13 Desember 2012) 6-12 - vir statistiek oor kinders betrokke in die ergste vorms van kinderarbeid; arts 3(a) - 3(d) van die 'Convention Concerning the Prohibition and Immediate Action for the Elimination of the Worst Forms of Child Labour', 182 of 1999 (hierna Konvensie 182) vir 'n uiteensetting van die ergste vorms van kinderarbeid.

<sup>4</sup> Martin & Tajman *Eliminating the Worst Forms of Child Labour: A Practical Guide to ILO Convention No. 182* 29-32; 'Child Labour Robs Children of Childhood, Impedes Development' <[http://www.unicef.org/media/media\\_34504.html](http://www.unicef.org/media/media_34504.html)> (besoek 13 Desember 2012) 1.

<sup>5</sup> Arnal ea *Combating Child Labour: A Review of Policies* 34 – hiervolgens is kinders oor die algemeen meer weerloos en beïnvloedbaar as volwassenes, wat hulle vir uitbuiting teiken; Mayimele-Hashatse 'Child Labour'

Volgens Coetzee<sup>6</sup> kan kinderarbeid bydra tot die voortsetting van reeds bestaande wantoestande in die gemeenskap, aangesien kinders wat werk terwyl hulle skoolonderrig behoort te ontvang, 'n sosio-ekonomiese agterstand ontwikkel deur nie vir 'n latere beroep toegerus te word nie. Coetzee<sup>7</sup> brei uit oor die bestaande verwagting in die samelewing, naamlik dat werkendes gevorderde vaardighede (byvoorbeeld rekenaargeletterdheid) moet hê. Dit vereis dat jongmense dienooreenkomsdig opgelei behoort te word. By gebrek aan sodanige opleiding is jongmense onbevoeg om die tegnologie korrek te verstaan en te bemeester.<sup>8</sup> Kinderarbeid bevorder ongeletterdheid, bring 'n tekort aan voldoende onderrig mee en het 'n negatiewe invloed op die gesondheid en verdere ontwikkeling van die kind asook die gemeenskap waarin die kind hom/haar bevind, aldus Coetzee. Piccard<sup>9</sup> stem daarmee saam dat kinderarbeid, huis weens die gebrek aan gevorderde vaardighede, latere werkloosheid kan meebring omdat kinders nie vir 'n beroep voorberei word nie.

Nieteenstaande die gevare wat kinderarbeid inhoud, is alle vorms van werk wat kinders verrig nie noodwendig nadelig vir hulle nie.<sup>10</sup> Die inkomste wat kinders op hierdie wyse verdien, dra dikwels by tot die oorlewing van arm gesinne.<sup>11</sup> Werk kan ook aan die kind spesifieke vaardighede leer, wat tot sy/haar ontwikkeling bydra.<sup>12</sup> Teen die agtergrond van die huidige sosio-ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika poog hierdie navorsing om die moontlikheid te ondersoek of kinders wel toegelaat kan word om te werk om byvoorbeeld te kan oorleef. Terselfdertyd word die doel ook voor oë gestel om te bepaal watter maatreëls ingestel kan word om werkende kinders (selfs onder die ouderdom van 15 jaar) teen uitbuiting en ergste vorms van kinderarbeid te beskerm en of skoolopleiding aangepas kan word om in die behoeftes van werkende kinders te voorsien.

---

in Davel (red) *Children's Rights in a Transitional Society* 81-82 wat, onder andere, die volgende as oorsake van kinderarbeid aandui: armoede, die weerloosheid van kinders en gebrekkige skoolopleiding.

<sup>6</sup> Coetzee *Internasionale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele lesse vir Suid-Afrika* 4.

<sup>7</sup> Ibid.

<sup>8</sup> Ibid.

<sup>9</sup> 'ILO Convention 138 - Concerning the Minimum Age for Admission to Employment' <[http://www.child-abuse.com/childhouse/childrens\\_rights/dci\\_ilc.html](http://www.child-abuse.com/childhouse/childrens_rights/dci_ilc.html)> (19 Desember 2012) 1.

<sup>10</sup> Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):35-36; Nanjunda 265; Hanson & Vandaele 2003 *The International Journal of Children's Rights* 11(1):78-79.

<sup>11</sup> Arat 2002 *Human Rights Quarterly* 24(1):183; Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):35-36; Hanson & Vandaele 2003 *The International Journal of Children's Rights* 11(1):78-79.

<sup>12</sup> Bourdillon 2011 *South African Review of Sociology* 42(1):103-104; Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):35-36.

## 1.2 STUDIEMETODE

Die verhandeling is hoofsaaklik 'n literatuurstudie oor kinderarbeid en word gebaseer op internasionale konvensies, nasionale wetgewing van Suid-Afrika sowel as Indië, boeke, tydskrifartikels, internetbronne en relevante hofbeslissings. 'n Metode van verbandleggende identifikasie word aangewend (deur analise toe te pas in die navorsingsmetode wat gebruik word), aangesien die navorsing grootliks daarop konsentreer om die verskillende aspekte van kinderarbeid te ondersoek.<sup>13</sup> Hierdie ondersoek het ten doel om die posisie van kinders in die arbeidsmark in Suid-Afrika te verbeter deur aan te beveel dat die huidige wyse van die regulering<sup>14</sup> van kinderarbeid heroorweeg en aangepas moet word. Daar word ook ondersoek ingestel of Suid-Afrika voldoen aan die minimum-beskermingsmaatreëls teen uitbuitende en ergste vorms van kinderarbeid soos uiteengesit in internasionale konvensies en standarde. Verder word daar regsvergelykend te werk gegaan deur 'n vergelyking tussen Suid-Afrika en Indië te tref, met betrekking tot die regulering van kinderarbeid.<sup>15</sup> Waar daar verskille tussen hierdie twee lande bestaan, word ondersoek of Suid-Afrika moontlik sy benadering tot kinderarbeid kan verbeter deur 'n ander benadering te volg. Deur regsvergelykend te werk te gaan, kan denke oor regshervorming gestimuleer word en kan nuwe insigte en kennis bydra tot die effektiewe regulering van kinderarbeid.<sup>16</sup> Laastens word relevante wetgewing en regeringsprogramme, beide nasionaal en internasional, krities geëvalueer en alhoewel foute, teenstrydighede en tekortkominge uitgewys word, word die wetgewing en inisiatiewe wat tans bydra tot die regulering van kinderarbeid ook beklemtoon.<sup>17</sup>

---

<sup>13</sup> Sien Venter ea *Regsnavoring: Metode en Publikasie* 74-75 ten opsigte van verbandleggende identifikasie en analise.

<sup>14</sup> Huidige wyse van regulering is grootliks daarop ingestel om kinderarbeid te verbied – sien bespreking in par 3.1 en par 4.3 hieronder. Die skrywer beveel regulering aan by wyse van toelating van kinderarbeid (uitgesluit ergste vorms en uitbuitende vorms daarvan) en behoorlike beheer daarvan.

<sup>15</sup> Sien Venter ea 71 vir 'n verduideliking van die regsvergelykende metode van navorsing.

<sup>16</sup> Venter ea 71.

<sup>17</sup> Venter ea 77.

### 1.3 STRUKTUUR

Die studie handel in wese oor die vraag of huidige maatreëls om kinderarbeid te reguleer deur 'n eliminasieproses (internasionaal en nasional), die regte benadering is vir die hantering van die probleme rondom kinderarbeid in die Suid-Afrikaanse konteks en of die posisie van kinderarbeiders in Suid-Afrika nie eerder verbeter kan word deur toelating van kinderarbeid (uitsluitend ergste vorms en uitbuitende vorms daarvan) en behoorlike en effektiewe regulering daarvan nie.

Hoofstuk 1 dui die problematiek rakende kinderarbeid aan, asook die metode van navorsing gedoen, doel van die studie en struktuur van die studie oor die navorsingsonderwerp.

Hoofstuk 2 bied 'n algemene oorsig oor kinderarbeid. Eerstens word 'n kort bespreking gegee oor die historiese ontwikkeling van die regulering van kinderarbeid. Daar word ondersoek ingestel na die problematiek rakende die daarstelling van 'n eenvormige definisie vir kinderarbeid. Alhoewel kinderarbeid as oorwegend nadelig beskou word vir kinders, word ook melding gemaak van die voordele wat kinderarbeid vir kinders kan inhoud. Verskillende perspektiewe op en benaderings tot kinderarbeid word bespreek en die stelling word gemaak dat wetgewing alleen nie die effektiewe regulering van kinderarbeid kan meebring nie. 'n Multidimensionele aanslag tot effektiewe regulering van kinderarbeid word vereis, waar 'n verskeidenheid maatskaplike probleme en die doeltreffende besteding van nasionale fondse aandag behoort te geniet, voordat daar 'n afname in onaanvaarbare vorms van kinderarbeid sal wees. Die belang van skoolopleiding, asook die huidige probleme in die onderwys-sisteem (wat nodig het om aangepas te word vir kinderarbeiders) word ondersoek en laastens word die besondere situasie rakende meisies in die arbeidsmark ontleed.

Hoofstuk 3 handel oor die internasionale regsraamwerk van toepassing op kinderarbeid. Konvensies wat 'n direkte invloed op die regulering van kinderarbeid het, sal noukeurig uiteengesit word. Hierdie konvensies sluit die volgende in: die 'United Nations Convention

on the Rights of the Child'<sup>18</sup> (hierna die *UNCRC*), die ‘Internasional Labour Organisation’ (hierna die *ILO*) se konvensies oor die regulering van kinderarbeid<sup>19</sup> en die ‘African Charter on the Rights and Welfare of the Child’<sup>20</sup> (hierna die *ACRWC*). Benewens reeds genoemde konvensies word daar ook verwys na bestaande internasjonale inisiatiewe wat poog om kinderarbeid te reguleer.

In hoofstuk 4 word kinderarbeid in Suid-Afrika bespreek. Eerstens word ondersoek ingestel na die aard en omvang van kinderarbeid in Suid-Afrika. Die verhouding tussen internasjonale reg en Suid-Afrikaanse nasionale reg word ontleed. Daarna word die nasionale wetgewing met betrekking tot kinderarbeid in Suid-Afrika bespreek, asook ‘n verskeidenheid kinderarbeidprogramme wat poog om kinderarbeid in Suid-Afrika effektief te reguleer.

Hoofstuk 5 bespreek die situasie van kinderarbeid in Indië, ten einde vas te stel hoe kinderarbeid in daardie land, wat vergelykbare sosio-ekonomiese probleme as Suid-Afrika in die gesig staar, gereguleer word. Eerstens word die sosio-ekonomiese en politiese omstandighede, asook die omvang van kinderarbeid in Indië uiteengesit, waarna ‘n bespreking volg van die federale wetgewing en kinderarbeidprogramme wat kinderarbeid in Indië reguleer. Laastens word ‘n vergelyking tussen die verskillende benaderings tot

---

<sup>18</sup> ‘United Nations Convention on the Rights of the Child’, 1989 (hierna *UNCRC*), wat aangeneem is op 20 November 1989 en in werking getree het op 2 September 1990 – sien ‘Convention on the Rights of the Child’ <<http://www2.ohchr.org/english/law/crc.htm>> (besoek 19 Desember 2012) 1; Mahery ‘The United Nations Convention on the Rights of the Child: Maintaining its Value in International and South African Child Law’ in Boezaart (red) *Child Law in South Africa* 309.

<sup>19</sup> Hierdie sluit die volgende in: ‘Minimum Age Convention’, 138 of 1973 (hierna Konvensie 138) en Konvensie 182 (sien vn 3 vir die volle benaming van hierdie konvensie). Konvensie 138 is aangeneem deur die ‘International Labour Organisation’ (hierna *ILO*) op 26 Junie 1973 en het in werking getree op 19 Junie 1976, terwyl Konvensie 182 op 17 Junie 1999 aangeneem is en in werking getree het op 19 November 2000 – sien ‘C-138 - Minimum Age Convention, 1973 (No. 138)’ <[http://www.ilo.org/dyn/normlex/en/f?p=NORMLEXPUB:12100:0::NO:12100:P12100\\_INSTRUMENT\\_ID:312283:NO](http://www.ilo.org/dyn/normlex/en/f?p=NORMLEXPUB:12100:0::NO:12100:P12100_INSTRUMENT_ID:312283:NO)> (besoek 19 Desember 2012) 1 en ‘C182 Worst Forms of Child Labour Convention, 1999’ <[www.unhcr.org/refworld/docid/3ddb6e0c4.html](http://www.unhcr.org/refworld/docid/3ddb6e0c4.html)> (besoek 19 Desember 2012) 1.

<sup>20</sup> ‘African Charter on the Rights and Welfare of the Child’, 1990 (hierna die *ACRWC*) wat in werking getree het op 29 November 1999 – sien African Union ‘African Charter on the Rights and Welfare of the Child’ <[http://www.africa-union.org/official\\_documents/Treaties\\_%20Conventions\\_%20Protocols/a.%20C.%20ON%20THE%20RIGHT%20AND%20WELF%20OF%20CHILD.pdf](http://www.africa-union.org/official_documents/Treaties_%20Conventions_%20Protocols/a.%20C.%20ON%20THE%20RIGHT%20AND%20WELF%20OF%20CHILD.pdf)> (besoek 19 Desember 2012) 1; Viljoen ‘The African Charter on the Rights and Welfare of the Child’ in Boezaart (red) *Child Law in South Africa* 331.

kinderarbeid in hierdie twee lande getref en daar word gekyk na moontlike lesse wat Suid-Afrika uit benaderings tot kinderarbeid in Indië kan leer.

In die laaste hoofstuk word die benadering tot kinderarbeid in Suid-Afrika krities geëvalueer en word moontlike verdere oplossings vir die probleme rakende kinderarbeid voorgestel. Die skrywer ondersoek maatreëls en programme wat in Indië toegepas word en maak daarvolgens aanbevelings wat die posisie van kinderarbeiders in Suid-Afrika kan verbeter. In hierdie hoofstuk sal die hipotese wat in hierdie navorsing ondersoek word, naamlik dat die toelating van kinderarbeid (uitgesluit die ergste vorms en uitbuitende vorms) deur wetgewing en die behoorlike en effektiewe regulering daarvan die beste benadering tot die bekamping van die probleme rakende kinderarbeid in Suid-Afrika is, krities analyseer word.

## HOOFSTUK 2: ALGEMENE INLEIDING TOT KINDERARBEID

### 2.1 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE REGULERING VAN KINDERARBEID

#### 2.1.1 Inleiding

Kinderarbeid is vanweë die beskouing dat talle nadele daaraan verbonde is,<sup>21</sup> vir langer as 'n eeu reeds 'n fundamentele bron van kommer in die internasionale gemeenskap.<sup>22</sup> Hierdie internasionale bekommernis, asook die begeerte om diegene te beskerm wat die kwesbaarste is in uitbuitende werksomstandighede, het geleid tot die ontstaan van wetgewing wat poog om kinderarbeid effekief te reguleer.<sup>23</sup> Ten einde die huidige internasionale regsraamwerk toepaslik op kinderarbeid ten volle te verstaan, moet eerstens gekyk word na die oorsprong en ontstaan van maatreëls om kinders teen uitbuitende en ergste vorms van kinderarbeid te beskerm.<sup>24</sup>

#### 2.1.2 Die ontstaan en ontwikkeling van mechanismes om kinderarbeid te reguleer

##### 2.1.2.1 Noodsaak vir reguleringsmeganismes

Kinders was reeds lank voor die Industriële Rewolusie belangrike rolspelers in nasionale

---

<sup>21</sup> Die ILO beskou kinderarbeid as nadelig vir kinders en is van mening dat kinderarbeid inbreuk maak op die menseregte en op die ontwikkeling van die kind – sien ‘World Day Against Child Labour 2012: Human Rights and Social Justice... let's end child labour’ <[http://www.ilo.org/ipec/Campaignandadvocacy/wdacl/2012/lang--en\\_index.htm](http://www.ilo.org/ipec/Campaignandadvocacy/wdacl/2012/lang--en_index.htm)> (besoek 2 Januarie 2013) 1. Sien ook, onder ander, Bequele & Boyden 1988 *International Labour Review* 127(2):155-156 en Arat 2002 *Human Rights Quarterly* 24(1):197 (as voorbeeld van skrywers wat nadele verbonde aan kinderarbeid bespreek). Sien par 2.3.2 vir 'n bespreking van die nadele verbonde aan kinderarbeid, veral die ergste vorms daarvan.

<sup>22</sup> Buck *International Child Law* 177-179; Fyfe *The Worldwide Movement Against Child Labour – Progress and Future Directions* 7-8; Arat 2002 *Human Rights Quarterly* 24(1):177.

<sup>23</sup> Buck 177-179; Fyfe 7-8.

<sup>24</sup> Swepston gee 'n opsommende weergawe van die geskiedenis rakende wetgewing oor kinderarbeid gedurende die 20ste eeu - sien Swepston 'International Labour Law' in Blanpain (red) *Comparative Labour Law and Industrial Relations in Industrialized Market Economies* 154. Sien ook Fyfe 5; Heywood 'A Brief Historiography of Child Labour' in Hindman (red) *The World of Child Labour: An Historical and Regional Survey* 19-20.

ekonomiese.<sup>25</sup> Die samelewing het van kinders verwag om reeds van 'n vroeë ouerdom af te begin werk, hetsy in 'n familiebesigheid, op landerye of in 'n klein sakeonderneming.<sup>26</sup> Trouens, in die 14<sup>de</sup> eeu, toe plae Europa verwoes het, was werkgewers primêr bekommern oor 'n tekort aan werknemers en kinders is dikwels in diens geneem om hierdie tekort aan te vul.<sup>27</sup>

Die Industriële Rewolusie, wat in 1750 in Europa begin het, het geleid tot grootskaalse ekonomiese verandering en 'n oplewing in wêreldhandel.<sup>28</sup> Hierdie tydperk het egter ook oënskynlik die uitbuiting van kinders meegebring.<sup>29</sup> Ouers het hul kinders gestuur om in industriële ondernemings te werk ten einde karige gesinsinkomstes aan te vul.<sup>30</sup> Kinders so jong as vyf jaar was tot 12 uur per dag werksaam in fabrieke, ondergrondse transportbedrywighede en myne.<sup>31</sup> Kinders in fabrieke het dikwels met geværlike masjinerie gewerk of is aan ongesonde werksomstandighede blootgestel vanweë die stof, skadelike gasse, vogtigheid en hoë temperature wat in fabrieke voorgekom het.<sup>32</sup> Die uitbuiting van

---

<sup>25</sup> Hendrick 'Periods of History, Childhood and Child Work, c. 1800 – Present' in Hindman (red) *The World of Child Labour: An Historical and Regional Survey* 33; Campbell, Miers & Miller *Children in Slavery through the Ages* 4-8; Gallinetti *An Assessment of the Significance of the International Labour Organisation's Convention 182 in South Africa with Specific Reference to the Instrumental Use of Children in the Commission of Offences as a Worst Form of Child Labour* 24-25.

<sup>26</sup> Nhenga *Application of the International Prohibition on Child Labour in an African Context: Lesotho, Zimbabwe and South Africa* 17.

<sup>27</sup> *Ibid.*

<sup>28</sup> Nhenga *Application of the International Prohibition on Child Labour in an African Context: Lesotho, Zimbabwe and South Africa* 18; Gallinetti *An Assessment of the Significance of the International Labour Organisation's Convention 182 in South Africa with specific reference to the Instrumental Use of Children in the Commission of Offences as a Worst Form of Child Labour* 27.

<sup>29</sup> 'Child Labor during the English Industrial Revolution' <<http://wathatcher.iweb.bsu.edu/childlabor/>> (besoek 26 Desember 2012) 1; 'Child Labour during the British Industrial Revolution' <<http://eh.net/encyclopedia/article/tuttle.labor.child.britain>> (besoek 26 Desember 2012) 1 - ingevolge hierdie bron voel Alfred en andere dat kinders uitgebuit is gedurende die Industriële tydperk, terwyl optimiste (soos byvoorbeeld Clapham, Ure en ander) voel dat toestande in fabrieke nie erger was as op plase (waar kinders voor die Industriële Rewolusie gewerk het) nie en dat kinders die werk maklik gevind het en bygedra het tot familieinkomste.

<sup>30</sup> Humphries *Childhood and Child Labour in the British Industrial Revolution* 31; Cullen *The Role of International Law in the Elimination of Child Labour* 1; 'Child Labour during the British Industrial Revolution' <<http://eh.net/encyclopedia/article/tuttle.labor.child.britain>> (besoek 26 Desember 2012) 1.

<sup>31</sup> Horrell & Humphries 'Child Labour in British Industrialization' in Lavalette (red) *A Thing of the Past?: Child Labour in Britain 1800 to the Present* 78; Nhenga *Application of the International Prohibition on Child Labour in an African Context: Lesotho, Zimbabwe and South Africa* 19.

<sup>32</sup> Heywood *A History of Childhood* 135-136; Shuteriqi 'Exploitation of Albanian Children in Greece' in Hindman *The World of Child Labor: An Historical and Regional Survey* 664 – Shuteriqi brei uit oor geværlike toestande wat geheers het in fabrieke.

kinders, deur in sulke nadelige werksomgewings arbeid te verrig, het die behoefté geskep aan mekanismes om kinderarbeid effektief te reguleer.<sup>33</sup>

### 2.1.2.2 Eerste pogings om kinderarbeid te reguleer

In 1802 het die Verenigde Koninkryk se Parlement die ‘Factory Health and Morals Act, 1802’ (oorspronklik: 42 Geo. III, c.73)<sup>34</sup> as die eerste fabriekswet aangeneem ten einde regulering van arbeid in fabrieke mee te bring.<sup>35</sup> Hierdie was die eerste van ‘n reeks fabriekswette wat geïmplementeer is.<sup>36</sup> In 1833 is die ‘Factory Act, 1833’ (oorspronklik: 3&4 Will. IV, c.103)<sup>37</sup> deur die Verenigde Koninkryk se Parlement aangeneem wat die eerste werklik effektiewe fabriekswet was en as voorbeeld in Europa gedien het vir regulering rakende kinderarbeid.<sup>38</sup> Hierdie wet het daarvoor voorsiening gemaak dat kinders onder die ouderdom van nege jaar nie in fabrieke en meulens in diens geneem mag word nie<sup>39</sup> en dat geen kind onder die ouderdom van 18 jaar saans mag werk nie.<sup>40</sup> Die wet het verder bepaal dat kinders onder die ouderdom van 18 jaar nie langer as 12 uur per dag mag werk nie<sup>41</sup> en voorsiening moes gemaak word vir minstens een en ‘n half uur etenstyd.<sup>42</sup>

---

<sup>33</sup> Horrel & Humphries in Lavalette (red) 78.

<sup>34</sup> Die 73<sup>ste</sup> wet uitgevaardig en aangeneem gedurende die 42<sup>ste</sup> jaar van regering van George III - sien ook Duke Law ‘English Law Statutes’ <<http://law.duke.edu/lib/researchguides/english>> (besoek 11 Januarie 2013) 1 - vir ‘n verduideliking van aanhaling van ouer statute voor 1963; Cooke & Taylor *The Factory System and the Factory Acts* 53 – vir huidige algemene benaming van hierdie wet. Soms word dieselfde wet die ‘Factory Health and Morals of Apprentices Act’, 1802 genoem – sien as voorbeeld hiervan Aspinall & Smith ‘Modern VIII 1783-1832’ in Douglas (red) *English Historical Documents* 723.

<sup>35</sup> Cooke & Taylor 53.

<sup>36</sup> Hobbs, McKechnie & Lavallette *Child Labor: A World History Companion* 85; Grayson *World History* 170.

<sup>37</sup> Die 103<sup>de</sup> wet uitgevaardig en aangeneem gedurende die derde en vierde jare van regering van William IV; Wing *Evils of the Factory System: Demonstrated by Parliamentary Evidence* 431-442; Cooke & Taylor 73 – vir huidige algemene benaming van hierdie wet.

<sup>38</sup> Nardinelli 1980 *Journal of Economic History* 40(4):741; ‘Intriguing History 1833 Factory Act’ <<http://www.intriguing-history.com/factory-act-2/>> (besoek 23 Desember 2012) 1; Hindman ‘Coming to Terms with Child Labour’ in Hindman (red) *The World of Child Labor: An Historical and Regional Survey* 46.

<sup>39</sup> Art 7 van die ‘Factory Act’, 1833.

<sup>40</sup> Art 1 van die ‘Factory Act’, 1833.

<sup>41</sup> Art 2 van die ‘Factory Act’, 1833.

<sup>42</sup> Art 6 van die ‘Factory Act’, 1833.

Die ‘Elementary Education Act, 1870’ (oorspronklik: 33&34 Vict. c.75)<sup>43</sup> het in daardie bepaalde jaar van 1870 ‘n draapunt gebring in die Victoriaanse veldtog teen kinderarbeid.<sup>44</sup>

Hierdie wet het die onderwys van kinders in Engeland en Wallis tussen die ouderdomme van vyf en 13 jaar gereguleer en sodoende bygedra tot die afname van kinderarbeid.<sup>45</sup> Verdere onderwyswetgewing in Engeland, die ‘Elementary Education Act, 1876’ (oorspronklik 39&40 Vict. c.79)<sup>46</sup> het die indiensneming van kinders onder die ouderdom van 10 jaar in die landbousektor afgeskaf ten einde die onderrig van kinders te verseker.<sup>47</sup> Dit was egter eers 4 jaar later dat die ‘Elementary Education Act, 1880’ (oorspronklik 43&44 Vict. c.23)<sup>48</sup> voorsiening gemaak het vir verpligte skoolbywoning tot die ouderdom van 10 jaar.<sup>49</sup> Ten spyte van hierdie wetgewing het kinders steeds in fabrieke bly werk tot laat in die 20<sup>ste</sup> eeu.<sup>50</sup>

---

<sup>43</sup> Die 75<sup>ste</sup> wet uitgevaardig en aangeneem gedurende die 33<sup>ste</sup> en 34<sup>ste</sup> jare van regering van Victoria. Sien ook ‘The Elementary Education Act’, 1870 <[http://books.google.co.za/books?id=9c0DAAAQAAJ&printsec=frontcover&source=gbs\\_ge\\_summary\\_r&cad=0#v=onepage&q&f=false](http://books.google.co.za/books?id=9c0DAAAQAAJ&printsec=frontcover&source=gbs_ge_summary_r&cad=0#v=onepage&q&f=false)> (besoek 23 Desember 2013) 39-123.

<sup>44</sup> Nhenga *Application of the International Prohibition on Child Labour in an African Context: Lesotho, Zimbabwe and South Africa* 21; Smith ‘Child Labor’ in Mitchell (red) *Victorian Britain: An Encyclopedia* 137.

<sup>45</sup> Art 74(1) van die ‘Elementary Education Act’, 1870 – vir ouderdomme van kinders; Sien ook lang titel van die ‘Elementary Education Act’, 1870 vir die beskrywing van die toepassingsgebied van die wet (naamlik Engeland en Wallis). Hierdie wet is verkrybaar by ‘The Elementary Education Act, 1870’ <<http://books.google.co.za/books?id=9c0DAAAQAAJ&printsec=frontcover&source=gbsgesummaryr&cad=0#v=onepage&q&f=false>> (besoek 23 Desember) 39-123. Vir ‘n verdere bespreking van hierdie wet, sien Nhenga *Application of the International Prohibition on Child Labour in an African Context: Lesotho, Zimbabwe and South Africa* 21; Smith in Mitchell (red) 137.

<sup>46</sup> Die 70<sup>ste</sup> wet uitgevaardig en aangeneem gedurende die 39<sup>ste</sup> en 40<sup>ste</sup> jare van regering van Victoria. Sien ook ‘Elementary Education Act, 1876’ <<http://www.educationengland.org.uk/documents/pdfs/1876-elem-educ-act.pdf>> (besoek 28 Desember 2012) 472 - 492.

<sup>47</sup> Art 5(1) van die ‘Elementary Education Act’, 1876 - sien ‘Elementary Education Act, 1876’ <<http://www.educationengland.org.uk/documents/pdfs/1876-elem-educ-act.pdf>> (besoek 28 Desember 2012) 473.

<sup>48</sup> Die 23<sup>ste</sup> wet uitgevaardig en aangeneem gedurende die 43<sup>ste</sup> en 44<sup>ste</sup> jare van regering van Victoria. Sien ook ‘The Elementary Education Act, 1880’ <<http://www.educationengland.org.uk/documents/pdfs/1880-elementary-education-act.pdf>> (besoek 27 Desember 2012) 142-144; ‘Education in England: A Brief History’ <<http://www.educationengland.org.uk/history/chapter03.html>> (besoek 28 Desember 2012) – sien dokument se subopskrif ‘1880 Elementary Education Act’ (bladsy nommers ontbreek in die bron). Laasgenoemde bron gee ‘n bespreking oor die ‘Elementary Education Act’, 1880.

<sup>49</sup> Die ‘Elementary Education Act’, 1880 maak voorsiening vir die afdwinging van verpligte skoolbywoning vir kinders onder die ouderdom van 10 jaar (deur die Onderwys Departement te magtig om bywette oor die regulering van verpligte skoolbywoning in te stel, waar distrikte nie reeds bywette ingestel het nie), asook vir die instel van strafsanksies teen diegene wat kinders (tussen die ouderdomme van 10 jaar en 13 jaar) in diens neem sonder dat ‘n sertifikaat as bewys ingedien word, wat aandui dat die vereiste vlak van onderrig deur die kind behaal is - sien art 5(1) van die ‘Elementary Education Act’, 1880 verkrybaar by ‘The Elementary Education Act, 1880’ <<http://www.educationengland.org.uk/documents/pdfs/1880-elementary-education-act.pdf>> (besoek 27 Desember 2012) 142-144.

<sup>50</sup> Fyfe ‘Coming to Terms with Child Labor’ in Hindman (red) *The World of Child Labor: An Historical and Regional Survey* 50.

In die 19<sup>de</sup> eeu het Europese lande begin om die nadelle verbonde aan kinderarbeid te erken en gevolglik gepoog om dit te verminder deur nasionale inisiatiewe teen kinderarbeid te loods.<sup>51</sup> In 1890 het Duitsland die eerste internasionale arbeidskonferensie gereël in Berlyn.<sup>52</sup> Twaalf Europese lande het aan hierdie konferensie deelgeneem en ooreengekom om die minimum-ouderdom waarop kinders mag werk op 12 jaar vas te stel.<sup>53</sup> 'n Dekade later is die 'International Association for Labour Legislation', 'n voorloper van die ILO, gestig met sy hoofkantoor te Basel, Switserland.<sup>54</sup> In September 1913 het die 'International Association for Labour Legislation' die eerste internasionale konsep-konvensie van kinderarbeid opgestel, wat bepaal het dat kinders nie snags mag werk nie.<sup>55</sup> Hierdie konsep-konvensie was egter nooit afdwingbaar nie as gevolg van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914.<sup>56</sup>

Ten spyte van die oorlog, het idees oor internasionale arbeidstandarde steeds ontwikkel, veral te danke aan die 'American Federation of Labour'.<sup>57</sup> In 1919 het die 'Commission on International Labour Legislation' 'n arbeidshandves opgestel met nege basiese beginsels, waarvan die sesde die afskaffing van kinderarbeid was.<sup>58</sup> Hierdie beginsels is later opgeneem in die Verdrag van Versailles.<sup>59</sup> Dié verdrag het aanleiding gegee tot die ontstaan van die

---

<sup>51</sup> Ishay *The History of Human Rights: From Ancient Times to the Globalization Era* 166-167; Nhenga *Application of the International Prohibition on Child Labour in an African Context: Lesotho, Zimbabwe and South Africa* 21.

<sup>52</sup> Ishay 166-167; 'Setting the Terms of the Child Labour Debate' <[http://www.ilo.org/global/publications/magazines-and-journals/world-of-work-magazine/articles/ilo-in-history/WCMS\\_144687/lang--en/index.htm](http://www.ilo.org/global/publications/magazines-and-journals/world-of-work-magazine/articles/ilo-in-history/WCMS_144687/lang--en/index.htm)> (besoek 2 Januarie 2013) 1.

<sup>53</sup> Ishay 5-6; Fyfe 8.

<sup>54</sup> Fyfe 8; 'Origins and History' <<http://www.ilo.org/global/about-the-ilo/history/lang--en/index.htm>> (besoek 2 Januarie 2012) 1; 'Guide to Archives of International Organizations' <[http://www.unesco.org/archives/sio/Eng/presentation\\_print.php?idOrg=1019](http://www.unesco.org/archives/sio/Eng/presentation_print.php?idOrg=1019)> (besoek 2 Januarie 2013) 1.

<sup>55</sup> Veerman *The Rights of the Child and the Changing Image of Childhood* 311 – verwys na hierdie konvensie as die 'International Convention Respecting the Prohibition of Night Work of Young Persons Employed in Industrial Occupations' en gee ook 'n bespreking op wie dit van toepassing was (geen artikel word deur hom gemeld nie). Sien ook Fyfe 8.

<sup>56</sup> Fyfe 8; 'Setting the Terms of the Child Labour Debate' <[http://www.ilo.org/global/publications/magazines-and-journals/world-of-work-magazine/articles/ilo-in-history/WCMS\\_144687/lang--en/index.htm](http://www.ilo.org/global/publications/magazines-and-journals/world-of-work-magazine/articles/ilo-in-history/WCMS_144687/lang--en/index.htm)> (besoek 2 Januarie 2013) 1.

<sup>57</sup> Fyfe 8.

<sup>58</sup> 'The International Labour Organisation of the League of Nations' <[http://lib-161.lse.ac.uk/archives/fabian\\_tracts/197.pdf](http://lib-161.lse.ac.uk/archives/fabian_tracts/197.pdf)> (besoek 24 Januarie 2013) 4 – vir al nege beginsels; Fyfe 8 – vir verdere bespreking van hierdie beginsels.

<sup>59</sup> '28 June 1919 the Peace Treaty of Versailles' <<http://ent.lib.byu.edu/-rdh7/wwi/versilles.html>> (besoek 28 Desember 2012) 1; Fyfe 8. Die Verdrag van Versailles, wat op 28 Junie 1919 tussen die geallieerde enersyds en

ILO.<sup>60</sup> Die ILO het gou begin om 'n leidende rol teen kinderarbeid te speel, deur verskeie konvensies vir die regulering van kinderarbeid daar te stel.<sup>61</sup> Die meeste van hierdie konvensies het gefokus op die instelling van minimum-ouderdomme waarop kinders mag werk en op die verbetering van werksomstandighede in plaas daarvan om kinderarbeid in sy totaliteit te verbied.<sup>62</sup>

Die ILO se 'Minimum Age (Industry) Convention'<sup>63</sup> het die minimum-ouderdom waarop kinders in nywerhede mag werk as 14 jaar vasgestel,<sup>64</sup> terwyl die 'Night Work of Young Persons (Industry) Convention'<sup>65</sup> nie werk snags onder die ouderdom van 18 jaar toegelaat het nie, behalwe met sekere uitsonderings.<sup>66</sup> In 1920 het die 'Minimum Age (Sea) Convention'<sup>67</sup> in werking getree, wat bepaal het dat kinders onder die ouderdom van 14 jaar nie in diens geneem mag word op vaartuie nie.<sup>68</sup> Hierdie bepaling is egter nie van toepassing op werk verrig vir indiensopleiding nie, solank indiensopleiding onder behoorlike toesig plaasvind.<sup>69</sup> In 1921 het die 'Minimum Age (Agricultural) Convention'<sup>70</sup> in werking getree,

---

die Duitse ryk andersyds gesluit is, was 'n vredesverdrag wat 'n einde gemaak het aan die Eerste Wêreldoorlog - sien Brezina *The Treaty of Versailles, 1919 – A Primary Source Examination of the Treaty that Ended World War I* 31.

<sup>60</sup> Fyfe 8.

<sup>61</sup> Pertile 'Introduction: The Fight Against Child Labour in a Globalized World' in Nesi, Nogler & Pertile *Child Labour in a Globalized World: A Legal Analysis of ILO Action 1-3* – vir 'n bespreking oor konvensies wat die ILO daar gestel het, asook 'n bespreking oor die leidende rol wat die ILO ingeneem het om kinderarbeid te beveg. Sien ook Schlemmer-Schulte 'The Contribution of the World Bank in Fostering Respect for ILO Child Labour Standards' in Nesi, Nogler & Pertile *Child Labour in a Globalized World: A Legal Analysis of ILO Action 238-241* – vir 'n verdere uitbreiding oor verskeie konvensies van die ILO.

<sup>62</sup> Nhenga *Application of the International Prohibition on Child Labour in an African Context: Lesotho, Zimbabwe and South Africa* 21-22.

<sup>63</sup> 'Minimum Age (Industry) Convention', 5 van 1919 (hierna Konvensie 5).

<sup>64</sup> Art 2 van Konvensie 5 (uitsonderings ten opsigte van hierdie algemene bepaling geld onder bepaalde omstandighede – sien artikels 3; 5 en 6 van Konvensie 5 in verband hiermee. Volgens art 3 sal die bepaling in art 2 nie van toepassing wees op kinders in tegniese skole nie, mits daar goedkeuring verleen en toesighouding plaasvind deur openbare gesag. Art 5 en 6 stel sekere uitsonderings daar, wat geld ten opsigte van Japan en Indië).

<sup>65</sup> 'Night Work of Young Persons (Industry) Convention', 6 van 1919 (hierna Konvensie 6).

<sup>66</sup> Sien art 2(1) van Konvensie 6 (uitsonderings ten opsigte van hierdie algemene bepaling geld onder bepaalde omstandighede – sien art 2(2); 4; 5; 6 en 7 van Konvensie 6 in verband hiermee. Art 2(2) bepaal dat in gevalle waar die werk dit vereis, kinders tussen die ouderdomme van 16 jaar en 18 jaar toegelaat kan word om snags te werk. Artikel 4 magtig kinders om in noodtoestande snags te werk (tussen 16 jaar en 18 jaar). Arts 5 en 6 stel sekere uitsonderings daar, wat geld ten opsigte van Japan en Indië).

<sup>67</sup> 'Minimum Age (Sea) Convention', 7 van 1920 (hierna Konvensie 7).

<sup>68</sup> Art 2 van Konvensie 7.

<sup>69</sup> Art 3 van Konvensie 7.

<sup>70</sup> 'Minimum Age (Agricultural) Convention', 10 van 1921 (hierna Konvensie 10).

wat bepaal het dat kinders eers vanaf die ouderdom van 14 jaar in diens geneem mag word in die landbousektor en net werksaam mag wees in die landbousektor buite skoolure.<sup>71</sup>

### 2.1.2.3 Verdere ontwikkeling ten opsigte van die regulering van kinderarbeid

Konvensie 138<sup>72</sup> van die *ILO* het alle vorige konvensies in verband met die minimumouderdom waarop kinders mag werk, vervang.<sup>73</sup> Konvensie 138 verhoog die ouderdom waarop kinders mag werk vanaf 14 jaar na 15 jaar,<sup>74</sup> ongeag die sektor waarin die werk verrig word.<sup>75</sup> Laasgenoemde konvensie is aangeneem met die doel om die minimumouderdom waarop kinders mag werk in een dokument saam te vat (ongeag die tipe werk verrig) en om die ouderdom waarop kinders mag werk in ooreenstemming te bring met die verpligte skoolgaande ouderdom, ten einde kinders in staat te stel om voldoende onderrig te ontvang.<sup>76</sup>

Die *ILO* is nie die enigste belangrike internasionale instelling wat kinderarbeid probeer reguleer nie.<sup>77</sup> Die Verenigde Nasies het onder andere ook bygedra tot die beskerming van kinders teen uitbuitende arbeid en die erkenning van kinderrechte deur in 1989 die *UNCRC* aan te neem.<sup>78</sup> Die Verenigde Nasies het ontwikkel uit die Volkebond, ‘n internasionale instelling wat op 10 Januarie 1920 in Versailles gestig is ter bevordering van

---

<sup>71</sup> Art 1 van Konvensie 10 (uitsonderings ten opsigte van hierdie algemene bepaling geld onder bepaalde omstandighede – sien arts 2 en 3 van Konvensie 10 in verband hiermee).

<sup>72</sup> Hierdie konvensie is aanvaar op 26 Junie 1973 in Geneva en het in werking getree op 19 Junie 1976 – sien ‘C138 - Minimum Age Convention, 1973 (No. 138)’ <[http://www.ilo.org/dyn/normlex/en/f?p=NORMLEXPUB:12100:0::NO:12100:P12100\\_INSTRUMENT\\_ID:312283:NO](http://www.ilo.org/dyn/normlex/en/f?p=NORMLEXPUB:12100:0::NO:12100:P12100_INSTRUMENT_ID:312283:NO)> (besoek 10 Januarie 2013) 1. Sien ook Gallinetti *An Assessment of the Significance of the International Labour Organisation’s Convention 182 in South Africa with Specific Reference to the Instrumental Use of Children in the Commission of Offences as a Worst Form of Child Labour* 85 - 92 vir ‘n verdere bespreking en agtergrond tot die ontstaan van Konvensie 138. Sien ook par 3.1.2.2 hieronder vir ‘n aanvullende bespreking oor die betrokke konvensie.

<sup>73</sup> Aanhef tot Konvensie 138; Fyfe 10-11.

<sup>74</sup> Art 2(3) van Konvensie 138.

<sup>75</sup> Art 2(1) van Konvensie 138; Fyfe 10-11.

<sup>76</sup> Art 2(3) van Konvensie 138.

<sup>77</sup> Sien byvoorbeeld Fyfe 18 vir ‘n bespreking oor die *UNCRC* (as verdere regulasies ten opsigte van kinderarbeid).

<sup>78</sup> Sien datum van aanneming (20 November 1989) en inwerkingtreding (2 September 1990) van die *UNCRC* verkry by ‘Convention on the Rights of the Child’ <<http://www.ohchr.org/english/law/crc.htm>> (besoek 17 Desember 2012) 1.

internasionale samewerking en ter handhawing van internasionale vrede en veiligheid.<sup>79</sup> Dit sou later vervang word deur die Verenigde Volke Organisasie, wat 'n naamsverandering ondergaan het en tans as die Verenigde Nasies bekend staan.<sup>80</sup>

Voor die inwerkingtreding van die *UNCRC* was die volle omvang van kinderregte onseker, aangesien verskeie internasionale instrumente elk 'n mate van kinderregte erken het wat saamgelees moes word om die volle omvang van kinderregte te bepaal.<sup>81</sup> Die *UNCRC* het die noodsaak vir 'n omvattende verklaring oor die regte van kinders vervul.<sup>82</sup> Verskeie state, gespesialiseerde agentskappe, byvoorbeeld die 'United Nations Children's Fund' (hierna *UNICEF*), en nieregeringsorganisasies soos 'Amnesty International', het deelgeneem aan die opstel van die betrokke konvensie.<sup>83</sup> Die finale inhoud van die *UNCRC* was dus die gevolg van 'n reeks ingewikkeld onderhandelinge en kompromieë tussen regeringsafvaardigings.<sup>84</sup> Die *UNCRC* het bygedra tot die ontstaan van Konvensie 182 en vir die eerste keer is van die ergste vorms van kinderarbeid<sup>85</sup> verbied, ongeag die ouderdom van die kind.<sup>86</sup>

---

<sup>79</sup> 'The Founding of the League of Nations' <[http://www.unog.ch/80256EDD006AC19C/\(httpPages\)/DC4AA212\\_61EF9EE4C1256F31002C7B73](http://www.unog.ch/80256EDD006AC19C/(httpPages)/DC4AA212_61EF9EE4C1256F31002C7B73)> (besoek 28 Desember 2012) 1; 'Verenigde Nasies: Geskiedenis' <<http://myfundi.co.za/za/Verenigde/Nasies/Geskiedenis>> (besoek 31 Maart 2012) 1; 'This Day in History' <<http://history.com/this-day-in-history/league-of-nations-instituted>> (besoek 17 Desember 2012) 1.

<sup>80</sup> United Nations 'History of the United Nations' <<http://www.un.org/en/aboutun/history/index.shtml>> (besoek 24 Desember 2012) 1.

<sup>81</sup> Mahery in Boezaart (red) 310; Bennett 1987 *Cornell International Law Journal* 20(1):29-31 – hier word 'n bespreking gegee van die noodsaak vir die ontstaan van die *UNCRC*, waaronder een van die redes is dat die volle omvang van kinderregte onseker was, aangesien verskeie internasionale instrumente elk 'n mate van kinderregte erken het. Calciano 1992 *Hastings International and Comparative Law Review* 15(3):522-523 gee 'n soortgelyke bespreking.

<sup>82</sup> Bennett 1987 *Cornell International Law Journal* 20(1):29-31; Calciano 1992 *Hastings International and Comparative Law Review* 15(3):522-523.

<sup>83</sup> Mahery in Boezaart (red) 311; Gomien 1989 *New York Law School Journal of Human Rights* 7(1):161; Cohen 2006 *Emory International Law Review* 20(1):186-188.

<sup>84</sup> Mahery in Boezaart (red) 311; Cohen 2006 *Emory International Law Review* 20(1):186-188.

<sup>85</sup> Sien par 2.2.2.1 en par 3.1.2.3 vir 'n bespreking van die ergste vorms van kinderarbeid.

<sup>86</sup> Nhenga *Application of the International Prohibition on Child Labour in an African Context: Lesotho, Zimbabwe and South Africa* 31.

Op 11 Julie 1990, kort na die inwerkingtreding van die *UNCRC*, het die Organisasie vir Afrika Eenheid<sup>87</sup> 'n eweknie van laasgenoemde konvensie aangeneem, naamlik die *ACRWC*.<sup>88</sup> Die *ACRWC* het ontstaan weens die persepsie van die Organisasie vir Afrika Eenheid dat Afrika-state grootliks uitgesluit was in die opstel van die *UNCRC* en dat daar gevvolglik 'n behoefté aan 'n plaaslike menseregte-instrument bestaan wat spesifiek na die belang van kinders in Afrika omsien.<sup>89</sup> Van die spesifieke aangeleenthede met betrekking tot kinders in Afrika wat nie in die *UNCRC* voldoende aandag geniet nie, sluit onder andere die volgende in:<sup>90</sup>

- die situasie van kinders wat onder apartheid grootgeword het;
- Afrika-gebruiken, byvoorbeeld vroulike genitale verminking en besnydenis, wat kinders skade kan berokken;
- sosio-ekonomiese probleme, soos ongeletterdheid en swak sanitasie, wat veral in Afrika-lande voorkom; en
- kindersoldate, wat veral bekend is in Afrika-lande.

### 2.1.3 Gevolgtrekking

Die geskiedkundige verloop van die hantering van kinderarbeid het ontwikkel tot die siening dat kinderarbeiders beskerming benodig in arbeidspraktyke. Verskillende benaderings tot kinderarbeid is in die verskillende fases van die geskiedenis waarneembaar. Die huidige internasionale instrumente, naamlik Konvensie 138, Konvensie 182, die *UNCRC* en die *ACRWC*, wat uit die geskiedkundige ontwikkeling van sienswyses van die hantering van kinderarbeid voortgevloeи het, deel gemeenskaplik die huidige siening dat kinderarbeiders beskerming nodig het, veral teen uitbuiting en teen enige praktyk wat skadelik is vir die fisiese, geestelike, morele of maatskaplike ontwikkeling van die kind. Die wyse waarop sommige van hierdie laasgenoemde internasionale konvensies beskerming aan kinders bied

---

<sup>87</sup> Hierdie organisasie is in 1963 gestig met die doel om eenheid en solidariteit tussen Afrika-state te bevorder – sien ‘Organization of African Unity’ <<http://www.sahistory.org.za/topic/organization-african-unity-oau>> (besoek 28 Desember 2012) 1.

<sup>88</sup> Viljoen in Boezaart (red) 335; Aanhef tot die *ACRWC* saamgelees met art 1(1) van die *ACRWC*.

<sup>89</sup> Aanhef tot die *ACRWC*; Viljoen in Boezaart (red) 335.

<sup>90</sup> Viljoen in Boezaart (red) 336; ‘The African Charter on the Rights and Welfare of the Child’ <[http://www.unicef.org/esaro/children\\_youth\\_5930.html](http://www.unicef.org/esaro/children_youth_5930.html)> (besoek 28 Desember 2012) 1.

vind plaas deur verbiedende regulering.<sup>91</sup> Die skrywer stem saam met die siening dat kinders beskerming nodig het in arbeidspraktyke en dat ergste vorms van kinderarbeid verbied behoort te word. Die skrywer huldig egter die mening dat (in die huidige sosio-ekonomiese klimaat) alle kinders wat so verkies en wel die vermoë het om arbeid te kan verrig (veral diegene wat afhanklik is van arbeid vir oorlewing) toegelaat behoort te word om te kan werk, mits streng regulering van hierdie toegelate arbeid toegepas word en die kinderarbeider daardeur beskerming kan geniet.

## 2.2 DEFINISIE VAN KINDERARBEID

### 2.2.1 Inleiding en noodsaak van ‘n algemeen aanvaarde definisie van kinderarbeid

By die beoordeling van kinderarbeid is dit noodsaaklik om eers vas te stel tot op watter ouderdom ‘n persoon as ‘n kind gereken word en ook watter werksaamhede as kinderarbeid beskou word.<sup>92</sup> In hierdie opsig verskaf internasionale konvensies en nasionale wette belangrike riglyne.<sup>93</sup> Ten spyte van riglyne oor wat kinderarbeid behels, bestaan daar ‘n sekere mate van onsekerheid oor ‘n beslissende definisie daarvan.<sup>94</sup> Die ILO gee nie ‘n enkele, beslissende definisie van kinderarbeid nie, aangesien vorms van kinderarbeid van staat tot staat verskil en beïnvloed word deur verskillende faktore, insluitend, maar nie beperk tot die ouderdom van die kind, die aard en duur van die aktiwiteit verrig en die omstandighede waaronder die werk verrig word nie.<sup>95</sup> Die skrywer is van mening dat die gebrek aan ‘n algemeen aanvaarde definisie van kinderarbeid, die omvang daarvan moeilik bepaalbaar maak. Doeltreffende oplossings vir die probleme rondom kinderarbeid kan ook gekortwiek word wanneer verskillende state en organisasies nie ‘n eenvormige definisie van kinderarbeid huldig nie, aldus die skrywer.

---

<sup>91</sup> Hierdie verbiedende regulering kan veral waargeneem word uit Art 2(3) van Konvensie 138 wat werk deur kinders onder die ouderdom van 15 jaar verbied en art 1 van Konvensie 182 wat die ergste vorms van kinderarbeid verbied.

<sup>92</sup> De Beer 2008 *In die Skriflig* 42(4):615.

<sup>93</sup> *Ibid.*

<sup>94</sup> Cullen 6; Pertile in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 8-9; Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):30; Buck 165-169.

<sup>95</sup> Cullen 7-8.

## 2.2.2 Definisies van kinderarbeid ingevolge internasionale instrumente

### 2.2.2.1 Konvensies van die ‘International Labour Organisation’

Konvensie 138 benader kinderarbeid vanuit ‘n ouderdom-georiënteerde perspektief. Die konvensie bepaal dat geen persoon onder die minimum skoolpligtige ouderdom mag werk nie, op voorwaarde dat die minimum-ouderdom nie laer as 15 jaar is nie.<sup>96</sup> Dieselfde konvensie bepaal ook dat geen persoon jonger as 18 jaar werk mag verrig wat sy/haar gesondheid of veiligheid benadeel nie.<sup>97</sup> Die regering van elke lidstaat kan egter hierdie vasgestelde ouderdomme aanpas na gelang van die vorm van arbeid en die sosio-ekonomiese omstandighede van die betrokke staat.<sup>98</sup>

Die internasionale gemeenskap het verder sekere ergste vorms van kinderarbeid geïdentifiseer wat ten alle tye geëlimineer moet word, ongeag die ouderdom van die kind.<sup>99</sup> Die *ILO* het hierdie ergste vorms van kinderarbeid uiteengesit in Konvensie 182. ‘n Kind, vir doeleindes van hierdie konvensie, beteken ‘n persoon onder die ouderdom van 18 jaar.<sup>100</sup> In hierdie konvensie word die ergste vorms van kinderarbeid gedefinieer as:<sup>101</sup>

- kinderhandel en - slawerny;
- kimmersiële seksuele uitbuiting van kinders;
- kinders wat deur volwassenes gebruik word om misdade te pleeg; en
- werk wat die gesondheid, veiligheid of moraal van kinders skade kan berokken.

Die *ILO* het sekere wesenlike faktore geïdentifiseer, waarvolgens vasgestel kan word of arbeid die gesondheid, veiligheid of moreel van kinders skade berokken, onder andere:<sup>102</sup>

---

<sup>96</sup> Art 2(3) van Konvensie 138.

<sup>97</sup> Art 3(1) van Konvensie 138.

<sup>98</sup> Art 5 van Konvensie 138.

<sup>99</sup> Art 1 van Konvensie 182.

<sup>100</sup> Art 2 van Konvensie 182.

<sup>101</sup> Art 3(a) – 3(d) van Konvensie 182.

<sup>102</sup> ‘The State of the World’s Children: What is Child Labour?’ <<http://www.unicef.org/sowc97/report/what.htm>> (besoek 29 Desember 2012) 1; Coetzee *Internasionale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele Lesse vir Suid-Afrika* 23.

- voltydse werk op 'n vroeë ouderdom;
- arbeid wat 'n kind se selfbeeld skaad;
- besondere lang werksure;
- onvoldoende betaling;
- arbeid wat 'n kind se psigologiese en maatskaplike ontwikkeling strem;
- uitermatige verantwoordelikheid op 'n vroeë ouderdom; en
- werk en verblyf op straat onder haglike omstandighede.

In watter mate 'n kind se selfbeeld geskaad moet word, of wat as onvoldoende betaling of besondere lang werksure beskou behoort te word, is nie duidelik uit bogenoemde nie.

#### **2.2.2.2 Die 'United Nations Convention on the Rights of the Child, 1989'**

Die *UNCRC* erken die kind se reg om beskerm te word teen ekonomiese uitbuiting en teen werk wat waarskynlik gevaaerlik is of inmeng met sy/haar opvoeding.<sup>103</sup> Daar word egter nie 'n uiteensetting in die konvensie verskaf oor die tipe werk wat as gevaaerlik beskou word nie en lidstate verskil derhalwe in hul uitvoering van hierdie konvensie.<sup>104</sup>

#### **2.2.2.3 Die 'United Nations Children's Fund'**

*UNICEF*<sup>105</sup> het kinderarbeid in 2011 gedefinieer as werk wat 'n minimum aantal ure oorskry, afhangende van die ouderdom van die kind en die tipe aktiwiteit wat verrig word.<sup>106</sup> Sodanige werk word as skadelik vir die kind beskou en moet daarom volgens dié kinderfonds geëlimineer word.<sup>107</sup> Die volgende aantal werksure vir die gemelde ouderdomme word deur die Kinderfonds as billik beskou:<sup>108</sup>

---

<sup>103</sup> Art 32(1) van die *UNCRC*.

<sup>104</sup> Hierdie aspek word meer breedvoerig toegelig in par 3.1.2.1 (b).

<sup>105</sup> Sien par 3.2.2 vir 'n verdere bespreking oor die betrokke fonds.

<sup>106</sup> 'Child Labour and Commercial Sexual Exploitation' <[http://www.unicef.org/esaro/factschildren\\_5783.html](http://www.unicef.org/esaro/factschildren_5783.html)> (besoek 1 Januarie 2013) 1.

<sup>107</sup> *Ibid.*

<sup>108</sup> *Ibid.*

- ouderdomme vyf tot 11 jaar - nie meer as een uur ekonomiese werk of 28 ure huishoudelike werk per week word toegelaat nie;
- ouderdomme 12 tot 14 jaar - nie meer as 14 ure ekonomiese werk of 28 ure huishoudelike werk per week word toegelaat nie;
- ouderdomme 15 tot 17 jaar - nie meer as 43 ure ekonomiese werk of 43 ure huishoudelike werk per week word toegelaat nie.

### 2.2.3 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde omskrywings van kinderarbeid<sup>109</sup> blyk dit duidelik dat daar nie 'n eenvormige en beslissende definisie daarvan bestaan nie. Konvensie 138 verbied alle werk vir persone onder die ouderdom van 15 jaar,<sup>110</sup> terwyl *UNICEF* daarvoor voorsiening maak dat kinders tussen die ouderdomme van vyf en 11 jaar tot een uur ekonomiese werk of 28 ure huishoudelike werk per week mag verrig.<sup>111</sup> Die *UNCRC* maak voorsiening vir die beskerming van die kind teen *enige werk* wat waarskynlik gevaaarlik is of inmeng met die opvoeding van die kind.<sup>112</sup> Onsekerheid bestaan oor watter tipes werk gevaaarlik vir kinders is, veral gesien in die lig van artikels 38(2) en 38(3) van dieselfde konvensie, wat bepaal dat kinders van 15 jaar en ouer opgeroep mag word vir militêre diens.<sup>113</sup>

Die verwarring wat tans bestaan as gevolg van die gebrek aan 'n eenvormige definisie vir kinderarbeid, bemoeilik die huidige effektiewe regulering daarvan. Die skrywer is van mening dat bestaande definisies aangepas moet word om 'n eenvormige definisie daar te stel. Die skrywer huldig ook die mening dat kinderdeelname aan werk, wat nie uitbuitend van aard is of hul gesondheid en persoonlike ontwikkeling affekteer nie, as positief gesien kan word. Sulke werk kan bydra tot die kind se gesonde ontwikkeling en tot die welsyn en

---

<sup>109</sup> Par 2.2.2.

<sup>110</sup> Art 2(3) van Konvensie 138.

<sup>111</sup> 'Child Labour and Commercial Sexual Exploitation' <[http://www.unicef.org/esaro/5480\\_child\\_labour\\_sexual\\_exploitation.html](http://www.unicef.org/esaro/5480_child_labour_sexual_exploitation.html)> (besoek 21 Desember 2011) 1.

<sup>112</sup> Art 32(1) van die *UNCRC*.

<sup>113</sup> Arts 38(2) en 38(3) van die *UNCRC* saamgelees met art 32(1) van die *UNCRC*.

oorlewing van die gesin.<sup>114</sup> Kinders kan ook deur deelname aan werksaktiwiteite sekere vaardighede aanleer en ondervinding opdoen wat hulle help om produktiewe lede van die samelewing te word.<sup>115</sup> Dit sou dus sinvol wees om kinderarbeid (uitsluitend ergste vorme en uitbuitende vorme daarvan) vir kinders onder die ouderdom van 15 jaar wat so verkies en wat die vermoë het om te kan werk, onder streng effektiewe regulering daarvan toe te laat, aldus die skrywer. In beginsel, is die skrywer van mening dat Konvensie 138 se definisie van kinderarbeid aangepas behoort te word ten einde voorsiening te maak vir die toelaat van kinderarbeid (uitgesluit ergste en uitbuitende vorme daarvan) onder die ouderdom van 15 jaar, mits effektiewe regulering daarvan kan geskied. Die *UNCRC* behoort ook meer duidelik te wees oor watter vorms van kinderarbeid as gevaaerlik beskou moet word. Bogenoemde siening van die skrywer is in ooreenstemming met die benadering wat *UNICEF* in 2011 nagestreef het.<sup>116</sup>

## 2.3 VOOR- EN NADELE VERBONDE AAN KINDERARBEID

### 2.3.1 Inleiding

Nieteenstaande bestaande nadele verbonde aan kinderarbeid, is daar ook 'n aansienlike aantal voordele daaraan verbonde. Hierdie voordele sal egter nooit die skadelike effek van ergste vorms van kinderarbeid op die kind of die uitbuiting van kinders in die arbeidsmark regverdig nie. Die feit dat daar voordele verbonde aan kinderarbeid kan wees laat die vraag ontstaan of alle vorms van kinderarbeid geëlimineer behoort te word en of slegs die ergste vorms van kinderarbeid en uitbuitende arbeidspraktyke geëlimineer behoort te word. Laasgenoemde word veral gesien in die lig dat sommige kinders (weens maatskaplike en sosio-ekonomiese oorsaaklike faktore) slegs kan oorleef deur kinderarbeid (uitgesluit uitbuitende en ergste vorms daarvan) te verrig. Vervolgens word die voor- en nadele verbonde aan kinderarbeid bespreek.

---

<sup>114</sup> Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):35; Mizen 'Child Labour in the Developed Nations Today' in Hindman (red) *The World of Child Labour: An Historical and Regional Survey* 65; sien ook voordele van kinderarbeid in par 2.3.3.

<sup>115</sup> Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):35; Mizen in Hindman (red) 65.

<sup>116</sup> Sien par 2.2.2.3 hierbo.

### 2.3.2 Nadele verbonde aan kinderarbeid

Kritiek teen kinderarbeid ontstaan uit 'n verskeidenheid morele en sosio-ekonomiese oorwegings en sluit volgens Arat onder ander die volgende in:<sup>117</sup>

- Kinderarbeiders word dikwels ekonomies uitgebuit aangesien hulle teen die laagste tariewe betaal kan word.<sup>118</sup>
- Werkgewers verkieς dikwels om kinders in diens te neem omdat ongeskoolde arbeid goedkoper is. Dit het tot gevolg dat werkloosheid onder volwassenes toeneem.<sup>119</sup>
- Deur kinderarbeid toe te laat, kan kinders beroof word van die geleentheid om skool toe te gaan ten einde hulself maksimaal te bekwaam en hoër salarisste te kan verdien. Kinderarbeid dra in hierdie opsig dus by tot groter armoede en laer besoldiging.<sup>120</sup>

---

<sup>117</sup> Arat 2002 *Human Rights Quarterly* 24(1):197.

<sup>118</sup> Bequele & Boyden stem, ten opsigte hiervan, saam met Arat deur die volgende punte van belang te opper: Kinderarbeiders word dikwels min betaal en moet baie lang ure werk net om te oorleef; daar is 'n algemene neiging om kinderarbeid ekonomies te onderskat; kinders verdien dikwels minder as volwassenes, selfs waar hulle dieselfde take as volwassenes verrig; kinders geniet geen byvoordele of versekering nie en werkgewers trek dikwels voordeel uit onregverdig handelspraktyke deur lae lone aan kinderarbeiders te betaal – sien Bequele & Boyden 1988 *International Labour Review* 127(2):155-156. Sien ook Hartjen & Priyadarsini *The Global Victimization: Problems and Solutions* 25-26 – hiervolgens word kinders wat gratis in hul eie huishoudings werk of werk verrig ten einde skuld van die familie af te betaal ekonomies uitgebuit. Hierteenoor is vele kinders afhanklik van die inkomste verkry deur eie-arbeid, ongeag lae besoldiging, ten einde te oorleef – sien John *Children's Rights and Power: Charging Up for a New Century* 152. Meeste kinders werk slegs deeltydse en dra sodoende by tot verhoogde familie-inkomstes en die oorlewing van die gesin - Sien Boyden & Myers *Exploring Alternative Approaches to Combating Child Labour: Case Studies from Developing Countries* 40.

<sup>119</sup> Wal *Child Labour in Various Industries* 129 – hiervolgens veroorsaak kinderarbeid dikwels werkloosheid onder volwassenes. Die rede hiervoor is grootliks omdat kinders dikwels bereid is om onder slechter omstandighede te werk of teen laer besoldiging as wat aanvaarbaar vir volwassenes sou wees en derhalwe word kinders, eerder as volwassenes, aangestel. Sien ook 'Consequences of Child Labor' <[http://www.knowchildlabor.org/child\\_labor/consequences\\_of\\_child\\_labor.php](http://www.knowchildlabor.org/child_labor/consequences_of_child_labor.php)> (besoek 29 Desember 2012) 1.

<sup>120</sup> Wal *Combating Child Labour* 40; 'Consequences of Child Labor' <[http://www.knowchildlabor.org/child\\_labor/consequences\\_of\\_child\\_labor.php](http://www.knowchildlabor.org/child_labor/consequences_of_child_labor.php)> (besoek 29 Desember 2012) 1; Budhwani, Wee & McLean 2004 *Human Resource Development Quarterly* 15(1):110. Die skrywer voel egter dat die geleentheid van skoolopleiding slegs van die kind ontnem word in 'n onaangepaste skoolstelsel. Sou die skoolstelsel aangepas word, sou kinders skoolonderrig en arbeid kon kombineer – sien par 5.2.2 van hierdie verhandeling oor 'n bespreking van, onder ander, nagskole wat in Indië ingestel is waarby Suid-Afrika kan leer, ten einde kinders in verskillende omstandighede te akkommodeer.

- Kinders werk dikwels onder slechte omstandighede wat ongesond vir hulle normale ontwikkeling is.<sup>121</sup> Verder kan ongelukke en werksbeserings makliker plaasvind wanneer kinders nie opgelei is om met sekere masjinerie te werk nie.<sup>122</sup>
  - Lande wat kinderarbeid toelaat, trek dikwels voordeel uit onregverdig handelspraktyke, aangesien meer kompeterende verkoopspryse weens verlaagde arbeids- en produksiekoste, te wyte aan kinderarbeid, meer buitelandse beleggers lok.<sup>123</sup>
  - Gevaarlike vorms van kinderarbeid kan ook verskeie gesondheidsrisiko's vir kinders inhoud. Lang werksure kan die geestelike en fisiese groei van kinders belemmer.<sup>124</sup> Sny- en brandwonde asook velinfeksies kom algemeen voor by kinders wat met vuur en verhitting werk, soos byvoorbeeld by glas- of koperwerk.<sup>125</sup> Kinders wat by steenoonde, steenkoolmyne of steengroewe werk loop 'n hoë risiko om ernstige beserings of chroniese siektes op te doen.<sup>126</sup> Hierdie kinders ly dikwels aan silikose,<sup>127</sup> servikale werwelontsteking of kry rugkwale.<sup>128</sup> Die rook en besoedelde lug wat die gevolg is van sekere industrieë en deur kinderarbeiders ingeasem word, beskadig hulle longe.<sup>129</sup> As matlewers sit 'n kind in 'n gehurkte posisie wat stremming mag plaas sy/haar rug, terwyl donker werksomgewings 'n kind se sig kan beskadig.<sup>130</sup>
- 

<sup>121</sup> Forastieri *Children at Work: Health and Safety Risks* 23 – hiervolgens word kinders dikwels aan gevaarlike werksomstandighede blootgestel, byvoorbeeld aan giftige gasse en onhygiëniese werksomstandighede. Die skrywer verwys egter na die verbetering in werksomstandighede wat plaasvind het as gevolg van die behoorlike regulering van kinderarbeid en die instel van arbeidsinspekteurs – sien Arnal ea 61-62.

<sup>122</sup> Misra *Child Labour in Hazardous Sectors* 110 – Misra stem saam met Arat en meld voorbeeld van werksbeserings en ongelukke wat, weens die tipe werk wat die kind verrig, dikwels voorkom.

<sup>123</sup> Budhwani, Wee & McLean 2004 *Human Resource Development Quarterly* 15(1):111; Nanjunda *Anthropology and Child Labour* 67.

<sup>124</sup> Büchner- Eveleigh 'n Kritiese Evaluering van Wetgewing wat die Gesondheid van Kinders Beïnvloed 162.

<sup>125</sup> Forastieri 40-41; 50; Bhargava *Child Labor* 357.

<sup>126</sup> ILO 'Mining and Quarrying' <<http://www.ilo.org/ipec/areas/Miningandquarrying/lang--en/index.htm>> (besoek 18 Januarie 2013) 1; Büchner-Eveleigh 'n Kritiese Evaluering van Wetgewing wat die Gesondheid van Kinders Beïnvloed 162.

<sup>127</sup> Ayub & Parker 'Silicosis and Silicotuberculosis' in Fassa, Parker & Scanlon *Child Labour: A Public Health Perspective* 161-168; Forastieri 42.

<sup>128</sup> Ayub & Parker in Fassa, Parker & Scanlon 127.

<sup>129</sup> Büchner- Eveleigh 'n Kritiese Evaluering van Wetgewing wat die Gesondheid van Kinders Beïnvloed 162.

<sup>130</sup> Bhargava 353; Kanbargi 'Child Labor in India: The Carpet Industry of Varanasi' in Bequele & Boyden (reds) *Combating Child Labor* 100-101 – vir kinders in gehurkte posisies en beskadigde sig; Forastieri 39 – vir posturale abnormaliteite en swak sig. Sien ook Büchner- Eveleigh 'n Kritiese Evaluering van Wetgewing wat die Gesondheid van Kinders Beïnvloed 162 en Nanjunda 80-82 vir 'n verdere bespreking oor gevaarlike vorms van arbeid, wat gesondheidsrisiko's vir kinders kan inhoud.

### 2.3.3 Voordele verbonde aan kinderarbeid

Die voordele verbonde aan kinderarbeid moet ook oorweeg word wanneer 'n besluit rakende benaderingswyse ten opsigte van kinderarbeid gemaak word. Ongeag die benaderingswyse wat tot kinderarbeid gevolg gaan word, is dit duidelik dat in gevalle van uitbuiting en ergste vorms van kinderarbeid, voordele nie ter sprake kom nie, weens die ernstige benadeling wat daardeur teweeg gebring word.<sup>131</sup> Kinderarbeid hou onder andere die volgende praktiese voordele vir kinders in: werkgewers wat andersins nie opgeleide werknemers sou kon bekostig nie, kan deur die gebruikmaking van ongeskoolde kinderarbeid geleenthede skep vir hierdie kinders om op 'n eerbare manier te oorleef.<sup>132</sup> Kinders wat aan die hoof van 'n gesin staan, of deel is van 'n baie arm gesin, kan deur arbeid 'n inkomste verdien en dus tot die oorlewing van die gesin bydra.<sup>133</sup> Waar nasionale fondse, bystand en hulpbronne onvoldoende is, help die inkomste wat deur kinders verdien word dat sodanige gesinslede toegang tot mediese en ander dienste kan verkry.<sup>134</sup> Arbeid leer ook aan 'n kind sekere vaardighede wat aangewend kan word in hul volwasse lewe, byvoorbeeld die hantering van finansies, hoe om konflik in 'n werksituasie op te los, asook bemeesterung van die vaardigheid vereis vir die tipe werk waarin die kind staan (byvoorbeeld hoe om te verf).<sup>135</sup>

### 2.3.4 Gevolgtrekking

Na aanleiding van die ondersoek van voor- en nadele verbonde aan kinderarbeid, is die skrywer van mening dat die vraag wat ontstaan het in paragraaf 2.3.1, naamlik of alle vorms van kinderarbeid verbied moet word en of slegs die ergste vorms van kinderarbeid en

---

<sup>131</sup> Sien par 3.1.2.3(b) vir 'n bespreking oor die ergste vorms van kinderarbeid.

<sup>132</sup> Budhwani, Wee & McLean 2004 *Human Resource Development Quarterly* 15(1):111; Omoni & Ijeh 2010 *Edu Journal of Counselling* 3(1):35.

<sup>133</sup> Budhwani, Wee & McLean 2004 *Human Resource Development Quarterly* 15(1):111; Omoni & Ijeh 2010 *Edu Journal of Counselling* 3(1):31; John 152; Boyden & Myers 40.

<sup>134</sup> Budhwani, Wee & McLean 2004 *Human Resource Development Quarterly* 15(1):111.

<sup>135</sup> Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):170 – hiervolgens kan kinders die vaardighede aanleer wat vereis word vir hul toekomstige rol as volwassenes deur werk te verrig. Sien ook Bachman 2000 *Journal of International Affairs* 53(2):557; Omoni & Ijeh 2010 *Edu Journal of Counselling* 3(1):35 – vir 'n verdere bespreking oor die aanleer van vaardighede.

uitbuitende vorms daarvan verbied behoort te word, as volg beantwoord moet word: kinderarbeid het voor- en nadele. Nadele kom veral voor wanneer effektiewe regulering van kinderarbeid en die kontroleering daarvan nie plaasvind nie. Die voordele is beperk tot arbeid wat buite die bestek van ergste vorms daarvan en uitbuitende arbeidspraktyke val. Indien 'n kind van arbeid afhanklik is vir oorlewing, sal die eliminasie van alle kinderarbeid egter die mees skadelikste vir so 'n kind wees en waarskynlik die kind beweeg na ongereguleerde arbeidspraktyke, of selfs uitbuitende en ergste vorms daarvan. Indien die kind betrokke raak in ongereguleerde arbeidspraktyke sal hy/sy geen beskerming teen uitbuiting geniet nie. Nieteenstaande nadele verbonde aan kinderarbeid, sou dit beter wees vir kinders, wat afhanklik is van eie inkomste vir oorlewing, om eerder kinderarbeid onder streng regulering te verrig as om glad nie te mag werk nie. Dus voel die skrywer dat slegs die ergste vorms en uitbuitende vorms van kinderarbeid verbied behoort te word, terwyl toegelate arbeid streng gereguleer moet word. Hierdie streng regulasie mag nadele grootliks beperk (byvoorbeeld, met regulasies wat korter werksure instel mag tyd vir skoolonderrig van kinderarbeiders beskikbaar raak).

## 2.4 'N MULTIDIMENSIONELE BENADERING TOT KINDERARBEID

### 2.4.1 Inleiding

Kinderarbeid word onder andere deur Pertile, Weston en Teerink as multidimensioneel van aard beskou.<sup>136</sup> Laasgenoemde beskouing kan, volgens Pertile,<sup>137</sup> op drie verskillende vlakke geskied: eerstens is die oorsake wat lei tot kinderarbeid multidimensioneel van aard; die multidimensionele aard word ook geopenbaar deur die verskillende filosofiese benaderings tot kinderarbeid; gekoppel aan hierdie benaderings is daar ook multidimensionele voorgestelde oplossings vir kinderarbeid. Elk van hierdie aspekte sal vervolgens bespreek word ten einde kinderarbeid in sy totaliteit beter te verstaan.

---

<sup>136</sup> Pertile in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 4-8; Weston & Teerink 'Rethinking Child Labour: A Multidimensional Human Rights Problem' in Weston (red) *Child Labour and Human Rights: Making Children Matter* 3.

<sup>137</sup> Pertile in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 4-8.

## 2.4.2 Verskeie oorsake van kinderarbeid

Die multidimensionele aard van kinderarbeid is in die eerste plek duidelik uit die verskillende oorsake wat tot kinderarbeid lei.<sup>138</sup> Een van die grootste oorsake wat tot kinderarbeid lei, is armoede.<sup>139</sup> Armoede word veroorsaak deur 'n verskeidenheid faktore wat onder andere insluit: die ongeletterdheid van ouers, werkloosheid, natuurrampe asook stygende lewenskoste.<sup>140</sup> Die omvang van kinderarbeid word egter nie net deur ekonomiese faktore bepaal nie. In 'Children's Rights in a Transitional Society' duif Mayimele-Hashatse verskeie ander faktore aan wat tot kinderarbeid kan lei, byvoorbeeld die feit dat kinders dikwels aan die hoof van 'n huishouding staan en dat hulle dikwels as broodwinners moet optree na die verbrokkeling van die gesin.<sup>141</sup> Kultuur is dikwels 'n bydraende faktor tot die toetreden tot kinderarbeid.<sup>142</sup> In sommige kulture is dit algemene gebruik om kinders op te lei in die professie waarin die ouer staan, sonder om aan die kind die geleentheid van formele sekondêre of tersiêre opleiding te gee.<sup>143</sup> Die MIV- en Vigs-pandemie dra verder by tot die toetreden tot kinderarbeid, deurdat baie kinders wees gelaat word en vir hulself moet sorg, of ingeneem word deur familie wat soms hierdie kinders forseer om te werk om te help bydra tot hul eie onderhoud.<sup>144</sup> Skaarste aan skoolfasiliteite en geskikte mediese dienste lei dikwels, weens verhoogde koste, tot deelname van 'n kind aan kinderarbeid, ten einde toegang tot sodanige dienste te verkry.<sup>145</sup> Die toename in die misbruik van kinders in

---

<sup>138</sup> Pertile in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 4-7; Shukla & Ali *Child Labour and the Law* 119 – vir 'n bespreking oor verskeie oorsake van kinderarbeid; Osita-Oleribe 2007 *International NGO Journal* 2(1):6-9.

<sup>139</sup> Sien, onder ander, Buck 169-174; Mayimele-Hashatse in Davel (red) 81-82; Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):31; Pertile in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 5-6; Arat 2002 *Human Rights Quarterly* 24(1):197.

<sup>140</sup> Zastrow & Kirst-Ashman *Understanding Human Behaviour and the Social Environment* 504-505 - vir 'n bespreking oor die oorsake van armoede.

<sup>141</sup> Mayimele-Hashatse in Davel (red) 81-82.

<sup>142</sup> Buck 174-175; Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):168-171; Bachman 2000 *Journal of International Affairs* 53(2):557-558.

<sup>143</sup> Buck 169-174; Bachman 2000 *Journal of International Affairs* 53(2):557-558.

<sup>144</sup> Lalthapersad-Pillay 2008 *Africa Insight* 37(4):152-153; Mayimele-Hashatse in Davel (red) 80.

<sup>145</sup> Bachman 2000 *Journal of International Affairs* 53(2):565-566. Arat 2002 *Human Rights Quarterly* 24(1):185-189.

onwettige aktiwiteite<sup>146</sup> en die aanvraag na kinderarbeiders (aangesien kinders makliker beheer word) is verdere faktore wat bydra dat kinders na die arbeidsmark gelok word.<sup>147</sup>

#### 2.4.3 Filosofiese benaderings tot kinderarbeid

Verskillende rolspelers met verskillende agendas en verskillende spesialisvelde is betrokke by die regulering van kinderarbeid.<sup>148</sup> Wêreldwye strategieë wat poog om kinderarbeid te reguleer, word ook deur verskillende denkrigtings beïnvloed.<sup>149</sup> Bequele en Myers deel hierdie denkrigtings in die volgende kategorieë in:<sup>150</sup> eerstens is daar diegene wat poog om die noodsaak vir kinderarbeid te voorkom en tweedens is daar diegene wat die noodsaak van kinderarbeid erken, maar poog om dit effektiel te reguleer en kinders teen uitbuiting te beskerm. Kinderarbeid is dikwels 'n resultaat van grootskaalse armoede en in sommige gevalle moet kinders noodgedwonge werk ten einde die oorlewing van die gesin te verseker.<sup>151</sup> Voorstanders van laasgenoemde benadering voer aan dat kinderarbeid nie verbied kan word waar sodanige armoede bestaan nie.<sup>152</sup> Wetgewing wat kinderarbeid verbied, kan lei tot ongeoorloofde indiensneming van kinders wat huis meer ekonomiese uitbuiting tot gevolg mag hê.<sup>153</sup> Hierdie benadering poog om kinderarbeid onder die ouderdom van 15 jaar te wettig, maar om ook progressief toe te sien dat kinders voldoende teen uitbuiting en die ergste vorms van kinderarbeid beskerm word.<sup>154</sup>

---

<sup>146</sup> Byvoorbeeld die gebruik van kinders in bordele of in huisbrake (vanweë hul klein liggaamsbou wat hulle toelaat om maklik deur nou openinge te beweeg) – sien Stevens & Cloete *Introduction to Criminology* 18-19.

<sup>147</sup> Stevens & Cloete 18-19; Frank 2006 *SA Crime Quarterly* (16):16.

<sup>148</sup> Pertile in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 4.

<sup>149</sup> Bequele & Myers *First Things First in Child Labour: Eliminating Work Detrimental to Children* 31; Coetze *Internasionale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele Lesse vir Suid-Afrika* 10.

<sup>150</sup> Bequele & Myers 31-32.

<sup>151</sup> Buck 169-174; Mayimele-Hashatse in Davel (red) 81-82; Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1): 31; Pertile in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 5-6; Arat 2002 *Human Rights Quarterly* 24(1):197.

<sup>152</sup> Bequele & Myers 38-39.

<sup>153</sup> Coetze *Internasionale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele Lesse vir Suid-Afrika* 13.

<sup>154</sup> Bequele & Myers 39-40.

Die multikulturele aard van Afrika<sup>155</sup> gee ook aanleiding tot verskillende benaderings tot kinderarbeid.<sup>156</sup> Sommige kulture plaas die klem op die ontwikkeling en onderrig van die individu, terwyl ander kulture weer gebaseer is op interafhanklikheid en die belang van die groep.<sup>157</sup> In eersgenoemde benadering is dit belangriker om die kind van onderrig te voorsien as om te werk,<sup>158</sup> terwyl in laasgenoemde benadering die individu nie as 'n outonome entiteit met regte en belang van sy eie bo die van die gemeenskap geag word nie en kinders derhalwe dikwels werk ten einde die welvaart van die familie en die breër gemeenskap te bevorder.<sup>159</sup> Volgens Nhenga-Chakarisa word hierdie vorms van werk in sommige Afrika-kulture beskou as voorbereiding vir die volwasse lewe en nie as uitbuiting van kinders nie.<sup>160</sup>

Die ontwikkeling en erkenning van kinderregte word ook in die algemeen internasionaal gekenmerk deur twee verskillende hoofdenkrigtings, naamlik die 'kiddie savers' en die 'kiddie libbers'.<sup>161</sup> Die 'kiddie savers' fokus op die beskerming van die kind se welsyn en beskou die kind primêr as beskermingsbehoeftig.<sup>162</sup> Hierteenoor beklemtoon die 'kiddie libbers' die reg van die kind op selfbeskikking en beskou die kind as 'n selfstandige draer van menseregte en nie net as 'n regsubjek wat beskerming nodig het nie.<sup>163</sup> Die konsep dat kinders selfstandige draers van menseregte is en daarom die reg tot selfbeskikking het, is aanvanklik deur die 'kiddie savers' gekritiseer as bloot 'n morele aanspraak wat geen

---

<sup>155</sup> Afrika bestaan uit verskeie kultuurgroepes, waarvan die Zulu-, Xhosa-, Pedi-, Sotho-, Tswana-, Venda-, Swazi- en Shangana-Tsonga kulture die grootste is – sien 'CIA World Factbook' <<https://www.cia.gov/library/publications/the-world-factbook/geos/sf.html>> (besoek 16 April 2012) 1.

<sup>156</sup> Buck 174-175; Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):168-169; Bachman 2000 *Journal of International Affairs* 53(2):557-558.

<sup>157</sup> 'Child Care in Cultural Context: Research Paper No. 22 – Australian Institute of Family Studies' <<http://www.aifs.gov.au/institute/pubs/RP22.pdf>> (besoek 1 Januarie 2013) 3-4; Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):168.

<sup>158</sup> 'Child Care in Cultural Context: Research Paper No. 22 – Australian Institute of Family Studies' <<http://www.aifs.gov.au/institute/pubs/RP22.pdf>> (besoek 1 Januarie 2013) 3-4.

<sup>159</sup> Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):170; Nhlapo 1989 *International Journal of Law and the Family* 3(1):4.

<sup>160</sup> Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):170.

<sup>161</sup> Veerman 397-398 – hiervolgens staan 'kiddie libbers' vir die 'Children's Liberation Movement', terwyl die 'kiddie savers' vir die 'Children's Rights Movement' staan; Haupt & Robinson 2001 *THRHR* 64(1):24; Galloway 'The Special Educational Needs of Teachers' in Barton (red) *Integration: Myth or Reality* 90-91.

<sup>162</sup> Haupt & Robinson 2001 *THRHR* 64(1):24.

<sup>163</sup> *Ibid.*

waarborg bied vir die beskerming van die kind teen uitbuiting nie.<sup>164</sup> Verder argumenteer die ‘kiddie savers’ ook dat dit nie nodig is dat kinderregte in ‘n handves van regte erken moet word nie, aangesien internasionale konvensies en nasionale wetgewing voldoende beskerming aan ‘n kind bied.<sup>165</sup> Sodanige argumente aanvaar ongekwalifiseerd dat volwassenes altyd die beste belang van ‘n kind op die hart dra.<sup>166</sup> Die siening dat dit nie nodig is om die kind se regssposisie ingevolge kinderregte te omskryf nie, aangesien die verantwoordelikhede en probleme van die volwasse lewe tydens die kinderjare ontbreek, staan in skerp kontras met statistiese gegewens oor byvoorbeeld kindermishandeling en die uitbuiting van kinders.<sup>167</sup> Ten spyte van toenemende erkenning van kinderregte, het kinders vanweë hul weerloosheid en onkunde egter steeds spesiale beskerming nodig.<sup>168</sup> Die benaderings van sowel die ‘kiddie savers’ as die ‘kiddie libbers’ beklemtoon aspekte wat van belang is vir die kind en daarom moet die beskerming van die kind in balans gebring word met die besorgdheid oor die kind se ontwikkeling na persoonlike onafhanklikheid en respek vir sy regte as individu.<sup>169</sup> Die konsep van kinderregte fokus die aandag op die aansprake van die kind op sowel beskerming as selfbeskikking.<sup>170</sup>

Wat kinderarbeid betref kom Coetzee<sup>171</sup> tot die gevolgtrekking dat die ‘kiddie savers’-benadering altyd sal poog om die kind teen uitbuitende arbeid te beskerm deur ondersteuningstelsels daar te stel en deur te poog om kinderarbeid te verminder, terwyl die ‘kiddie libbers’ verder sal gaan deur kinders die geleentheid te bied om self te besluit waar hulle hulself binne die arbeidsmark sien en of hulle in diens geneem wil word. Alhoewel die skrywer hierdie gevolgtrekking van Coetzee steun, aangesien kinderregte voorsiening maak

---

<sup>164</sup> Mosikatsana 1998 *Michigan Journal of Race & Law* 3(2):356; Freeman *The Moral Status of Children: Essays on the Rights of the Child* 389-395.

<sup>165</sup> Mosikatsana 1998 *Michigan Journal of Race & Law* 3(2):355-356; Haupt & Robinson 2001 *THRHR* 64(1):24.

<sup>166</sup> Haupt & Robinson 2001 *THRHR* 64(1):24.

<sup>167</sup> Vanaf April 2011 – Maart 2012 is 2949 kinders in Suid-Afrika alleen verwaarloos en/of mishandel – sien ‘Crime Research and Statistics – South African Police Service’ <[www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2012/categories/neglect\\_illtreat\\_children.pdf](http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2012/categories/neglect_illtreat_children.pdf)> (besoek 5 Januarie 2012) 1; Haupt & Robinson 2001 *THRHR* 64(1):25.

<sup>168</sup> Coetzee *Internasionale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele Lesse vir Suid-Afrika* 30; Haupt & Robinson 2001 *THRHR* 64(1):25.

<sup>169</sup> *Ibid.*

<sup>170</sup> Haupt & Robinson 2001 *THRHR* 64(1):28.

<sup>171</sup> Coetzee *Internasionale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele Lesse vir Suid-Afrika* 32.

vir die beskerming van die kind sowel as vir selfbeskikking, word voorgestel dat daar ten opsigte van kinderarbeid 'n balans gevind moet word tussen die beskerming van die kind teen uitbuitende arbeid en die erkenning van die kind se regte as individu om self oor indiensneming te besluit. Die skrywer is verder van mening dat die oogmerke van die 'kiddie savers' in samehang met dié van die 'kiddie libbers' oorweeg moet word ten einde die beste belang van kinders te bevorder. Aldus die skrywer, moet maatreëls meer effektief toegepas word om uitbuitende kinderarbeid te beperk. In samehang daarmee moet kinders se regte gerespekteer word. Die skrywer is ook van mening dat die kind wat daartoe bevoeg is, die geleentheid gebied moet word om self oor indiensneming, wat nie met skoolopleiding inmeng, of die fisiese, psigiese, morele of maatskaplike ontwikkeling van kinders benadeel nie, te besluit.

#### **2.4.4 Voorgestelde oplossings vir kinderarbeid**

Voortvloeiend uit die verskillende filosofiese benaderings tot kinderarbeid kan die multidimensionaliteit van kinderarbeid waargeneem word in voorgestelde oplossings vir kinderarbeid.<sup>172</sup> Gesikte wetgewing word nie op sigself beskou as voldoende vir die regulering van kinderarbeid nie. Volgens Pertile<sup>173</sup> is voldoende mediese sorg aan ouers met MIV, die beskikbaarstelling van gratis onderwys deur die staat<sup>174</sup> en toeganklike geboortebeperkings-opsies aan arm gesinne, asook 'n daadwerklike poging om armoede te verminder, verdere faktore wat noodsaaklik is vir die effektiewe regulering van kinderarbeid. Enkele verdere oplossings wat 'n bydrae kan lewer om kinderbetrokkenheid in die arbeidsmark te beperk sluit, onder andere, die volgende in: die verskaffing van gratis kos by skole aan behoeftige kinders;<sup>175</sup> en effektiewe wetstoepassing, asook instel van sanksies teenoor diegene wat kinders in die arbeidsmark misbruik.<sup>176</sup>

---

<sup>172</sup> Pertile in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 4-7.

<sup>173</sup> Pertile in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 7.

<sup>174</sup> Hiermee stem Budhwani, Wee en McLean saam – sien Budhwani, Wee & McLean 2004 *Human Resource Development Quarterly* 15(1):113.

<sup>175</sup> Lieten *Child Labour: Burning Questions* 216.

<sup>176</sup> Budhwani, Wee & McLean 2004 *Human Resource Development Quarterly* 15(1):112; Bachman 2000 *Journal of International Affairs* 53(2):568; Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):37.

## 2.4.5 Gevolgtrekking

Aangesien kinderarbeid deur multidimensionele probleme veroorsaak word<sup>177</sup> wat multidimensionele oplossings vereis,<sup>178</sup> sal wetgewing alleen nie hierdie probleme kan oplos nie. Die effektiewe oplos van 'n verskeidenheid sosio-ekonomiese en maatskaplike probleme en die doeltreffende besteding van nasionale fondse, is maar enkele faktore wat saam met toepaslike wetgewing sal bydra tot 'n afname in kinderarbeid.<sup>179</sup> Indien 'n daadwerklike poging aangewend word om van bogenoemde oplossings te implementeer, kan kinderarbeid moontlik afneem. Die skrywer is egter van mening dat hierdie oplossings nie maklik haalbaar is in lande waar 'n tekort aan hulpbronne en grootskaalse armoede bestaan nie en dat die toelating van streng gereguleerde kinderarbeid (uitsluitend ergste vorme en uitbuitende vorme daarvan) vir kinders jonger as 15 jaar en wat die vermoë het om te kan werk, ook as oplossing oorweeg behoort te word.

## 2.5 KINDERARBEID EN SKOOLONDERRIG

### 2.5.1 Inleiding

Die belang van beide skoolonderrig en kinderarbeid blyk duidelik uit die feit dat skoolonderrig dikwels kompeterend teenoor kinderarbeid gestel word.<sup>180</sup> Onderwys se belang lê veral daarin dat die blootstelling aan onderrig kan help bydra dat kinders nie in onwettige of uitbuitende praktyke betrokke raak ten einde te oorleef nie.<sup>181</sup> Dit beteken egter nie dat goed gereguleerde arbeid (uitsluitend die ergste vorms en uitbuitende vorms

---

<sup>177</sup> Sien par 2.4.2.

<sup>178</sup> Sien par 2.4.4.

<sup>179</sup> *Ibid.*

<sup>180</sup> Duncan & Bowman 2008 *Perspectives in Education* 26(3):32. Sien ook, onder ander, 'World Day Against Child Labour 2012: Human Rights and Social Justice... let's end child labour' <[http://www.ilo.org/ipec/Campaignandadvocacy/wdacl/2012/lang--en/\\_index.htm](http://www.ilo.org/ipec/Campaignandadvocacy/wdacl/2012/lang--en/_index.htm)> (besoek 2 Januarie 2013) 1 - waar die ILO skoolonderrig direk teenoor kinderarbeid stel en 'Eliminating the Worst Forms of Child Labour: A Practical Guide to ILO Convention No. 182' <[www.ipu.org/PDF/publications/chillabour\\_en.pdf](http://www.ipu.org/PDF/publications/chillabour_en.pdf)> (besoek 28 Desember 2012) 45 - waar onderrig ook direk teenoor kinderarbeid gestel word.

<sup>181</sup> 'Eliminating the Worst Forms of Child Labour: A Practical Guide to ILO Convention No. 182' <[www.ipu.org/PDF/publications/chillabour\\_en.pdf](http://www.ipu.org/PDF/publications/chillabour_en.pdf)> (besoek 28 Desember 2012) 45-46; 'Advancing the Campaign Against Child Labor: Efforts at the Country Level' <[http://digitalcommons.ilr.cornell.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1138&context=key\\_workplace](http://digitalcommons.ilr.cornell.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1138&context=key_workplace)> (besoek 4 Januarie 2013) iii-iv.

daarvan) van minder belang is nie. In omstandighede waar die kind afhanklik is van eie inkomste, sal arbeid nie net tot sy/haar oorlewing bydra nie, maar ook help dat kinders toegang tot skole en ander maatskaplike dienste kan bekom.<sup>182</sup> Die skrywer stem derhalwe nie saam met die kompeterende wyse waarop onderwys dikwels teenoor kinderarbeid gestel word nie en voel eerder dat beide skoolonderrig en arbeid saam behoort te funksioneer. Vanweë die belang van skoolonderrig, behoort die probleme in die huidige skoolstelsel opgelos te word en behoort die stelsel ook aangepas te word ten einde kinders in verskillende omstandighede te akkommodeer (ingesluit kinders wat moet werk ten einde te oorleef).

Onderrig is wêreldwyd weens 'n verskeidenheid redes dikwels moeilik toeganklik of gebrekkig van aard.<sup>183</sup> Alhoewel die wêreldwye onderwyskrisis, weens die moeilik toeganklike en gebrekkige aard daarvan, in aard en omvang van land tot land mag verskil, word dit internasionaal oral gelyktydig ervaar en wel ten opsigte van bepaalde universele probleme.<sup>184</sup> Enkele van die algemene probleme in die onderwys sal vervolgens bespreek word.

### **2.5.2. Algemene probleme in die onderwys**

Ondanks 'n daadwerklike poging om voldoende onderwys, veral basiese onderwys, na alle lede van die samelewing uit te brei, ervaar die meeste regerings dit as 'n moeilik haalbare doelwit en bly dit 'n uitdaging.<sup>185</sup> Die algemene beskikbaarstelling van onderwys sal nie net ongeletterdheid van die individu ophef nie, maar ook bydra tot die ontwikkeling van 'n

---

<sup>182</sup> Budhwani, Wee & McLean 2004 *Human Resource Development Quarterly* 15(1):111; Omoni & Ijeh 2010 *Edu Journal of Counselling* 3(1):31; John 152; Boyden & Myers 40.

<sup>183</sup> 'UNESCO and Education: Everyone has the Right to Education' <<http://unesdoc.unesco.org/images/0021/002127/212715e.pdf>> (besoek 5 Januarie 2013) 6. 'Education in Developing Countries' <[www.bmz.de/en/what\\_we\\_do/issues/Education/hintergrund/bildungssituation/index.html](http://www.bmz.de/en/what_we_do/issues/Education/hintergrund/bildungssituation/index.html)> (besoek 5 Januarie 2013) 1; Marais Suid-Afrika: *Perspektiewe op die Toekoms* 165; 'Advancing the Campaign Against Child Labor: Efforts at the Country Level' <[http://digitalcommons.ilr.cornell.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1138&context=key\\_work\\_place](http://digitalcommons.ilr.cornell.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1138&context=key_work_place)> (besoek 4 Januarie 2013) i.

<sup>184</sup> Marais 165.

<sup>185</sup> 'Education in Developing Countries' <[www.bmz.de/en/what\\_we\\_do/issues/Education/hintergrund/bildungssituation/index.html](http://www.bmz.de/en/what_we_do/issues/Education/hintergrund/bildungssituation/index.html)> (besoek 5 Januarie 2013) 1; 'Inadequate Education and Employment' <<http://www.fightpoverty.mmbrico.com/poverty/employment.html>> (besoek 4 Januarie 2013) 1.

land.<sup>186</sup> Regerings, van veral ontwikkelende lande, kom egter toenemend tot die besef dat hulle nie onbepaald kan voortgaan om onderwys uit te brei terwyl die ekonomie dit nie kan dra nie.<sup>187</sup> Onderwysvoorsiening aan 'n steeds groeiende bevolking het onbekostigbaar geword.<sup>188</sup> Die skaarste aan voldoende skoolfasiliteite bring mee dat voortgesette onderwys selde kan voldoen aan die vraag daarna.<sup>189</sup>

'n Verdere probleem waarvoor talle lande tans te staan kom, is die verskaffing van onderwys aan 'n heterogene gemeenskap.<sup>190</sup> Lande wat voorheen homogene bevolkings gehad het, moet in die post-koloniale era leerders uit verskeie kultuuragtergronde in die skoolstelsel akkommodeer.<sup>191</sup> Brittanje, Nederland en verskeie Afrika-lande is goeie voorbeeld hiervan.<sup>192</sup>

Die streef na die beskikbaarstelling van meer onderwysgeleenthede aan 'n groter aantal leerders, kan lei tot 'n problematiese verlaging in onderwysstandarde.<sup>193</sup> In 'n poging om meer onderwysgeleenthede te skep, word die onderwyser/leerling-verhouding al meer ongunstig en daarom word junior onderwysers dikwels weens 'n tekort aan onderwysers, vir senior opleiding aangewend.<sup>194</sup> Indien onderwys verpligtend gemaak word en gepoog word om 'n effektiewe onderwyser/leerling-verhouding te handhaaf, asook om basiese onderrig

---

<sup>186</sup> Marais 165; 'How can Tertiary Education Deliver Better Value to the Economy?' <[http://www.educationcounts.govt.nz/\\_data/assets/pdf\\_file/0004/86980/value-of-tertiary-education.pdf](http://www.educationcounts.govt.nz/_data/assets/pdf_file/0004/86980/value-of-tertiary-education.pdf)> (besoek 4 Januarie 2013) 2-3; 'Education and Economic Growth in Historical Perspective' <<http://eh.net/encyclopedia/article/mitch.education>> (besoek 2 Januarie 2013) 1.

<sup>187</sup> Marais 165; 'UNESCO and Education: Everyone has the Right to Education' <<http://unesdoc.unesco.org/images/0021/002127/212715e.pdf>> (besoek 5 Januarie 2013) 20-21.

<sup>188</sup> 'UNESCO and Education: Everyone has the Right to Education' <<http://unesdoc.unesco.org/images/0021/002127/212715e.pdf>> (besoek 5 Januarie 2013) 20-21.

<sup>189</sup> Marais 176.

<sup>190</sup> Marais 167; 'Meeting the Challenge of Different Cultures and Educational Systems' <<http://www.idealleague.org/about/docs/eairforum.pdf>> (besoek 4 Junie 2011) 4.

<sup>191</sup> Marais 167; Erickson 'Culture in Society and in Educational Practices' in Banks & McGee Banks (reds) *Multicultural Education: Issues and Perspectives* 38-50; Banks 'Multicultural Education: Characteristics and Goals' in Banks & McGee Banks (reds) *Multicultural Education: Issues and Perspectives* 3-4, 7 en 22-25.

<sup>192</sup> Marais 167.

<sup>193</sup> Marais 166.

<sup>194</sup> 'Advancing the Campaign Against Child Labor: Efforts at the Country Level' <[http://digitalcommons.ilr.cornell.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=11\\_38&context=key\\_workplace](http://digitalcommons.ilr.cornell.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=11_38&context=key_workplace)> (besoek 4 Januarie 2013) 29; 'UNESCO and Education: Everyone has the Right to Education' <<http://unesdoc.unesco.org/images/0021/002127/212715e.pdf>> (besoek 5 Januarie 2013) 14-15.

gratis te verskaf, sal dit beteken dat daar in baie lande bykomende onderwysers opgelei moet word, nuwe skole opgerig moet word, gratis handboeke beskikbaar gestel moet word, asook die nodige infrastruktuur geskep moet word.<sup>195</sup> Dit is tans in baie lande nie ekonomies haalbaar nie.<sup>196</sup>

Die voortdurende vraag na volgehoue primêre, sekondêre en tersiêre onderwys skep ook 'n probleem vir die meeste lande.<sup>197</sup> Tegnologiese ontwikkeling en die beweging na 'n inligting-era veroorsaak nie net dat volwassenes opgevoed moet word om aan die nuwe, gewysigde eise te voldoen nie, maar ook dat 'n aansienlike aantal kinders in 'n relatief kort tydperk opgelei moet word om die brug tussen die 'ou wêreld' en die 'nuwe tegnologiese wêreld' oor te steek.<sup>198</sup> Aangesien onderwys reeds onbekostigbaar geword het, kan regerings dikwels nie hierdie taak alleen verrig nie en sal al meer gesteun moet word op bydraes deur die privaatsektor.<sup>199</sup>

Hoë koste verbonde aan die verskaffing van gehalte onderwys kan 'n probleem skep in baie lande.<sup>200</sup> In die meeste ontwikkelende lande kan slegs 'n klein gedeelte van die ouers hoë kwaliteit onderrig met toegeruste laboratoriums, rekenaars en buitemuurse aktiwiteite, bekostig.<sup>201</sup> Selfs in lande waar gratis basiese onderrig beskikbaar is, is handleidings, skooluniforms en vervoer dikwels onbekostigbaar.<sup>202</sup>

---

<sup>195</sup> Marais 169; 'Delivering Cost Effective and Sustainable School Infrastructure' <<http://www.dfid.gov.uk/Documents/publications1/del-cost-eff-sust-sch-infra.pdf>> (besoek 3 Januarie 2013) 1.

<sup>196</sup> *Ibid.*

<sup>197</sup> Marais 175.

<sup>198</sup> 'The Impact of Technology to Education in the Developing Countries' <[http://www.ict-e.org/T99\\_library/T99\\_194.PDF](http://www.ict-e.org/T99_library/T99_194.PDF)> (besoek 4 Januarie 2013) 1-3.

<sup>199</sup> 'Commitment to Education: Public Spending Table 11' <<http://www.unesco.org/education/gmr2008/statistics/table11.pdf>> (besoek 4 Junie 2011) 4.

<sup>200</sup> 'Education in Developing Countries' <[www.bmz.de/en/what\\_we\\_do/issues/Education/hintergrund/bildungssituation/index.html](http://www.bmz.de/en/what_we_do/issues/Education/hintergrund/bildungssituation/index.html)> (besoek 5 Januarie 2013) 1.

<sup>201</sup> Marais 178; 'Education in Developing Countries' <[www.bmz.de/en/what\\_we\\_do/issues/Education/hintergrund/bildungssituation/index.html](http://www.bmz.de/en/what_we_do/issues/Education/hintergrund/bildungssituation/index.html)> (besoek 5 Januarie 2013) 1.

<sup>202</sup> Marais 179.

Laastens sukkels die meeste lande om werkgeleenthede te skep vir gegradeerde wat geen werkervaring het nie.<sup>203</sup> Navorsing deur ‘High Fliers Research’<sup>204</sup> toon dat meer as ‘n derde van betrekings, wat vir gegradeerde beskikbaar is, gevul sal word deur diegene wat reeds werksondervinding opgedoen het gedurende of ná hul studiejare.<sup>205</sup> Meer as die helfte van die werkgewers, wat aan dié navorsing deelgeneem het, is van mening dat dit onwaarskynlik is dat gegradeerde sonder enige werkervaring hulle keuringsproses sal slaag.<sup>206</sup> Die rede waarom werksondervinding so belangrik is, is dat die meeste werkgewers van mening is dat skole en universiteite alleen, jongmense nie voldoende voorberei vir die arbeidsmark nie.<sup>207</sup> Die afleiding word gemaak dat ‘n tekort aan praktiese opleiding ‘n groot gebrek is in onderwysstelsels.

### 2.5.3 Die instelling van verpligte onderwys

Nieteenstaande die wêreldwye probleme wat ervaar word in die onderwysstelsels erken die UNCRC die reg van die kind op onderwys<sup>208</sup> en maak dit spesifiek daarvoor voorsiening dat lidstate primêre onderwys gratis moet verskaf.<sup>209</sup> Die ontwikkeling van verskillende vorms van sekondêre onderwys behoort ook aangemoedig te word.<sup>210</sup> Finansiële hulp moet sover moontlik beskikbaar gestel word in gevalle waar kinders skoolonderrig nie andersins kan bekostig nie en maatreëls moet deur lidstate ingestel word om skoolbywoning aan te moedig.<sup>211</sup> Die ‘Universal Declaration of Human Rights’<sup>212</sup> maak ook voorsiening vir gratis en

---

<sup>203</sup> ‘Graduates Without Work Experience Face Struggle to Secure Jobs, Report Says’ <<http://www.guardian.co.uk/money/2012/jan/11/graduates-work-experience-jobs>> (besoek 14 Julie 2012) 1.

<sup>204</sup> ‘High Fliers Research’ is ‘n onafhanklike marknavorsingsmaatskappy wat spesialiseer in navorsing oor studente en nagraadse werwing – sien ‘Welcome to High Fliers Research’ <<http://www.highfliers.co.uk/>> (besoek 6 Januarie 2012) 1.

<sup>205</sup> ‘The Graduate Market in 2012’ <<http://www.highfliers.co.uk/download/GMReport12.pdf>> (besoek 6 Januarie 2013) 32; ‘Graduates Without Work Experience Face Struggle to Secure Jobs, Report Says’ <<http://www.guardian.co.uk/money/2012/jan/11/graduates-work-experience-jobs>> (besoek 14 Julie 2012) 1.

<sup>206</sup> ‘The Graduate Market in 2012’ <<http://www.highfliers.co.uk/download/GMReport12.pdf>> (besoek 6 Januarie 2013) 32.

<sup>207</sup> ‘The Unstoppable Rise of Work Experience’ <<http://www.bbc.co.uk/news/magazine-10891905>> (besoek 10 Junie 2012) 1.

<sup>208</sup> Art 28(1) van die UNCRC.

<sup>209</sup> Art 28(1)(a) van die UNCRC.

<sup>210</sup> Art 28(1)(b) van die UNCRC.

<sup>211</sup> Art 28(1)(b) en art 28(1)(e) van die UNCRC.

<sup>212</sup> Die ‘Universal Declaration of Human Rights’ is deur die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering op 10 Desember 1948 geproklameer as ‘n algemene standaard vir alle volke en nasies. Hiervolgens word

verpligte basiese onderwys in artikel 26. Voordat die bepalings van beide die *UNCRC* en die ‘Universal Declaration of Human Rights’ egter toegepas kan word, behoort huidige onderwysprobleme<sup>213</sup> aandag te geniet, sodat effektiewe onderrig aan almal beskikbaar gestel kan word.

## 2.5.4 Moontlike oplossings vir onderwysprobleme

Onderwys kan net suksesvol wees en tot effektiewe indiensneming lei indien dit geloofwaardige onderwys is wat status en erkenning in die gemeenskap en in die wêreld van die werkgewer geniet; nie gestigmatiseer kan word as minderwaardig nie; vir alle groepe toeganklik is, ongeag ras, kleur, geloof of taal; en kan voldoen aan die eise wat die werkgewer vir relevante onderwys stel.<sup>214</sup> Moontlike oplossings om bogenoemde doelstellings te bereik, sluit onder andere volgens Marais die volgende in:<sup>215</sup>

- die gebruik van afstandsonderwys op plekke waar daar ‘n tekort aan onderwysers is;
- die inkorporering van fasilitete en fondse uit die privaatsektor;<sup>216</sup>
- ‘n groter bydrae van staatsfondse tot die bevordering van effektiewe onderrig en onderwysinstellings;<sup>217</sup>
- die daarstelling van ‘n model vir die werwing en integrasie van opleiers en die verlening van bystand met indiensopleiding van ondergekwalifiseerde onderwysers;<sup>218</sup>

---

fundamentele menseregte vir die eerste keer universeel beskerm – sien ‘Universal Declaration of Human Rights’ <<http://www.ohchr.org/en/udhr/pages/introduction.aspx>> (besoek 5 Januarie 2013) 1.

<sup>213</sup> Soos bespreek in par 2.5.2 hierbo.

<sup>214</sup> Marais 179.

<sup>215</sup> Marais 181.

<sup>216</sup> Alnoaimi ea ‘Using ICT Policy to Transform Education’ in Anon (red) *Transforming Education: The Power of ICT Policies* 217-218; ‘Education Partners: Private Sector’ <<http://www.unesco.org/new/en/education/partners/education-partners/private-sector/>> (besoek 6 Januarie 2013) 1.

<sup>217</sup> Alnoaimi ea in Anon 217-218.

<sup>218</sup> ‘Education: Teachers’ <<http://www.unesco.org/new/en/education/themes/education-building-blocks/teacher-education/>> (besoek 6 Januarie 2013) 1; ‘UNESCO Strategy on Teachers (2012-2015)’ <<http://unesdoc.unesco.org/images/0021/002177/217775E.pdf>> (besoek 6 Januarie 2013) 1-7; Alnoaimi in Anon 217.

- die implementering van beloningstelsels vir ondergekwalifiseerde onderwysers wat hulle kwalifikasies verbeter;<sup>219</sup> en
- die verbetering van die kwaliteit van onderwys deur kandidate vir onderwysopleiding strenger te keur.

## 2.5.5 Gevolgtrekking

Baie leerlinge verlaat die skool op 'n jong ouderdom (weens die bestaande onderwysprobleme) met die hoop om werk te vind.<sup>220</sup> Meestal verhoed 'n gebrek aan vaardighede en ondervinding egter dat hierdie jongmense tot die formele arbeidsmark toegang verkry en sodanige kinders kan dan vir 'n karige loon werk of betrokke raak in onwettige praktyke, wat van die ergste vorms van kinderarbeid mag insluit.<sup>221</sup> Vir die meeste van hierdie kinders is skool nie 'n volhoubare opsie nie vanweë die armoede waarin hulle verkeer.<sup>222</sup> Die skrywer is van mening dat kinderarbeid, sonder enige vorm van meegaande skoolopleiding, nie 'n langtermyn oplossing bied nie en eerder die begin van 'n bose kringloop word. Waar kinders werkies moet verrig vir 'n karige loon sal hulle volgens Herath & Sharma<sup>223</sup> uiteindelik weer in die toekoms van hulle kinders se arbeid gebruik maak om te oorleef. Gratis basiese opleiding behoort, in ooreenstemming met die UNCRC,<sup>224</sup> aan kinders verskaf te word en stappe behoort gedoen te word<sup>225</sup> om die huidige onderwyskrisis op te los deur aandag aan die huidige onderwysprobleme te gee.

Dit beteken nie dat die skrywer saamstem met die kompeterende wyse waarvolgens onderwys dikwels teenoor kinderarbeid gestel word nie.<sup>226</sup> Die skrywer is van mening dat onderwys en kinderarbeid, veral in die lig van swak sosio-ekonomiese omstandighede en

---

<sup>219</sup> 'UNESCO Strategy on Teachers (2012-2015)' <[http://unesdoc.unesco.org/images/0021/002177/217775\\_E.pdf](http://unesdoc.unesco.org/images/0021/002177/217775_E.pdf)> (besoek 6 Januarie 2013) 1-7.

<sup>220</sup> 'Education' <<http://www.demint.senate.gov/public/index.cfm?p=Education>> (besoek 4 Januarie 2013) 1.

<sup>221</sup> 'Education: Literacy' <<http://www.unesco.org/new/en/education/themes/education-building-blocks/literacy/>> (besoek 6 Januarie 2013) 1.

<sup>222</sup> Schargel & Smink *Strategies to Help Solve our School Dropout Problem* 8.

<sup>223</sup> Herath & Sharma *Child Labour in South Asia* 39.

<sup>224</sup> Soos bespreek in par 2.5.3.

<sup>225</sup> Voorbeelde van stappe wat geneem kan word, word bespreek in par 2.5.4.

<sup>226</sup> Sien par 2.5.1.

uitermatige armoede, aanvullend tot mekaar kan en moet funksioneer, met dien verstande dat die ergste vorms van kinderarbeid en uitbuitende arbeidspraktyke totaal geëlimineer behoort te word. Volgens die skrywer kan ook kinderarbeiders geakkommodeer word in onderwys, deur streng arbeidsregulering en 'n aangepaste onderwyssisteem. Met aangepaste onderwys bedoel die skrywer dat na oplossings van huidige probleme in die onderwysstelsel gekyk moet word, asook dat alternatiewe onderrigmetodes soos afstandsonderrig<sup>227</sup> en nagskole<sup>228</sup> oorweeg moet word om kinderarbeid (uitgesluit ergste vorms daarvan) onder streng regulasie daarvan moontlik te maak.

## 2.6 DIE BESONDERE SITUASIE VAN MEISIES

### 2.6.1 Inleiding

In die laaste gedeelte van hierdie hoofstuk word enkele vorms van arbeid bespreek waarby meisies dikwels betrokke raak. Meisies en seuns kan betrokke raak by sekere van die ergste vorms van kinderarbeid, maar dit gebeur dikwels dat meisies vanweë hul geslag en vermeerderde weerloosheid, meer as seuns blootgestel word aan erge vorms van uitbuiting.<sup>229</sup> Deur bewus te wees van die risiko's waaraan meisies blootgestel word, kan voorkomend opgetree word en kan spesiale beskerming aan hulle gebied word.

---

<sup>227</sup> Sien par 2.5.4.

<sup>228</sup> Sien ook programme wat Indië instel ten einde kinderarbeiders in skole te akkommodeer in par 5.2.2.

<sup>229</sup> Beide meisies en seuns is weerloos indien hulle blootgestel word aan die ergste vorms van kinderarbeid. Meisies is egter meer weerloos weens verskeie faktore wat verband hou met hul geslag. Weerloosheid van meisies word veral gesien in die feit dat hulle fisies swakker is as seuns en dat die werk wat hulle verrig dikwels minder sigbaar is (byvoorbeeld in privaat wonings as huiswerk), wat hulle makliker kan blootstel aan uitbuiting. Meisies word ook dikwels blootgestel aan 'n dubbele las naamlik: deelname aan ekonomiese aktiwiteit asook verantwoordelikheid vir onbetaalde huiswerk by hul eie wonings. Sommige kulture diskrimineer ook teen meisies deur onderrig van meisies as onbelangrik te beskou. Die gebrek aan basiese onderrig kan hulle in hierdie gevalle in 'n moeilike situasie plaas aangesien hulle nie hul regte kan afdwing nie – vir bespreking oor die weerloosheid van meisies sien 'Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future' <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=10290>> (besoek 31 Desember 2012).

## 2.6.2 Verskillende vorms van arbeid waarin meisies veral betrokke raak

Vorms van arbeid of tipe arbeidsmarkte waarin meisies veral betrokke kan raak sluit in:

- *Informele arbeidsmark*<sup>230</sup> – Baie werkende meisies raak betrokke by die informele arbeidsmark (insluitend kleinskaalse boerdery, werk huis, werkswinkels vanaf huise, voedselstalletjies op straat en visvang) en is huis hier meer weerloos vir uitbuiting weens hul ‘onsigbaarheid’ in hierdie mark. Swakker besoldiging, ongekontroleerde lang ure van werk en geværlike toestande wat heers waar werk gelewer word, kom algemeen in hierdie arbeidsmark voor.
- *Landbousektor*<sup>231</sup> – Volgens die *ILO* se verslag ‘Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future’ (hierna ‘Give Girls a Chance’) is meeste meisies wat kinderarbeid verrig by hierdie sektor betrokke (veral dié tussen vyf-14 jaar). Laasgenoemde verslag dui ook aan dat ongeveer 60% van die gesamentlike populasie gevind in ontwikkelende lande (wat helfte van die wêreld populasie uitmaak) in landelike gebiede woonagtig is. Die verslag wys verder daarop dat ‘n driekwart van die wêreld se armste mense (wat met minder as een dollar per dag moet oorleef) in landelike gebiede gevind word. Ingevolge genoemde verslag is nie alle vorms van werk in die landbousektor sleg nie, aangesien kinders dikwels vaardighede aanleer as hulle ligte werk verrig. Daar word egter dikwels van goedkoop arbeid gebruik gemaak en geværlike werksomstandighede kom ook algemeen in hierdie sektor voor (soos byvoorbeeld

---

<sup>230</sup> Vir die bespreking oor die informele arbeidsmark sien ‘Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=10290>> (besoek 31 Desember 2012) 21-22 wat elke aspek bespreek wat in dié betrokke paragraaf uiteengesit is. Vir verdere bespreking oor die informele arbeidsmark sien ook ‘The Informal Sector’ <[http://www.ilo.org/public/english/region/asro/bangkok/feature/inf\\_sect.htm](http://www.ilo.org/public/english/region/asro/bangkok/feature/inf_sect.htm)> (besoek 6 Januarie 2013) 1 – wat spesifiek melding maak van swakker besoldiging, ongekontroleerde lang ure van werk en geværlike toestande wat in die informele arbeidsmark voorkom. Sien ook Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):34-35 wat vorms van arbeidsaktiwiteite aandui wat in die informele arbeidsmark voorkom.

<sup>231</sup> Vir die bespreking oor die landbousektor ten opsigte van meisies sien ‘Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=10290>> (besoek 31 Desember 2012) 22-26. Vir verdere bespreking oor die betrokke sektor sien ‘International Labour Standards and Child Labour in Agriculture’ <[http://www.ilo.org/ipec/areas/Agriculture/WCMS\\_172348/lang--en/\\_index.htm](http://www.ilo.org/ipec/areas/Agriculture/WCMS_172348/lang--en/_index.htm)> (besoek 6 Januarie 2013) 1 – wat die ongereguleerde en geværlike werksomstandighede in die betrokke sektor toelig.

wanneer met gifstowwe gewerk word en waar die nadelige effekte vir die kind se gesondheid eers oor 'n lang tyd na vore kom).

- *Huishulpwerk*<sup>232</sup> – Huishulpwerk is baie algemeen en word dikwels as vrouewerk gesien. Dit sluit skoonmaak, stryk van klere, kook van kos, versorging van kinders en tuinwerk in. Meisies werk gewoonlik lang ure (dikwels meer as 15 uur per dag), in gevaarlike omstandighede (byvoorbeeld werk met warm potte en panne), word dikwels min betaal en loop dikwels (weens die ‘onsigbaarheid’ in hierdie arbeidsmark) ‘n hoë risiko vir blootstelling aan uitbuiting (insluitend geweld, verbale en seksuele misbruik). Min meisies in hierdie sektor woon ook skool by.
- *Vervaardigingsektor*<sup>233</sup> - Volgens die *ILO* verslag genoem in die bespreking van die landbousektor hierbo, werk ongeveer 9% van die totale hoeveelheid kinderarbeiders in die vervaardigingsektor en vervaardig kinders ‘n verskeidenheid produkte (soos byvoorbeeld matte, speelgoed, kledingstukke, sigarette en vuurhoutjies). Werkgewers in hierdie sektor stel dikwels meisies aan, omdat hulle meer inskiklik is om werk te doen wat van ‘n vervelige, herhalende aard is. Meisies is ook minder geneig om hul regte en belangte verdedig.
- *Myn- en steengroefbedrywighede*<sup>234</sup> – Die risiko van siekte, besering en dood maak werk in hierdie sektor baie gevaarlik. Baie lande is van mening dat werk in hierdie sektor deur persone onder die ouderdom van 18 jaar ook beskou moet word as een van die ergste vorms van arbeid. Die *ILO* beraam dat 1 miljoen kinders tussen die ouderdom van vyf tot

---

<sup>232</sup> Vir die bespreking oor huishulpwerk sien ‘Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future’ <[http://www.ilo.org/ipecinfo/product/vie\\_wProduct.do?productId=10290](http://www.ilo.org/ipecinfo/product/vie_wProduct.do?productId=10290)> (besoek 31 Desember 2012) 26-31. Vir verdere bespreking oor huishulpwerk sien ook Blagbrough ‘Worst Forms of Child Labour: Child Domestic Labour’ in Hindman (red) *The World of Child Labour: An Historical and Regional Survey* 87-88 (gevare in hierdie sektor); 88-89 (uitbuiting van meisies in hierdie sektor).

<sup>233</sup> Vir die bespreking oor die vervaardigingsektor sien ‘Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=10290>> (besoek 31 Desember 2012) 31-34. Sien ook Gulrajani ‘Child Labour and the Export Sector in the Indian Carpet Industry’ in Schlemmer (red) *The Exploited Child* 52 - vir verskillende produkte wat deur kinders vervaardig word.

<sup>234</sup> Vir bespreking oor myn- en steengroefbedrywighede sien ‘Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=10290>> (besoek 31 Desember 2012) 34-36. Sien ook ‘Girls in Mining: Research Findings from Ghana, Niger, Peru and the United Republic of Tanzania’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=5304>> (besoek 10 Desember 2012) 1-28 vir ‘n verdere bespreking oor die betrokke sektor (veral bladsy 6 wat handel oor die seksuele uitbuiting van meisies in die betrokke sektor). Vir gevare in hierdie sektor sien ILO ‘Mining and Quarrying’ <<http://www.ilo.org/ipec/areas/Miningandquarrying/lang--en/index.htm>> (besoek 30 Desember 2012) 1.

17 jaar in myne en steengroewe werk. Meisies werk ook in hierdie sektor en word dikwels blootgestel aan seksuele uitbuiting, asook ander vorms van misbruik.

- *Arbeid as skuldbetaling*<sup>235</sup> – Hierdie is werk wat van ‘n persoon vereis word as betaling vir skuld wat nie gedelg kan word nie.<sup>236</sup> Meisies raak dikwels betrokke by skuldbetelings-ooreenkomste wat tussen hul ouers en ‘n tussenganger aangegaan is. Seksuele en fisiese misbruik kom algemeen voor by meisies wat aangebied word as werkers vir terugbetaling van skuld. Hierdie onaanvaarbare ergste vorm van arbeid kom dikwels voor wanneer op tradisionele wyse ooreenkomste in die landbousektor aangegaan word.
- *Handeldryf in kinders*<sup>237</sup> – Met handeldryf in kinders word meisies (volgens die ILO verslag: ‘Give Girls a Chance’) gesien as kommoditeite vir koop, verkoop, wegvoering en herverkoping, om uiteindelik as werkers vir seksuele uitbuiting en vir ander kriminele aktiwiteite aangewend te word.<sup>238</sup> Volgens hierdie verslag is 40-50% van ‘n totaal van ongeveer 2,45 miljoen mense waarmee handel gedryf is en gevolglik geforseerde arbeid verrig, kinders. Ongeveer 48% van alle mense wat só verhandel is, is vir kommersiële seksuele uitbuiting aangewend. Hiervan maak meisies en vroue 98% uit. Meisies word ook dikwels vanaf landelike gebiede gewerf vir werk elders met vals beloftes van ‘n hoë inkomste. Wanneer migrasie plaasgevind het en gevind word dat die beloftes vals was, is

---

<sup>235</sup> Vir ‘n bespreking oor arbeid as skuldbetaling sien ‘Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=10290>> (besoek 31 Desember 2012) 37-38. Vir ‘n verdere bespreking ten opsigte hiervan sien Cullen 15; Sanna ‘Slavery and Practices Similar to Slavery as Worst Forms of Child Labour: A Comment on Article 3(a) of ILO Convention 182’ in Nesi, Nogler & Pertile *Child Labour in a Globalized World: A Legal Analysis of ILO Action* 118-119.

<sup>236</sup> Sien art 1 van die ‘Supplementary Convention on the Abolition of Slavery, the Slave Trade, and Institutions and Practices Similar to Slavery’, 1956 vir ‘n definisie van ‘debt bondage’.

<sup>237</sup> ‘Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=10290>> (besoek 31 Desember 2012) 38-42. Vir ‘n verdere bespreking ten opsigte hiervan sien Fronza & Summerer ‘The Implementation of ILO Child Labour Standards in Domestic Legal Systems: The Role of Criminal Law’ in Nesi, Nogler & Pertile (reds) *Child Labour in a Globalized World: A Legal Analysis of ILO Action* 297; Cullen 46-53; ‘Trafficking in Children’ <<http://www.ilo.org/ipec/areas/Traffickingofchildren/lang--en/index.htm>> (besoek 22 Desember 2012) 1.

<sup>238</sup> Die ‘Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, Especially Women and Children, supplementing the United Nations Convention against Transnational Organized Crime’, 2000 (hierna Palermo Protokol) verduidelik in art 3(a) die betekenis van handeldryf in persone en in art 3(a) saamgelees met art 3(c) die handeldryf in kinders. Hierdie protokol is verkrygbaar by ‘Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, Especially Women and Children, supplementing the United Nations Convention against Transnational Organized Crime’ <[http://www.uncjin.org/Documents/Conventions/dcatoc/final\\_documents\\_2/conventions%20traff\\_eng.pdf](http://www.uncjin.org/Documents/Conventions/dcatoc/final_documents_2/conventions%20traff_eng.pdf)> (besoek 22 Desember 2012) 1-12.

hierdie meisies huis weerloos teenoor persone wat hulle op dié manier weggerokkel het, omdat hulle dikwels jong en onervare is, hulself afgesny van hul gesin bevind en moet staatmaak op hulp van sulke persone.<sup>239</sup> Hierdie gewetenlose persone dryf dikwels handel in hierdie meisies.

- *Kommersiële seksuele uitbuiting*<sup>240</sup> – Die ILO het volgens die verslag ‘Give Girls a Chance’ bevind dat daar na raming minstens 1,8 miljoen kinders wêreldwyd uitgebuit word in kommersiële seks of pornografie,<sup>241</sup> waarvan die grootste hoeveelheid, by verre, meisies is.<sup>242</sup> Meisies raak op verskillende wyses hierby betrokke, soos byvoorbeeld: deur verhandeling; deur gefaalde oorlewing-strategieë (soos byvoorbeeld waar meisies getrou het of ingewoon het by familie ten einde te oorleef, of toegetree het tot huishulpwerk elders en in elk van genoemde gevalle die bereiking van die doel gefaal het vir die betrokke meisies) en deur eie migrasie onder vals voorwendsels (soos reeds bespreek).<sup>243</sup> In laasgenoemde geval word baie meisies uiteindelik ook gelok na prostitutie vir oorlewing.
  - *Religieuse Slawerny*<sup>244</sup> - In Wes-Afrika, veral Benin, Togo en Ghana, bestaan daar steeds ‘n vorm van slawerny, nienteenstaande wetgewing wat slawerny afskaf, naamlik slawerny
- 

<sup>239</sup> Buscher ‘Women, Work and War’ in Martin & Tirman (reds) *Women, Migration and Conflict: Breaking a Deadly Cycle* 66-68.

<sup>240</sup> Vir die bespreking wat volg op die kommersiële seksuele uitbuiting sien ‘Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=10290>> (besoek 31 Desember 2012) 39-41. Vir ‘n verdere bespreking oor kommersiële seksuele uitbuiting sien ‘Commercial Sexual Exploitation of Children’ <<http://www.ilo.org/ipec/areas/CSEC/lang--en/index.htm>> (besoek 26 Desember 2012) 1; Cullen 53 – 69.

<sup>241</sup> Sien ook oorspronklike bron waaruit hierdie statistiek verkry is: ‘A Future without Child Labour: Global Report under the Follow-up to the ILO Declaration on Fundamental Principles and Rights at Work. Report of the Director-General, 2002’ <[http://www.ilo.org/global/publications/ilo-bookstore/order-online/books/WC\\_MS\\_PUBL\\_9221124169\\_EN/lang--en/index.htm](http://www.ilo.org/global/publications/ilo-bookstore/order-online/books/WC_MS_PUBL_9221124169_EN/lang--en/index.htm)> (besoek 24 Desember 2012) 18 – hiervolgens het die ILO bevind dat daar ongeveer 1,8 miljoen kinders kommersieël seksueel uitgebuit word.

<sup>242</sup> Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):34 – waarvolgens veral meisies seksueel uitgebuit word; ‘Child Protection Information Sheet: Commercial Sexual Exploitation’ <[http://www.unicef.org/chinese/protection/files/Sexual\\_Exploritation.pdf](http://www.unicef.org/chinese/protection/files/Sexual_Exploritation.pdf)> (besoek 10 Desember 2012) 1 – waarvolgens veral meisies kommersieël seksueel uitgebuit word.

<sup>243</sup> Sien ‘Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=10290>> (besoek 31 Desember 2012) 39-41. Sien Desai *A Rights-based Preventative Approach for Psychosocial Well-being in Childhood* 365 vir verdere redes waarom kinders betrokke raak by kommersiële seksuele uitbuiting (byvoorbeeld onder andere die weerloosheid van meisies en die groot aanvraag na meisies vir seksuele misbruik deur mans, asook die aanvraag na meisies deur diegene wat winste beoog deur die verhandeling en misbruik van meisies).

<sup>244</sup> Vir die bespreking wat hier volg sien Bales *Contemporary World Issues: New Slavery* 133. Sien ook Ameh ‘Human Rights, Gender and Traditional Practices: The Trokosi System in West Africa’ in Kalunta-Crumpton &

gekoppel aan religie. In verskillende lande word verskillende benamings gegee aan hierdie religieuse slawerny, waarvan een voorbeeld die sogenaamde ‘Trokosi’-sisteem is. ‘Trokosi’<sup>245</sup> is ‘n ‘Ewe’-woord wat *slawe van die gode* beteken. Ingevolge hierdie sisteem word jong meisies aan ‘n priester oorhandig om vir die sonde van ‘n familielid te vergoed. Van hulle word verwag om minstens vyf jaar te dien, waarna hul familie hulle kan terugkoop. Soms is die prys egter so hoog dat hierdie meisies hul lewe lank slawe bly. Sterf hulle voordat daar vir die sonde ‘betaal’ is, moet die familie ‘n volgende jong dogter voorsien. Die slawe het geen regte nie, word as huisknegte gebruik en moet ook soms op markte gaan werk. Dit gebeur ook dikwels dat hierdie jong meisies seksuele dienste moet verskaf.

### 2.6.3 Gevolgtrekking

Uit die ondersoek wat ingestel is na die posisie van meisies in die arbeidsmark, blyk dit dat meisies dikwels beland in van die ergste vorms van kinderarbeid of uitbuitende arbeidspraktyke, wat ten alle tye verbied behoort te word. In toegelate arbeid, wat die skrywer wel voorstaan, moet streng regulering van arbeid plaasvind. Aldus die skrywer, moet meisies se verhoogde weerloosheid en gevolelik verhoogde risiko om uitgebuit te word, ten alle tye in ag geneem word met die opstel van regulasies om kinderarbeid effektiief te reguleer. Die skrywer stel voor dat, in gevalle waar meisies kinderarbeid verrig (uitgesluit die ergste vorme en uitbuitende vorme daarvan), die werksomstandighede en voldoening aan regulasies behoorlik gemonitor behoort te word.

---

Agozino (red) *Pan – African Issues in Crime and Justice* 23-38 – wat onder andere aandui dat religieuse slawerny veral voorkom in Wes-Afrika (veral Benin, Togo en Ghana).

<sup>245</sup> Sien vir doeleinades van die bespreking oor ‘Trokosi’ as ‘n voorbeeld van religieuse slawerny: Bourdillon ea *Rights and Wrongs of Children’s Work* 163; Mensah & Godwyll *Female Ritual Servitude: The Trokosis in Ghana* 27-44 (wat onder andere aandui dat meisies tot lewenslank slawe in hierdie sisteem kan bly (bl. 31) en dat ‘n volgende jong dogter voorsien moet word waar die eerste dogter sterf (bl.32)); Nirit 2001 *Africa Recovery* 15(4):26 (waar veral melding gemaak word van die uitbuiting van meisies in hierdie sisteem, asook die dienste wat deur hierdie meisies verrig word. Hierdie dienste sluit dikwels seksuele dienste in); Ameh ‘Human Rights, Gender and Traditional Practices: The Trokosi System in West Africa’ in Kalunta-Crumpton & Agozino (red) *Pan – African Issues in Crime and Justice* 23-38 (wat onder andere die betekenis van ‘Trokosi’ aandui (bl 23)).

## HOOFSTUK 3: INTERNASIONALE PERSPEKTIEF OP KINDERARBEID

### 3.1 INTERNASIONALE INSTRUMENTE MET BETREKKING TOT KINDERARBEID VAN TOEPASSING IN SUID-AFRIKA

#### 3.1.1 Inleiding

Internasionale instrumente, wat betrekking het op kinderregte in die algemeen, bestaan uit 'n verskeidenheid internasionale konvensies en beginsels wat deur regerings aanvaar is.<sup>246</sup> Volgens Olivier kan meer as 80 sulke internasionale instrumente geïdentifiseer word.<sup>247</sup> Aangesien hierdie verhandeling oor die regulering van kinderarbeid handel, sal daar slegs gekyk word na internasionale instrumente wat betrekking het op kinderarbeid, insluitende: die *UNCRC*, Konvensie 138, Konvensie 182 en die bepalings van die *ACRWC*, wat almal 'n direkte of indirekte invloed op kinderarbeid het. Die 'Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography' en die 'Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the involvement of children in armed conflict' word ook kortlik toegelig.<sup>248</sup> Ondersoek word ingestel na die minimum-standaarde van en beskerming wat internasionale instrumente aan kinderarbeiders verleen. Voortvloeiend uit hierdie ondersoek sal later in hoofstuk 4 bepaal word of Suid-Afrika aan internasionale standaarde, ten opsigte van beskerming verleen aan kinderarbeiders, voldoen. Verder poog die skrywer om ook vas te stel of Suid-Afrika steeds aan hierdie standaarde sal voldoen in die geval waar kinderarbeid (uitgesluit die ergste en uitbuitende vorms daarvan) onder streng regulering daarvan toegelaat sou word. Indien Suid-Afrika in laasgenoemde geval nie aan hierdie internasionale standaarde sou voldoen

---

<sup>246</sup> Olivier 'The Status of International Children's Rights Instruments in South Africa' in Davel (red) *Introduction to Child Law in South Africa* (2000) 198-199.

<sup>247</sup> *Ibid.*

<sup>248</sup> Die bepalings van die 'Hague Convention on the Civil Aspects of International Child Abduction', 72 of 1996 (hierna die 'Hague Convention') word nie bespreek nie, aangesien hierdie konvensie gemik is op die voorkoming van die verwydering van die kind vanuit die jurisdiksie waarin die kind normaalweg woonagtig is, deur 'n ouer of 'n voog, sonder die toestemming van 'n ander ouer of wettige voog. Die konvensie is nie spesifiek van toepassing op kinderhandel of kinderarbeid nie. Kinderhandel word spesifiek gereguleer deur bepalings van die 'Children's Act' (sien par 4.3.8). Kinderhandel word ook internasional gereguleer deur die 'Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography' (soos bespreek in par 3.1.3.2).

nie, moet daar bepaal word of so 'n alternatiewe benadering tot kinderarbeid, soos deur die skrywer voorgestel, wel geregverdig kan word.

### **3.1.2 Internasionale beskerming aan kinders: Konvensies met betrekking tot kinderarbeid**

#### **3.1.2.1 Die 'United Nations Convention on the Rights of the Child', 1989<sup>249</sup>**

##### **3.1.2.1 (a) Algemeen**

Die UNCRC stel sekere norme waarna gestreef behoort te word, wat kan bydra tot die verbetering van die lewenskwaliteit van kinders. Hierdie norme sluit onder ander in om kinders se beste belang<sup>250</sup> en hul beskerming<sup>251</sup> in elke oopsig voorop te stel. Hierdie konvensie het op 2 September 1990 in werking getree nadat daar aan die vereiste, dat minstens 20 state dit moes onderteken, voldoen is.<sup>252</sup> Tans het 197 state reeds hierdie konvensie geratificeer, met slegs twee lande, die Verenigde State van Amerika en Somalië wat dit nog nie geratificeer het nie.<sup>253</sup> Met ratifikasie van die betrokke konvensie onderneem 'n lidstaat om die doel, waardes en regte soos vervat in die konvensie te handhaaf en te bevorder.<sup>254</sup> Voorts onderneem 'n lidstaat ook om nasionale wetgewing in ooreenstemming met die bepalings van die betrokke konvensie te bring.<sup>255</sup> Een van die belangrikste doelwitte

---

<sup>249</sup> Vir die agtergrond tot die ontstaan van hierdie konvensie sien par 2.1.2.3.

<sup>250</sup> Art 3(1) van die UNCRC.

<sup>251</sup> Art 3(2) van die UNCRC.

<sup>252</sup> Art 49(1) van die UNCRC, saamgelees met datum van inwerkintreding van die UNCRC verkrygbaar by 'Convention on the Rights of the Child' <<http://www2.ohchr.org/english/law/crc.htm>> (besoek 26 Desember 2012) 1; Viljoen 'The African Charter on the Rights and Welfare of the Child' in Davel (red) *Introduction to Child Law in South Africa* (2000) 217-218; Coetzee *Internasionale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele Lesse vir Suid-Afrika* 32; 'Convention on the Rights of the Child' <[http://www.unicef.org/crc/index\\_30229.html](http://www.unicef.org/crc/index_30229.html)> (besoek 26 Desember 2012) 1.

<sup>253</sup> 'Convention on the Rights of the Child' <[http://www.unicef.org/crc/index\\_30229.html](http://www.unicef.org/crc/index_30229.html)> (besoek 26 Desember 2012) 1; Viljoen in Davel (red) 217-218; Coetzee *Internasionale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele Lesse vir Suid-Afrika* 33.

<sup>254</sup> Art 2 van die UNCRC; Coetzee *Internasionale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele Lesse vir Suid-Afrika* 33; Haupt *Die Reg van die Kind op Oorlewing, Ontwikkeling en Beskerming* 56-57.

<sup>255</sup> Art 4 van die UNCRC; Viljoen in Davel (red) 215; Coetzee *Internasionale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele Lesse vir Suid-Afrika* 33.

van die konvensie is om die konflik tussen die beskerming van die kind<sup>256</sup> en die bevordering van die kind se reg op selfbeskikking<sup>257</sup> te harmoniseer.<sup>258</sup>

### 3.1.2.1 (b) Die beskerming van die kind teen uitbuitende arbeidspraktyke

Artikels 33 tot 36 van die *UNCRC* handel oor die beskerming van die kind teen sekere ergste vorms van kinderarbeid.<sup>259</sup> Artikel 33 maak voorsiening vir die voorkoming van die gebruik van kinders vir die maak en verkoop van dwelmmiddels; artikel 34(a) - 34(c) beskerm die kind teen seksuele uitbuiting; artikel 35 verbied abduksie van, verkoop van en handeldryf in kinders en artikel 36 maak voorsiening vir die beskerming van die kind teen enige vorm van uitbuiting wat die welstand van die kind benadeel.

Verdere beskerming word aan kinders gebied deur artikel 32(1) van die *UNCRC* wat bepaal dat 'n kind die reg het om teen ekonomiese uitbuiting beskerm te word. Beskerming word ook verleen teen enige werk<sup>260</sup> wat 'n gevaar vir die kind mag inhou of wat met die kind se onderrig kan inmeng of skadelik vir die kind se fisiese, psigiese, geestelike, morele of maatskaplike ontwikkeling kan wees.<sup>261</sup> Artikel 32(2) bepaal dat lidstate wetgewende, administratiewe, maatskaplike en opvoedkundige maatreëls moet tref ten einde die kind te beskerm teen uitbuitende arbeid. Lidstate moet ook voorsiening maak vir die vasstelling van

---

<sup>256</sup> Die *UNCRC* onderskryf belangrike beginsels rakende die beskerming van die kind, onder andere, die reg van die kind dat daar nie teen hom/haar gediskrimineer mag word nie (art 2(1) en 2(2)) en dat die maatstaf van die beste belang van die kind van deurslaggewende aard is in alle aangeleenthede wat die kind raak (art 3(1)); sien ook Detrick A *Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child* 86 – vir 'n bespreking van die beste belang van die kind.

<sup>257</sup> Byvoorbeeld die reg van die kind om gehoor te word (art 12(2)); sien ook Detrick 213-214 vir 'n bespreking oor die reg van die kind om sy eie sieninge te vorm en uitdrukking daaraan te gee, asook die reg van die kind om gehoor te word.

<sup>258</sup> Aanhef tot die *UNCRC*.

<sup>259</sup> Sien ook Detrick 559.

<sup>260</sup> Die woorde *enige werk* sluit nie outomatis huishoudelike en landboukundige werk uit nie. Kinders moet dus beskerm word teen alle vorms van uitbuitende arbeid, ongeag of dit in die huishouding of die formele arbeidsmark voorkom – sien Swepston A *Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child: Article 32 Protection from Economic Exploitation* 21; Detrick 569.

<sup>261</sup> Art 32 (1) van die *UNCRC*.

‘n minimum-ouderdom of ouerdomme<sup>262</sup> waarop kinders in diens geneem mag word<sup>263</sup> en vir voldoende regulasies en voorskrifte met betrekking tot die aantal ure en omstandighede waaronder kinders mag werk.<sup>264</sup> Voorsiening moet ook gemaak word vir doeltreffende strafmaatreëls of ander sanksies ter versekering van die effektiewe afdwinging van artikel 32(1) en 32(2).<sup>265</sup>

Artikel 32 vereis slegs van lidstate om voorsiening te maak vir die daarstelling van regulasies en standarde wat kinderarbeid reguleer, maar dit stel nie duidelik onder watter omstandighede en vir watter ouderdomme indiensneming verbied behoort te word nie. Hierdie versium skep ‘n groot leemte in die betrokke konvensie. Sonder so ‘n aanduiding kan daar byvoorbeeld verwarring ontstaan tussen die bepalings van artikel 32(1) en artikel 38(2). Artikel 38(2) impliseer dat kinders van 15 jaar en ouer wel mag deelneem aan militêre vyandelike optredes, terwyl artikel 32(1) poog om kinders onder die ouderdom van 18 jaar teen gevaarlike arbeidspraktyke te beskerm.

Lidstate het die plig, ingevolge artikel 19(1) van die betrokke konvensie, om die gemeenskap te orden en om voldoende wetgewende, administratiewe, maatskaplike en opvoedkundige voorsorgmaatreëls te tref om kinders te beskerm teen alle vorms van fisiese en psigiese geweld, beserings, verwaarloosning en misbruik (insluitende seksuele misbruik), terwyl hulle onder die beskerming van ouers, voogde of ander versorgers is. Vir die doeleindes van hierdie studie lê die belang van artikel 19(1) vir die skrywer daarin dat elke lidstaat ‘n verpligting het om toe te sien dat kinders beskerm word teen uitbuitende arbeidspraktyke.

---

<sup>262</sup> Die eerste konsep van die *UNCRC*, aangebied deur Poland, het bepaal dat kinders nie voor ‘n toepaslike minimum-ouderdom in diens geneem kon word nie. Hierdie konsep het nie ‘n spesifieke ouderdom vermeld nie. Hierna het die opstellers van die dokument eers 15 jaar voorgestel en daarna 14 jaar as die minimum-ouderdom waarop kinders in diens geneem kan word. Beide hierdie ouderdomme is afgekeur vir die gebruik in die *UNCRC*. Die *ILO* het in 1981 kommentaar gelewer oor bogenoemde voorgestelde ouderdomme en was van mening dat die voorstelling van ‘n spesifieke minimum-ouderdom onnodig rigied sal wees. Op die ou end kon die opstellers van die *UNCRC* nie ooreenkoms op ‘n vasgestelde spesifieke ouderdom nie en gevolglik is die bewoording wat in die betrokke konvensie gebruik is, *ouderdom of ouerdomme* – sien Swope 29 in verband hiermee.

<sup>263</sup> Art 32(2)(a) van die *UNCRC*.

<sup>264</sup> Art 32(2)(b) van die *UNCRC*.

<sup>265</sup> Art 32(2)(c) van die *UNCRC*.

Internasionale programme en finansiële ondersteuningstelsels behoort geïmplementeer te word ter voldoening aan bogenoemde beskermingsmaatreëls.

### **3.1.2.1 (c) Indirekte beskerming: Die beste belang van die kind in samehang met die reg van die kind om gehoor te word**

Artikel 3(1) van die *UNCRC* bepaal dat die beste belang van die kind die primêre oorweging is in alle aangeleenthede wat die kind raak. Uit hoofde van artikel 12(1) van die betrokke konvensie onderneem lidstate om toe te sien dat kinders se sienings medebepalend sal wees ten opsigte van die vraag oor wat in 'n spesifieke geval in hulle beste belang is.<sup>266</sup> Teen die agtergrond van artikels 3(1) en 12(1) kan daar geargumenteer word dat kinders wat daartoe bevoeg is, behoort te kan deelneem aan besluite oor hul indiensneming en of 'n beperking wat op indiensneming geplaas word tot hul nadeel sal strek. Artikel 12(1) stel nie 'n minimum-ouderdom waarop kinders se sienings in ag geneem behoort te word nie.<sup>267</sup> Hierdie reg moet dus gerespekteer word ongeag of die kind baie jonk is.<sup>268</sup> Artikel 12(1) bepaal egter wel dat die waarde wat aan 'n kind se siening geheg moet word, afhang van die ouderdom en die volwassenheid van sodanige kind. Die toets is dus nie soseer of die kind 'n sekere ouderdom bereik het nie, maar eerder of die kind oor die emosionele en intellektuele vermoë beskik om die implikasies van sy siening te verstaan.<sup>269</sup> Die bepalings soos vervat in artikels 3(1) en 12(1) van die *UNCRC* weerspieël die konvensie se uitgangspunt dat die beskerming van die kind in balans bring moet word met die kind se groei tot persoonlike onafhanklikheid en respek vir sy/haar regte as individu.<sup>270</sup> Die gevolg trekking kan dus gemaak word dat die sienswyses van sowel die 'kiddie savers' as die 'kiddie libbers' deur hierdie konvensie gesteun word.<sup>271</sup>

---

<sup>266</sup> Sien Mahery in Boenzaart (red) 321-323 – vir 'n bespreking oor die belang van kinders se sienings.

<sup>267</sup> Hodgkin & Newell *Implementation Handbook for the Convention on the Rights of the Child* 149.

<sup>268</sup> *Ibid.*

<sup>269</sup> Hodgkin & Newell 150.

<sup>270</sup> Die aanhef tot die *UNCRC* maak voorsiening vir sowel die beskerming van die kind as vir die erkenning van die onafhanklikheid van die kind.

<sup>271</sup> Sien par. 2.4.3 vir 'n bespreking oor die 'kiddie savers' en die 'kiddie libbers'.

### 3.1.2.2 Die ‘Minimum Age Convention’, 138 of 1973

Konvensie 138 is daarop gemik om kinderarbeid te beperk deur ‘n verpligting op deelnemende state te plaas om ‘n minimum-ouderdom vas te stel waarop kinders mag werk.<sup>272</sup> Die ratifiserende staat onderneem om, in die vasstelling van ‘n minimum-ouderdom, die fisiese en psigiese ontwikkeling van kinders in ag te neem en om die beperking van kinderarbeid (as ‘n nasionale beleid) na te streef.<sup>273</sup>

In hoofstuk 2<sup>274</sup> is reeds melding gemaak daarvan dat, ingevolge hierdie konvensie, niemand jonger as die skoolpligtige ouderdom mag werk nie.<sup>275</sup> Konvensie 138 beklemtoon dus die belang van skoolbywoning deur ‘n verband tussen die minimum skoolpligtige ouderdom en indiensneming te trek.<sup>276</sup> State waarvan die ekonomiese- en opleidingsfasiliteite onvoldoende is om in die behoeftes van die betrokke staat te voorsien, kan die minimum-ouderdom waarop kinders mag werk na 14 jaar verlaag mits daar redes vir die verlaagde ouderdom verskaf kan word in die aansoek om deelname aan die konvensie.<sup>277</sup> ’n Verdere vereiste vir die verlaging van die minimum ouderdom na 14 jaar is dat die staat onderneem om van hierdie reg afstand te doen op ‘n bepaalde toekomstige datum.<sup>278</sup> Ligte werk mag egter gedoen word deur kinders op die ouderdom van 12 in ontwikkelende lande en 13 in ontwikkelde lande.<sup>279</sup> Kinders onder die ouderdom van 18 jaar mag nie werk verrig wat hul gesondheid, moraliteit of veiligheid in gevaar sal stel nie.<sup>280</sup> Die regering kan, in oorleg met die betrokke werkgewer, laasgenoemde ouderdom na 16 jaar verlaag, mits voldoende

---

<sup>272</sup> Art 2(1) van Konvensie 138; Borzaga ‘Limiting the Minimum Age: Convention 138 and the origin of the ILO’s Action in the Field of Child Labour’ in Nesi, Nogler & Pertile (reds) *Child Labour in a Globalized World: A Legal Analysis of ILO Action* 47.

<sup>273</sup> Art 1 van Konvensie 138.

<sup>274</sup> Par 2.2.2.1.

<sup>275</sup> Art 2(3) van Konvensie 138.

<sup>276</sup> Borzaga in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 47.

<sup>277</sup> Art 2(4) saamgelees met art 2(5)(a) van Konvensie 138.

<sup>278</sup> Art 2(5)(b) van Konvensie 138.

<sup>279</sup> Art 7(1)(a) en 7(1)(b) van Konvensie 138; Gallinetti ‘Worst Forms of Child Labour: A view from out of Africa’ in Sloth-Nielsen (red) *Children’s Rights in Africa: A Legal Perspective* 327.

<sup>280</sup> Art 3(1) van Konvensie 138.

opleiding aan die kind ten opsigte van die betrokke werk verskaf is en daar voldoende na die belang van die kind omgesien word.<sup>281</sup>

Konvensie 138 is nie van toepassing op werk gedoen in skole vir beroepsopleiding of tegniese opleiding of in ander opleidingsinstansies nie.<sup>282</sup> Dit blyk dat Konvensie 138 wel van toepassing is op kinders wat in die huis of in familiebesighede werk, aangesien hierdie tipe werk nie uitdruklik deur artikel 6 van Konvensie 138 uitgesluit word nie.<sup>283</sup>

### **3.1.2.3 ‘Convention Concerning the Prohibition and Immediate Action for the Elimination of the Worst Forms of Child Labour’, 182 of 1999**

#### **3.1.2.3 (a) Algemeen**

Deur die ratifisering van Konvensie 182 onderneem ‘n staat om onmiddellik stappe te doen om die ergste vorms van kinderarbeid te voorkom en te verminder.<sup>284</sup> Die ILO se ‘International Programme on the Elimination of Child Labour’ (hierna IPEC) is daarvoor verantwoordelik om state hiermee by te staan.<sup>285</sup> Anders as Konvensie 138, poog Konvensie 182 nie om kinderarbeid stelselmatig met tyd te verminder nie, maar identifiseer dit sekere vorms van arbeid wat ontoelaatbaar is.<sup>286</sup> Onmiddellike optrede word dus vereis om hierdie vorms van arbeid in die betrokke staat te verbied.<sup>287</sup> Artikel 2 van Konvensie 182 bepaal dat ‘n kind enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar is vir doeleindes van hierdie konvensie. Alhoewel die verhandeling nie in die eerste plek fokus op die ergste vorms van arbeid nie is dit belangrik om te bepaal watter vorms as ergste vorms van arbeid

---

<sup>281</sup> Art 3(3) van Konvensie 138.

<sup>282</sup> Art 6 van Konvensie 138.

<sup>283</sup> Borzaga in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 47.

<sup>284</sup> Art 1 van Konvensie 182; Rishikesh ‘The Worst Forms of Child Labour: A Guide to ILO Convention 182 and Recommendation 190’ in Nesi, Nogler & Pertile (eds) *Child Labour in a Globalized World: A Legal Analysis of ILO Action* 84.

<sup>285</sup> ‘Facts on Child Labour 2010’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=17075>> (besoek 26 Desember 2012) 2; Pertile in Nesi, Nogler & Pertile (eds) 3; sien par 3.2.3 vir ‘n verdere bespreking van hierdie program.

<sup>286</sup> Art 1 van Konvensie 182 saamgelees met art 3 van die betrokke konvensie. Sien ook par 3.1.2.2 vir ‘n bespreking oor Konvensie 138.

<sup>287</sup> Art 1 van Konvensie 182.

geklassifiseer word. Die rede vir belang is dat die skrywer nie die verbod op hierdie vorms van arbeid wil teenstaan nie.

### **3.1.2.3 (b) Ergste vorms van kinderarbeid**

Artikels 3(a) - 3(d) van Konvensie 182 sit die ergste vorms van kinderarbeid uiteen. Ingevolge hierdie konvensie sluit die ergste vorms van kinderarbeid die volgende in: slawerny of soortgelyke praktyke wat neerkom op slawerny (soos byvoorbeeld, onder andere, die verkoop en handeldryf van kinders en die werwing van kinders vir gewapende konflik); die aanwend van kinders vir doeleinnes van prostitusie en pornografie; die betrekking van kinders by onwettige aktiwiteite (veral vir die vervaardiging en verkoop van dwelmmiddels); en werk wat die gesondheid, veiligheid of moreel van kinders skade kan berokken. Elk van hierdie vorms van arbeid sal vervolgens kortliks toegelig word.

#### **(i) Slawerny of soortgelyke praktyke**

Volgens artikel 3(a) van Konvensie 182 word alle vorms van slawerny of soortgelyke praktyke (verkoop en handeldryf in kinders, slawerny vir doeleinnes van skuldvereffening, knegskap, dwangarbeid soos die werwing van kinders vir aanwend in gewapende konflik) as van die ergste vorms van kinderarbeid verbied. Sedert die erkenning van internasionale menseregte, is tradisionele vorms van slawerny grootliks deur die meeste state afgeskaf en word slawerny deur nasionale wetgewing in die betrokke state verbied.<sup>288</sup> Gevalle van slawerny kom egter steeds wêreldwyd voor ten spyte van wetgewing daarteen.<sup>289</sup> Afrika is 'n voorbeeld van 'n plek waar vorms van slawerny voortduur,<sup>290</sup> veral in gebiede waar armoede, binnelandse gewapende konflik en onstabiele politiese omstandighede aan die

---

<sup>288</sup> Currie & De Waal *The Bill of Rights Handbook* 312-314; Chukwuebuka 2010 *African Renaissance* 7(3-4):39.

<sup>289</sup> Bales 1-2; 'Vroeëre Slagoffers Dryf nou Self Handel in Mense' <<http://152.1.11.1.88/argief/berigte/beeld/2009/02/26/B1/16/tMWmensehandel.html>> (besoek 22 Desember 2011) 1; Chukwuebuka 2010 *African Renaissance* 7(3-4):39.

<sup>290</sup> 'n Voorbeeld hiervan is die religieuse slawerny in Wes-Afrika, soos bespreek in par 2.6.2 – sien Sanna in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 117-119.

orde van die dag is.<sup>291</sup> Die rede hiervoor is grootliks dat kinders in hierdie dele afhanklik is van hul werkgewers of deur vrees beheer word in werksomstandighede van uitbuiting, waaruit hulle nie kan ontsnap nie.<sup>292</sup> Families in Wes-Afrika, veral Nigerië, vertrou ook dikwels hul kinders toe aan geestelike leiers of leraars van die Koran ten einde aan kinders godsdienstige gebruikte te leer in ruil vir die lewering van dienste, insluitende bedelary.<sup>293</sup>

*Handeldryf in kinders* - Die handeldryf in kinders word volgens artikel 3(a) tesame met artikel 3(c) van die Verenigde Nasies se 'Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, Especially Women and Children, Supplementing the United Nations Convention against Transnational Organized Crime' (hierna Palermo Protokol), gereken as enige handeling van werwing, vervoer, oorplasing, skuiling bied of die verkryging van kinders vir doeleindes van uitbuiting (op welke manier ookal).<sup>294</sup> Handeldryf in kinders is tans 'n wêreldwye probleem,<sup>295</sup> waaraan veral meisies blootgestel word.<sup>296</sup> Die rede hiervoor is dat seksuele uitbuiting een van die hoofredes vir handeldryf in kinders is.<sup>297</sup> Kinders word egter nie net vir seksuele uitbuiting verhandel nie, maar vir enige uitbuiting (ingesluit slawerny, orgaanverwydering en uitbuitende arbeid).<sup>298</sup> Weens die ernstige aard van hierdie voorgenoemde redes, moet maatreëls ingestel word om kinders teen kinderhandel te beskerm.<sup>299</sup> Die Palermo Protokol hou huis op internasionale vlak maatreëls<sup>300</sup> voor

---

<sup>291</sup> Anti-Slavery International 'Today's Fight for Tomorrow's Freedom' <[http://www.antislavery.org/English/slavery\\_today/child\\_labour.aspx](http://www.antislavery.org/English/slavery_today/child_labour.aspx)> (besoek 27 Desember 2012) 1.

<sup>292</sup> *Ibid.*

<sup>293</sup> Sanna in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 117-118.

<sup>294</sup> Die wyses waarop volwassenes verhandel word, word gespesifiseer in art 3(a) van die Palermo Protokol. Sien Kruger *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective* 77-78. Volgens laasgenoemde bron is die wyses waarop volwassenes verhandel word nie op kinders van toepassing nie.

<sup>295</sup> Minnie 'Sexual Offences against Children' in Boezaart (red) *Child Law in South Africa* 561; Sanna in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 124.

<sup>296</sup> 'Give Girls a Chance: Tackling Child Labour, a Key to the Future' <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=10291>> (besoek 25 Desember 2012) 39.

<sup>297</sup> *Ibid.*

<sup>298</sup> Sanna in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 125.

<sup>299</sup> Aanhef tot die Palermo Protokol; Sanna in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 125.

<sup>300</sup> Sien, onder andere, art 5 van die Palermo Protokol wat handel oor die kriminalisering van handeldryf in persone (insluitende kinders); art 6 van die Palermo Protokol wat bystand en beskerming aan slagoffers van handeldryf in persone bied; art 9 van die Palermo Protokol wat lidstate verplig om maatreëls in te stel om die handeldryf in persone te voorkom.

waarvolgens lidstate nasionale wetgewing moet aanpas, ten einde beskerming aan kinders teen kinderhandel te bied.<sup>301</sup>

*Dwangarbeid* - Ten opsigte van die verbod op dwangarbeid, bestaan daar enkele uitsonderings wat dit toelaatbaar kan maak.<sup>302</sup> Hierdie uisonderings sluit onder andere gevalle in waar gemeenskapsdiens deur 'n hof as strafsanksie opgelê word, of waar werk in 'n noodgeval verrig moet word.<sup>303</sup> Alhoewel 'n uitsondering tot kinderarbeid, neem howe die ouerdom en menswaardigheid van die kind in ag, in die bepaling van die tipe gemeenskapsdiens wat as strafsanksie aan die kind opgelê word.<sup>304</sup>

*Gewapende konflik* - Aangesien kinderdeelname aan gewapende konflik uitdruklik verbied word, moet regerings nasionale wetgewing aanpas om militêre diens af te skaf vir persone onder die ouerdom van 18 jaar.<sup>305</sup> 'n Globale verslag, naamlik die 'Child Soldiers: Global Report 2008',<sup>306</sup> uitgereik deur 'Child Soldiers International'<sup>307</sup> toon dat, ten spyte van die verbod op kinderdeelname aan gewapende konflik, 86 lande in 2008 steeds kinders gewerf het vir deelname aan of gebruik gemaak het van kinders in gewapende konflik.<sup>308</sup> Daar was wel 'n drastiese afname in die hoeveelheid lande wat van kinders gebruik maak in

---

<sup>301</sup> Art 5(1) en 5(2) van die Palermo Protokol saamgelees met art 3 van die Palermo Protokol.

<sup>302</sup> Sanna in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 120.

<sup>303</sup> Art 2(2) van die 'Forced Labour Convention', 29 of 1930 verkrybaar by ILO 'C029-Forced Labour Convention, 1930 (No. 29) <[http://www.ilo.org/dyn/normlex/en/f?p=NORMLEXPUB:12100:0::NO:12100:P12100\\_INSTRUMENT\\_ID:312174:NO](http://www.ilo.org/dyn/normlex/en/f?p=NORMLEXPUB:12100:0::NO:12100:P12100_INSTRUMENT_ID:312174:NO)> (besoek 22 Desember 2012) 1; Sanna in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 120; Currie & de Waal 314.

<sup>304</sup> Art 40(1) van die UNCRC: '*States Parties recognize the right of every child alleged as, accused of, or recognized as having infringed the penal law to be treated in a manner consistent with the promotion of the child's sense of dignity and worth, which reinforces the child's respect for the human rights and fundamental freedoms of others and which takes into account the child's age and the desirability of promoting the child's reintegration and the child's assuming a constructive role in society.*' Die afleiding kan gemaak word dat howe die kind se menswaardigheid en ouerdom in ag by die oplegging van gemeenskapsdiens, as strafsanksie.

<sup>305</sup> Art 3(a) van Konvensie 182.

<sup>306</sup> Sien 'Global Report 2008' <[http://www.child-soldiers.org/global\\_report\\_reader.php?id=97](http://www.child-soldiers.org/global_report_reader.php?id=97)> (besoek 15 Januarie 2013) 1.

<sup>307</sup> 'n Groepering van internasionale organisasies, insluitende 'Amnesty International' en die 'Human Rights Watch', wat die gebruik van kindersoldate teenwerk – sien Child Soldiers International 'Our History' <[http://www.child-soldiers.org/our\\_history.php](http://www.child-soldiers.org/our_history.php)> (besoek 15 Januarie 2013) 1.

<sup>308</sup> 'Child Soldiers: Global Report 2008' <[http://www.child-soldiers.org/global\\_report\\_reader.php?id=97](http://www.child-soldiers.org/global_report_reader.php?id=97)> (besoek 15 Januarie 2012) 12; Waschefort *Child Soldiers and International Law: Progressing towards 'an Era of Application'*? 79.

gewapende konflik.<sup>309</sup> Dit is nietemin onseker of hierdie afname te wye is aan die bepalings van internasionale reg, wat poog om kinders teen gewapende konflik te beskerm, en of dit te wye is aan minder lande<sup>310</sup> wat tans in oorloë betrokke is.<sup>311</sup>

## (ii) Die aanwend van kinders vir prostitutie en pornografie

*Kinderprostitusie* - Die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’ definieer (vir die doeleindes van die protokol) kinderprostitusie as die gebruik van ‘n kind in seksuele aktiwiteite teen vergoeding of vir enige ander oorweging.<sup>312</sup> Stevens en Cloete<sup>313</sup> sien prostitutie (ingesluit kinderprostitusie) as oorlewingseks oftewel seks as die bevrediging van onmiddellike behoeftes soos kos, klere, skuiling, dwelms en liefde. Kinderprostitute word deur Schurink et al<sup>314</sup> gesien as persone onder die ouderdom van 18 jaar wat deur middel van dwang of mag geforseer word om seks te voorsien, ten einde geld of artikels te ontvang. Die term *kinderprostitusie* word dikwels as onvanpas beskou en die term *seksuele uitbuiting van kinders* word eerder verkie字 om stigmatisering van kinders te voorkom.<sup>315</sup> Volgens

---

<sup>309</sup> *Ibid.*

<sup>310</sup> Baie van die oorloë wat bekend was vir die gebruik van kindersoldate het tot ‘n einde gekom. Voorbeeld hiervan sluit oorloë in Sierra Leone, Liberia, en Sri Lanka in – sien Waschefort *Child Soldiers and International Law: Progressing towards ‘an Era of Application’?* 79.

<sup>311</sup> ‘Child Soldiers: Global Report 2008’ <[http://www.child-soldiers.org/global\\_report\\_reader.php?id=97](http://www.child-soldiers.org/global_report_reader.php?id=97)> (besoek 15 Januarie 2012) 12; Waschefort *Child Soldiers and International Law: Progressing towards ‘an Era of Application’?* 80-81.

<sup>312</sup> Art 2(b) van die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’.

<sup>313</sup> Stevens & Cloete 113.

<sup>314</sup> Schurink, Schurink & Smit *Children Involved in Prostitution: Exploring a Social Process to Manage the Problem in South Africa* 12.

<sup>315</sup> Hesselink-Louw ‘n *Victimological Ondersoek na Vroulike Kindersekswerkers met Spesifieke Verwysing na Gauteng* 6; Kooijmans ‘Prostitution, Pornography and Pornographic Performances as Worst Forms of Child Labour: A Comment on Article 3(b) Convention 182’ in Nesi, Nogler & Pertile (reds) *Child Labour in a Globalized World: A Legal Analysis of ILO Action* 133; Die ‘UNAIDS Terminology Guidelines’ stel voor dat die term ‘prostitute’ nie gebruik moet word nie. Ingevolge hierdie riglyne behoort daar, in gevalle waar kinders betrokke is, eerder verwys te word na ‘commercial sexual exploitation of children’ – sien ‘UNAIDS Terminology Guidelines’ <[http://www.unaids.org/en/media/unaidsscontentassets/documents/unaidspublication/2011/JC2\\_118\\_terminology-guidelines\\_en.pdf](http://www.unaids.org/en/media/unaidsscontentassets/documents/unaidspublication/2011/JC2_118_terminology-guidelines_en.pdf)> (besoek 26 Desember 2012) 5; sien ook Cullen 45. Die term ‘commercial sexual exploitation of children’ word ook in die ‘Children’s Act 38 van 2005 gebruik en word in art 1 van die betrokke wet gedefinieer as: ‘The procurement of a child to perform sexual activities for financial or other reward, including acts of prostitution or pornography, irrespective of whether that reward is claimed by,

Kooijmans<sup>316</sup> is kinderprostitute, uit 'n arbeidsregtelike oogpunt, slagoffers van hul omstandighede, wat deur 'n oorlewingstryd gedwing word om prostitusie te beoefen. Die gebruik van kinders as prostitute moet derhalwe as een van die ergste vorms van kinderarbeid geëlimineer word.<sup>317</sup>

Die kommersiële seksuele uitbuiting van kinders word beskou as een van die ernstigste miskennings van 'n kind se regte, aangesien sekswerk kinders ontneem van hul onskuldige kinderdele en hul psigiese en fisiese welsyn benadeel.<sup>318</sup> Dit is egter dikwels moeilik om uit die bose kringloop van kinderprostitusie weg te breek, aangesien die meeste kinderprostitute geen heenkome het nie.<sup>319</sup> Georganiseerde misdaadsindikate misbruik kinders vir hulle eie gewin<sup>320</sup> en stel kinderprostitute dikwels aan dwang, intimidasie, geweld en dwelms bloot.<sup>321</sup> In die meeste gevalle word die geld wat prostitute verdien, aangewend om hulle dwelmafhanglikheid in stand te hou.<sup>322</sup> Sommige kinders word selfs na die buiteland ontvoer om as kinderprostitute aangewend te word.<sup>323</sup>

---

*payable to or shared with the procurer, the child, the parent or care-giver of the child, or any other person; or trafficking in a child for use of sexual activities, including prostitution or pornography'.*

<sup>316</sup> Kooijmans in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 133.

<sup>317</sup> Art 3(a) van Konvensie 182.

<sup>318</sup> 'Child Sexual Abuse and Commercial Sexual Exploitation of Children in the Pacific: A Regional Report' <[www.humantrafficking.org/uploads/publications/Pacific\\_CSEC\\_report.pdf](http://www.humantrafficking.org/uploads/publications/Pacific_CSEC_report.pdf)> (besoek 26 Desember 2012) viii; Schurink, Schurink & Smit 12; 'Commercial Sexual Exploitation of Children' <<http://www.ilo.org/ipec/areas/CSEC/lang--en/index.htm>> (besoek 26 Desember 2012) 1.

<sup>319</sup> Hesselink-Louw 'n *Victimologiese Ondersoek na Vroulike Kindersekwerkers met Spesifieke Verwysing na Gauteng* 49; Kooijmans in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 135-136.

<sup>320</sup> Sien 'The National Strategy for Child Exploitation, Prevention and Interdiction: A Report to Congress August 2010' <[www.justice.gov/psc/docs/natstrategyreport.pdf](http://www.justice.gov/psc/docs/natstrategyreport.pdf)> (besoek 27 Desember 2012) 33 vir 'n bespreking oor finansiële gewin van diegene wat kinders misbruik.

<sup>321</sup> Flowers *The Victimization and Exploitation of Women and Children: A Study of Physical, Mental and Sexual Maltreatment in the United States* 84 – hiervolgens word kinderprostitute dikwels blootgestel aan manipulasie en fisiese intimidasie; 'The National Strategy for Child Exploitation, Prevention and Interdiction: A Report to Congress August 2010' <[www.justice.gov/psc/docs/natstrategyreport.pdf](http://www.justice.gov/psc/docs/natstrategyreport.pdf)> (besoek 27 Desember 2012) 31-32 – hiervolgens word kinders, onder ander, blootgestel aan dwelms, intimidasie en geweld.

<sup>322</sup> Mouton *Bewuswording by die Adolescente Dwelmafhanglike tydens die Terapeutiese Proses: 'n Gestaltbenadering* 71; Flowers 88.

<sup>323</sup> Subramanien 2011 *South African Journal of Criminal Justice* 24(3):247; McCabe *The Trafficking of Persons: National and International Responses* 35 & 40; 'Trafficking' <[www.unicef.org/protection/files/Trafficking.pdf](http://www.unicef.org/protection/files/Trafficking.pdf)> (besoek 26 Desember 2012) 1.

Probleme wat deur kinderprostitusie geskep word, is onder ander dat 'n toenemende groep werklose kinders en jeugdiges prostitusie as 'n uitkoms vir oorlewing beskou<sup>324</sup> en dat jong meisies wat as kinderprostitute werksaam is, soms onkundig is oor aangeleenthede wat vrouens raak, soos byvoorbeeld swangerskap en aborsie.<sup>325</sup> Na raming het die gemiddelde getroude vrou tussen 100 en 150 keer per jaar seksuele gemeenskap. Hierteenoor het kinderprostitute gemiddeld 1 000 keer per jaar seksuele omgang.<sup>326</sup> Hierdie hoë intensiteit van seksuele omgang, asook hul onkunde in verband met seksueel oordraagbare siektes en hulle lewenswyse (naglewe, beperkte slaap, alkohol- en dwelmafhangklikheid en mishandeling), kan ernstige fisiese en emosionele gevolge vir kindersekswerkers hê.<sup>327</sup> Kinderprostitute word ook op sielkundige vlak geaffekteer en sluit hulself gevölglik emosioneel en seksueel af om hulself sodoende sielkundig te beskerm.<sup>328</sup> Derhalwe vind prostitute dit moeilik om weer mettertyd emosioneel by 'n verhouding betrokke te raak.<sup>329</sup> Dit blyk dus dat prostitute hulself afstomp om die realiteit van hul beroep (seksuele mishandeling) te hanteer as 'n verdedigingsmeganisme.<sup>330</sup> Prostitute kan aspekte soos 'n lae selfbeeld, gebrek aan waardigheid, skuldgevoelens, depressie, vernedering en verkleinering ondervind.<sup>331</sup> Dit is algemeen dat prostitute simptome van post-traumatiese stresversteurings, angsversteurings, depressie, irritasie, terugflitsverskynsels en emosionele afstomping kan toon.<sup>332</sup>

---

<sup>324</sup> Hesselink-Louw 'n Viktimologiese Ondersoek na Vroulike Kindersekswerkers met Spesifieke Verwysing na Gauteng 3.

<sup>325</sup> UNICEF Adolescence: A Time That Matters 32; Hesselink-Louw 'n Viktimologiese Ondersoek na Vroulike Kindersekswerkers met Spesifieke Verwysing na Gauteng 3.

<sup>326</sup> Hesselink-Louw 'n Viktimologiese Ondersoek na Vroulike Kindersekswerkers met Spesifieke Verwysing na Gauteng 4.

<sup>327</sup> Hesselink-Louw 'n Viktimologiese Ondersoek na Vroulike Kindersekswerkers met Spesifieke Verwysing na Gauteng 15; 'Trafficking in Girls with Special Reference to Prostitution: A Rapid Assessment' <[www.ilo.int/legacy/english/regions/asro/newdelhi/ipec/download/resources/nepal/nppubl01eng9.pdf](http://www.ilo.int/legacy/english/regions/asro/newdelhi/ipec/download/resources/nepal/nppubl01eng9.pdf)> (besoek 27 Desember 2012) 30 – die fisiese impak op kindersekswerkers word hier bespreek, onder ander, seksueel oordraagbare siektes; 'Child Prostitution: The Curse Affecting Every Continent' <[http://childrensrights\\_portal.org/child-prostitution/](http://childrensrights_portal.org/child-prostitution/)> (besoek 27 Desember 2012) 1 – beide fisiese en emosionele gevolge vir kindersekswerkers word hier bespreek; Deb Children in Agony: A Source Book 213 – onkunde van kindersekswerkers rakende seksueel oordraagbare siektes.

<sup>328</sup> Hesselink-Louw, Bezuidenhout & Pretorius 2002 Acta Criminologica 15(2):49-50.

<sup>329</sup> Ibid.

<sup>330</sup> Ibid.

<sup>331</sup> Deb 213; Hesselink-Louw, Bezuidenhout & Pretorius 2002 Acta Criminologica 15(2):51.

<sup>332</sup> Hesselink-Louw 'n Viktimologiese ondersoek na Vroulike Kindersekswerkers met spesifieke verwysing na Gauteng 39; Deb 213.

Armoede is meestal die grootste bydraende faktor vir die toetreding tot prostitusie.<sup>333</sup> Veral kinders het selde 'n vrye keuse in die beoefening van prostitusie en word ter wille van oorlewing daartoe gedryf. 'n Toename in werkloosheid, relatief lae vlakke van skolastiese opvoeding, veranderinge in godsdienslike en kulturele norme, 'n verbrokkelende gesinslewe en 'n gebrek aan gemeenskapsondersteuning, sowel as aan maatskaplike welsyn en plekke van veiligheid, dra egter ook by tot kinderprostitusie.<sup>334</sup> Verder maak finansiële probleme en 'n soektog na opwinding en vryheid 'n beroep soos prostitusie vir kinders aanloklik.<sup>335</sup>

*Kinderpornografie* – Die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’ definieer kinderpornografie as die voorstelling, op welke wyse ookal, van 'n kind betrokke in werklike of gesimuleerde eksplisiete seksuele aktiwiteite, asook enige voorstelling van 'n kind se geslagsorgane primêr vir seksuele doeinde.<sup>336</sup> Volgens artikel 3(b) van Konvensie 182 moet die gebruik van kinders vir kinderpornografie uitgewis word. Nasionale wetgewing moet derhalwe voorsiening maak vir verbiedende maatreëls en strafsanksies vir die gebruik van kinders in die verkoop, verspreiding, besit en produsering van kinderpornografie.<sup>337</sup>

### **(iii) Die betrokkenheid van kinders by onwettige aktiwiteite**

Volgens Konvensie 182 is die gebruik van kinders in die pleeg van 'n misdaad een van die ergste vorms van kinderarbeid.<sup>338</sup> Hierdie konvensie maak dit duidelik dat kinders wat deur volwassenes gebruik word om 'n misdaad te pleeg, slagoffers van uitbuitende en ergste

---

<sup>333</sup> Stevens & Cloete 114; Hesselink-Louw, Bezuidenhout & Pretorius 2002 *Acta Criminologica* 15(2):49 – hiervolgens is armoede een van die grootste faktore wat bydra tot kinderprostitusie, maar bestaan daar ook verdere faktore, byvoorbeeld konflik in die huis, dwelmverslawing en emosionele en fisiese misbruik, wat hiertoe aanleiding gee.

<sup>334</sup> Stevens & Cloete 114.

<sup>335</sup> *Ibid.*

<sup>336</sup> Art 2(c) van die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’.

<sup>337</sup> Art 1 van Konvensie 182.

<sup>338</sup> Art 3(c) van Konvensie 182.

vorms van kinderarbeid is.<sup>339</sup> Aangesien dié kinders 'n misdaad begaan het, laat dit die vraag ontstaan of hulle ook as oortreders beskou moet word of nie.<sup>340</sup> Daar is nie 'n maklike antwoord op hierdie vraag nie. Waar 'n kind gedreig word of geweld teen hom/haar gebruik word om 'n opsetsmisdaad te pleeg, sal wilsgerigtheid ontbreek en sal die kind derhalwe slegs 'n slagoffer wees en nie ook as oortreder gereken word nie.<sup>341</sup> 'n Onlangse studie<sup>342</sup> het egter aangetoon dat kinders dikwels vrywillig aan misdaad deelneem as gevolg van die verwagte beloning wat hulle aangebied word.<sup>343</sup> Hierdie belonings varieer van noodsaklikhede (byvoorbeeld kos) tot dwelmmiddels of luukshede wat die kind andersins nie sou kon bekostig nie.<sup>344</sup> Derhalwe word daar geargumenteer dat kinders deur twee lense beskou moet word – eerstens as 'n oortreder, maar terselfdetyd ook as 'n slagoffer van een van die ergste vorms van kinderarbeid.<sup>345</sup> Kinders moet verantwoordelik gehou word vir hul betrokkenheid by misdaad, maar daar moet tydens vonnisoplegging in ag geneem word dat die kind 'n slagoffer was van misbruik en manipulasie deur ouer persone.<sup>346</sup> Volwassenes gebruik kinders vir 'n verskeidenheid misdadige optredes.<sup>347</sup> Kinders word dikwels gebruik vir handel in dwelmmiddels vanweë hul toegang tot jeugdige sosiale byeenkomste, waar dwelms dikwels in aanvraag is.<sup>348</sup> Die jeugdige met 'n klein liggaamsbou word dikwels

---

<sup>339</sup> Noguchi 'The Use of Children in Illicit Activities as a Worst Form of Child Labour: A Comment on Article 3(c) of ILO Convention 182' in Nesi, Nogler & Pertile *Child Labour in a Globalized World: A Legal Analysis of ILO Action 163-165 en 174-175*.

<sup>340</sup> 'Child Justice in South Africa: Children's Rights under Construction' <[www.childjustice.org.za/publications/CJ\\_ConferenceReport.pdf](http://www.childjustice.org.za/publications/CJ_ConferenceReport.pdf)> (besoek 17 Januarie 2013) 103.

<sup>341</sup> 'Child Justice in South Africa: Children's Rights under Construction' <[www.childjustice.org.za/publications/CJ\\_ConferenceReport.pdf](http://www.childjustice.org.za/publications/CJ_ConferenceReport.pdf)> (besoek 17 Januarie 2013) 103; Burchell *Principles of Criminal Law* 179 en 181-182 – vir wilsgerigtheid as element van strafregtelike aanspreeklikheid.

<sup>342</sup> Die studie: 'Children Used by Adults to Commit Crime: Situation Analysis and Pilot Design' voorberei deur 'Children's Rights Project, Community Law Centre, University of the Western Cape' – sien 'Children Used by Adults to Commit Crime: Situation Analysis and Pilot Design' <<http://www.legal.aid.co.za/wp-content/uploads/2012/05/children-used-by-adults-to-commit-crime-CUBAC-Guidelines.pdf>> (besoek 22 Desember 2012) 1-38.

<sup>343</sup> 'Children Used by Adults to Commit Crime: Situation Analysis and Pilot Design' <<http://www.legal.aid.co.za/wp-content/uploads/2012/05/children-used-by-adults-to-commit-crime-CUBAC-Guidelines.pdf>> (besoek 22 Desember 2012) 23-24.

<sup>344</sup> *Ibid.*

<sup>345</sup> 'Child Justice in South Africa: Children's Rights under Construction' <[www.childjustice.org.za/publications/CJ\\_ConferenceReport.pdf](http://www.childjustice.org.za/publications/CJ_ConferenceReport.pdf)> (besoek 17 Januarie 2013) 104.

<sup>346</sup> *S v Mfazwe and Others* (Saak nommer 07/06, KPA, 28 Junie 2007) [par 22] - ongerapporteerde saak.

<sup>347</sup> Frank 2006 *SA Crime Quarterly* (16):16.

<sup>348</sup> Stevens & Cloete 18-19.

gebruik in huisbraak, aangesien die klein dief maklik deur nou openings kan kom.<sup>349</sup> Meisies word dikwels deur mans in bordele seksueel misbruik.<sup>350</sup>

#### **(iv) Werk wat die gesondheid, veiligheid of moraal van kinders skade kan berokken**

Volgens Konvensie 182 moet elke ratifiserende staat vasstel watter tipes werk die gesondheid, veiligheid of moraal van kinders in die betrokke land bedreig, wat dan deur nasionale wetgewing gereguleer moet word ten einde kinders teen hierdie vorms van arbeid te beskerm.<sup>351</sup> Die geïdentifiseerde, skadelike vorms van arbeid moet in oorleg met die betrokke werkgewers en werknemers vasgestel word en van tyd tot tyd hersien word.<sup>352</sup> Nasionale programme moet ingestel word met die doel om die ergste vorms van kinderarbeid te elimineer, as hoogste prioriteit.<sup>353</sup>

#### **3.1.2.4 Die ‘African Charter on the Rights and Welfare of the Child’**

##### **3.1.2.4 (a) Algemeen**

Die ACRWC is ‘n belangrike instrument van die Afrika-menseregtestelsel vir die bevordering en beskerming van die regte van die kind.<sup>354</sup> Dié handves, wat in 1990 deur die Organisasie vir Afrika Eenheid aanvaar is en in 1999 in werking getree het,<sup>355</sup> vul die UNCRC gedeeltelik aan en hanteer ook spesifieke probleme in Afrika-lande.<sup>356</sup> Byna alle Afrika-lande met die

---

<sup>349</sup> *Ibid.*

<sup>350</sup> *Ibid.*

<sup>351</sup> Art 4(1) van Konvensie 182.

<sup>352</sup> Art 4(3) van Konvensie 182.

<sup>353</sup> Art 6 van Konvensie 182.

<sup>354</sup> ACERWC ‘The African Charter of the Rights and Welfare of the Child’ <<http://acerwc.org/the-african-charter-on-the-rights-and-welfare-of-the-child-acrwc/>> (besoek 28 Desember 2012) 1; ‘Advancing Children’s Rights: A Guide for Civil Society Organisations on How to Engage with the African Committee of Experts on the Rights and Welfare of the Child’ <<http://www.crin.org/docs/Advancing%20Childrens%20Rights%20-%20CSO%20Guide%20to%20the%20ACERWC.pdf>> (besoek 27 Desember 2012) i.

<sup>355</sup> Aanhef van die ACRWC; ‘The African Charter on the Rights and Welfare of the Child’ <[http://www.unicef.org/esaro/children\\_youth\\_5930.html](http://www.unicef.org/esaro/children_youth_5930.html)> (besoek 28 Desember 2012) 1.

<sup>356</sup> ‘The African Charter on the Rights and Welfare of the Child’ <[http://www.unicef.org/esaro/children\\_youth\\_5930.html](http://www.unicef.org/esaro/children_youth_5930.html)> (besoek 28 Desember 2012) 1.

uitsondering van Somalië en Zambië, het hierdie handves aangeneem.<sup>357</sup> Beide Somalië en Zambië het egter reeds die handves onderteken ten spyte daarvan dat hulle dit nog nie bekragtig het nie.<sup>358</sup>

### 3.1.2.4 (b) Relevante bepalings

Artikel 15 van die ACRWC bevat bepalings oor die regulering van kinderarbeid en die ergste vorms van kinderarbeid. Artikel 15(1) van die ACRWC bepaal dat elke kind beskerm moet word teen ekonomiese uitbuiting en teen enige werk wat sal inmeng met sy/haar fisiese, psigiese, morele of maatskaplike ontwikkeling. Artikel 15(2) van die ACRWC vereis dat Afrika-state administratiewe en wetgewende maatreëls rakende kinderarbeid moet implementeer. Hierdie artikel vereis ook van state om die bepalings van ander internasionale instrumente te oorweeg. Artikel 15(2) vereis spesifiek die oorweging van relevante bepalings van die ILO. Dit verskil van die posisie in die UNCRC wat in artikel 32(2) bepaal dat oorweging van alle relevante internasionale instrumente in die algemeen vereis word. Dit blyk dus dat die ACRWC in sommige opsigte, waarvan artikel 15(2) 'n voorbeeld is, meer beperkend van aard is as die UNCRC en nie altyd laasgenoemde konvensie aanvul nie.<sup>359</sup> Artikel 15 van die ACRWC het twee verdere bepalings vir die effektiewe regulering van kinderarbeid, naamlik: artikel 15(2)(a), wat bepaal dat 'n minimum loon vir elke tipe werk deur nasionale wetgewing vasgestel moet word<sup>360</sup> en artikel 15(2)(d) wat 'n verdere verpligting op state plaas om inligting rakende die gevare van kinderarbeid nasionaal te versprei. Laastens, met betrekking tot die regulering van kinderarbeid, bepaal artikel 4(2) van die betrokke handves dat die kind die geleentheid gebied moet word om sy/haar mening te lug oor aangeleenthede wat hom/haar raak,<sup>361</sup> spesifiek in administratiewe aangeleenthede of regsaangeleenthede. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie

---

<sup>357</sup> Viljoen in Boenzaart (red) 347 – 348; ‘The African Charter on the Rights and Welfare of the Child’ <[http://www.unicef.org/esaro/children\\_youth\\_5930.html](http://www.unicef.org/esaro/children_youth_5930.html)> (besoek 28 Desember 2012) 1.

<sup>358</sup> *Ibid.*

<sup>359</sup> Sien par 3.1.2.4(a) hierbo.

<sup>360</sup> Hierdie bepaling dra daartoe by dat kinders teen ekonomiese uitbuiting beskerm word.

<sup>361</sup> Sien ook par 3.1.2.1 (c) hierbo vir die reg van die kind om gehoor te word in die UNCRC.

administratiewe aangeleenthede of regsaangeleenthede kinderarbeid of die effek van indiensneming kan insluit.

Met ratifikasie van die *ACRWC* onderneem lidstate, insluitende Suid-Afrika,<sup>362</sup> om wetgewende en administratiewe stappe te doen om die behoorlike implementering van artikel 15 te verseker.<sup>363</sup> Implementering van hierdie artikel vind in sowel die formele as die informele sektor plaas.<sup>364</sup> Die handves plaas die regte van kinders in die perspektief van hulle kultuur<sup>365</sup> en daar word gepoog om kinders in Afrika teen geværlike maatskaplike en kulturele praktyke, asook geværlike arbeidspraktyke te beskerm.<sup>366</sup> Die handves bied ook beskerming teen spesifieke omstandighede (byvoorbeeld gewapende konflik, uitermatige armoede en uitbuiting) wat kenmerkend van Afrika-lande is.<sup>367</sup>

### **3.1.3 Internasionale beskerming aan kinders: protokolle met betrekking tot kinderarbeid**

#### **3.1.3.1 Algemeen**

‘n Opsionele protokol tot ‘n konvensie is ‘n konvensie in eie reg.<sup>368</sup> Dieselfde procedures wat gevolg moet word om die oorspronklike konvensie in werking te stel, moet gevolg word ten opsigte van die protokol.<sup>369</sup> So ‘n protokol is aanvullend tot die oorspronklike konvensie, maar lidstate tot die oorspronklike konvensie is nie verplig om die protokol te ratifiseer nie en state wat nie die oorspronklike konvensie geratificeer het nie, kan slegs die protokol ratifiseer.<sup>370</sup>

---

<sup>362</sup> Suid-Afrika het die *ACRWC* geratificeer op 7 Januarie 2000 – sien ‘Ratification Table: African Charter on the Rights and Welfare of the Child’ <[www.achpr.org/instruments/child/ratification/](http://www.achpr.org/instruments/child/ratification/)> (besoek 28 Desember 2012) 1; Viljoen in Boezaart 348.

<sup>363</sup> Art 15 (2) van die *ACRWC*; sien ook par 3.1.2.4(b) hierbo.

<sup>364</sup> Art 15(2) van die *ACRWC*.

<sup>365</sup> Aanhef tot die *ACRWC*.

<sup>366</sup> Sien, onder andere, art 15(1) van die *ACRWC* en art 21(1)(a) en art 21(1)(b) van die *ACRWC*.

<sup>367</sup> Aanhef tot die *ACRWC*; Coetze *Internasionale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele lesse vir Suid-Afrika* 67.

<sup>368</sup> Mahery in Boezaart (red) 326.

<sup>369</sup> *Ibid.*

<sup>370</sup> *Ibid.*

### 3.1.3.2 ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’

Die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’ het in Januarie 2002 in werking getree en poog om die uitbuiting van kinders teen te werk.<sup>371</sup> Artikel 1 van die protokol verplig state om ‘n verbod te plaas op die verkoop van kinders, kinderprostitusie en kinderpornografie. Artikel 2 definieer die verkoop van kinders, kinderprostitusie en kinderpornografie vir doeleindes van die betrokke protokol. Aktiwiteite wat binne die bestek van die definisies in artikel 2 val, asook pogings daar toe, moet in deelnemende state gekriminaliseer word.<sup>372</sup> State moet ook maatreëls in plek stel vir beslaglegging op enige instrumente wat aangewend word in die pleeg van misdrywe en vir die beskerming van slagoffers.<sup>373</sup> Beskermingsmaatreëls moet die weerloosheid en spesiale behoeftes van kinders, veral waar die kind as getuie optree, erken.<sup>374</sup> Indien ‘n kind as ‘n getuie optree of die klaer/klaagster in ‘n saak is, moet sodanige kind bygestaan word deur professionele persone en voorsiening moet gemaak word dat die kind sy/haar getuienis buite die sig van die beskuldigde kan aflê.<sup>375</sup>

---

<sup>371</sup> Sien datum van inwerkingtreding saamgelees met die aanhef tot die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’; Mahery in Boezaart 326.

<sup>372</sup> Art 3 van die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’.

<sup>373</sup> Art 7 van die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’.

<sup>374</sup> Art 8(1)(a) van die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’.

<sup>375</sup> Art 34(a) van ECOSOC Resolution 2005/20: Guidelines on Justice in Matters involving Child Victims and Witnesses on Crimes – verkrygbaar by ‘ECOSOC Resolution 2005/20’ <<http://www.un.org/en/ecosoc/docs/2005/resolution%202005-20.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013) 10; *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister for Justice and Constitutional Development and Others 2009 (2) SACR 130 (KH) [par 79]*.

### 3.1.3.3 Die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the involvement of children in armed conflict’

Die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the involvement of children in armed conflict’ het in Februarie 2002 in werking getree<sup>376</sup> en is aanvullend tot die beperkte beskerming wat artikel 38 van die *UNCRC* aan kinders in gewapende konflik bied.<sup>377</sup> Artikel 38(2) van die *UNCRC* bepaal dat kinders onder die ouderdom van 15 jaar nie direk aan oorlog blootgestel mag word nie. Lidstate moet daarvan weerhou word om persone onder die ouderdom van 15 jaar te werf vir die aanwending in gewapende konflik.<sup>378</sup> Indien persone onder die ouderdom van 15 jaar wel vir diens in ‘n gewapende stryd gewerf word, moet voorkeur gegee word aan persone ouer as 15 jaar.<sup>379</sup> Artikel 1 van die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the involvement of children in armed conflict’ bied beter beskerming aan kinders deur te bepaal dat kinders onder die ouderdom van 18 jaar nie direk aan gewapende konflik blootgestel mag word nie.<sup>380</sup> Kinders onder die ouderdom van 18 jaar mag ook nie onder dwang gewerf word vir deelname aan gewapende konflik nie, maar mag vrywillig daaraan deelneem.<sup>381</sup> Lidstate moet meganismes instel wat verseker dat die beweerde vrywillige deelname van kinders aan gewapende konflik werklik vrywillig was, dat toestemming van die kind se ouer(s) of wettige voog verkry is, dat die kandidaat ten volle ingelig is oor die verantwoordelikhede in gewapende konflik en dat bewys van ouderdom deur die kind verskaf is.<sup>382</sup>

---

<sup>376</sup> Sien datum van inwerkintreding van die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the involvement of children in armed conflict’.

<sup>377</sup> Waschefort *Child Soldiers and International Law: Progressing Towards ‘an Era of Application’?* 168.

<sup>378</sup> Art 38(3) van die *UNCRC*.

<sup>379</sup> *Ibid.*

<sup>380</sup> Sien ook Waschefort *Child Soldiers and International Law: Progressing Towards ‘an Era of Application’?* 169.

<sup>381</sup> Art 2 van die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the involvement of children in armed conflict’; Mahery in Boenzaart 328.

<sup>382</sup> Art 3(3)(a) – 3(3)(d) van die ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the involvement of children in armed conflict’; Waschefort *Child Soldiers and International Law: Progressing Towards ‘an Era of Application’?* 172.

### 3.1.4 Gevolgtrekking

Samevattend kan die minimum standaarde wat internasionale konvensies en protokolle (ter beskerming van kinders in die arbeidsmark) bied, soos volg opgesom word: ergste vorms en uitbuitende vorms van kinderarbeid moet ten alle tye verbied te word; kinders onder die ouderdom van 15 jaar behoort nie in diens geneem te word nie; en kinders moet ten alle tye beskerm word teen werk wat 'n gevaar vir hulle mag inhou of met hulle onderrig inmeng of skadelik vir hulle fisiese, psigiese, geestelike, morele of maatskaplike ontwikkeling kan wees. Minimum internasionale standaarde is uit bogenoemde vasgestel ten einde op 'n latere stadium, wanneer na Suid-Afrikaanse wetgewing gekyk word, te kyk of Suid-Afrika hieraan voldoen.

## 3.2 INTERNASIONALE INISIATIEWE TEEN KINDERARBEID

### 3.2.1 Inleiding

Die betrokkenheid van verskillende rolspelers uit verskillende spesialisvelde is nodig vir die effektiewe regulering van kinderarbeid en vir die praktiese uitvoering daarvan.<sup>383</sup> Die internasionale gemeenskap het sekere inisiatiewe en programme in die lewe geroep wat daartoe bydra dat armoede teenbewerk word en dat 'n veilige omgewing vir kinders geskep word, waarin hulle teen uitbuitende praktyke beskerm word. Vervolgens word daar gekyk na sommige van hierdie programme, asook hul doelwitte.

### 3.2.2 Die 'United Nations Children's Fund'

Na die Tweede Wêreldoorlog toe Europese kinders hongersnood en siekte in die gesig gestaar het, het die Verenigde Nasies 'n kinderfonds in die lewe geroep om kos, klere en gesondheidsorg aan hierdie kinders te verskaf.<sup>384</sup> Deur die jare het hierdie fonds, wat as

---

<sup>383</sup> Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):28.

<sup>384</sup> Lundy & Janes *Essentials of Community-Based Nursing* 128.

UNICEF bekend staan, ‘n verskeidenheid projekte aangepak en werk tans steeds wêreldwyd vir die bevordering van kinderregte.<sup>385</sup> UNICEF maak staat op bydraes van regerings en privaat skenkers ten einde hul doelwitte te bereik.<sup>386</sup> Kinderregte word bevorder deur te poog om die struikelblokke wat armoede, geweld, siekte en diskriminasie in ‘n kind se pad kan plaas, uit die weg te ruim.<sup>387</sup> Die fonds beywer hom ook vir die onderrig van kinders, immunisering van kinders teen kindersiektes en die voorkoming van MIV/Vigs onder jongmense.<sup>388</sup> Kinders en hul families wat deur MIV/Vigs geraak word, word ook bygestaan om hul lewens met waardigheid te leef.<sup>389</sup> Verder skep die fonds ‘n beskermende omgewing vir kinders deur geweld, mishandeling en uitbuiting teen te werk.<sup>390</sup> UNICEF bereik hierdie doelwitte deur spesifieke programme en veldtogte in state in te stel. Voorbeeld van hierdie nasionale programme of veldtogte sluit onder andere die volgende in:

- programme vir die onderrig en gelyke behandeling van meisies<sup>391</sup> – hierdie programme bevorder geslagsgelykheid en dra by tot die bevordering van die onderrig van meisies;
- kinderontwikkelingsprogramme<sup>392</sup> – hierdie programme fokus op gesonde voedsel, siektevoorkoming en die verbetering van gesondheid in die huis en die gemeenskap. Kwessies soos higiëne, besoedeling en skoon drinkwater word ook hanteer;
- ‘Unite for Children, Unite Against AIDS Campaign’<sup>393</sup> – hierdie veldtog fokus op die voorkoming van die verspreiding van MIV/Vigs onder jongmense.

---

<sup>385</sup> ‘About UNICEF: Who we are’ <[http://www.unicef.org/about/who/index\\_introduction.html](http://www.unicef.org/about/who/index_introduction.html)> (besoek 10 Junie 2011) 1; ‘Focus Areas’ <<http://www.unicef.org/whatwedo/index.html>> (besoek 28 Desember 2012) 1.

<sup>386</sup> ‘Annual Report 2004’ <[http://www.unicef.org/publications/files/UNICEF\\_AnnualReport2004\\_eng.pdf](http://www.unicef.org/publications/files/UNICEF_AnnualReport2004_eng.pdf)> (besoek 10 November 2012) 43; ‘Annual Report 2009’ <[www.unicef.org/publications/files/UNICEF\\_AnnualReport\\_2009\\_EN\\_061510.pdf](http://www.unicef.org/publications/files/UNICEF_AnnualReport_2009_EN_061510.pdf)> (besoek 10 November 2012) 35.

<sup>387</sup> ‘About UNICEF: Who we are’ <[http://www.unicef.org/about/who/index\\_introduction.html](http://www.unicef.org/about/who/index_introduction.html)> (besoek 10 Junie 2011) 1.

<sup>388</sup> *Ibid.*

<sup>389</sup> *Ibid.*

<sup>390</sup> ‘Child Protection from Violence, Exploitation and Abuse’ <[www.unicef.org/media/media\\_45451.html](http://www.unicef.org/media/media_45451.html)> (besoek 11 Junie 2011) 1; ‘About UNICEF: Who we are’ <[http://www.unicef.org/about/who/index\\_introduction.html](http://www.unicef.org/about/who/index_introduction.html)> (besoek 10 Junie 2011) 1.

<sup>391</sup> ‘Basic Education and Gender Equality’ <[http://www.unicef.org/education/bege\\_61657.html](http://www.unicef.org/education/bege_61657.html)> (besoek 11 Junie 2011) 1.

<sup>392</sup> ‘Nutrition’ <[www.unicef.org/nutrition/index\\_4050.html](http://www.unicef.org/nutrition/index_4050.html)> (besoek 11 Junie 2011) 1; ‘Water, Sanitation and Hygiene’ <[http://www.unicef.org/wash/index\\_39\\_51.html](http://www.unicef.org/wash/index_39_51.html)> (besoek 12 Junie 2011) 1; ‘Health’ <[www.unicef.org/health/index\\_4020.html](http://www.unicef.org/health/index_4020.html)> (besoek 11 Junie 2011) 1.

<sup>393</sup> ‘Unite for Children: Unite Against AIDS’ <[www.unicef.org/aids/index\\_55821.html](http://www.unicef.org/aids/index_55821.html)> (besoek 10 Junie 2011) 1.

### 3.2.3 Die ‘International Programme for the Elimination of Child Labour’

Die ILO se ‘International Programme for the Elimination of Child Labour’ (hierna *IPEC*) het in 1992 ontstaan,<sup>394</sup> met die doel om kinderarbeid progressief uit te skakel.<sup>395</sup> Hierdie program word befonds deur die Verenigde State van Amerika se Departement van Arbeid<sup>396</sup> en fondse word aangewend om lande by te staan in die regulering van kinderarbeid.<sup>397</sup> Rolspelers wat deel vorm van ‘IPEC’ sluit verskeie werkgewers- en werknemersorganisasies, privaatondernemings, gemeenskapsgebaseerde organisasies, nieregeringsorganisasies, regsbanke, godsdiestige en parlementêre groepe, asook lede van die media in.<sup>398</sup> ‘IPEC’ fokus veral op die uitwissing van dwangarbeid en gevalle van kinders wat onder gevaarlike omstandighede werk of onder die ouderdom van 12 jaar in diens geneem word.<sup>399</sup>

### 3.2.4 Gevolgtrekking

Internasionale inisiatiewe soos hierbo bespreek, dra by tot die bevordering van die welstand van die kind. *IPEC* poog spesifiek om kinderarbeid progressief uit te skakel. Alhoewel hierdie inisiatiewe positiewe bydraes maak ten einde kinders te beskerm, voel die skrywer tog dat

---

<sup>394</sup> ‘Child Labour: ILO’s International Programme on the Elimination of Child Labour (IPEC)’ <[www.un.org/en/globalissues/briefingpapers/childlabour/iloprogramme.shtml](http://www.un.org/en/globalissues/briefingpapers/childlabour/iloprogramme.shtml)> (besoek 28 Desember 2012) 1; ‘ILO and Today’s Global Challenges 1992’ <[www.ilo.org/public/english/support/lib/century/content/1992.htm](http://www.ilo.org/public/english/support/lib/century/content/1992.htm)> (besoek 28 Desember 2012) 1; ‘Eliminating the Worst Forms of Child Labour: A Practical Guide to ILO Convention No. 182’ <[www.ipu.org/PDF/publications/childlabour\\_en.pdf](http://www.ipu.org/PDF/publications/childlabour_en.pdf)> (besoek 28 Desember 2012) 159.

<sup>395</sup> ‘Child Labour: ILO’s International Programme on the Elimination of Child Labour (IPEC)’ <[www.un.org/en/globalissues/briefingpapers/childlabour/iloprogramme.shtml](http://www.un.org/en/globalissues/briefingpapers/childlabour/iloprogramme.shtml)> (besoek 28 Desember 2012) 1.

<sup>396</sup> ‘International Programme on the Elimination of Child Labor (ILO/IPEC)’ <[www.dol.gov/ILAB/programs/iclp/ipec/main.htm#.UN3tTazcD84](http://www.dol.gov/ILAB/programs/iclp/ipec/main.htm#.UN3tTazcD84)> (besoek 28 Desember 2012) 1; Mertus *The United Nations and Human Rights: A Guide for a New Era* 141 – hiervolgens is die Verenigde State van Amerika se Departement van Arbeid byvoorbeeld betrokke in befondsing van *IPEC* se aktiwiteite in Indië.

<sup>397</sup> ‘International Programme on the Elimination of Child Labor (ILO/IPEC)’ <[www.dol.gov/ILAB/programs/iclp/ipec/main.htm#.UN3tTazcD84](http://www.dol.gov/ILAB/programs/iclp/ipec/main.htm#.UN3tTazcD84)> (besoek 28 Desember 2012) 1; Coetze *Internasjonale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele lesse vir Suid-Afrika* 66.

<sup>398</sup> ‘The Programme’ <<http://www.ilo.org/ipec/programme/lang--en/index.htm>> (besoek 28 Desember 2012) 1; ‘Scream Stop Child Labour: Supporting Children’s Rights through Education, the Arts and the Media’ <[learning.itcilo.org/ilo/ipec/scream/pack\\_en/pdf/Users\\_Guide\\_EN.pdf](http://learning.itcilo.org/ilo/ipec/scream/pack_en/pdf/Users_Guide_EN.pdf)> (besoek 28 Desember 2012) 2.

<sup>399</sup> Coetze *Internasjonale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele lesse vir Suid-Afrika* 66; ‘Eliminating the Worst Forms of Child Labour: A Practical Guide to ILO Convention No. 182’ <[www.ipu.org/PDF/publications/childlabour\\_en.pdf](http://www.ipu.org/PDF/publications/childlabour_en.pdf)> (besoek 28 Desember 2012) 159.

alle arbeid nie nadelig is nie en derhalwe nie totaal verbied moet word nie. In effek voel die skrywer dat *IPEC* slegs uitbuitende en ergste vorms van kinderarbeid behoort uit te skakel.

## HOOFSTUK 4: KINDERARBEID IN SUID-AFRIKA

### 4.1 OMVANG VAN KINDERARBEID IN SUID-AFRIKA

Volgens Statistiek Suid-Afrika se ‘Statistical release P0212 Survey of Activities of Young People 2010’<sup>400</sup> was daar in die derde kwartaal van 2010 ‘n totaal van 11 miljoen kinders in die ouderdomsgroep sewe tot 17 jaar in Suid-Afrika, waarvan die verspreiding oor beide geslagte byna eweredig was (50,3% manlik en 49,7% vroulik). Van dié totaal was 24,8% by ekonomiese aktiwiteite ten opsigte van markproduksie of produksie van goedere en dienste vir huishoudelike gebruik betrokke. Swart kinders was meer betrokke by ekonomiese aktiwiteite as kinders in ander populasiegroepe. Kinders wat nie skool bygewoon het nie, was meer by arbeid betrokke as skoolgaande kinders. Meeste kinders was betrokke by die handelsindustrie (58,1%), meestal in elementêre beroepe (66,4%). Ongeveer 41,7% kinders wat betrokke by ekonomiese aktiwiteite was, is blootgestel aan minstens een gevvaarlike toestand. Seuns (43,4%) het ‘n groter kans gehad om blootgestel te word aan gevvaarlike toestande as meisies (40,1%). Van die totale 11 miljoen kinders hierbo genoem het slegs 77,6% albei ouers in lewe gehad, terwyl 5,8% geen ouer meer lewend gehad het nie.<sup>401</sup>

Die getalle van kinders wat toetree tot die arbeidsmark in Suid-Afrika neem daagliks toe weens onder andere die MIV- en Vigs- pandemie, wat baie kinders wees laat.<sup>402</sup> Hierdie kinders moet noodgedwonge werk ter wille van oorlewing.<sup>403</sup> Na raming is daar net in

---

<sup>400</sup> ‘Statistical Release P0212: Survey of Activities of Young People 2010’ <[www.datafirst.uct.ac.za/catalogue3/index.php/catalog/130](http://www.datafirst.uct.ac.za/catalogue3/index.php/catalog/130)> (besoek 29 Desember 2012) v.

<sup>401</sup> Al bogenoemde statistiek kan verkry word in Suid-Afrika se ‘Statistical release P0212 Survey of Activities of Young People 2010’ – sien ‘Statistical Release P0212: Survey of Activities of Young People 2010’ <[www.datafirst.uct.ac.za/catalogue3/index.php/catalog/130](http://www.datafirst.uct.ac.za/catalogue3/index.php/catalog/130)> (besoek 29 Desember 2012) v.

<sup>402</sup> Lalthapersad-Pillay 2008 *Africa Insight* 37(4):152-153; Mayimele-Hashatse in Davel (red) 80.

<sup>403</sup> De Beer 2008 *In die Skriflig* 42(4):618-619; John 152; Boyden & Myers 40.

Johannesburg alleen sowat 10 000 kinderprostitute.<sup>404</sup> Meintjes,<sup>405</sup> adjunkdirekteur van openbare vervolging, sê dat daar nie soortgelyke statistiek beskikbaar is vir ander stede in Suid-Afrika nie, maar dat alle beskikbare inligting daarop dui dat die posisie in Kaapstad en Durban nie veel van Johannesburg verskil nie.<sup>406</sup> Meisies word in Suid-Afrika vir tussen R2 500 en R12 000 verkoop en kinders wat as prostitute en dwelmhandelaars werk, verdien tussen R1 500 en R5 000 per dag.<sup>407</sup> Kinders so jonk as 10 jaar word gewerf en aangewend vir seksuele misbruik deur volwassenes.<sup>408</sup> Coetzee<sup>409</sup> van Siphumelele, ‘n hawe vir straatkinders in Kempton Park, het aan *Rapport* gemeld dat jong meisies vir net R20 ‘n dag ‘n uitgeteerde, bedwelmde of gestremde kind kan huur om by simpatieke motoriste te bedel. ‘n Algemene situasie wat in Suid-Afrika voorkom ten opsigte van kinderarbeid, sluit in: kinders onder die ouderdom van 10 jaar betrokke in werksaktiwiteite wat kwalifiseer as kinderarbeid; kinders wat op straat woon en werk; kinders wat seksueel uitgebuit word; en kinders wat gebruik word vir die pleeg van misdaad.<sup>410</sup> Alhoewel kinderarbeid in Suid-Afrika deur nasionale wetgewing verbied word,<sup>411</sup> maak bogenoemde dit duidelik dat van die ergste vorms van kinderarbeid steeds daagliks in Suid-Afrika voorkom.

---

<sup>404</sup> ‘10 000 Child Prostitutes in Jhb’ <[www.news24.com/SouthAfrica/News/10-000-child-prostitutes-in-Jhb-20090603](http://www.news24.com/SouthAfrica/News/10-000-child-prostitutes-in-Jhb-20090603)> (besoek 27 Desember 2012) 1; Gallinetti *An Assessment of the Significance of the International Labour Organisation’s Convention 182 in South Africa with Specific Reference to the Instrumental Use of Children in the Commission of Offences as a Worst Form of Child Labour* 224; ‘South Africa: Child Labor in South Africa’ <[www.dol.gov/ilab/media/reports/iclp/advancing1/html/south\\_africa.htm#.UN8h76zcD84](http://www.dol.gov/ilab/media/reports/iclp/advancing1/html/south_africa.htm#.UN8h76zcD84)> (besoek 27 Desember 2012) 1.

<sup>405</sup> Meintjes is ook ‘n stigterslid van die Suid-Afrikaanse Beroepsvereniging oor die Misbruik van Kinders – sien ‘Skokverslag oor kindermishandeling’ <[http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2009/06/04/SK/14/aabaaaatj\\_1254\\_1551.html](http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2009/06/04/SK/14/aabaaaatj_1254_1551.html)> (besoek 22 Desember 2011) 1.

<sup>406</sup> ‘Skokverslag oor kindermishandeling’ <[http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2009/06/04/SK/14/aabaaaatj\\_1254\\_1551.html](http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2009/06/04/SK/14/aabaaaatj_1254_1551.html)> (besoek 22 Desember 2011) 1.

<sup>407</sup> ‘Family Policy Institute’ <[www.pechurchnet.co.za/post/docs/family\\_policy\\_institute\\_submission\\_on\\_prostitution.pdf](http://www.pechurchnet.co.za/post/docs/family_policy_institute_submission_on_prostitution.pdf)> (besoek 31 Desember 2012) 15.

<sup>408</sup> *Ibid.*

<sup>409</sup> ‘Gestremde Kind te Huur: R20’ <[http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2010/05/26/RH/5\\_evbedel1.html](http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2010/05/26/RH/5_evbedel1.html)> (besoek 10 Julie 2011) 1.

<sup>410</sup> ‘SA to Clamp Down on Child Labour’ <<http://www.southafrica.info/about/social/labour-110608.htm>> (besoek 10 Julie 2011) 1; ‘Statistical Release P0212: Survey of Activities of Young People 2010’ <[www.datafirst.uct.ac.za/catalogue3/index.php/catalog/130](http://www.datafirst.uct.ac.za/catalogue3/index.php/catalog/130)> (besoek 29 Desember 2012) v.

<sup>411</sup> Sien par 4.3.

## 4.2 INTERNASIONALE REG EN DIE VERHOUDING DAARVAN MET SUID-AFRIKAANSE NASIONALE REG

### 4.2.1 Inleiding

‘n Verskeidenheid internasionale instrumente bestaan wat betrekking het op kinderaangeleenthede en wat sekere minimum-standaarde en beskermingsmaatreëls beskikbaar stel aan deelnemende state om kinderarbeid effektief te reguleer.<sup>412</sup> Hierdie instrumente sluit onder ander internasionale konvensies, internasionale gewoontereg en internasionale hofbeslissings in.<sup>413</sup> Vervolgens word die status van internasionale reg in die Suid-Afrikaanse regsisteem bespreek. Vanweë die gebrek aan voldoende internasionale hofbeslissings ten opsigte van kinderarbeid, sal daar in hierdie verhandeling slegs gekyk word na die status en toepassing van internasionale konvensies en internasionale gewoontereg in Suid-Afrika.

### 4.2.2 Status van die internasionale reg in die Suid-Afrikaanse regsisteem

#### 4.2.2.1 Internasionale konvensies

Konvensies is internasionale ooreenkomste tussen state.<sup>414</sup> Deelnemende state kom uitdruklik ooreen om gebonde te wees aan die bepalings van die konvensie.<sup>415</sup> Artikel 231(1) van die Suid-Afrikaanse Grondwet bepaal dat die onderhandeling en die ondertekening van alle internasionale ooreenkomste die verantwoordelikheid is van die nasionale uitvoerende gesag van Suid-Afrika. ‘n Internasionale ooreenkoms bind die Republiek slegs nadat dit goedgekeur is deur ‘n resolusie in beide die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies.<sup>416</sup> ‘n Internasionale ooreenkoms van tegniese, administratiewe of uitvoerende aard, of ‘n ooreenkoms wat nie bekragtiging vereis nie, kan die Republiek bind

---

<sup>412</sup> Strydom & Hopkins ‘International Law & International Agreements’ in Woolman, Roux & Bishop (reds) *Constitutional Law of South Africa* 30/3 – 30/6; Olivier in Davel (red) 198-199.

<sup>413</sup> Olivier in Davel (red) 198-199; Dugard *International Law: A South African Perspective* 27 – vir die bronne van internasionale reg; Strydom & Hopkins in Woolman, Roux & Bishop (reds) 30/3 – 30/6.

<sup>414</sup> Strydom & Hopkins in Woolman, Roux & Bishop (reds) 30/3 – 30/4; Dugard 28.

<sup>415</sup> *Ibid.*

<sup>416</sup> Art 231(2) van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996. Hierna die Grondwet van Suid-Afrika.

sonder die goedkeuring van die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provincies, maar moet binne 'n redelike tyd ter tafel gelê word in die Vergadering en die Raad.<sup>417</sup> 'n Internasionale ooreenkoms verkry regskrag en word afdwingbaar in die Republiek sodra die bepalings van die betrokke ooreenkoms by nasionale wetgewing geïnkorporeer word.<sup>418</sup> Suid-Afrika het die volgende internasionale konvensies met betrekking tot kinderarbeid geratificeer:

- die UNCRC in 1995;<sup>419</sup>
  - Konvensie 138 in 2000;<sup>420</sup>
  - Konvensie 182 in 2000;<sup>421</sup>
  - die 'Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography' in 2003;<sup>422</sup>
  - 'Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the envolvement of children in armed conflict' in 2009;<sup>423</sup> en
  - die ACRWC in 2000.<sup>424</sup>
- 

<sup>417</sup> Art 231(3) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>418</sup> Art 231(4) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>419</sup> Sien 'South African Country Reports to the UN Convention on the Rights of the Child (UNCRC) and the African Charter on the Rights and Welfare of the Child (ACRWC)' <<http://www.peopletoparliament.org.za/focus-areas/children-rights/news/SA-country-reports-to-uncrc-and-acrwc>> (besoek 28 Desember 2012) 1 - vir datum waarop Suid-Afrika die UNCRC geratificeer het. Vir 'n bespreking van hierdie konvensie sien par 3.1.2.1 hierbo.

<sup>420</sup> Sien ILO 'List of Ratifications of International Labour Conventions: South Africa' <<http://webfusion.ilo.org/public/applis/appl-byCty.cfm?lang=EN&CTYCHOICE=0650&hdroff=1>> (besoek 28 Desember 2012) 1 - vir datum waarop Suid-Afrika Konvensie 138 geratificeer het. Vir 'n bespreking van hierdie konvensie sien par 3.1.2.2 hierbo.

<sup>421</sup> Sien ILO 'List of Ratifications of International Labour Conventions: South Africa' <<http://webfusion.ilo.org/public/applis/appl-byCty.cfm?lang=EN&CTYCHOICE=0650&hdroff=1>> (besoek 28 Desember 2012) 1 - vir datum waarop Suid-Afrika Konvensie 182 geratificeer het. Vir 'n bespreking van hierdie konvensie sien par 3.1.2.3 hierbo.

<sup>422</sup> Sien 'Optional Protocol on the Sale of Children, Child Prostitution and Child Pornography' <[www.fightpoverty.mmbriko.com/cr/prostitution.html](http://www.fightpoverty.mmbriko.com/cr/prostitution.html)> (besoek 28 Desember 2012) 1 en Department: Women, Children and People with Disabilities Republic of South Africa 'South Africa's International Reporting on Children's Rights' <[www.info.gov.za/speeches/docs/2012/qa\\_childrens-report.pdf](http://www.info.gov.za/speeches/docs/2012/qa_childrens-report.pdf)> (besoek 29 Desember 2012) 1 - vir datum waarop Suid-Afrika die betrokke protokol geratificeer het. Vir 'n bespreking van hierdie protokol sien par 3.1.3.2 hierbo.

<sup>423</sup> Sien Department: Women, Children and People with Disabilities Republic of South Africa 'South Africa's International Reporting on Children's Rights' <[www.info.gov.za/speeches/docs/2012/qa\\_childrens-report.pdf](http://www.info.gov.za/speeches/docs/2012/qa_childrens-report.pdf)> (besoek 29 Desember 2012) 1 - vir datum waarop Suid-Afrika die betrokke protokol geratificeer het. Vir 'n bespreking van hierdie protokol sien par 3.1.3.3 hierbo.

<sup>424</sup> Sien African Union 'A United and Strong Africa: ACRWC Ratification Table' <<http://pages.au.int/acerwc/pages/acrwc-ratifications-table?q=acerwc/pages/acrwc-ratifications-table>> (besoek 29 Desember 2012) 1 - vir datum waarop Suid-Afrika die ACRWC geratificeer het. Vir 'n bespreking van die ACRWC sien par 3.1.2.4 hierbo.

Die mate waarin Suid-Afrika die bepalings van bogenoemde konvensies in nasionale wetgewing geïnkorporeer het, sal toegelig word in paragraaf 4.3 by die bespreking van nasionale wetgewing in Suid-Afrika wat kinderarbeid reguleer.

#### **4.2.2.2 Internasionale gewoontereg**

Internasionale gewoontereg is daardie bron van internasionale reg wat ontwikkel het deur voortdurende en algemene gebruik deur state.<sup>425</sup> ‘n Gewoonte sal ‘n reël van internasionale gewoontereg word waar dit ‘n voldoende erkende en wydverspreide praktyk is wat deur state aangeneem is en waar die erkenning van sodanige gebruik voortspruit uit ‘n gevoel van regsverpligting.<sup>426</sup> Internasionale gewoontereg het regskrag in Suid-Afrika in soverre dit nie teenstrydig is met die Grondwet van Suid-Afrika of ‘n ander nasionale wet van die Parlement nie.<sup>427</sup>

#### **4.2.2.3 Internasionale reg wat nie in Suid-Afrikaanse nasionale wetgewing geïnkorporeer is nie**

Artikel 233 van die Suid-Afrikaanse Grondwet bepaal dat elke hof voorkeur moet gee aan enige redelike uitleg van wetgewing wat in ooreenstemming is met internasionale reg bo ‘n alternatiewe uitleg wat strydig met internasionale reg is. Internasionale reg verwys in hierdie opsig na bindende instrumente wat Suid-Afrika geratificeer het, sowel as niebindende instrumente.<sup>428</sup> By die uitleg van die Handves van Menseregte moet ‘n hof, tribunaal of forum waardes bevorder wat ‘n oop en demokratiese samelewing daarstel<sup>429</sup> en internasionale reg moet altyd in oorweging gebring word.<sup>430</sup>

---

<sup>425</sup> Strydom & Hopkins in Woolman, Roux & Bishop (reds) 30/3-30/6.

<sup>426</sup> *Ibid.*

<sup>427</sup> Art 232 van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>428</sup> *S v Makwanyane and Another* 1995 (3) SA 391 (KH) par 35.

<sup>429</sup> Art 39(1)(a) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>430</sup> Art 39(1)(c) van die Grondwet van Suid-Afrika.

#### 4.2.3 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande bespreking oor die status van internasionale reg in Suid-Afrika, blyk dit duidelik dat internasionale reg van groot waarde in die Suid-Afrikaanse regsisteem is. Waar Suid-Afrika tot 'n konvensie toegetree het, rus daar 'n verpligting op dié land om die bepalings van die betrokke konvensie by nasionale wetgewing te inkorporeer. Ander internasionale instrumente of bepalings wat deur Suid-Afrika geratifiseer is, maar nog nie in nasionale wetgewing opgeneem is nie, speel steeds 'n rol in Suid-Afrika deurdat sodanige bepalings of instrumente in ag geneem word by die uitleg van wetgewing en derhalwe van oorredende waarde kan wees in die geval van twyfel.<sup>431</sup>

### 4.3 NASIONALE WETGEWING IN SUID-AFRIKA RAKENDE KINDERARBEID

#### 4.3.1 Inleiding

'n Verskeidenheid wette in Suid-Afrika het 'n invloed op die huidige regulering van kinderarbeid. Die bepalings van hierdie wette, asook die mate waarin Suid-Afrikaanse wetgewing aan internasionale standarde oor kinderarbeid voldoen, sal vervolgens bespreek word. Daar sal ook oorweeg word of Suid-Afrika steeds aan internasionale minimum-standaarde sal voldoen, indien 'n aangepaste benadering (wat kinderarbeid toelaat vir kinders onder die ouderdom van 15 jaar) tot kinderarbeid gevvolg sou word.

---

<sup>431</sup> Art 233 van die Grondwet van Suid-Afrika saamgelees met *S v Makwanyane and Another 1995 (3) SA 391 (KH)* par 35. Sien ook par 4.2.2.3 hierbo.

## 4.3.2 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

### 4.3.2.1 Algemeen

‘n Nuwe regssorde van demokrasie is in Suid-Afrika geskep met die inwerkingtreding van die Finale Grondwet op 4 Februarie 1997.<sup>432</sup> Die insluiting van ‘n Handves van Menseregte as deel van die Grondwet,<sup>433</sup> is een van die belangrikste kenmerke van die nuwe grondwetlike raamwerk en beskerm die demokratiese waardes van gelykheid, vryheid en menswaardigheid.<sup>434</sup> Die Handves van Menseregte erken ook die beskerming van kinders sowel as hul groei tot persoonlike onafhanklikheid en steun sodoende die sienswyses van beide die ‘kiddie savers’ en die ‘kiddie libbers’.<sup>435</sup> Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika is die hoogste reg in die land en enige regsvoorskrif of optrede wat daarmee onverenigbaar is, is ongeldig.<sup>436</sup>

### 4.3.2.2 Grondwetlike beskerming teen kinderarbeid

Artikel 28(1) van die Grondwet van Suid-Afrika maak spesifiek voorsiening vir die regte van kinders terwyl artikel 28(2) bepaal dat die beste belang van die kind<sup>437</sup> van deurslaggewende aard is in elke aangeleentheid wat die kind raak. Artikel 28(2) van die Grondwet gee uiting aan artikel 3(1) van die *UNCRC*, wat die beste belang van die kind as primêre oorweging in

---

<sup>432</sup> Sien datum van inwerkingtreding – Grondwet van Suid-Afrika, 1996; sien die aanhef tot die Grondwet van Suid-Afrika vir ‘n regssorde van demokrasie; Büchner- Eveleigh ‘n *Kritiese Evaluering van Wetgewing wat die Gesondheid van Kinders Beïnvloed* 66.

<sup>433</sup> Sien Hoofstuk 2 van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>434</sup> Art 7(1) van die Grondwet van Suid-Afrika; Büchner- Eveleigh ‘n *Kritiese Evaluering van Wetgewing wat die Gesondheid van Kinders Beïnvloed* 66.

<sup>435</sup> Skelton ‘Constitutional Protection of Children’s Rights’ in Boezaart (red) *Child Law in South Africa* 275-276.

<sup>436</sup> Art 2 van die Grondwet van Suid-Afrika; Michelman ‘Rule of Law, Legality and the Supremacy of the Constitution’ in Woolman, Roux & Bishop *Constitutional Law of South Africa* 11/34 – 11/35.

<sup>437</sup> Die konsep ‘beste belang van die kind’ is nie sonder kontroversie nie, aangesien dit dikwels vantevore nie daarin geslaag het om ‘n bepaalbare standaard te stel nie – sien Currie & de Waal 618. Waar Howe egter riglyne uit vorige regsvraag gebruik en elke kind se individuele omstandighede in ag neem, behoort die beste belang van die kind meer duidelik te blyk – Currie & de Waal 618. Die beste belang van die kind bly egter ‘n reg waarop kinders geregtig is en is nie bloot net ‘n rigtinggewende beginsel nie – sien Skelton in Boezaart (red) 280. Sien Art 7 van die ‘Children’s Act’, 38 van 2005 vir faktore wat Howe ingevolge wetgewing in ag moet neem tydens die bepaling van die beste belang van die kind.

alle kinderaangeleenthede vereis.<sup>438</sup> Die regte in artikel 28(1) van die Grondwet wat oor kinderarbeid handel, bepaal dat kinders beskerm moet word teen uitbuitende arbeidspraktyke<sup>439</sup> en dat 'n kind nie verplig of toegelaat mag word om werk te verrig of dienste te lewer wat onvanpas is vir 'n persoon van daardie kind se ouderdom nie.<sup>440</sup> Kinders moet ook beskerm word teen arbeid wat 'n risiko is vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid, of 'n risiko inhoud vir die kind se geestelike, morele of maatskaplike ontwikkeling.<sup>441</sup> Alhoewel daar nie in die betrokke onderafdelings oor kinderarbeid 'n spesifieke ouderdomsbepaling is oor welke persone beskerming geniet nie, bepaal artikel 28(3) dat 'n kind, vir die doeleinades van artikel 28, 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar is. Die regte wat deur artikel 28(1) van die Grondwet aan kinders verleen word, kan kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word tot die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewning gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore.<sup>442</sup> Deur die beskerming wat artikel 28 van die Grondwet aan kinders bied, word daar voldoen aan die verpligting wat ingevolge artikel 32(1) van die *UNCRC* geskep word. Artikel 32(1) van dié konvensie plaas 'n verpligting op lidstate om kinders teen uitbuitende arbeidspraktyke te beskerm.<sup>443</sup> Uiting word ook gegee aan artikel 15(1) van die *ACRWC* wat bepaal dat elke kind beskerm moet word teen ekonomiese uitbuiting en teen enige werk wat sal inmeng met die fisiese, psigiese, morele of maatskaplike ontwikkeling van die kind.<sup>444</sup>

Sekere ander bepalings in die Grondwet van Suid-Afrika, wat nie direk met kinderarbeid verband hou nie, het ook 'n impak op die regulering van kinderarbeid. Artikel 13 bepaal dat niemand aan slawerny, knegskap of dwangarbeid onderworpe mag wees nie en artikel 29(1)(a) gee aan elkeen die reg tot basiese onderwys. Ten spyte van die reg op basiese

---

<sup>438</sup> Soos bespreek in par 3.1.2.1 (a).

<sup>439</sup> Art 28(1)(e) van die Grondwet van Suid-Afrika; Currie & de Waal 615.

<sup>440</sup> Art 28(1)(f) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>441</sup> *Ibid.*

<sup>442</sup> Art 36(1) van die Grondwet van Suid-Afrika; sien ook Skelton in Boezaart (red) 273-274.

<sup>443</sup> Soos bespreek in par 3.1.2.1 (b).

<sup>444</sup> Soos bespreek in par 3.1.2.4 (b).

onderwys, het ongeveer 231 000 Suid-Afrikaanse kinders in 2010 nie skool bygewoon nie.<sup>445</sup> Afwesigheid van skool word veroorsaak deur 'n verskeidenheid faktore onder andere armoede, 'n gebrek aan hulpbronne en 'n tekort aan opgeleide personeel.<sup>446</sup> Hierdie faktore moet aangespreek word ten einde uitvoering te gee aan die reg op basiese onderwys.<sup>447</sup>

Artikel 28(1)(c) van die Grondwet bepaal dat elke kind die reg het op basiese voeding, skuiling, basiese gesondheidsorg en maatskaplike dienste. Die primêre verantwoordelikheid om aan 'n kind kos, skuiling, klere en mediese sorg te verskaf, rus op die ouers van die kind.<sup>448</sup> Waar ouers egter versium om hul gemeenregtelike of statutêre pligte na te kom, moet die staat ingryp en kinders ondersteun.<sup>449</sup> Kinders se basiese sosio-ekonomiese regte, anders as ander sosio-ekonomiese regte, is nie onderworpe aan die beskikbaarheid van staatshulpbronne nie.<sup>450</sup> In *Government of the Republic of South Africa and Others v Grootboom and Others*<sup>451</sup> het die hof egter beslis dat artikel 28(1)(c) saam met artikel 28(1)(b)<sup>452</sup> gelees moet word en dat daar geen primêre verpligting op die staat rus om aan kinders se sosio-ekonomiese regte te voldoen waar die kind onder ouerlike sorg is nie.

Artikel 28(1)(d) bepaal dat elke kind teen mishandeling, verwaarlozing, misbruik of vernedering beskerm moet word<sup>453</sup> en artikel 28(1)(i) gee aan kinders die reg om nie regstreeks in gewapende konflik gebruik te word nie en om in tye van gewapende konflik beskerm te word. Artikel 28(1)(i) voldoen aan artikel 1 van die 'Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the envolvement of children in armed conflict',

---

<sup>445</sup> 'Statistical Release P0212: Survey of Activities of Young People 2010' <[www.datafirst.uct.ac.za/catalogue3/index.php/catalog/130](http://www.datafirst.uct.ac.za/catalogue3/index.php/catalog/130)> (besoek 29 Desember 2012) v.

<sup>446</sup> Marais 165-166; 'Education – Children Attending an Educational Institution' <[www.childrencount.ci.org.za/uploads/factsheet\\_15.pdf](http://www.childrencount.ci.org.za/uploads/factsheet_15.pdf)> (besoek 29 Desember 2012) 2-3.

<sup>447</sup> Moontlike oplossings vir die probleme wat tans in die onderwys in Suid-Afrika voorkom word bespreek in par 2.5.4.

<sup>448</sup> Art 28(1)(b) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>449</sup> *Government of the Republic of South Africa and Others v Grootboom and Others* 2000 (11) BCLR 1169 par 77 [ook gerapporteer as 2000 (1) SA 46 (KH)].

<sup>450</sup> Skelton in Boenzaart (red) 285-286.

<sup>451</sup> 2000 (11) BCLR 1169 par 76-77 [ook gerapporteer as 2000 (1) SA 46 (KH)].

<sup>452</sup> Art 28(1)(b) plaas 'n primêre verpligting op ouers en familie van 'n kind om vir die kind te sorg.

<sup>453</sup> Sien ook Currie & de Waal 613 – 615.

wat bepaal dat kinders onder die ouderdom van 18 jaar nie direk aan gewapende konflik blootgestel mag word nie.<sup>454</sup>

### **4.3.3 Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997<sup>455</sup>**

#### **4.3.3.1 Algemeen**

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes het op 1 Desember 1998 in werking getree om uitvoering te gee aan die reg op billike arbeidspraktyke, wat deur artikel 23(1) van die Grondwet verleen word.<sup>456</sup> Die wet stel ook basiese diensvoorwaardes in<sup>457</sup> en maak voorsiening vir die beskerming van kinders teen arbeidsaktiwiteite wat onvanpas vir 'n kind van daardie ouderdom is.<sup>458</sup>

#### **4.3.3.2 Relevante bepalings**

Ingevolge die Wet op Basiese Diensvoorwaardes is dit onwettig om 'n kind onder die ouderdom van 15 jaar of onder die minimum skoolpligtige ouderdom in diens te neem.<sup>459</sup> Hierdie bepaling gee uiting aan Konvensie 138, wat bepaal dat geen persoon onder die minimum skoolpligtige ouderdom mag werk nie.<sup>460</sup>

Kinders onder die ouderdom van 15 jaar mag, onderhewig aan sekere bepalings, wel in diens geneem word vir die verrigting van advertensie, sport, artistieke of kulturele aktiwiteite.<sup>461</sup>

---

<sup>454</sup> Soos bespreek in par 3.1.3.3.

<sup>455</sup> Hierna die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

<sup>456</sup> Sien datum van inwerktingreding saamgelees met die lang titel van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

<sup>457</sup> Art 2(a)(i) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

<sup>458</sup> Art 43(2)(a) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

<sup>459</sup> Art 43(1)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

<sup>460</sup> Soos bespreek in par 3.1.2.2. Sien art 2(3) van Konvensie 138.

<sup>461</sup> Arts 43(1)(a) en 43(1)(b) & 55(6)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, saamgelees met die 'Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997: Sectorial Determination 10, Children in the Performance of Advertising, Artistic and Cultural Activities' GK R882 in SK 26608 van 29 Julie 2004 (hierna Sektorale Vasstelling 10). Vir 'n verdere bespreking van Sektorale Vasstelling 10 - sien par 4.3.9. Hierdie bepalings word afsonderlik bespreek aangesien, alhoewel dit uit die Wet op Basiese Diensvoorwaardes voortvloeи, dit nie werklik deel vorm van die betrokke wet nie.

Indiensneming van kinders ouer as 15 jaar en jonger as 18 jaar word verbied indien die indiensneming ongeskik is vir die ouderdom van die kind of indien die betrokke werksarea 'n risiko inhoud vir die kind se welsyn, skoolopleiding, fisiese of psigiese gesondheid of geestelike, morele en maatskaplike ontwikkeling, of indien die Minister van Arbeid by wyse van regulasies die indiensneming van kinders verbied.<sup>462</sup> Kinders onder die ouderdom van 18 jaar mag dus nie gevaaarlike werk of werk wat vir 'n volwassene bedoel is verrig nie, terwyl kinders onder 15 nie in diens geneem mag word nie, behalwe met enkele uitsonderings.<sup>463</sup> Artikel 48(1) en 48(2) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes bepaal dat dit onwettig is om iemand, insluitend kinders, te dwing om te werk.

Buiten enkele uitsonderings<sup>464</sup> is die Wet op Basiese Diensvoorwaardes van toepassing op alle werknemers en werkgewers.<sup>465</sup> Die begrip *werknemer* word soos volg omskryf:<sup>466</sup>

- "(a) iemand, uitgesonderd 'n onafhanklike kontrakteur, wat vir iemand anders of vir die Staat werk en wat besoldiging ontvang of daarop geregtig is om besoldiging te ontvang; en
- (b) iemand anders wat op enige wyse help om die besigheid van 'n werkgewer voort te sit of te bedryf".

*Werkgewer* word nie in die wet gedefinieer nie, maar beteken bloot enige persoon wat 'n werknemer in diens neem of aan sodanige persoon werk verskaf.<sup>467</sup>

---

<sup>462</sup> Art 44(2)(b) saamgelees met art 44(1) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

<sup>463</sup> Vir hierdie enkele uitsonderings sien Art 43(1)(a) en 43(1)(b) saamgelees met art 55(6)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes asook par 4.3.9 van hierdie verhandeling.

<sup>464</sup> Hierdie uitsonderings sluit in: gevalle waar 'n persoon as 'n onbesoldigde vrywillige werker diens verrig vir 'n organisasie wat 'n liefdadigheidsdoel dien (art 3(1)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes), asook lede van die Nasionale Weermag, die Nasionale Intelligensie-agentskap en die Suid-Afrikaanse Geheime Diens (art 3(1)(a) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes).

<sup>465</sup> Art 3(1) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

<sup>466</sup> Art 1 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes; Van Jaarsveld & Van Eck *Kompendium van Arbeidsreg* 109.

<sup>467</sup> Van Jaarsveld & Van Eck 109.

Die beskerming verleen deur die Wet (deur die instel van basiese diensvoorwaardes)<sup>468</sup> is derhalwe slegs van toepassing op daardie persone wat gedefinieer word as werknemers<sup>469</sup> en nie op gevalle waar persone (insluitende kinders)<sup>470</sup> as onafhanklike kontrakteurs werk nie. Die gevolg hiervan is dat baie kinderwerkers wat as onafhanklike kontrakteurs werk, nie deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes beskerm word nie. Kinders wat onbesoldigde vrywillige werk vir 'n organisasie wat 'n liefdadigheidsdoel dien verrig, word ook nie deur die basiese diensvoorwaardes soos vervat in die betrokke wet, beskerm nie.<sup>471</sup>

Weens die feit dat die Wet op Basiese Diensvoorwaardes omseil kan word, aangesien kinders onder die ouderdom van 15 jaar as onafhanklike kontrakteurs,<sup>472</sup> of vir 'n liefdadigheidsdoel (teen geen vergoeding) kan werk, kan vele kinders moontlik ontneem word van beskermde arbeid. Die skrywer is van mening dat dit belangrik is dat alle werk wat deur kinders verrig word, uitgesluit ergste vorme en uitbuitende vorme daarvan, goed gereguleer moet word deur nasionale wetgewing, ten einde maksimale beskerming aan kinders te bied teen uitbuiting. Daar is dus ernstige tekortkominge in huidige Suid-Afrikaanse wetgewing in hierdie verband.

#### **4.3.4 Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996<sup>473</sup>**

##### **4.3.4.1 Algemeen**

In Suid-Afrika is die Suid-Afrikaanse Skolewet ingestel om onder ander demokratiese transformasie van die gemeenskap te bevorder, die regte van alle leerders, ouers en opvoeders te beskerm, en hul aanvaarding van verantwoordelikheid vir die organisasie,

---

<sup>468</sup> Sien art 2(a)(i) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

<sup>469</sup> Ingevolge art 1 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes word onafhanklike kontrakteurs by die definisie van werknemers uitgesluit.

<sup>470</sup> Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes definieer 'n kind as iemand wat onder die ouderdom van 18 jaar is.

<sup>471</sup> Art 3(1)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

<sup>472</sup> Ingevolge art 43(1)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes is dit slegs onwettig om 'n kind onder die ouderdom van 15 jaar of onder die minimum skoolpligtige ouderdom in diens te neem. Geen melding word gemaak van kinders wat onder die ouderdom van 15 jaar as onafhanklike kontrakteurs werk nie.

<sup>473</sup> Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 (hierna die Suid-Afrikaanse Skolewet).

beheer en finansiering van skole in vennootskap met die staat te bevorder.<sup>474</sup> Die Skolewet het in Januarie 1997 in werking getree en maak voorsiening vir gelyke behandeling en geleenthede vir alle leerders in 'n demokratiese onderwyssisteem.<sup>475</sup>

#### 4.3.4.2 Die reg tot onderwys

Die reg tot onderwys is een van die belangrikste regte vir die behoorlike ontwikkeling van 'n kind en verleen toegang tot die meeste ander regte in die Handves van Menseregte.<sup>476</sup> Die mate van onderrig wat 'n kind ontvang, bepaal sy/haar toegang tot indiensneming, 'n behoorlike salaris, behuising en sy/haar kwaliteit van lewe.<sup>477</sup> In *Brown v Board of Education*<sup>478</sup> word beweer dat onderrig die fondasie van goeie burgerskap is en dat daar nie van 'n kind verwag kan word om sukses te behaal in die lewe indien die reg tot onderwys hom ontnem word nie. Gesikte onderrig en opvoeding kan ook daartoe bydra dat kinders beter werk kry en nie uitgebuit word in die arbeidsmark nie.<sup>479</sup>

Die Suid-Afrikaanse Skolewet bepaal dat elke ouer die plig het om elke leerder vir wie hy of sy verantwoordelik is 'n skool te laat bywoon vanaf die eerste skooldag van die jaar waarin sodanige leerder die ouderdom van sewe jaar bereik tot op die laaste skooldag van die jaar waarin sodanige leerder die ouderdom van 15 jaar of die negende graad bereik, watter een ookal eerste plaasvind.<sup>480</sup> 'n Departementshoof kan egter 'n leerder heeltemal, gedeeltelik of voorwaardelik van verpligte skoolbywoning vrystel, na gelang van die omstandighede van die kind.<sup>481</sup> Wanneer 'n ouer versium om 'n kind te laat skoolgaan, pleeg so 'n ouer 'n misdaad en is sodanige ouer by veroordeling strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie ses maande oorskry nie.<sup>482</sup> Die departementshoof kan die omstandighede

---

<sup>474</sup> Sien aanhef tot die Suid-Afrikaanse Skolewet.

<sup>475</sup> Sien datum van inwerkingtreding Suid-Afrikaanse Skolewet; aanhef tot die Suid-Afrikaanse Skolewet; Bray 'The South African Schools Act' in Boezaart (red) *Child Law in South Africa* 476.

<sup>476</sup> Malherbe 'Education Rights' in Boezaart (red) *Child Law in South Africa* 399.

<sup>477</sup> *Ibid.*

<sup>478</sup> (1954) 347 US 483 te 493.

<sup>479</sup> Malherbe in Boezaart (red) 399.

<sup>480</sup> Art 3(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

<sup>481</sup> Art 4(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

<sup>482</sup> Art 3(6)(a) van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

van 'n leerder wat versuim om 'n skool by te woon, ondersoek en toepaslike stappe doen om die aangeleentheid reg te stel.<sup>483</sup>

Artikel 3(3) bepaal dat elke lid van die Uitvoerende Raad moet verseker dat daar voldoende plek in skole beskikbaar is sodat elke kind wat in sy of haar provinsie woonagtig is, kan skoolgaan. Indien 'n lid van die Uitvoerende Raad nie aan artikel 3(3) kan voldoen nie, as gevolg van 'n gebrek aan ruimte wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie wet bestaan, moet hy of sy stappe doen om enige sodanige gebrek aan ruimte so gou moontlik reg te stel, en moet hy of sy jaarliks aan die Minister verslag doen in verband met die vordering wat met hierdie optrede gemaak is.<sup>484</sup>

Die Grondwet maak voorsiening vir die reg op basiese onderwys, maar nie vir die reg op gratis onderwys nie.<sup>485</sup> Ingevolge artikel 39(4), saamgelees met artikel 39(2)(b) van die Suid-Afrikaanse Skolewet mag die Minister<sup>486</sup> by wyse van regulasies ouers algeheel, gedeeltelik of voorwaardelik vrystel van die betaling van skoolgeld waar die ouer nie in staat is om dit te betaal nie. Hierdie bepaling het ten doel om skole vir alle kinders toeganklik te maak.

#### 4.3.5 'Defence Act', 42 of 2002<sup>487</sup>

Die minimum-ouderdom waarop 'n persoon deel kan word van die Nasionale Weermag is 18 jaar.<sup>488</sup> Hierdie wet is in ooreenstemming met die beskerming wat artikel 28(1)(i) van die Grondwet,<sup>489</sup> die 'Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the involvement of children in armed conflict'<sup>490</sup> en Konvensie 182<sup>491</sup> bied, om kinderbetrokkenheid in gewapende konflik te elimineer.

---

<sup>483</sup> Art 3(5)(a) en 3(5)(b) van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

<sup>484</sup> Art 3(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

<sup>485</sup> Art 29(1)(a) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>486</sup> Na oorlegpleging met die Raad van Onderwysministers en die Minister van Finansies – sien art 39(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

<sup>487</sup> 'Defence Act', 42 of 2002 (hierna 'Defence Act').

<sup>488</sup> Art 52(1) van die 'Defence Act'.

<sup>489</sup> Soos bespreek in par 4.3.2.2.

<sup>490</sup> Soos bespreek in par 3.1.3.3.

<sup>491</sup> Soos bespreek in par 3.1.2.3(b).

## 4.3.6 Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 32 van 2007

### 4.3.6.1 Algemeen

Die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 32 van 2007 (hierna die Wysigingswet op die Strafreg) wat in Desember 2007 in werking getree het,<sup>492</sup> poog om op 'n omvattende wyse alle aspekte van die wette en die implementering van die wette met betrekking tot seksuele misdrywe te hersien en te wysig, en om met alle regssaspekte van of met betrekking tot seksuele misdrywe in 'n enkele statuut te handel.<sup>493</sup> Hierdie wet gee onder andere uiting aan Konvensie 182<sup>494</sup> deur ván die ergste vorms van kinderarbeid in Suid-Afrika te kriminaliseer.

### 4.3.6.2 Misdrywe van belang vir kinderarbeid

'n Kind vir die doeleindes van hierdie wet is 'n persoon onder 18 jaar, tensy uitdruklik anders vermeld.<sup>495</sup> Misdrywe ingevolge die Wysigingswet op die Strafreg, relevant tot kinderarbeid en die eliminering van die ergste vorms van kinderarbeid, sluit die volgende in:

- *Die misdryf van blootstelling of vertoon van of veroorsaking van die blootstelling of vertoon van kinderpornografie aan 'n persoon 18 jaar of ouer*<sup>496</sup> - 'n Persoon sal aan hierdie misdryf skuldig wees indien hy/sy kinderpornografie aan 'n persoon van 18 jaar of ouer wys. Kinders kan dus nie aangewend word in pornografiese materiaal wat later aan volwassenes verkoop of gewys word nie, selfs nie waar die kind vergoeding sou ontvang nie. Hierdie bepaling beskerm kinders teen uitbuiting en van die ergste vorms van kinderarbeid.<sup>497</sup>

---

<sup>492</sup> Minnie in Boezaart (red) 541.

<sup>493</sup> Lang titel van die Wysigingswet op die Strafreg.

<sup>494</sup> Sien par 3.1.2.3(b).

<sup>495</sup> Art 1(1)(a) van die Wysigingswet op die Strafreg.

<sup>496</sup> Art 10 van die Wysigingswet op die Strafreg.

<sup>497</sup> Soos bespreek in par 3.1.2.3(b).

- *Die misdryf van die pleeg van ‘n handeling van instemmende seksuele penetrasie met ‘n kind*<sup>498</sup> en *die misdryf van die pleeg van ‘n handeling van instemmende seksuele skending van ‘n kind*<sup>499</sup> - Indien iemand ‘n handeling van seksuele penetrasie of seksuele skending teen ‘n kind pleeg, sal so ‘n persoon, ondanks die toestemming van die betrokke kind tot die handeling, skuldig wees aan ‘n misdryf. ‘n Kind, vir die doeleinnes van hierdie twee misdrywe, is ‘n persoon ouer as 12 jaar, maar jonger as 16 jaar.<sup>500</sup> In *S v Geldenhuys*<sup>501</sup> is bevind dat, alhoewel dit moontlik is dat sekere kinders op die ouderdom van 12 jaar reeds bevoeg mag wees om ‘n rasionele besluit oor hul eie seksuele aktiwiteite te maak,
- 

<sup>498</sup> Art 15(1) van die Wysigingswet op die Strafreg. Regter Rabie het, ten opsigte van hierdie misdryf, ‘n uitspraak in die Noord Gauteng Hoë Hof (Pretoria) gelewer op 4 Januarie 2013, waarin hy bevind het dat art 15 en art 56(2)(b) van die Wysigingswet op die Strafreg, asook die definisie van *seksuele penetrasie* in art 1 van die Wysigingswet op die Strafreg teenstrydig is met die Grondwet van Suid-Afrika tot die mate waartoe: (i) ‘n kind, tussen die ouderdom van 12 en 16 jaar, gekriminaliseer word vir die betrokkenheid in ‘n handeling van konsensuele seksuele penetrasie met ‘n ander kind (ook tussen die ouderdom van 12 en 16 jaar); (ii) ‘n kind gekriminaliseer word wat tussen die ouderdom van 16 en 18 jaar is en betrokke is in ‘n handeling van konsensuele seksuele penetrasie met ‘n ander kind, wat jonger as 16 jaar is en wat twee jaar of minder as twee jaar jonger is as eersgenoemde kind. Regter Rabie verklaar in hierdie uitspraak dat art 15 van die Wysigingswet op die Strafreg eerder as volg behoort te lees: “A person ('A') who commits an act of sexual penetration with a child ('B') is, despite the consent of B to the commission of such an act guilty of the offence of having committed an act of consensual sexual penetration with a child, unless at the time of the sexual penetration (i) A is a child; or (ii) A is younger than eighteen years old and B is two years or less younger than A at the time of such acts” – sien *Teddy Bear Clinic for Abused Children and Another v Minister of Justice and Constitutional Development and Another* (Saaknommer 73300/10, Noord Gauteng Hoë Hof (Pretoria), 4 Januarie 2013) par 123 – ongerapporteerde saak. Hierdie aangeleentheid is na die Konstitusionele Hof verwys in terme van art 172(2) van die Grondwet van Suid-Afrika. Sien ook Van Heerden ea *Grondbeginsels van Siviele Prosesreg* 8-9 - waarvolgens slegs die Konstitusionele Hof mag beslis oor die ongrondwetlikheid van ‘n wet van die Parlement.

<sup>499</sup> Art 16(1) van die Wysigingswet op die Strafreg. Regter Rabie het, ten opsigte van hierdie misdryf, ‘n uitspraak in die Noord Gauteng Hoë Hof (Pretoria) gelewer op 4 Januarie 2013, waarin hy bevind het dat art 16 en art 56(2)(b) van die Wysigingswet op die Strafreg, asook die definisie van *seksuele skending* in art 1 van die Wysigingswet op die Strafreg teenstrydig is met die Grondwet van Suid-Afrika, tot die mate wat ‘n kind ('A'), tussen die ouderdom van 12 en 16 jaar, gekriminaliseer word vir betrokkenheid in ‘n handeling van konsensuele seksuele skending van ‘n ander kind ('B'), ook tussen die ouderdom van 12 en 16 jaar, waar daar meer as twee jaar ouderdomsverskil tussen A en B is. Regter Rabie verklaar in hierdie uitspraak dat art 16 van die Wysigingswet op die Strafreg eerder as volg behoort te lees: “A person ('A') who commits an act of sexual violation with a child ('B') is, despite the consent of B to the commission of such an act, guilty of the offence of having committed an act of consensual sexual violation with a child, unless at the time of the sexual violation A is a child” - sien *Teddy Bear Clinic for Abused Children and Another v Minister of Justice and Constitutional Development and Another* (Saaknommer 73300/10, Noord Gauteng Hoë Hof (Pretoria), 4 Januarie 2013) par 123 – ongerapporteerde saak. Hierdie aangeleentheid is na die Konstitusionele Hof verwys in terme van art 172(2) van die Grondwet van Suid-Afrika. Sien ook van Heerden ea *Grondbeginsels van Siviele Prosesreg* 8-9 - waarvolgens slegs die Konstitusionele Hof mag beslis oor die ongrondwetlikheid van ‘n wet van die Parlement.

<sup>500</sup> Art 1(1)(b) van die Wysigingswet op die Strafreg.

<sup>501</sup> 2009 (1) SACR 1 (HHA). Die effek van *Teddy Bear Clinic for Abused Children and Another v Minister of Justice and Constitutional Development and Another* (Saaknommer 73300/10, Noord Gauteng Hoë Hof (Pretoria), 4 Januarie 2013 par 123 mag inhoud dat *S v Geldenhuys* 2009 (1) SACR 1 (HHA) nie meer van toepassing sal wees nie.

die wetgewer nie ongrondwetlik opgetree het deur die minimum-ouderdom vir toestemming tot seksuele aktiwiteite bo die ouderdom van 12 jaar vas te stel nie.<sup>502</sup> Die staat is beide grondwetlik en internasionaal verplig om kinders teen alle vorms van uitbuiting te beskerm en die vasstelling van ‘n wetlike ouderdom waarop kinders regtens kan toestem tot seksuele aktiwiteite is in ooreenstemming met hierdie verpligte.<sup>503</sup> In die meeste gevalle het kinders onder die ouderdom van 16 nog nie die intellektuele en kognitiewe ontwikkeling bereik om ‘n ingeligte keuse met betrekking tot seksuele aktiwiteite te maak nie en moet derhalwe teen seksuele uitbuiting beskerm word.<sup>504</sup>

- *Die seksuele uitbuiting van ‘n kind*<sup>505</sup> - Iemand wat wederregtelik en opsetlik die dienste van ‘n kind, met of sonder die toestemming van daardie kind, gebruik vir finansiële of ander beloning, guns of vergoeding aan die kind of aan ‘n derde persoon met die doel om ‘n seksuele handeling met die kind te pleeg, ongeag of die seksuele handeling gepleeg is al dan nie, is skuldig aan die seksuele uitbuiting van daardie kind.
- *Die betrokkenheid by die seksuele uitbuiting van ‘n kind*<sup>506</sup> - ‘n Persoon sal skuldig wees aan hierdie misdryf indien die seksuele dienste van ‘n kind, wederregtelik en opsetlik, aan ‘n derde persoon aangebied word vir finansiële of ander vergoeding.
- *Die bevordering van die seksuele uitbuiting van ‘n kind*<sup>507</sup> - Iemand wat enige roerende of onroerende eiendom besit, huur, verhuur, bestuur, okkuper of beheer daaroor het en opsetlik toelaat of duld dat sodanige roerende of onroerende eiendom gebruik word vir die doeleindes van die pleging van ‘n seksuele handeling met ‘n kind deur ‘n derde persoon, met of sonder die toestemming van so ‘n kind, is skuldig aan die misdryf van bevordering van die seksuele uitbuiting van ‘n kind.
- *Die misdryf van voordeeltrekking uit die seksuele uitbuiting van ‘n kind*<sup>508</sup> en *die misdryf van leef van die opbrengs van die seksuele uitbuiting van ‘n kind*<sup>509</sup> - ‘n Persoon wat opsetlik finansiële of ander vergoeding ontvang uit die pleeg van ‘n seksuele handeling

---

<sup>502</sup> *S v Geldenhuis* 2009 (1) SACR 1 (HHA) par 57.

<sup>503</sup> *S v Geldenhuis* 2009 (1) SACR 1 (HHA) par 57.

<sup>504</sup> *Ibid.*

<sup>505</sup> Art 17(1)(a) en 17(1)(b) van die Wysigingswet op die Strafreg.

<sup>506</sup> Art 17(2)(a) - 17(2)(e) van die Wysigingswet op die Strafreg.

<sup>507</sup> Art 17(3)(b) van die Wysigingswet op die Strafreg.

<sup>508</sup> Art 17(4) van die Wysigingswet op die Strafreg.

<sup>509</sup> Art 17(5) van die Wysigingswet op die Strafreg.

met 'n kind sal skuldig wees aan die misdryf van voordeeltrekking uit die seksuele uitbuiting van 'n kind en iemand wat opsetlik in die geheel of gedeeltelik leef van die vergoeding vir die pleeg van 'n seksuele handeling met 'n kind, sal skuldig wees aan die misdryf van leef van die opbrengs van die seksuele uitbuiting van 'n kind.

- *Die misdryf van blootstelling of vertoon of veroorsaking van die blootstelling of vertoon van kinderpornografie of pornografie aan 'n kind*<sup>510</sup> - 'n Persoon wat wederregtelik en opsetlik enige beeld, publikasie, uitbeelding, beskrywing of reeks van kinderpornografie of pornografie aan 'n kind vertoon, sal skuldig aan hierdie misdryf wees.
- *Die gebruik van 'n kind vir die vervaardiging van kinderpornografie*<sup>511</sup> en *indien 'n persoon wetens opsetlik finansiële voordeel trek uit die vervaardiging van kinderpornografie.*<sup>512</sup>

#### 4.3.7 'Child Justice Act', 75 van 2008

##### 4.3.7.1 Algemeen

Die 'Child Justice Act', 75 van 2008 (hierna die 'Child Justice Act') het op 1 April 2010 in werking getree en skep 'n nuwe prosedurele raamwerk om met kinders te handel wat in konflik met die reg is.<sup>513</sup> Daar word aan kinders, wat beskuldig word van die pleeg van 'n midryf, sekere regte verleen.<sup>514</sup> Tog beklemtoon die wet ook dat kinders verantwoordelik gehou moet word vir die misdade wat hulle pleeg.<sup>515</sup> Die wet maak voorsiening vir

---

<sup>510</sup> Art 19(a), 19(b) en 19(c) van die Wysigingswet op die Strafreg.

<sup>511</sup> Art 20(1)(a) – 20(1)(c) van die Wysigingswet op die Strafreg.

<sup>512</sup> Art 20(2) van die Wysigingswet op die Strafreg.

<sup>513</sup> Sien datum van inwerkingtreding saamgelees met die lang titel van die 'Child Justice Act'; 'Getting to Know the Child Justice Act' <[http://www.issafrica.org/crimehub/uploads/gettingtoknowchild\\_justice\\_act.pdf](http://www.issafrica.org/crimehub/uploads/gettingtoknowchild_justice_act.pdf)> (besoek 26 Desember 2011) 8.

<sup>514</sup> Gallinetti 'Child Justice in South Africa: The Realisation of the Rights of Children Accused of Crime' in Boezaart (red) *Child Law in South Africa* 648.

<sup>515</sup> 'Getting to Know the Child Justice Act' <[http://www.issafrica.org/crimehub/uploads/gettingtoknowchild\\_justice\\_act.pdf](http://www.issafrica.org/crimehub/uploads/gettingtoknowchild_justice_act.pdf)> (besoek 26 Desember 2011) 8.

afwenteling, alternatiewe vonnisoplegging en herstellende geregtigheid ten einde misdaad te voorkom en openbare veiligheid te bevorder.<sup>516</sup>

#### 4.3.7.2 Relevante bepalings

Indien 'n volwassene 'n kind gebruik vir die pleeg van 'n misdaad, moet sodanige volwassene se betrokkenheid by die misdaad in ag geneem word tydens die strafoplegging van die kind vir die betrokke misdaad.<sup>517</sup> Die bepalings van die 'Child Justice Act' poog om uiting te gee aan artikel 3(c) van Konvensie 182 wat die gebruik van kinders in die pleeg van 'n misdaad, as van die ergste vorms van kinderarbeid beskou, wat ten alle tye geëlimineer moet word.<sup>518</sup>

In die ongerapporteerde saak van *S v Mfazwe and Others*<sup>519</sup> het die hof erkenning gegee aan die feit dat die jongste beskuldigde<sup>520</sup> beskou kon word as 'n kind wat deur 'n volwassene gebruik is in die pleeg van 'n misdaad. Die hof erken ook in hierdie saak dat die misbruik van kinders op hierdie wyse as een van die ergste vorms van kinderarbeid beskou moet word wat ten alle tye geëlimineer moet word. In die betrokke saak het 'n vrou ander gehuur om haar mansvriend se baba te vermoor. Al die betrokkenes is van moord aangekla, maar die twee jongste oortreders (albei onder die ouderdom van 18 jaar tydens die pleeg van die misdaad) het die minimum-vonnis van lewenslange tronkstraf vrygespring en slegs 15 jaar tronkstraf elk gekry. Die Regsentrum van die Universiteit van Kaapstad het die internasionale reg rakende die ergste vorms van kinderarbeid aan die hof voorgelê. Regter Waglay het in hierdie saak bevind dat, in gevalle waar kinders gevonnis word weens misdade

---

<sup>516</sup> Lang titel van die 'Child Justice Act'; 'Getting to Know the Child Justice Act' <[http://www.issafrica.org/crimehub/uploads/gettingtoknowchild\\_justice\\_act.pdf](http://www.issafrica.org/crimehub/uploads/gettingtoknowchild_justice_act.pdf)> (besoek 26 Desember 2011) 8.

<sup>517</sup> Art 92 van die 'Child Justice Act'; Noguchi in Nesi, Nogler & Pertile (reds) 163 – hiervolgens behoort daar vasgestel te word op watter wyse die kind (wat deur volwassenes in die pleeg van 'n misdaad gebruik is) gerehabiliteer kan word en hoe om die kind te herintegreer in die samelewing eerder as om die kind bloot as 'n misdadiger te sien; 'Getting to Know the Child Justice Act' <[http://www.issafrica.org/crimehub/uploads/gettingtoknowchild\\_justice\\_act.pdf](http://www.issafrica.org/crimehub/uploads/gettingtoknowchild_justice_act.pdf)> (besoek 26 Desember 2011) 62.

<sup>518</sup> Sien par 3.1.2.3(b).

<sup>519</sup> Saaknommer 07/06, KPA, 28 Junie 2007.

<sup>520</sup> Sestien jaar tydens die pleeg van die misdaad.

gepleeg vir betaling, howe hulle nie bloot as oortreders kan beskou nie, maar hulle ook moet beskou as slagoffers van 'n ernstige vorm van uitbuiting.<sup>521</sup>

#### **4.3.8 ‘Children’s Act’, 38 van 2005**

##### **4.3.8.1 Algemeen**

Die doel van die ‘Children’s Act’, 38 van 2005 (hierna die ‘Children’s Act’) is onder andere om reg te laat geskied aan die regte van kinders soos uiteengesit in die Grondwet van Suid-Afrika en om voorsiening te maak vir bepalings wat die versorging en beskerming van kinders effektief reguleer.<sup>522</sup> Hierdie wet voorsien Suid-Afrika van 'n effektiewe wetgewende raamwerk vir die beskerming en bevordering van die kind se welstand.<sup>523</sup>

##### **4.3.8.2 Relevante bepalings**

Die ‘Children’s Act’ maak voorsiening vir beskerming teen die uitbuiting van kinders wat sorg en beskerming nodig het, deur sekere maatreëls in te stel wat die behandeling van sodanige kinders reguleer.<sup>524</sup> Die instel van maatreëls om voorsiening te maak vir alternatiewe sorg help om die noodsaak van kinderarbeid te beperk, aangesien kinders wat sorg en beskerming benodig lewensmiddele op alternatiewe wyses kan bekom in plaas daarvan om by kinderarbeid betrokke te raak.<sup>525</sup> 'n Kind sal sorg en beskerming benodig indien hy/sy wees gelaat is en geen lewensmiddele het nie, indien 'n kind op straat werk of bedel, indien die kind uitgebuit word of blootgestel word aan omstandighede van uitbuiting en indien die kind in omstandighede leef wat hom fisies, psigies en maatskaplik benadeel.<sup>526</sup> 'n Kind mag ook sorg en beskerming benodig indien hy/sy 'n slagoffer is van kinderarbeid of indien hy/sy

---

<sup>521</sup> *S v Mfazwe and Others* Saaknommer 07/06, KPA, 28 Junie 2007 par 22.

<sup>522</sup> Lang titel van die ‘Children’s Act’.

<sup>523</sup> Kassan & Mahery ‘Special Child Protective Measures in the Children’s Act’ in Boezaart (red) *Child Law in South Africa* 185.

<sup>524</sup> Hoofstuk 9 van die ‘Children’s Act’ getiteld ‘Child in Need of Care and Protection’.

<sup>525</sup> Nicholson 2008 *Thomas Jefferson Law Review* 30(2):407-408.

<sup>526</sup> Art 150(1)(a) – 150(1)(i) van die ‘Children’s Act’.

aan die hoof van 'n gesin staan.<sup>527</sup> Indien daar bevind word dat die kind sorg en beskerming benodig, kan die Kinderhof 'n bevel van alternatiewe sorg uitreik, soos byvoorbeeld die plasing van 'n kind in 'n kinder- en jeugsorgsentrum, die gesikte versorging van die kind op staatsonkoste, of gedeelde verantwoordelikhede ten opsigte van die kind deur verskeie belanghebbende groepe of pleegsorg.<sup>528</sup>

Die ontstaan van huishoudings met kinders aan die hoof van 'n gesin is 'n nuwe verskynsel wat veral voorkom in gemeenskappe wat geraak word deur MIV en Vigs.<sup>529</sup> Gedurende die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie se beraadslagings oor die ontwikkeling van die 'Children's Act' is die behoeftes en welsyn van kinders in hierdie tipe huishoudings breedvoerig bespreek.<sup>530</sup> Die Regshervormingskommissie is bewus van die feit dat huishoudings met kinders aan die hoof van die gesin 'n meer algemene verskynsel sal word weens die toename in MIV/Vigs en weens die feit dat opsies wat beskikbaar is vir die formele plasing van weeskinders onvoldoende is om voorsiening te maak vir die groot aantal kinders wat geraak word deur die Vigs-pandemie.<sup>531</sup> Die Regshervormingskommissie het gevvolglik die aanbeveling gemaak dat regserkenning gegee moet word aan kinderhuishoudings as 'n platingsopsie vir weeskinders wat sorg en beskerming benodig en dat die nodige ondersteuningsmeganismes in plek gestel moet word waaronder so 'n huis moet funksioneer.<sup>532</sup> 'n Huis sal as 'n kinderhuishouing erken word indien die ouer, voog of versorger van die huishouing terminaal siek is, gesterf het of die kinders in die huishouing

---

<sup>527</sup> Art 150(2)(a) en 150(2)(b) van die 'Children's Act'.

<sup>528</sup> Art 156(1) van die 'Children's Act'. 'n Bevel van alternatiewe sorg behoort as laaste uitweg gesien te word, vanweë die impak wat dit op die betrokke kind en/of die familie van die kind kan hê – sien Matthias & Zaal 'Children in Need of Care & Contribution Orders' in Davel & Skelton (reds) *Commentary on the Children's Act 9/1*.

<sup>529</sup> Kassan & Mahery in Boenzaart (red) 196; Nicholson 2008 *Thomas Jefferson Law Review* 30(2):408.

<sup>530</sup> Sien 'Discussion Paper 103 (Project 110) Review of the Child Care Act - Executive Summary' te vindé by 'Review of the Child Care Act: Executive Summary' <[www:justice.gov.za/salrc/dpapers/dp103\\_exesum\\_20\\_02.pdf](http://www:justice.gov.za/salrc/dpapers/dp103_exesum_20_02.pdf)> (besoek 10 Januarie 2013) xlxi; Kassan & Mahery in Boenzaart (red) 196; 'Realising the Rights of Children growing up in Child-headed Households: A Guide to Laws, Policies and Social Advocacy' <<http://www.communitylawcentre.org.za/projects/socio-economicrights/Research%20and%20Publications/SER%20Publications/Child-headed%20households.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013) 19-20.

<sup>531</sup> 'Review of the Child Care Act: Executive Summary' <[www:justice.gov.za/salrc/dpapers/dp103\\_exesum\\_20\\_02.pdf](http://www:justice.gov.za/salrc/dpapers/dp103_exesum_20_02.pdf)> (besoek 10 Januarie 2013) xlxi; Kassan & Mahery in Boenzaart (red) 196.

<sup>532</sup> Kassan & Mahery in Boenzaart (red) 196; 'Review of the Child Care Act: Executive Summary' <[www:justice.gov.za/salrc/dpapers/dp103\\_exesum\\_20\\_02.pdf](http://www:justice.gov.za/salrc/dpapers/dp103_exesum_20_02.pdf)> (besoek 10 Januarie 2013) xlxi.

verlaat het;<sup>533</sup> geen volwasse familielid beskikbaar is om die kinders in die huishouding te versorg nie;<sup>534</sup> ‘n kind bo die ouerdom van 16 jaar die rol van versorger ten opsigte van die kinders in die huishouding oorgeneem het;<sup>535</sup> en dit in die beste belang van die kinders in die huishouding is om die huishouding as ‘n kinderhuishouding te erken.<sup>536</sup> Met betrekking tot huishoudings waar kinders aan die hoof staan, bepaal die ‘Children’s Act’ dat sodanige huishouding onder die toesig van ‘n volwassene moet funksioneer wat aangestel is deur ‘n kinderhof of ‘n staatsliggaam.<sup>537</sup> Hierdie volwassene moet ‘n gesikte en gepaste persoon wees om met kinders te werk.<sup>538</sup> Die wet bepaal nie dat die aangewese volwassene by die kinders in die huis moet bly nie, maar maak tog in die regulasies van die wet voorsiening daarvoor dat die toesighoudende volwassene die huishouding op ‘n gereelde grondslag moet besoek ten einde die kinders by te staan met hul verantwoordelikhede ten opsigte van die huishouding.<sup>539</sup> Die wet,<sup>540</sup> tesame met die regulasies van die wet,<sup>541</sup> stel ‘n aantal funksies vas waarvoor die toesighoudende volwassene verantwoordelik moet wees. Hierdie sluit onder andere in om enige kindertoelae waarop die kinders geregtig mag wees, namens die kinders in te samel;<sup>542</sup> om emosionele, maatskaplike en sielkundige bystand aan die kinders te verleen indien nodig,<sup>543</sup> om te verseker dat die kinders skoolgaan; en om hulle by te staan met mediese aangeleenthede en regsaangeleenthede.<sup>544</sup>

Die skrywer is van mening dat die verlening van volwasse bystand aan kinders in ‘n kinderhuishouding daartoe kan bydra dat jonger kinders se blootstelling aan uitbuitende arbeidspraktyke beperk kan word. Oorlewing van die kinders in kinderhuishoudings sal

---

<sup>533</sup> Art 137(1)(a) van die ‘Children’s Act’.

<sup>534</sup> Art 137(1)(b) van die ‘Children’s Act’.

<sup>535</sup> Art 137(1)(c) van die ‘Children’s Act’.

<sup>536</sup> Art 137(1)(d) van die ‘Children’s Act’.

<sup>537</sup> Art 137(2)(a) en art 137(2)(b) van die ‘Children’s Act’.

<sup>538</sup> Art 137(3)(b) van die ‘Children’s Act’.

<sup>539</sup> Kassan & Mahery in Boezaart (red) 199.

<sup>540</sup> Sien art 137 van die ‘Children’s Act’.

<sup>541</sup> Regulasie 50 van die ‘Children’s Act’ - sien ‘Children’s Act,’ 38 van 2005: ‘General Regulations regarding Children’ GK R261 in SK 33076 van 1 April 2010.

<sup>542</sup> Art 137(5)(a) van die ‘Children’s Act’.

<sup>543</sup> Regulasie 50(a) van die ‘Children’s Act’ - sien ‘Children’s Act,’ 38 van 2005: ‘General Regulations regarding Children’ GK R261 in SK 33076 van 1 April 2010

<sup>544</sup> Regulasie 50(b) en regulasie 50(f) van die ‘Children’s Act’ – sien ‘Children’s Act,’ 38 van 2005: ‘General Regulations regarding Children’ GK R261 in SK 33076 van 1 April 2010; Kassan & Mahery in Boezaart (red) 199.

verseker word indien so 'n huishouding se inkomste behoorlik geadministreer word en daar 'n aangepaste onderwyssisteem vir hulle geskep word. Die kinderhuishouding se inkomste behoort verky te word uit alle redelike vorms van kinderarbeid verrig, sonder om enige vorm van uitbuitende arbeidspraktyke toe te laat. As gevolg van die toename in kinderhuishoudings, sal die benadering tot kinderarbeid in Suid-Afrikaanse nasionale wetgewing in heroorweging geneem moet word, deur slegs ergste vorms en uitbuitende vorms van kinderarbeid te verbied en ander vorms effektief te reguleer.

Artikel 284(1) van die 'Children's Act' verbied handeldryf in kinders, terwyl art 5(1) van die Palermo Protokol handeldryf in kinders<sup>545</sup> kriminaliseer.<sup>546</sup> Die handeldryf in kinders is een van die ergste vorms van kinderarbeid.<sup>547</sup> Hoofstuk 18 van die 'Children's Act' handel juis oor die handeldryf in kinders en stel ten doel om die handeldryf in kinders te bekamp<sup>548</sup> en om uiting te gee aan die Palermo Protokol.<sup>549</sup> Artikel 283 van die 'Children's Act' dui aan hoe samewerking op internasionale vlak tussen Suid-Afrika en ander lande kan geskied ten einde handeldryf in kinders te bekamp. Die wyse van bystand verleen aan kinders, wat slagoffers is van handeldryf in kinders, word in artikel 286 van die 'Children's Act' bespreek. Artikel 288 verplig diegene wat kontak het met 'n kind wat verhandel is om die kind na 'n aangewese maatskaplike werker te verwys. Laastens bespreek artikel 290 die aangeleenthede rondom die repatriasie van kinders wat slagoffers van handeldryf in kinders is.

#### **4.3.9 Die regulering van kinders in die vermaaklikheidsbedryf**

Vanaf 16 Augustus 2004 kan 'n persoon by die Minister aansoek doen ter verkryging van 'n permit wat hom/haar in staat sal stel om kinders onder die ouderdom van 15 jaar in diens te neem vir die doel van advertensies, artistieke en kulturele aktiwiteite.<sup>550</sup> Die Minister moet

---

<sup>545</sup> Vir 'n definisie van handeldryf in kinders, sien art 3(a) saamgelees met art 3(c) van die Palermo Protokol.

<sup>546</sup> Sien ook par 3.1.2.3 (b)(i).

<sup>547</sup> Art 3(a) van Konvensie 182.

<sup>548</sup> Art 281(b) van die 'Children's Act'.

<sup>549</sup> Art 281(a) van die 'Children's Act'.

<sup>550</sup> Regulasie 2(1) van Sektorale Vasstelling 10; 'Towards a National Child Labour Action Programme for South Africa' <<https://www.labour.gov.za/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment/towards-a-national-child-labour-action-programme-for-south-africa>> (besoek 16 Januarie 2013) 26.

die tydperk vasstel waarvoor die permit uitgereik word en kan voorwaardes koppel aan die uitreiking daarvan.<sup>551</sup> 'n Geldige dienskontrak moet met die ouer, wettige voog of, indien 'n ouer of wettige voog van die kind skriftelik daartoe toestem, met 'n agent namens die kind gesluit word.<sup>552</sup> Die ouer, voog of agent moet die dienskontrak of enige wysiging daarvan namens die kind onderteken en die hoedanigheid waarin hulle optree, aandui.<sup>553</sup>

Enige betaling aan die kind verskuldig moet aan 'n ouer of wettige voog van die kind betaal word.<sup>554</sup> Aftrekings van die vergoeding wat aan 'n kind betaalbaar is, sal slegs geregtig wees indien 'n wet so 'n aftrekking magtig of indien 'n ouer of voog van die kind skriftelik daartoe instem.<sup>555</sup> 'n Werkgewer wat 'n kind ingevolge hierdie sektorale vasstelling in diens neem, mag nie vergoeding van die kind weerhou vir doeleinades van opleiding van die kind, die verskaffing van toerusting, kos of werksklere nie en ook nie vir enige akkommodasie wat aan die kind of sy/haar ouers of voog verskaf word nie.<sup>556</sup>

Die maksimum ure wat 'n kind mag werk, is vier uur per dag vir kinders ouer as 10 jaar en drie uur per dag vir kinders 10 jaar en jonger.<sup>557</sup> Rusperiodes van ten minste 30 minute moet aan kinders gegee word na twee uur aaneenlopende werk indien hulle bo die ouderdom van 10 jaar is en na 1½ uur aaneenlopende werk waar die kind 10 jaar of jonger is.<sup>558</sup> Indien dit weens die aard van die werk onmoontlik is om rusperiodes aan die kind binne die voorgeskrewe tydperke te gee, moet rusperiodes so gou moontlik daarná verskaf word.<sup>559</sup>

---

<sup>551</sup> Regulasie 2(6)(a) en 2(6)(b) van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>552</sup> Regulasie 3(1)(a) en 3(1)(b) van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>553</sup> Regulasie 3(3) van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>554</sup> Regulasie 4(1) van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>555</sup> Regulasie 6(1)(a) en 6(1)(b) van Sektorale Vasstelling 10; 'Basic Guide to Deductions (Children in Performing Arts)' <<https://www.labour.gov.za/legislation/acts/basic-guides/basic-guide-to-deductions-children-in-performing-arts>> (besoek 16 Januarie 2013) 1.

<sup>556</sup> Regulasie 7(1)(a) – 7(1)(e) van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>557</sup> Regulasie 8(1)(a) en 8(1)(b) van Sektorale Vasstelling 10; 'Basic Guide to Working Hours (Children in Performing Arts)' <<https://www.labour.gov.za/legislation/acts/basic-guides/basic-guide-to-working-hours-children-in-performing-arts>> (besoek 16 Januarie 2013) 1.

<sup>558</sup> Regulasie 9(1)(a) en 9(1)(b) van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>559</sup> Regulasie 9(2) van Sektorale Vasstelling 10.

Die werkgewer moet toesien dat voedsame kos aan die kind verskaf word<sup>560</sup> en dat 'n veilige area beskikbaar is waar kinders kan rus.<sup>561</sup> Kinders mag ook nie weg van die huis af werk nie, tensy volle besonderhede van die akkommodasie aan die ouer of wettige voog verskaf is en die ouer of voog hierdie reëlings goedkeur.<sup>562</sup> Akkommodasie moet gratis aan die kind verskaf word en moet skoon, gemaklik, voldoende toegerus en veilig wees.<sup>563</sup> Geen volwassene, behalwe die ouer of voog van 'n kind, mag akkommodasie met 'n kind deel nie.<sup>564</sup> Die werkgewer moet verder toesien dat, tensy anders oorengekom met die ouer of voog van die kind, veilige vervoer beskikbaar is in gevalle waar 'n kind nodig het om vir werksdoeleindes te reis.<sup>565</sup> Werkgewers moet ten alle tye seker maak dat kinders nie blootgestel word aan ongesonde of gevaaarlike werksaktiwiteite nie en kinders moet verder beskerm word teen emosionele skade en spanning.<sup>566</sup> Waar enige persoon strydig met die bepalings van hierdie sektorale vasstelling optree, is so 'n persoon skuldig aan 'n misdryf en kan hy/sy tot drie jaar gevangenisstraf gevonnis word.<sup>567</sup>

#### 4.3.10 Die regulering van kinders in gevaaarlike werk

##### 4.3.10.1 Algemeen

Op 15 Januarie 2010 het die Minister van Arbeid, ingevolge artikel 44(1) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en artikel 43(1) van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid,<sup>568</sup> regulasies uitgevaardig oor die regulering van kinders in gevaaarlike werk in Suid-Afrika. Geen bepaling van hierdie regulasies mag geïnterpreteer word op 'n wyse wat

---

<sup>560</sup> Regulasie 10(1) van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>561</sup> Regulasie 12 van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>562</sup> Regulasie 13(1) van Sektorale Vasstelling 10; 'Regulations on Hazardous work by Children' <<https://www.labour.gov.za/downloads/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment/childlabourooklet2012.pdf>> (besoek 16 Januarie 2013) 4.

<sup>563</sup> Regulasie 13(1)(b) van Sektorale Vasstelling 10; 'Regulations on Hazardous work by Children' <<https://www.labour.gov.za/downloads/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment/childlabourooklet2012.pdf>> (besoek 16 Januarie 2013) 4.

<sup>564</sup> Regulasie 13(1)(c) van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>565</sup> Regulasie 14(1) van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>566</sup> Regulasie 16(1) van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>567</sup> Regulasie 20(2) van Sektorale Vasstelling 10.

<sup>568</sup> Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 85 van 1993.

kinders onder die ouderdom van 15 jaar toelaat om in diens geneem te word nie.<sup>569</sup> Kinders mag ook nie werk verrig wat deur enige wetgewing in Suid-Afrika verbied word nie.<sup>570</sup> Die hoofdoel van hierdie regulasies is om voorwaardes te stel vir die indiensneming van kinders, 15 jaar en ouer, en om van die gevaelikste soorte werk te verbied, ongeag die ouderdom van die kind.<sup>571</sup>

#### 4.3.10.2 Relevante bepalings

Elke werkgewer wat 'n kind<sup>572</sup> in diens neem, moet die risiko's in daardie werksomgewing identifiseer en 'n plan opstel om risiko's en gevare te verwijder, verminder of te beheer.<sup>573</sup> Geen persoon mag 'n kind toelaat om op 'n hoogte van meer as vyf meter bo die grond te werk nie<sup>574</sup> en kinders wat twee meter of meer bo die grond werk, moet ten alle tye onder toesig van 'n bevoegde volwassene werk.<sup>575</sup> Kinders mag ook nie voorwerpe optel swaarder as 20% van sy/haar massa, tot 'n maksimum van 15 kg, nie.<sup>576</sup> Kinders mag nie in baie lae temperature sonder geskikte, beskermende warm klere werk nie<sup>577</sup> en moet elke 15 minute 'n waterbreuk hê en ten minste 150 milliliter vloeistof inneem in gevalle waar hulle in baie hoë temperature werksaam is.<sup>578</sup> Voldoende opleiding moet aan kinders verskaf word,

---

<sup>569</sup> Regulasie 2(2)(a) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes – sien ‘Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997: Health and Safety of Children at Work Regulations’ GK R7 in SK 32862 van 15 Januarie 2010 (hierna GK R7 SK 32862).

<sup>570</sup> Regulasie 2(2)(b) van GK R7 SK 32862.

<sup>571</sup> Regulasie 2(1) van GK R7 SK 32862; ‘Regulations on Hazardous work by Children’ <<https://www.labour.gov.za/downloads/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment/childlabourooklet2012.pdf>> (besoek 16 Januarie 2013) 2.

<sup>572</sup> Slegs van toepassing op kinders wat in diens geneem mag word - Sien par 4.3.10.1 hierbo. Kinders onder die ouderdom van 15 jaar mag slegs werk verrig in die vermaakklikheidsbedryf (sien par 4.3.9); of in die geval waar werk op 'n vrywillige basis vir 'n kerk, liefdadigheidsorganisasie of sportklub gedoen word; of waar die werk deel vorm van skoolopleiding en nie inbreuk maak op die gesonde ontwikkeling van die kind nie – sien regulasie 4(2)(b)(i) – 4(2)(b)(iii) van skedule 2 van GK R7 SK 32862.

<sup>573</sup> Regulasie 3(1) en regulasie 2(2)(a) van GK R7 SK 32862; ‘Regulations on Hazardous work by Children’ <<https://www.labour.gov.za/downloads/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment/childlabourooklet2012.pdf>> (besoek 16 Januarie 2013) 7.

<sup>574</sup> Regulasie 5(1)(b) van GK R7 SK 32862.

<sup>575</sup> Regulasie 5(2) saamgelees met regulasie 5(1)(a)(i) van GK R7 SK 32862.

<sup>576</sup> Regulasie 6(1)(a) en 6(1)(b) van GK R7 SK 32862.

<sup>577</sup> Regulasie 7(1)(a) en 7(1)(b) van GK R7 SK 32862; ‘Regulations on Hazardous work by Children’ <<https://www.labour.gov.za/downloads/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment/childlabourooklet2012.pdf>> (besoek 16 Januarie 2013) 8.

<sup>578</sup> Regulasie 8(b) en 8(c) van GK R7 SK 32862.

alvorens hulle toegelaat mag word om met masjinerie of gevaaarlike toerusting te werk en werk in hierdie geval moet ten alle tye onder toesig geskied.<sup>579</sup> 'n Werkewer wat 'n kind in diens neem, moet ten alle tye seker maak dat die indiensneming nie inmeng met die skoolonderrig of gesondheid van die kind nie.<sup>580</sup> Kinders mag ook nie langer as agt uur per dag werk nie en nie meer as 40 uur per week nie.<sup>581</sup> Waar kinders op skool is, mag hulle slegs 20 uur per week werk.<sup>582</sup> Kinders word nie toegelaat om werk te verrig voor sesuur die oggend of na sesuur die aand nie, tensy die werk in 'n restaurant, winkel, bioskoop of teater is en onder behoorlike volwasse toesig geskied of waar die kind as 'n kinderoppasser werk.<sup>583</sup> In laasgenoemde gevalle mag kinders tot en met elfuur die aand werk.<sup>584</sup> Hierdie regulasies sit ook sekere vorms van arbeid uiteen wat ten alle tye verbied moet word, ongeag die ouderdom van die kind.<sup>585</sup>

#### 4.3.11 Gevolgtrekking

Soos blyk uit die voorafgaande bespreking gee Suid-Afrika tot 'n groot mate uiting aan internasionale minimum-standarde deur onder andere van die ergste vorms van kinderarbeid te kriminaliseer,<sup>586</sup> beskerming aan kinders te bied teen uitbuitende arbeidspraktyke<sup>587</sup> en te bepaal dat geen kind onder die minimum skoolpligtige ouderdom in diens geneem mag word nie.<sup>588</sup> Die skrywer stem saam dat alle ergste vorms en uitbuitende vorms van kinderarbeid verbied behoort te word. Sektorale Vasstelling 10 laat sekere vorms van arbeid onder streng regulasie daarvan toe in Suid-Afrika, selfs vir kinders onder die

---

<sup>579</sup> Regulasie 10(1)(c) en 10(1)(d) van GK R7 SK 32862; 'Regulations on Hazardous work by Children' <<https://www.labour.gov.za/downloads/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment/childlabourooklet2012.pdf>> (besoek 16 Januarie 2013) 9.

<sup>580</sup> Regulasie 5(c) van skedule 2 van GK R7 SK 32862.

<sup>581</sup> Regulasie (8)(1) van skedule 2 van GK R7 SK 32862.

<sup>582</sup> Regulasie 8(3)(a) van skedule 2 van GK R7 SK 32862.

<sup>583</sup> Regulasie 9(1) van skedule 2 van GK R7 SK 32862 saamgelees met regulasie 9(2)(a) en 9(2)(b) van skedule 2 van die GK R7 SK 32862.

<sup>584</sup> *Ibid.*

<sup>585</sup> Vir 'n lys van hierdie vorms van arbeid sien regulasies 10 en 11 van skedule 2 van GK R7 SK 32862. Hierdie soorte werk sluit onder ander die vervaardiging van teer, sweis- of soldeerwerk en die vervaardiging van ploffstowwe in.

<sup>586</sup> Sien par 4.3.5 en 4.3.6.

<sup>587</sup> Sien par 4.3.2.2.

<sup>588</sup> Sien par 4.3.3.2.

ouderdom van 15 jaar.<sup>589</sup> Hierdie vorms van arbeid sluit in waar kinders betrokke is by advertensies, artistieke en kulturele aktiwiteite.<sup>590</sup> Die skrywer is van mening dat ook ander vorms van arbeid (uitgesluit ergste en uitbuitende vorms daarvan) onder soortgelyke regulasies (soos deur Sektorale Vasstelling 10 bepaal) toegelaat behoort te word ten einde meer kinders die geleentheid te gee om werk te verrig, wat kan bydra tot die ontwikkeling en/of oorlewing van die kind. Sou Suid-Afrika hierdie vorms van arbeid toelaat, sal daar steeds in wese voldoen word aan internasionale standarde wat die ergste vorms van kinderarbeid verbied. Daar sal in so 'n geval egter nie meer uiting gegee word aan die bepalings van Konvensie 138 (ingevolge waarvan geen kind onder die minimum skoolpligtige ouderdom mag werk nie)<sup>591</sup> nie. Die toelaatbaarheid van kinderarbeid onder streng en effektiewe regulasie, kan egter geregverdig word indien die huidige sosio-ekonomiese omstandighede (van armoede)<sup>592</sup> en die noodsaak van oorlewing van kinders in berekening gebring word, ten spyte van internasionale bepalings wat kinderarbeid wil uitskakel.<sup>593</sup>

#### **4.4 DIE IMPLEMENTERING VAN NASIONALE WETGEWING EN INTERNASIONALE INSTRUMENTE IN SUID-AFRIKA**

##### **4.4.1 Inleiding**

Uit die voorafgaande uiteensetting van Suid-Afrikaanse wetgewing, asook uit die bespreking van die inkorporering van internasionale bepalings in Suid-Afrika, blyk dit dat 'n wetgewende raamwerk bestaan wat poog om kinderarbeid voldoende te reguleer.<sup>594</sup> Ten spyte van bestaande wetgewende maatreëls, kom van die ergste vorms van kinderarbeid

---

<sup>589</sup> Sien par 4.3.9.

<sup>590</sup> *Ibid.*

<sup>591</sup> Sien par 3.1.2.2 saamgelees met par 4.3.3.2.

<sup>592</sup> Sien par 4.4.2.2 vir die realiteit van armoede in Suid-Afrika.

<sup>593</sup> Indien hierdie faktore in ag geneem word en kinderarbeid, wat nie op die ergste vorms daarvan neerkom nie, gevvolglik toegelaat word, is die skrywer van mening dat daar effektief uiting gegee sal word aan art 28(2) van die Grondwet, wat bepaal dat die beste belang van die kind van deurslaggewende aard is in elke aangeleentheid wat die kind raak. Sien par 4.3.2.2 vir die Grondwetlike bepalings oor die beste belang van die kind.

<sup>594</sup> Sien par 4.3.

steeds in Suid-Afrika voor.<sup>595</sup> Huidige wetgewing alleen kan nie die oorsake van kinderarbeid effektief reguleer nie. Behalwe vir wetgewing, moet 'n verskeidenheid maatskaplike probleme en die doeltreffende besteding van nasionale fondse aandag geniet, voordat kinderarbeid in Suid-Afrika effektief gereguleer sal word. Enkele sosio-ekonomiese en maatskaplike faktore, wat effektiewe regulasie van kinderarbeid bemoeilik, sal vervolgens toegelig word om die leser daarop attent te maak dat effektiewe afdwingings-meganismes, asook 'n multidimensionele benadering tot kinderarbeid, noodsaaklik is.

#### **4.4.2 Probleemaspekte**

##### **4.4.2.1 Regsisteem teenoor kultuur**

Kultuur het 'n groot invloed op die opvoeding van 'n kind en bepaal ook die rol van die kind in die gesin en die breër gemeenskap.<sup>596</sup> In ontwikkelde samelewings is die gesinslewe gewoonlik gebaseer op 'n kerneenheid-konsep waar die bekwaamheid en onafhanklikheid van die individu bevorder word.<sup>597</sup> Die *UNCRC*, asook die *ILO* se konvensies, steun grootliks hierdie ideale deur die regte van kinders te beklemtoon.<sup>598</sup> Hierteenoor word die kultuur van verskeie etniese groepe in Suid-Afrika gekenmerk deur interafhanklikheid, waar die gemeenskap se belang hoër geag word as die regte van die individu.<sup>599</sup> Inheemse kulture van Suid-Afrika sien nie die kind as 'n outonome draer van regte nie en kinders speel 'n bepaalde rol in die bevordering van die belang van die gemeenskap as geheel.<sup>600</sup> In hierdie kulture word die kinderjare beskou as 'n tydperk waartydens kinders tegniese en sosiale vaardighede moet aanleer, deur arbeid te verrig om hul toekomstige rol as volwassenes te

---

<sup>595</sup> Sien par 4.1.

<sup>596</sup> Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):168.

<sup>597</sup> 'Child Care in Cultural Context: Research Paper No. 22 – Australian Institute of Family Studies' <<http://www.aifs.gov.au/institute/pubs/RP22.pdf>> (besoek 1 Januarie 2013) 3; Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):168.

<sup>598</sup> Sien par 3.1.

<sup>599</sup> 'Child Care in Cultural Context: Research Paper No. 22 – Australian Institute of Family Studies' <<http://www.aifs.gov.au/institute/pubs/RP22.pdf>> (besoek 1 Januarie 2013) 3-4; Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):168.

<sup>600</sup> Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):169; Nhlapo 1989 *International Journal of Law and the Family* 3(1):4.

vervul.<sup>601</sup> Kinders het ook 'n verpligting om by te dra tot die onderhoud en oorlewing van die gesin en die gemeenskap en is van jongs af betrokke by arbeidsaktiwiteite.<sup>602</sup> Hierdie werk word nie as uitbuiting van kinders gesien nie, maar eerder as 'n geleentheid om vaardighede aan te leer.<sup>603</sup>

Met die eerste oogopslag blyk dit dat internasionale en nasionale reg die diversiteit van kulture erken.<sup>604</sup> By nadere ondersoek is dit egter duidelik dat ambivalensie bestaan ten opsigte van verskillende kulture en hul gebruik.<sup>605</sup> Regerings word verplig om skadelike kultuurgebruiken af te skaf en sodoende word alle gebruik in kulture nie erken nie.<sup>606</sup> Die *UNCRC* bepaal dat kinders die reg het om teen skadelike arbeidspraktyke beskerm te word.<sup>607</sup> Konvensie 138 bepaal dat geen kind onder die ouderdom van 15 jaar mag werk nie,<sup>608</sup> terwyl die Wet op Basiese Diensvoorraad dit onwettig maak om kinders onder die ouderdom van 15 jaar in diens te neem.<sup>609</sup> Die afleiding kan dus gemaak word dat arbeid onder die ouderdom van 15 jaar as skadelik in Suid-Afrika beskou word. Hierdie posisie kontrasteer met die erkenning van verskillende kultuurgebruiken, veral etniese groepe in Suid-Afrika se siening dat kinderarbeid, onder die ouderdom van 15 jaar, nie as skadelik beskou kan word nie, maar eerder 'n geleentheid is vir die aanleer van vaardighede.<sup>610</sup> Die verskille tussen die ideologieë van menseregte-verdrae en dié van Afrika-kulture laat die vraag ontstaan of menseregte-instrumente, gegewe die voorveronderstellings van die opstellers van die verdrae, effektief afgedwing kan word in Suid-Afrika op mense van verskillende kulture, selfs waar hierdie konvensies geratifiseer is.<sup>611</sup>

---

<sup>601</sup> Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):170.

<sup>602</sup> Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):170. Hierdie is in ooreenstemming met die verpligting wat op kinders rus in terme van art 31 van die ACRWC.

<sup>603</sup> Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):170.

<sup>604</sup> Art 30 van die Grondwet van Suid-Afrika bepaal dat elkeen die reg het om aan die kultuur-lewe van sy keuse deel te neem en art 31(2) van die *UNCRC* bepaal dat deelnemende state die reg van kinders, om deel te neem aan die kultuur van hul keuse, erken en beskerm.

<sup>605</sup> Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):170 - 171.

<sup>606</sup> Art 24(3) van die *UNCRC*.

<sup>607</sup> Art 32(1) van die *UNCRC*.

<sup>608</sup> Art 2(3) van Konvensie 138.

<sup>609</sup> Art 43(1)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorraad.

<sup>610</sup> Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):170.

<sup>611</sup> Nhenga Application of the International Prohibition on Child Labour in an African Context: Lesotho, Zimbabwe and South Africa 87; Nhenga-Chakarisa 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):170.

#### 4.4.2.2 Realiteit eie aan Suid-Afrika

In Suid-Afrika kom grootskaalse armoede voor.<sup>612</sup> Ongeveer 48% van Suid-Afrikaners lewe onder die broodlyn.<sup>613</sup> Kinders wat in armoede verkeer en derhalwe 'n tekort het aan lewensmiddelle, loop potensieel die gevaar om verwaarloos of mishandel te word, of om ter wille van oorlewing by uitbuitende vorms van kinderarbeid betrokke te raak.<sup>614</sup> Niteenstaande wetgewing wat kinderarbeid verbied, sal oorlewing dikwels die bepalende faktor in die omvang van kinderarbeid wees.<sup>615</sup>

Huishoudings met kinders aan die hoof word al hoe meer algemeen in Suid-Afrika, veral vanweë die Vigs-virus wat verwoesting onder die Suid-Afrikaanse bevolking saai.<sup>616</sup> Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling beweer dat daar ongeveer 83 000 huishoudings in Suid-Afrika is met weeskinder as hoof.<sup>617</sup> Die Mediese Navorsingsraad het voorspel dat rofweg 15% van kinders onder die ouderdom van 15 jaar teen 2015 as weeskinder agtergelaat sal word en dat 30% van tieners tussen die ouderdomme van 15 en 17 jaar hul moeders aan MIV/Vigs sal afstaan.<sup>618</sup> Hierdie statistiek skep 'n skrikwekkende prentjie vir owerhede wat daarvoor verantwoordelik is om 'n plan te ontwerp om hierdie kinders te versorg en hulle terselfdertyd onderwys en 'n tuiste te gee. Die toelaat en effektiewe regulering van kinderarbeid (uitgesluit ergste en uitbuitende vorms daarvan) kan na die skrywer se mening 'n inkomste en die oorlewing van kinders verseker.

---

<sup>612</sup> Department: The Presidency Republic of South Africa 'National Planning Commission Diagnostic Overview' <[www.info.gov.za/view/DownloadFA?id=147192](http://www.info.gov.za/view/DownloadFA?id=147192)> (besoek 1 Januarie 2013) 9.

<sup>613</sup> *Ibid.*

<sup>614</sup> Omoni & Ijeh 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):35-36; 'Child Protection Research Briefing: Poverty and Child Maltreatment' <[www.nspcc.org.uk/Inform/reaserch/briefings/povertypdf\\_wdf56896.pdf](http://www.nspcc.org.uk/Inform/reaserch/briefings/povertypdf_wdf56896.pdf)> (besoek 1 Januarie 2013) 1.

<sup>615</sup> Currie & de Waal 615.

<sup>616</sup> Nicholson 2008 *Thomas Jefferson Law Review* 30(2):408.

<sup>617</sup> Democratic Alliance 'Saving the Lost Generation: The DA's Policy on Child-headed Households' <[http://www.da.org.za/docs/613/ChildHeadedHouseholds\\_document.pdf](http://www.da.org.za/docs/613/ChildHeadedHouseholds_document.pdf)> (besoek 31 Desember 2012) 1.

<sup>618</sup> *Ibid.*

#### 4.4.2.3 Oormatig beperkende arbeidswette

Meneer Pravin Gordhan, Minister van Finansies, is van mening dat Suid-Afrika daaraan sal moet dink om arbeidswetgewing in sekere gevalle te verslap ten einde meer werk te skep.<sup>619</sup> Teen Suid-Afrika se huidige ekonomiese groeivooruistsigte sal daar teen 2025 slegs vier miljoen werkgeleenthede geskep word.<sup>620</sup> Dit is nie voldoende om 'n 'beduidende duik' in die hoë werkloosheidsyfers te maak nie en is laer as die doelwit wat die regering se Nuwe Ekonomiese Groeiplan daarstel, naamlik om vyf miljoen nuwe werkgeleenthede teen 2020 te skep.<sup>621</sup> Verlies van bestaande en toekomstige werk kan plaasvind indien die regering 'n minimum-loon vasstel in 'n poging om lone te verhoog bo dit wat werkgewers in staat is om te betaal.<sup>622</sup> Wetgewing rakende minimum-lone is egter nie die enigste oorsaak van werkloosheid nie.<sup>623</sup> Siebert<sup>624</sup> meen dat bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes die koste verbonde aan indiensneming verhoog,<sup>625</sup> wat verder bydra tot werkloosheid. Baie klein sake-ondernehemings misluk vanweë die hoë koste verbonde aan indiensneming.<sup>626</sup> Minister Pravin Gordhan het op die Instituut van Interne Ouditeure van Suid-Afrika se jaarlikse konferensie gesê dat wetgewing ook verslap moet word om jongmense toe te laat om tot die werksomgewing toe te tree en vaardighede

---

<sup>619</sup> CAPES 'Labour Law Review 2011 Position Paper: Synopsis of Proposed Changes & the Impact on the SA Economy'  
[http://c.ymcdn.com/sites/www.apso.co.za/resource/resmgr/pdf/CAPES\\_Labour\\_Law\\_Review\\_2011.pdf](http://c.ymcdn.com/sites/www.apso.co.za/resource/resmgr/pdf/CAPES_Labour_Law_Review_2011.pdf)

(besoek 1 Januarie 2013) 8; 'Verslapping van Arbeidswette kan Werk Skep' <http://m.news24.com/sake24/Ekonomie/Verslapping-van-arbeidswette-kan-werk-skep-20110816> (besoek 24 Julie 2012) 1.

<sup>620</sup> 'Verslapping van Arbeidswette kan Werk Skep' <http://m.news24.com/sake24/Ekonomie/Verslapping-van-arbeidswette-kan-werk-skep-20110816> (besoek 24 Julie 2012) 1.

<sup>621</sup> 'Budget Review 2011: National Treasury Republic of South Africa' [www.treasury.gov.za/documents/national\\_budget/2011/review/Budget\\_Review.pdf](http://www.treasury.gov.za/documents/national_budget/2011/review/Budget_Review.pdf) (besoek 1 Januarie 2013) 2.

<sup>622</sup> 'When those with Jobs Blocks those Without' <http://www.timeslive.co.za/opinion/commentary/2012/03/18/when-those-with-jobs-block-those-without> (besoek 10 Julie 2012) 1.

<sup>623</sup> *Ibid.*

<sup>624</sup> 'When those with jobs blocks those without' <http://www.timeslive.co.za/opinion/commentary/2012/03/18/when-those-with-jobs-block-those-without> (besoek 10 Julie 2012) 1.

<sup>625</sup> Dit sluit, onder ander, die hoë kostes verbonde aan die ontslag van werknemers in, asook die koste verbonde aan die nakoming van gelykheidswetgewing – sien 'When those with jobs blocks those without' <http://www.timeslive.co.za/opinion/commentary/2012/03/18/when-those-with-jobs-block-those-without> (besoek 10 Julie 2012) 1.

<sup>626</sup> 'When those with jobs blocks those without' <http://www.timeslive.co.za/opinion/commentary/2012/03/18/when-those-with-jobs-block-those-without> (besoek 10 Julie 2012) 1.

en ervaring teen laer lone te kry, maar nie tot nadeel van mense wat reeds werk het nie.<sup>627</sup> Hy het verder ook gesê dat beperkende wetgewing vir klein en middelslagondernemings geskrap moet word, dat die koste om sake te doen verminder moet word en dat die mededingingsmag verhoog moet word.<sup>628</sup>

Die skrywer is van mening dat alhoewel oormatig beperkende arbeidswette nie 'n direkte invloed op kinderarbeid het nie, dit moontlik is dat kinderarbeid (ingesluit die ergste vorms en uitbuitende vorms daarvan) kan toeneem in omstandighede waar oormatige streng arbeidswetgewing werkloosheid veroorsaak. Die rede hiervoor is dat werkloosheid en armoede direkte oorsake van kinderarbeid kan wees.<sup>629</sup> Waar ouers op wie die primêre verantwoordelikheid rus om in die versorging van hul kinders te voorsien<sup>630</sup> werkloos is, kan dit daartoe lei dat die kind betrokke raak in arbeidsaktiwiteite of selfs in misdaad om in sy/haar eie basiese behoeftes te voorsien.

#### 4.4.3 Gevolgtrekking

Die skrywer is van mening dat sosio-ekonomiese omstandighede,<sup>631</sup> asook kultuurverskille<sup>632</sup> veroorsaak dat bestaande wetgewing rakende kinderarbeid dikwels nie effektief toegepas kan word in Suid-Afrika nie. Arbeidswetgewing wat te streng van aard is en moontlik tot werkloosheid aanleiding gee, is 'n verdere bewys dat bestaande wetgewing alleen nie kinderarbeid voldoende kan reguleer nie.<sup>633</sup> Wetgewing behoort hersien te word om bestaande tekortkominge ten opsigte van realiteit eie aan Suid-Afrika te akkommodeer, aldus die skrywer. Verskeie kinderarbeidsprogramme wat poog om probleme aan te spreek, bestaan tans in Suid-Afrika en sal vervolgens bespreek word. Vanweë 'n tekort aan

---

<sup>627</sup> 'Verslapping van arbeidswette kan werk skep' <<http://m.news24.com/sake24/Ekonomie/Verslapping-van-arbeidswette-kan-werk-skep-20110816>> (besoek 24 Julie 2012) 1.

<sup>628</sup> *Ibid.*

<sup>629</sup> Sien par 2.4.2 vir die oorsake van kinderarbeid.

<sup>630</sup> Art 28(1)(b) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>631</sup> Par 4.5.2.2.

<sup>632</sup> Par 4.5.2.1.

<sup>633</sup> Par 4.5.2.3.

hulpbronne is dit egter duidelik dat, alhoewel suksesvol in sekere omstandighede,<sup>634</sup> hierdie programme nie omvangryk genoeg is om kinderarbeid en armoede geheel en al uit te wis nie.<sup>635</sup> Hersiening van bestaande wetgewing (deur sekere vorms van kinderarbeid, buite die bestek van die ergste vorms en uitbuitende vorms daarvan, toe te laat) kan daartoe bydra dat kinderarbeidsprogramme meer suksesvol sal wees ten opsigte van bestryding van armoede en bekamping van uitbuitende arbeid, aldus die skrywer.

## 4.5 BESTAANDE KINDERARBEIDS PROGRAMME IN SUID-AFRIKA

### 4.5.1 Inleiding

Kinderarbeidsprogramme in Suid-Afrika poog nie net om kinderarbeid te elimineer nie, maar maak ook voorsiening vir die beskerming van verwaarloosde kinders en die vermindering van armoede.<sup>636</sup> Behalwe vir bestaande erkende kinderarbeidsprogramme bestaan daar ook 'n verskeidenheid kerkorganisasies, maatskaplike instellings en vrywillige werkers wat poog om armoede te verlig of om kinders teen verwaarlozing te beskerm. Enkele van die kinderarbeidsprogramme in Suid-Afrika sal vervolgens toegelig word.

### 4.5.2 'Child Labour Programme of Action'

'n Program is deur die regering ontwikkel om 'n einde aan kinderarbeid in Suid-Afrika te maak.<sup>637</sup> Die program is aanvanklik die 'Child Labour Action Programme' of *CLAP* genoem, maar is in 2006 verander na die 'Child Labour Programme of Action' (hierna *CLPA*) vanweë

---

<sup>634</sup> Sien byvoorbeeld: 'The National Child Labour Programme of Action for South Africa: Phase two 2008-2012' <<https://www.labour.gov.za/downloads/documents/annual-reports/child-labour-programme-of-action-for-south-africa/2012/Child%20Labour%20Programme%20of%20Action.pdf>> (besoek 21 Januarie 2013) 28-59 en Information: Government Services' <[www.info.gov.za/faq/services.htm](http://www.info.gov.za/faq/services.htm)> (besoek 1 Januarie 2013) 1 - as voorbeeld van suksesse reeds bereik in Suid-Afrika.

<sup>635</sup> Sien par 4.4.2.2 vir armoede en par 4.1 vir kinderarbeid steeds in Suid-Afrika, ten spyte van bestaande programme wat poog om hierdie genoemde faktore uit te wis.

<sup>636</sup> 'Child Labour Action Programme for South Africa' <[www.labour.gov.za/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment](https://www.labour.gov.za/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment)> (besoek 23 Desember 2011) 4.

<sup>637</sup> 'The National Child Labour Programme of Action for South Africa: Phase two 2008-2012' <<https://www.labour.gov.za/downloads/documents/annual-reports/child-labour-programme-of-action-for-south-africa/2012/Child%20Labour%20Programme%20of%20Action.pdf>> (besoek 1 Januarie 2013) 1.

die negatiewe konnotasie wat aan die afkorting *CLAP* geheg kon word.<sup>638</sup> Die program het ten doel om toe te sien dat die regering en ander belanghebbendes se programme en beleid rakende armoede, werkverskaffing en maatskaplike aangeleenthede tot voordeel van kinders is.<sup>639</sup> Ingevolge hierdie program moet alle staatsdepartemente saamwerk om kinderarbeid te verminder, om die ergste vorms van kinderarbeid te elimineer en om die publiek bewus te maak van die ergste vorms van kinderarbeid en die nadele daarvan vir kinders.<sup>640</sup> Die program beywer hom ook vir nuwe wetgewing teen die ergste vorms van kinderarbeid en om wetstoepassing te bevorder.<sup>641</sup> Hierdie program het reeds suksesvol die toestaan van die kindertoelaag,<sup>642</sup> wat aan kinders onder bepaalde omstandighede beskikbaar gestel word, uitgebrei vanaf die ouderdom van 13 jaar tot en met die ouderdom van 15 jaar teen 2010.<sup>643</sup> 'n Verdere uitbreiding van die ouderdom het teen 2011 suksesvol plaasgevind ten einde 'n groter aantal kinders finansieel by te staan. Kinders tot en met 18 jaar kan nou bevoordeel word deur die verkryging van 'n kindertoelaag.<sup>644</sup>

#### 4.5.3 Kindertoelae en ander gratis dienste

Die regering poog om kinders minder weerloos te maak deur kindertoelae beskikbaar te stel vir kindersorg.<sup>645</sup> 'n Persoon wat as versorger van 'n kind optree, is onder sekere omstandighede<sup>646</sup> geregtig op 'n maandelikse betaling van die regering vir die onderhoud

---

<sup>638</sup> Chauhan *Child Labour (Increasing Challenges)* 15; 'Child Labour Action Programme (South Africa)' <<http://en.wikipedia.org/wiki/ChildLabour-Programme-of-Action>> (besoek 9 Februarie 2011) 1.

<sup>639</sup> 'The National Child Labour Programme of Action for South Africa: Phase two 2008-2012' <<https://www.labour.gov.za/downloads/documents/annual-reports/child-labour-programme-of-action-for-south-africa/2012/Child%20Labour%20Programme%20of%20Action.pdf>> (besoek 1 Januarie 2013) 2-59 - vir 'n bespreking van die stappe wat hierdie program neem ten einde die situasie van kinders te verbeter en die samewerking vereis van ander belanghebbendes.

<sup>640</sup> *Ibid.*

<sup>641</sup> *Ibid.*

<sup>642</sup> Vir 'n verdere bespreking van die kindertoelaag in Suid-Afrika sien par 4.5.3 hieronder.

<sup>643</sup> 'Child Grants Extended to 15-year-olds' <<http://www.southafrica.info/services/government/csg-220909.htm>> (besoek 23 Desember 2011) 1.

<sup>644</sup> 'Grant for Caring for a Young Child' <<http://www.westerncape.gov.za/eng/directories/services/11586/47468>> (besoek 18 Julie 2011) 1.

<sup>645</sup> Sien art 4(a) die 'Social Assistance Act', 13 of 2004 (hierna 'Social Assistance Act'); sien ook 'Income Poverty, Unemployment and Social Grants' <[http://www.ci.org.za/depts/ci/pubs/pdf/general/gauge2010-11/sa\\_child\\_gauge\\_20\\_10-11\\_poverty.pdf](http://www.ci.org.za/depts/ci/pubs/pdf/general/gauge2010-11/sa_child_gauge_20_10-11_poverty.pdf)> (besoek 16 Januarie 2013) 88 – hiervolgens het ongeveer 9 881 932 kinders hierdie toelaag in 2010 in Suid-Afrika ontvang.

<sup>646</sup> Sien vereistes soos in arts 5(1) en 5(2) van die 'Social Assistance Act'.

van sodanige kind.<sup>647</sup> Om te kwalifiseer, moet die persoon wat aansoek doen (hierna die applikant):

- in die Republiek woonagtig wees;<sup>648</sup>
- 'n Suid-Afrikaanse burger wees;<sup>649</sup>
- die primêre versorger van die kind wees;<sup>650</sup>
- aan enige addisionele vereistes of voorwaardes voldoen, soos van tyd tot tyd voorgeskryf deur die Minister ten opsigte van aangeleenthede genoem in artikel 5(2)(a)-5(2)(f) van die 'Social Assistance Act'<sup>651</sup>
- nie meer as R33 600 per jaar verdien indien hy/sy enkeloppend is nie en nie meer as R67 200 gesamentlike inkomste verdien indien hy/sy getroud is nie;<sup>652</sup>

Vanaf 1 April 2012 ontvang kwalifiserende persone maandeliks R280 per kind.<sup>653</sup> Die 'South African Social Security Agency' (hierna SASSA) kan hierdie bedrag in kontant uitbetaal op 'n voorafbepaalde betaalpunt en datum of die geld kan inbetaal word in 'n spaarrekening.<sup>654</sup>

Aansoek om 'n kindertoelaag kan gedoen word by die naaste kantore van SASSA.<sup>655</sup> 'n Aansoekvorm word deur hierdie agentskap verskaf en moet in die teenwoordigheid van 'n beampte van SASSA ingevul word. Die aansoek moet vergesel word deur die volgende dokumente:<sup>656</sup>

- 'n identiteitsdokument van die applikant;
  - 'n geboortesertifikaat van die kind;
  - bewys van die inkomste van die applikant;
- 

<sup>647</sup> Art 6 van die 'Social Assistance Act'; 'Grant for Caring for a Young Child' <[http://www.westerncape.gov.za/eng/directories/services/11586/474\\_68](http://www.westerncape.gov.za/eng/directories/services/11586/474_68)> (besoek 18 Julie 2011) 1.

<sup>648</sup> Art 5(1)(b) van die 'Social Assistance Act'.

<sup>649</sup> Art 5(1)(c) van die 'Social Assistance Act'.

<sup>650</sup> Art 6 van die 'Social Assistance Act'.

<sup>651</sup> Art 5(1)(d) van die 'Social Assistance Act'.

<sup>652</sup> Art 5(2)(a) van die 'Social Assistance Act' saamgelees met 'Grant for Caring for a Young Child' <[http://www.westerncape.gov.za/eng/directories/services/11586/474\\_68](http://www.westerncape.gov.za/eng/directories/services/11586/474_68)> (besoek 18 Julie 2011) 1.

<sup>653</sup> 'Social Assistance Act,' 13 van 2004: Department of Social Development: Increase in Respect of Social Grants' GK 256 in SK 35189 van 29 Maart 2012.

<sup>654</sup> 'Grant for Caring for a Young Child' <[http://www.westerncape.gov.za/eng/directories/services/11586/474\\_68](http://www.westerncape.gov.za/eng/directories/services/11586/474_68)> (besoek 18 Julie 2011) 1; 'Child Support Grant' <[http://www.services.gov.za/services/content/Home/ServicesForPeople/Socialbenefits/childsupportgrant/en\\_ZA](http://www.services.gov.za/services/content/Home/ServicesForPeople/Socialbenefits/childsupportgrant/en_ZA)> (besoek 19 Januarie 2013) 1.

<sup>655</sup> *Ibid.*

<sup>656</sup> *Ibid.*

- ‘n huweliksertifikaat (indien toepaslik);
- indien geskei, die hofbevel wat aantoon dat die applikant as primêre versorger van die kind aangestel is; en
- ‘n doodsertifikaat of ‘n vermiste-persoon-verslag (van die polisie verkry), wat aangeheg moet word indien een of albei van die ouers van die kind oorlede is of vermis word.

Dit mag tot drie maande neem om die aansoek goed te keur.<sup>657</sup> Indien die aansoek suksesvol is, sal ‘n betaling maandeliks aan die applikant gemaak word op die wyse soos aangedui op die aansoekvorm.<sup>658</sup> Die volgende omstandighede sal daartoe aanleiding gee dat die toelaag verval:<sup>659</sup>

- indien die kind sterf;
- indien die kind in ‘n staatsinstelling geplaas word vir verdere versorging;
- indien die persoon geregtig op die toelaag nie die toelaag vir drie agtereenvolgende maande opeis nie; of
- indien die kind ouer as 18 jaar oud word.
- Die toelaag kan ook opgeskort word indien ‘n bevoordeelde van voorname is om uit die Republiek afwesig te wees vir ‘n tydperk van langer as 90 dae.<sup>660</sup>

Ander bepalings en dienste wat kan bydra tot die vermindering van kinderarbeid sluit die volgende in:

- Die gratis verskaffing van minimum-hoeveelhede water en elektrisiteit aan huishoudings.<sup>661</sup> Hierdie bepaling stel kinders in staat om meer tyd aan skoolwerk te

---

<sup>657</sup> ‘Grant for Caring for a Young Child’ <<http://www.westerncape.gov.za/eng/directories/services/11586/47468>> (besoek 18 Julie 2011) 1.

<sup>658</sup> *Ibid.*

<sup>659</sup> ‘Grant for caring for a young child’ 2011 beskikbaar by <<http://www.westerncape.gov.za/eng/directories/services/11586/47468>> (besoek 18 Julie 2011) 2; ‘Child Support Grant’ <[http://www.services.gov.za/services/content/Home/ServicesForPeople/Socialbenefits/childsupportgrant/en\\_ZA](http://www.services.gov.za/services/content/Home/ServicesForPeople/Socialbenefits/childsupportgrant/en_ZA)> (besoek 19 Januarie 2013) 1.

<sup>660</sup> Art 16(1) van die ‘Social Assistance Act’. Hierdie opskorting sal geld totdat die betrokke begunstigde in persoon voor SASSA verskyn en SASSA in kennis stel dat hy/sy permanent teruggekeer het na die Republiek – sien in verband hiermee ook Art 16(1) van die ‘Social Assistance Act’.

<sup>661</sup> ‘Information: Government Services’ <[www.info.gov.za/faq/services.htm](http://www.info.gov.za/faq/services.htm)> (besoek 1 Januarie 2013) 1.

bestee, aangesien minder tyd daaraan bestee hoeft te word om water aan te dra of om brandhout te versamel.<sup>662</sup>

- Die instelling van minimum-lone vir indiensneming.<sup>663</sup> Hierdie bepaling maak alle werknemers, ongeag hul ouderdom, geregtig op dieselfde minimum-loon. Sodoende word kinders nie uitgebuit en gebruik vir goedkoper arbeid nie.

#### 4.5.4 '1 GOAL: Education for All' veldtog

'n Verdere veldtog teen kinderarbeid, die '1 GOAL: Education for All' veldtog, is daarop gemik om die sowat 72-miljoen kinders wêreldwyd, wat tans nie toegang tot skole het nie, in staat te stel om, teen 2015, laerskoolonderrig te ontvang.<sup>664</sup> Die veldtog word ondersteun deur die 'Federation International Football Association' (hierna FIFA) se plaaslike reëlingskomitee en 'n gedeelte van die inkomste wat Suid-Afrika verkry het uit die Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2010 is aangewend vir die bevordering van opvoeding en onderrig in Afrika.<sup>665</sup> Wat Suid-Afrika betref, is oudpresident FW de Klerk van mening dat, alhoewel die doelwit om teen 2015 alle kinders toegang tot laerskoolonderrig te gee haalbaar is, skoolbywoning alleen nie voldoende is nie.<sup>666</sup> Sowat 98% van Suid-Afrikaanse kinders kry reeds laerskoolonderrig, maar dit is nie gehalte-onderrig nie.<sup>667</sup> Volgens De Klerk is van die oorsake van die onderwyskrisis in Suid-Afrika dat skole in swart gebiede kinders in Engels pleks van hul moedertaal onderrig, met die gevolg dat kinders nie altyd die werk verstaan nie of dat onderwysers sukel om die werk effekief oor te dra.<sup>668</sup>

Die skrywer is van mening dat toegang tot skole daartoe kan bydra dat minder kinders by uitbuitende en ergste vorms van kinderarbeid betrokke raak, vanweë verhoogde

---

<sup>662</sup> De Beer 2008 *In die Skriflig* 42(4):619.

<sup>663</sup> Art 55(4)(a) en 55(4)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorraarde.

<sup>664</sup> 'The "1 Goal: Education for All" Campaign also Wins the 2010 FIFA World Cup' <[http://www.entre culturas.org/noticias/ingles\\_1Goal\\_wins](http://www.entre culturas.org/noticias/ingles_1Goal_wins)> (besoek 1 Januarie 2013) 1; 'Blatter Accepts Key 1GOAL Role' <[www.fifa.com/aboutfifa/socialresponsibility/news/newsid=1184400/](http://www.fifa.com/aboutfifa/socialresponsibility/news/newsid=1184400/)> (besoek 1 Januarie 2013) 1.

<sup>665</sup> *Ibid.*

<sup>666</sup> 'SA Kry nie Waarde uit Belegging in Onderrig' <<http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2010/07/11/B1/5/tardeklerk.html>> (besoek 4 Junie 2011) 1.

<sup>667</sup> *Ibid.*

<sup>668</sup> *Ibid.*

kwalifikasies en gevolglik beter werke. Skole moet egter nie net toegangklik wees nie, maar die kwaliteit van die onderwys moet ook dringend aandag geniet en skoolsisteme behoort aangepas te word om kinders in verskillende omstandighede te akkommodeer (byvoorbeeld die beskikbaarstelling van afstandsonderwys waar kinders ter wille van oorlewing moet werk).

#### **4.5.5 Kinderbeskermingsdienste**

Waar kinders mishandel of verwaarloos word, gebeur dit dikwels dat hulle betrokke raak by jeugmisdaad.<sup>669</sup> Maatskaplike dienste in Suid-Afrika poog om verwaarlosing en mishandeling van kinders teen te werk en 'n veilige omgewing vir hulle te verseker.<sup>670</sup> Kinderbeskermingsdienste in Suid-Afrika behels onder andere die volgende: die Suid-Afrikaanse Kinderlyn<sup>671</sup> (wat poog om kinders so gou moontlik in kontak te bring met professionele dienste sodra 'n oproep in verband met verwaarlosing en/of moontlike mishandeling ontvang word);<sup>672</sup> die Kinderwelsynsorganisasie van Suid-Afrika (wat kinders in plekke van veilige bewaring plaas indien sodanige kinders mishandel of verwaarloos word);<sup>673</sup> en die Suid-Afrikaanse Polisiediens se spesiale Kinderbeskermingseenheid (wat 'n groot rol speel in die beskerming van kinders deur gebruik te maak van gekeurde en spesiaal opgeleide personeel wat kinders teen mishandeling en verwaarlosing beskerm).<sup>674</sup>

#### **4.5.6 Gevolgtrekking**

Bestaande kinderarbeidsprogramme in Suid-Afrika dra in 'n groot mate by tot die suksesverhale in Suid-Afrika wat betref die beskerming en versorging van kinders. Alhoewel

---

<sup>669</sup> Stevens & Cloete 103.

<sup>670</sup> *Ibid.*

<sup>671</sup> Kinderlyn Suid-Afrika: 0800 55555 – Childline South Africa ‘Childline South Africa: Contact Us’ <[http://www.childlinesa.org.za/con\\_tent/view/15/83/](http://www.childlinesa.org.za/con_tent/view/15/83/)> (besoek 1 Januarie 2013) 1.

<sup>672</sup> Stevens & Cloete 103; Childline South Africa ‘Childline South Africa’ <<http://www.childlinesa.org.za/component?option=comfrontpage&Itemid,1/>> (besoek 1 Januarie 2013) 1.

<sup>673</sup> Steven & Cloete 103.

<sup>674</sup> Stevens & Cloete 104; ‘South African Police Service: Family Violence, Child Protection and Sexual Offences Unit’ <[http://www.saps.gov.za/org\\_profiles/core\\_function\\_components/fcs/establish.htm](http://www.saps.gov.za/org_profiles/core_function_components/fcs/establish.htm)> (besoek 1 Januarie 2013) 1.

daar nog 'n lang pad voorlê voordat voldoende oplossings vir die probleme rakende kinderarbeid gevind sal word, is dit bevredigend om te sien dat programme in Suid-Afrika die bekamping van genoemde probleme, in samewerking met die *ILO* en die Suid-Afrikaanse regering, aanpak.

## HOOFSTUK 5: KINDERARBEID IN INDIË

### 5.1 ALGEMEEN

#### 5.1.1 Staatsbestel

Indië is 'n federale republiek wat uit 28 afsonderlike state bestaan.<sup>675</sup> Die Landbousektor maak 'n wesenlike deel van die ekonomie uit en alhoewel die bydrae tot die Bruto Binnelandse Produk geval het vanaf 30% in 1990 na minder as 15% in 2011, is die helfte van die arbeidsmag steeds in die landbousektor werksaam.<sup>676</sup> Groot inkomste-ongelykheid kom voor<sup>677</sup> en meer as 21% van die stedelike bevolking en 22% van die landelike bevolking leef onder die broodlyn.<sup>678</sup> Oorbevolking en 'n gebrek aan voldoende onderrig, gesondheidsdienste en behoorlike voeding is kenmerkend van Indië.<sup>679</sup> Alhoewel armoede in beide Suid-Afrika en Indië voorkom, verskil die omvang van die probleem drasties van mekaar. Volgens internasionale armoedevlakke leef na raming 13.8% van die populasie in Suid-Afrika onder \$1.25 'n dag, terwyl 32.7% van die populasie in Indië onder \$1.25 'n dag leef.<sup>680</sup> Soos in die geval van die Grondwet van Suid-Afrika maak die 'Constitution of India'

---

<sup>675</sup> Thakur & Pandey *21<sup>st</sup> Century India: View and Vision* 217-218; 'India: Political Background' <<http://www.nationsencyclopedia.com/World-Leaders-2003/India-POLITICAL-BACKGROUND.html>> (besoek 8 Julie 2012) 1; Bakshi *The Constitution of India* 2 – vir 'n bespreking oor die Federale struktuur wat voorkom in Indië.

<sup>676</sup> 'State of Indian Agriculture 2011-12' <<http://agricoop.nic.in/SIA111213312.pdf>> (besoek 3 Januarie 2013) 1. 'State of the Economy and Prospects' <<http://indiabudget.nic.in/es2011-12/echap-01.pdf>> (besoek 4 Januarie 2013) 9 – hiervolgens het die Minister van Finansies in die jaarlikse begroting en ekonomiese opname daarop gewys dat die landbousektor 12.3% bygedra het tot Bruto Binnelandse Produk in 2010-2011.

<sup>677</sup> Robb *A History of India* 281.

<sup>678</sup> Bhalla & Luo *Poverty and Exclusion of Minorities in China and India* 64; Thorat & Dubey 2012 *Economic & Political Weekly* XLVII(10):53.

<sup>679</sup> 'Children in India 2012: A Statistical Appraisal: Social Statistics Division, Government of India' <[http://mospi.nic.in/Mospi\\_New/upload/Children\\_in\\_India\\_2012.pdf](http://mospi.nic.in/Mospi_New/upload/Children_in_India_2012.pdf)> (besoek 9 Januarie 2013) 24 – hiervolgens is Indië, met ongeveer 1,21 miljard mense, die land met die tweede hoogste inwonertal in die wêreld. Sien ook 'Putting Growth in its Place' <<http://www.outlookindia.com/article.aspx?278843>> (besoek 9 Januarie 2013) 1 – in hierdie artikel wys Sen en Dreze daarop dat minderbevoordeledeur die staat in die steek gelaat word weens die tekort aan voldoende onderrig, gesondheidsorg en maatskaplike welsyn wat in Indië voorkom. Sien ook Saksena *Human Rights: Fifty Years of India's Independence* 174-175; Sharma 'Indian Constitution and Human Rights' in Sehgal (red) *Human Rights in India* 191.

<sup>680</sup> The World Bank 'Poverty Headcount Ratio at \$1.25 a Day (PPP) (% of Population)' <[search.worldbank.org/all?qterm=poverty+headcount+ratio+at+%241.25+a+day&title=&filetype=%23](http://search.worldbank.org/all?qterm=poverty+headcount+ratio+at+%241.25+a+day&title=&filetype=%23)> (besoek 10 Januarie 2013) 1.

voorsiening vir 'n parlementêre regeringsvorm<sup>681</sup> en waarborg beide lande fundamentele regte aan burgers<sup>682</sup> wat poog om sosiale geregtigheid en die lewenskwaliteit van burgers, insluitende dié van kinders, te verhoog.<sup>683</sup> Indië is ook lidstaat van die UNCRC.<sup>684</sup>

### 5.1.2 Verdeling van wetgewende magte

Die verdeling van wetgewende gesag tussen die federale parlement en wetgewers van afsonderlike state is 'n belangrike kenmerk van Indië as federale staat.<sup>685</sup> Die parlement word deur die 'Constitution of India' gemagtig om wette uit te vaardig wat van krag is op die geheel van Indië of op enige gedeelte daarvan, terwyl elke staat wetgewing mag uitvaardig wat van krag is op enige deel van die betrokke staat of op die geheel van sodanige staat.<sup>686</sup> Die parlement het die uitsluitlike bevoegdheid om wette uit te vaardig wat handel oor enige aangeleentheid soos aangedui in Lys I van die sewende skedule tot die 'Constitution of India'.<sup>687</sup> Hierdie lys aangeleenthede sluit onder andere in: die Sentrale Buro van Intelligensie; buitelandse sake en diplomatieke verteenwoordiging; vuurwapens, ammunisie en ploffstof; atoom-energie; burgerskap; en oorlog. Beide die parlement en wetgewers van die verskillende state, in soverre dit nie inbreuk maak op die uitsluitlike bevoegdheid van die parlement soos reeds vermeld nie, kan wette uitvaardig oor aangeleenthede soos genoem in Lys III (hierna die konkurrente lys) van die sewende skedule van die 'Constitution of India'.<sup>688</sup> Die konkurrente lys sluit, onder andere, in: siviele prosesreg; huwelike en egskeidings; insolvensie; en arbeidsgeskille. Elke staat het die bevoegdheid om wette vir die betrokke staat uit te vaardig soos genoem in Lys II van die sewende skedule tot die

---

<sup>681</sup> Hoofstuk 4 van die Grondwet van Suid-Afrika; Art 79 van die 'Constitution of India'.

<sup>682</sup> Hoofstuk 2 van die Grondwet van Suid-Afrika; Deel III van die 'Constitution of India'; Govindjee 2005 *Obiter* 26(3):577. Sien ook Sharma A *Constitutional History of India* 314 wat die fundamentele regte van burgers in Indië verduidelik.

<sup>683</sup> Aanhef tot die Grondwet van Suid-Afrika; Aanhef tot die 'Constitution of India'; Govindjee 2005 *Obiter* 26(3):577.

<sup>684</sup> Indië het hierdie konvensie in 1992 geratifiseer – sien 'Status of Ratification CRC' <[http://www.bayefsky.com/pdf/crc\\_ratif\\_table.pdf](http://www.bayefsky.com/pdf/crc_ratif_table.pdf)> (besoek 9 Januarie 2013) 4.

<sup>685</sup> 'Features – Guide to Indian Laws' <<http://www.llrx.com/features/indian.htm>> (besoek 8 Julie 2012) 1; Bakshi 2.

<sup>686</sup> Art 245(1) van die 'Constitution of India'.

<sup>687</sup> Art 246(1) van die 'Constitution of India'.

<sup>688</sup> Art 246(2) van die 'Constitution of India'.

‘Constitution of India’.<sup>689</sup> Hierdie lys sluit aangeleenthede in soos byvoorbeeld: openbare gesondheid, sanitasie, hospitale en apteke; toegewings aan gestremdes en werkloses; plaaslike regerings en munisipaliteite; begraafphase; en belasting. Die bevoegdheid om internasionale konvensies te ratifiseer lê by die parlement.<sup>690</sup> Indien daar enige teenstrydighede bestaan tussen ‘n staatswet en ‘n federale wet wat deur die parlement uitgevaardig is, ten opsigte van ‘n aangeleentheid in die konkurrante lys, sal die wet van die betrokke staat ongeldig wees tot die mate wat sodanige wet teenstrydig is met die federale wet van die parlement.<sup>691</sup>

Kinderarbeid is ‘n aangeleentheid waaroor beide die parlement en staatsregerings wette kan uitvaardig.<sup>692</sup> ‘n Aantal wetgewende maatreëls bestaan tans op beide vlakke.<sup>693</sup> In hierdie verhandeling sal daar egter slegs gekyk word na wetgewing wat deur die federale parlement uitgevaardig is en op Indië as geheel van toepassing is.

### 5.1.3 Sosiale struktuur

‘n Belangrike deel van die sosiale lewe in Indië wat ook gerugsteun word deur die godsdienstige opvattings in die land, is die sogenaamde ‘Caste System’ wat gevolg word.<sup>694</sup> Hierdie stelsel dra by tot die ontstaan van kinderarbeid.<sup>695</sup> Hiervolgens word elke Hindoe in ‘n bepaalde sosiale groep gebore wat wissel van die hoogste en welvarendste, tot die

---

<sup>689</sup> Art 246(3) van die ‘Constitution of India’.

<sup>690</sup> Art 253 van die ‘Constitution of India’.

<sup>691</sup> Art 254(1) van die ‘Constitution of India’.

<sup>692</sup> ‘National Legislation and Policies Against Child Labour in India’ <<http://www.ilo.org/legacy/english/regions/asro/newdelhi/ipec/responses/india/national.htm>> (besoek 9 Julie 2012) 1.

<sup>693</sup> *Ibid.*

<sup>694</sup> Sien Majumdar *The History and Culture of the Indian People: The Vedic Age* 449-451 vir ‘n bespreking oor die ‘Caste System’. Sien ook Vidyarthi *Rise of Anthropology in India: A Social Science Orientation* 136-145 vir ‘n verdere bespreking oor hierdie sisteem in Indië. Vir ‘n bespreking oor Hindoeïsme in Indië sien Larson ‘Discourse about Religion in Colonial and Postcolonial India’ in Smart & Thakur (reds) *Ethical and Political Dilemmas of Modern India* 182. Sien ook Young ‘The Indian Secular State under Hindu Attack: A New Perspective on the Crisis of Legitimation’ in Smart & Thakur (reds) *Ethical and Political Dilemmas of Modern India* 220 wat aandui dat die meeste besluite rakende die land beïnvloed word deur Hindoeïsme.

<sup>695</sup> ‘Child Labour in India – Problems in Conceptualisation’ <<http://www.thinkindiaquarterly.org/thinkindiaquarterly/ArticleDetails.aspx?ArticleId=192&Id=20>> (besoek 20 Augustus 2012) 53.

armste en mees veragtelike.<sup>696</sup> Hindoes erf dus hul status en die soort lewe wat hulle op aarde het.<sup>697</sup> Elke sosiale groep het sy eie gewoontes en sy eiesoortige beroepe.<sup>698</sup> Boaan die ranglys van die verskillende sosiale groepe is die ‘Brahmane’, of die priesterstand, wat sowat 6% van alle Hindoes uitmaak.<sup>699</sup> Hierdie groep geniet alle moontlike voorregte en al die vernaamste betrekings in die staat en kerk word vir hulle gereserveer.<sup>700</sup> Onderaan die ranglys vind ons die sogenaamde onaanraakbares, beter bekend as die ‘Dalits’.<sup>701</sup> Hierdie mense is uiters arm en ellendig en word deur almal verag.<sup>702</sup> Die opvatting is dat hulle diegene besoedel met wie hulle in aanraking kom.<sup>703</sup> Ten spye van die feit dat die staat onaantastbaarheid afgeskaf het onder die ‘Constitution of India’,<sup>704</sup> bly hierdie sisteem voortbestaan aangesien dit so diep ingewortel is in die sosiale struktuur en godsdiens van die land.<sup>705</sup> Die meeste ‘Dalits’ leef steeds in uiterste armoede, sonder geleenthede van beter werk of opvoeding.<sup>706</sup> ‘Dalit’-kinders maak die meerderheid van slawe uit met wie handel gedryf word en verrig van die uitbuitendste vorms van arbeid, onder andere, die verwydering van menslike afval en dooie diere en die vee van strate.<sup>707</sup> Die Indiese regering poog om die ‘Caste System’ te vernietig, aangesien dit bots met internasionale menseregte

---

<sup>696</sup> ‘History of the Indian Caste System and its Impact on India Today’ <<http://digitalcommons.calpoly.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1043&context=socssp>> (besoek 20 Augustus 2012) 3; Majumdar 449-451; Srinivas *Caste in Modern India and Other Essays* 151 – waarvolgens elke persoon in die klas in gebore word wat hy/sy verdien op grond van die mate van heiligeheid wat hy/sy in sy/haar vorige lewe bereik het. Mense wat in sonde gelewe het, sal derhalwe in ‘n laer klas ressorteer. Sien ook in verband hiermee Larson in Smart & Thakur (reds) 182 en Srinivas 148-160 vir ‘n bespreking oor Hindoeïsme.

<sup>697</sup> *Ibid.*

<sup>698</sup> Majumdar 507-510; Olcott 1944 *American Sociological Review* 9(6):648.

<sup>699</sup> ‘History of the Indian Caste System and its Impact on India Today’ <<http://digitalcommons.calpoly.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1043&context=socssp>> (besoek 20 Augustus 2012) 13.

<sup>700</sup> Majumdar 449-451; Robb 13; 16-20;

<sup>701</sup> ‘History of the Indian Caste System and its Impact on India Today’ <<http://digitalcommons.calpoly.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1043&context=socssp>> (besoek 20 Mei 2012) 15; Robb 13; Majumdar 449-451.

<sup>702</sup> Srinivas 149; Vidyarthi 136-145; Robb 17 - wat spesifiek na die onsuiwerheid van laer klasse verwys.

<sup>703</sup> *Ibid.*

<sup>704</sup> Sien par 5.2.1.1 vir ‘n bespreking oor Grondwetlike bepalings in Indië.

<sup>705</sup> Oldenburg *India, Pakistan and Democracy: Solving the Puzzle of Divergent Paths* 113; Robb 225 (sien bl 224-231 vir ‘n bespreking oor die ‘Caste System’ in hedendaagse Indië); Bonner, Ilaiah & Saha *Democracy in India: A Hollow Shell* 11 – vir pogings om die ‘Caste System’ af te skaf.

<sup>706</sup> Bonner, Ilaiah & Saha 1-6;

<sup>707</sup> Bonner, Ilaiah & Saha 1-6; DFN ‘Outcastes’ <<http://www.dalitfreedom.org.au/dalits/outcastes.html>> (besoek 10 Januarie 2013) 1.

en die gelykheid van alle mense.<sup>708</sup> Tot dusver was hierdie pogings egter nie suksesvol nie.<sup>709</sup>

Suid-Afrika volg nie 'n 'Caste System' nie en tog het differensiasie tussen mense gedurende die apartheidjare volgens etniese en rasse-lyne voorgekom.<sup>710</sup> Die Grondwet van Suid-Afrika verbied egter tans onbillike diskriminasie teen enige persoon.<sup>711</sup> Differensiasie in Suid-Afrika sal nie onbillik wees indien dit redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing<sup>712</sup> of neerkom op regstellende aksie nie.<sup>713</sup> Behalwe vir die verbod op diskriminasie, is mense in Suid-Afrika nie, soos in Indië, vasgevang in 'n bepaalde sosiale status nie en ook nie klasbewus op godsdiestige vlak nie.<sup>714</sup>

#### 5.1.4 Aard en omvang van kinderarbeid

Ondanks die bestaan van 'n verskeidenheid wetgewing, internasionale konvensies en kinderarbeidsprogramme wat oor kinderarbeid in Indië handel, kom van die grootste aantal kinderarbeiders wêreldwyd, steeds in Indië voor.<sup>715</sup> Baie van hierdie kinders verrig van die ergste vorms van kinderarbeid en dikwels woon hierdie kinders nie skool by nie of verlaat skool na twee of drie jaar.<sup>716</sup>

Meisies word gereeld uit landelike gebiede, soos byvoorbeeld Nepal, gewerf onder die voorwendsel dat hulle in fabrieke gaan werk, maar word dan instede daarvan in die seks-

---

<sup>708</sup> 'India's Forgotten People' <[http://news.bbc.co.uk/today/hi/today/newsid\\_9166000/9166402.stm](http://news.bbc.co.uk/today/hi/today/newsid_9166000/9166402.stm)> (besoek 18 Augustus 2012) 1; Bonner, Ilaiah & Saha 11; Dalwai *Muslim Politics in India* 85-86; Oldenburg 113.

<sup>709</sup> *Ibid.*

<sup>710</sup> Deane 2009 *Potchefstroom Electronic Law Journal* 12(1):31.

<sup>711</sup> Art 9(3)-(4) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>712</sup> Art 36(1) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>713</sup> Art 9(2) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>714</sup> Deane 2009 *Potchefstroom Electronic Law Journal* 12(1):31.

<sup>715</sup> 'Children in India 2012: A Statistical Appraisal: Social Statistics Division, Government of India' <[http://mospi.nic.in/Mospi\\_New/upload/Children\\_in\\_India\\_2012.pdf](http://mospi.nic.in/Mospi_New/upload/Children_in_India_2012.pdf)> (besoek 9 Januarie 2013) 70; 'Combating Child Labour in India' <[http://www.unicef.org/india/child\\_protection\\_1726.htm](http://www.unicef.org/india/child_protection_1726.htm)> (besoek 10 Januarie 2013); 'Accelerating Action Against Child Labour: Global Report under the follow-up to the ILO Declaration on Fundamental Principles and Rights at Work 2010' <[http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/---dgreports/---dcomm/documents/publication/wcms\\_126752.pdf](http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/---dgreports/---dcomm/documents/publication/wcms_126752.pdf)> (besoek 11 Januarie 2013) 23.

<sup>716</sup> 'Training Module for Teachers on Child Labour' <[www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/asia/ro-bangkok/sro-new-delhi/documents.pdf](http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/asia/ro-bangkok/sro-new-delhi/documents.pdf)> (besoek 5 Mei 2012) 1.

industrie oor die grense van Indië verhandel.<sup>717</sup> Na raming is daar ongeveer 900 000 sekswerkers in Indië wat onwettige<sup>718</sup> prostitusie beoefen, waarvan ongeveer 30% kinders is.<sup>719</sup> Volgens Walker is bykans 15% van die prostitute in Mumbai, Delhi, Madras en Bangalore kinders.<sup>720</sup> Daar word verder beweer dat tot 300 000 in Indiese kinders seksueel misbruik word, insluitend vir vervaardiging van pornografiese materiaal.<sup>721</sup> Volgens ‘Children in India 2012: A Statistical Appraisal’ (‘n verslag uitgereik deur die regering van Indië) is gevind dat ongeveer 11,8% van huiswerkers in Indië onder die ouderdom van 15 jaar is en dat tot 12,9% van kinders in landelike gebiede werk.<sup>722</sup> Kinders is ook onder andere werksaam in die konstruksiesektor (17% van kinders in Indië), bedrywig in spin- en weefaktiwiteite (11% van kinders in Indië) en vervaardig dikwels sigarette (21% van kinders in Indië).<sup>723</sup>

Grootskaalse armoede in Indië is een van die prominentste faktore wat tot kinderarbeid in die land bydra.<sup>724</sup> Armoede is egter nie die enigste oorsaak van kinderarbeid in Indië nie. ‘n Gebrek aan daadwerklike en effektiewe maatskaplike welsynskemas wat kinders teen siekte en honger beskerm; ontoeganklike, swak gehalte en diskriminerende skole;<sup>725</sup> ‘n gebrek aan werkgeleenthede vir volwasse persone; die sosiale hiérargie; en korruksie en apatie onder regeringsamptenare is verdere elemente wat tot kinderarbeid bydra.<sup>726</sup>

---

<sup>717</sup> ‘For sale: Childhood’ [www.outlookindia.com/article.aspx?205123](http://www.outlookindia.com/article.aspx?205123) (besoek 23 April 2012) 1.

<sup>718</sup> Vrywillige prostitusie, wat nie in ‘n openbare plek of ‘n bordeel plaasvind nie, is wettig. Sien par 5.2.1.6 hieronder vir ‘n verdere bespreking hiervan; sien ook Anand ‘Why Prostitution should be Legalized and Regulated in India’ <by [www.mightylaws.in/229/prostitution-legalized-regulated-india](http://www.mightylaws.in/229/prostitution-legalized-regulated-india)> (besoek 1 Augustus 2012) 1. Sien ook Arts 3; 5; 8(a) – 8(b); 7(1) – 7(2) van die ‘Immoral Traffic (Prevention) Act’, 104 of 1956 (hierna ‘Immoral Traffic Act’) wat slegs georganiseerde vorms van prostitusie, die handeldryf in mense (insluitende kinders), die veroorsaking dat kinders prostitusie beoefen en die beoefening van prostitusie in ‘n openbare plek onderskeidelik kriminaliseer.

<sup>719</sup> ‘Village Self-Help Groups: Keeping Children out of Labour’ <[www.unicef.org/india/reallives/6927.htm](http://www.unicef.org/india/reallives/6927.htm)> (besoek 5 Mei 2012) 1.

<sup>720</sup> *Ibid.*

<sup>721</sup> *Ibid.*

<sup>722</sup> ‘Children in India 2012: A Statistical Appraisal: Social Statistics Division, Government of India’ <[http://mospi.nic.in/Mospi\\_New/upload/Children\\_in\\_India\\_2012.pdf](http://mospi.nic.in/Mospi_New/upload/Children_in_India_2012.pdf)> (besoek 9 Januarie 2013) 73.

<sup>723</sup> *Ibid.*

<sup>724</sup> ‘The Causes for Child Labour in India: The Poverty Analysis’ <<http://www.childlabour.net/documents/kristoffel%20publicaties/PovertyAnalysis.pdf>> (besoek 10 Augustus 2012) 9.

<sup>725</sup> Diskriminasie in Indië vind veral plaas op grond van die bestaande sosiale hiérargie – sien par 5.1.3 vir ‘n bespreking van sosiale struktuur in Indië asook gepaardgaande diskriminasie op grond van ‘Caste System’.

<sup>726</sup> ‘The Causes for Child Labour in India: The Poverty Analysis’ beskikbaar by <<http://www.childlabour.net/documents/kristoffel%20publicaties/PovertyAnalysis.pdf>> (besoek 10 Augustus 2012) 9.

### 5.1.5 Ongeletterdheid

Die ‘Education for All – Monitoring Report 2010’ het bevind dat uit ‘n totaal van 759 miljoen ongeletterdes in die wêreld, Indië van die hoogste ongeletterdheidsyfers het.<sup>727</sup> Behalwe vir armoede is een van die redes hiervoor dat die ‘Brahmane’ van die vroegste tye af verkondig het dat alle kennis vervat is in die ‘Vedas’<sup>728</sup> en dat die laer sosiale groepe, wat nie veronderstel is om die ‘Vedas’ te lees nie, nie nodig het om te leer lees en skryf nie.<sup>729</sup>

Verder toon die ‘Education for All – Monitoring Report 2010’ ook aan dat daar wêrelwyd ongeveer 72 miljoen kinders van skoolgaande ouderdom is wat nie primêre skool bywoon nie,<sup>730</sup> terwyl ongeveer 71 miljoen kinders nie sekondêre onderrig ontvang nie.<sup>731</sup> Indië alleen het ongeveer 81 miljoen ongeletterde persone.<sup>732</sup> Daar sal na raming teen 2015 steeds 56 miljoen kinders wees wat nie ‘n primêre skool bywoon nie,<sup>733</sup> ten spyte van bepalings in die ‘Constitution of India’ wat voorsiening maak vir verpligte en gratis primêre onderrig.<sup>734</sup> Op ‘n positiewe noot, het die totale aantal kinders wat nie ‘n skool bywoon nie, gedaal danksy ‘n universele primêre onderwysprogram<sup>735</sup> wat in Indië ingestel is.<sup>736</sup> Dit gebeur egter dat selfs waar kinders op skool is, lae-inkomste lande onderwys van swak

---

<sup>727</sup> ‘EFA Global Monitoring Report 2010: Reaching the Marginalized’ <<http://unesdoc.unesco.org/images/001/8/001866/186606e.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013) 7.

<sup>728</sup> Die ‘Vedas’ is ‘n versameling tekste wat hul oorsprong in Antieke Indië het en bevat die oudste geskrifte van Hindoeïsme – Bonner, Iliaah & Saha 65-67; Gombrich *Theravada Buddhism: A Social History from Ancient Benares to Modern Colombo* 32-49.

<sup>729</sup> ‘Education of Ex-untouchables (Dalits): Plight of Human Rights Education in Indian Schools’ <<http://www.hurights.or.jp/archives/pdf/asia-s-ed/v10/15Education%20of%20Ex-Untouchables,%20Dalits.pdf>> (besoek 22 Augustus 2012) 3; Majumdar 508.

<sup>730</sup> ‘EFA Global Monitoring Report 2010: Reaching the Marginalized’ <<http://unesdoc.unesco.org/images/001/8/001866/186606e.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013) 188.

<sup>731</sup> ‘EFA Global Monitoring Report 2010: Reaching the Marginalized’ <<http://unesdoc.unesco.org/images/001/8/001866/186606e.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013) 55.

<sup>732</sup> ‘EFA Global Monitoring Report 2010: Reaching the Marginalized’ <<http://unesdoc.unesco.org/images/001/8/001866/186606e.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013) 7.

<sup>733</sup> ‘EFA Global Monitoring Report 2010: Reaching the Marginalized’ <<http://unesdoc.unesco.org/images/001/8/001866/186606e.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013) 1.

<sup>734</sup> Art 21A van die ‘Constitution of India’.

<sup>735</sup> Bekend as die ‘Sarva Shiksha Abhiyan’ – sien ‘India still Home to Largest Illiterate Population: UNESCO’ <<http://www.currentaffairsindia.co.in/society/india-still-home-to-largest-illiterate-population-unesco/>> (besoek 20 Augustus 2012) 1.

<sup>736</sup> ‘India still Home to Largest Illiterate Population: UNESCO’ <<http://www.currentaffairsindia.co.in/society/india-still-home-to-largest-illiterate-population-unesco/>> (besoek 20 Augustus 2012) 1.

gehalte bied en dat die ‘Caste System’ effektiewe onderwys steeds grootliks belemmer in Suid-Asië.<sup>737</sup>

### 5.1.6 Motivering vir regsvergelykende studie tussen Suid-Afrika en Indië

Alhoewel die staatsbestel, sosio-ekonomiese omstandighede, sosiale kultuur en die omvang van kinderarbeid in Suid-Afrika grootliks verskil van dié in Indië, word ‘n regsvergelykende studie met Indië onderneem vanweë die verskillende en unieke benaderings wat gevvolg word ten opsigte van kinderarbeid. Indië verbied nie alle vorms van indiensneming van kinders onder ‘n vasgestelde ouderdom nie, maar verbied slegs die gevaarlikste soorte daarvan.<sup>738</sup> Hierteenoor bepaal die Wet op Basiese Diensvoorwaardes dat kinders onder die ouderdom van 15 jaar nie in Suid-Afrika in diens geneem mag word nie.<sup>739</sup> ‘n Ondersoek na die wyse waarop kinderarbeid in Indië gereguleer word en die effek daarvan kan aandui dat dit beter is om kinderarbeid te reguleer as om dit heeltemal te verbied, veral in omstandighede van stygende armoede.

Moontlike kritiek mag wees dat dit beter sou wees om ‘n regsvergelykende studie te onderneem wat Suid-Afrika met ander Afrika-lande vergelyk, aangesien hierdie lande meer ooreenkomsste toon ten opsigte van sosio-ekonomiese en politiese omstandighede. Meeste ander Afrika-lande, soortgelyk aan Suid-Afrika, benader egter ook kinderarbeid vanuit ‘n ouderdoms-georiënteerde perspektief, deur kinderarbeid onder die ouderdom van 15 jaar te verbied in ooreenstemming met hul ratifikasie van Konvensie 138.<sup>740</sup> ‘n Vergelyking tussen hierdie lande sal derhalwe nie ‘n alternatiewe benadering tot kinderarbeid in oorweging kan bring waaruit Suid-Afrika moontlik kan leer nie.

---

<sup>737</sup> *Ibid.*

<sup>738</sup> Sien par 5.2 hieronder wat die regulering van kinderarbeid in Indië bespreek.

<sup>739</sup> Sien par 4.3.3 vir ‘n bespreking oor die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. Vir enkele uitsonderings sien art 43(1)(a) en 43(1)(b) saamgelees met art 55(6)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes asook par 4.3.9 van hierdie verhandeling.

<sup>740</sup> ILO ‘List of Ratifications of International Labour Conventions – Minimum Age Convention, 1973 (No.138)’ beskikbaar by <<http://webfusion.ilo.org/public/db/standards/normes/appl/appl-byConv.cfm?hdroff=1&conv=C138&Lang=EN>> (besoek 201 Augustus 2012) 1 – hiervolgens het meeste Afrika-lande Konvensie 138 geratifiseer, terwyl Indië nog nie tans die betrokke Konvensie geratifiseer het nie.

Benewens die vergelykbare ooreenkomste tussen Indië en Suid-Afrika (soos reeds in paragraaf 5.1.1 gemeld) wat die ondersoek vergemaklik, is dit ook belangrik om daarop te let dat die lande samewerkingsooreenkomste gesluit het. 'n Indië-Afrika Fonds is geskep vir gesamentlike reaksie op armoede<sup>741</sup> en Indië, Brasilië en Suid-Afrika het in Junie 2003 'n Driesydige Dialoogforum gestig om hierdie lande in staat te stel om globale vraagstukke, soos armoede, gesamentlik aan te spreek.<sup>742</sup> Laastens kan gemeld word dat, alhoewel die omvang van kinderarbeid en armoede in Suid-Afrika en Indië wesenlik van mekaar verskil, armoede en kinderarbeid 'n realiteit in albei lande is.<sup>743</sup>

Die bespreking wat volg, fokus op die federale wetgewing en kinderarbeidprogramme wat bydra tot die regulering van kinderarbeid in Indië. Sodoende kan die wyse waarop kinderarbeid in Indië gereguleer word, geëvalueer word om vas te stel of Suid-Afrika moontlik daaruit kan leer.

## 5.2 REGULERING VAN KINDERARBEID IN INDIË

### 5.2.1 Wetgewende maatreëls

#### 5.2.1.1 'The Constitution of India', 1950<sup>744</sup>

Indië het sy onafhanklikheid verkry na twee dekades van Britse koloniale bewind.<sup>745</sup> Die opstel van 'n Grondwet was 'n belangrike taak wat onderneem moes word om maatskaplike, ekonomiese en politieke geregtigheid vir elke burger te bewerkstellig en om Indië as 'n soewereine, demokratiese republiek te vestig.<sup>746</sup> 'n Handves van Fundamentele Regte is in

---

<sup>741</sup> 'Dlamini Zuma: SA-India Joint Ministerial Commission (04/07/2003)' <[www.polity.org.za/article/dlamini-zuma-saindia-joint-ministerial-commission-04072003-2003-07-04](http://www.polity.org.za/article/dlamini-zuma-saindia-joint-ministerial-commission-04072003-2003-07-04)> (besoek 12 Januarie 2013) 1.

<sup>742</sup> IBSA 'The India-Brazil-South Africa Dialogue Forum' <<http://www.ibsa-trilateral.org/>> (besoek 13 Januarie 2013) 1.

<sup>743</sup> Sien par 4.1 vir kinderarbeid in Suid-Afrika en par 5.1.4 vir kinderarbeid in Indië.

<sup>744</sup> Hierna die 'Constitution of India'.

<sup>745</sup> Smith *The Oxford History of India* 833; Oldenburg 1.

<sup>746</sup> Metha & Verma *Human Rights under the Indian Constitution: The Philosophy and Judicial Gerrymandering* 37.

die ‘Constitution of India’ ingevoeg vir die beskerming van die belang van burgers.<sup>747</sup> Op 26 November 1949 is die ‘Constitution of India’ aangeneem en op 26 Januarie 1950 het dit in werking getree.<sup>748</sup>

Die fundamentele regte van alle burgers, insluitende dié van kinders, word vervat in Deel III van die ‘Constitution of India’. Die fundamentele aard van die regte word beklemtoon deur artikel 13(1),<sup>749</sup> wat bepaal dat alle wetgewing, wat voor die uitvaardiging van die ‘Constitution of India’ geldig was, nietig is in die mate waarin dit strydig is met die gewaarborgde regte.<sup>750</sup> Die regering word ook verbied om nuwe wetgewing te skep wat enige fundamentele reg ingevolge die ‘Constitution of India’ beperk.<sup>751</sup> Artikel 32(2) van die ‘Constitution of India’ bepaal dat die hoogste hof enige lasbrief, hofbevel of voorskrif kan uitreik vir die afdwinging van ‘n fundamentele reg, wat die gewaarborgde fundamentele regte beregbaar maak teen enige persoon of instansie wat sodanige regte skend. Die fundamentele regte, wat ‘n invloed het op kinderarbeid, sluit die volgende in: die reg op gelykheid;<sup>752</sup> die verbod op diskriminasie (op grond van godsdienst, ras, geslag, stand en plek van geboorte);<sup>753</sup> gelykheid van geleenthede met betrekking tot openbare indiensneming;<sup>754</sup>

---

<sup>747</sup> Sien Deel III van die ‘Constitution of India’.

<sup>748</sup> Datum van inwerkingtreding op die ‘Constitution of India’; Büchner- Eveleigh ‘n Kritiese Evaluering van Wetgewing wat die Gesondheid van Kinders Beïnvloed 169; Sharma 295; Govindjee 2005 Obiter 26(3):581.

<sup>749</sup> Die hoofdoelwit van Art 13 van die ‘Constitution of India’ is om die oppergesag van die ‘Constitution of India’, met betrekking tot menseregte, te verseker – sien Bakshi 17 vir ‘n bespreking oor die oppergesag van die ‘Constitution of India’, met betrekking tot menseregte. Art 13(4) bepaal egter dat ‘n wysiging tot die ‘Constitution of India’ nie ondergeskik sal wees aan die oppergesag van die ‘Constitution of India’, met betrekking tot menseregte nie – sien art 13(4) van die ‘Constitution of India’. In effek beteken dit dat die geldigheid van ‘n wysiging tot die ‘Constitution of India’ nie aangeveg kan word op grond daarvan dat dit inbreuk maak op ‘n fundamentele reg nie – sien in verband hiermee Bakshi 17-18.

<sup>750</sup> Sien ook Das & Mohanty *Human Rights in India* 62.

<sup>751</sup> Art 13(2) van die ‘Constitution of India’.

<sup>752</sup> Art 14 van die ‘Constitution of India’; Saraswati *Right to Equality in the Indian Constitution: A Gandhian Perspective* 1-3 - vir ‘n beskrywing van die omvang van gelykheid; Saraswati 18-23 – hiervolgens strek die konsep van gelykheid in Indië verder as materiële gelykheid en sluit ook geestelike gelykheid in; Bakshi 20-28 – vir ‘n bespreking oor hoe hierdie reg in verskillende aangeleenthede toegepas word (waarvan die belangrikste, vir doeleindes van hierdie studie, die reg tot gelyke beskerming deur wetgewing is).

<sup>753</sup> Art 15(1) en 15(2) van die ‘Constitution of India’. Die hoofdoel van hierdie artikel is om die agtergeblewene groepe se regte te bevorder – sien Bakshi 31.

<sup>754</sup> Art 16(1) en 16(2) van die ‘Constitution of India’.

wegdoening met onaantasbaarheid;<sup>755</sup> die reg op primêre onderwys;<sup>756</sup> die reg teen dwangarbeid;<sup>757</sup> die reg van kinders om nie in fabrieke, myne of gevaaarlike werk in diens geneem te word nie;<sup>758</sup> en die reg op grondwetlike remedies.<sup>759</sup> Ten spye van die fundamentele aard van bogenoemde gewaarborgde regte kom daar steeds gevalle van ernstige skending van menseregte voor, vanweë die grootskaalse armoede en ongeletterdheid wat kenmerkend van Indië is.<sup>760</sup> Die godsdienstige en sosiale struktuur van die land veroorsaak ook dikwels dat die reg teen onaantasbaarheid nie effektiel afgedwing word nie.<sup>761</sup>

Die fundamentele regte in die ‘Constitution of India’<sup>762</sup> is soortgelyk aan die fundamentele regte wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat word,<sup>763</sup> met die uitsondering van die reg teen onaantasbaarheid, waarvoor Indië spesifiek voorsiening maak vanweë die sosiale struktuur wat in hierdie land voorkom.<sup>764</sup>

Die ‘Constitution of India’ maak ook voorsiening vir sekere regte wat spesifiek van toepassing is op kinders en wat bydra tot die vermindering van uitbuitende kinderarbeid.<sup>765</sup> Artikel 15(1) verbied diskriminasie deur die staat teen burgers op grond van godsdiens, ras,

---

<sup>755</sup> Art 17 van die ‘Constitution of India’; ‘India’s Forgotten People’ <[http://news.bbc.co.uk/today/hi/today/newsid\\_9166000/9166402.stm](http://news.bbc.co.uk/today/hi/today/newsid_9166000/9166402.stm)> (besoek 18 Augustus 2012) 1; Bonner, Ilaiah & Saha 11; Dalwai *Muslim Politics in India* 85-86; Oldenburg 113. Art 17 van die ‘Constitution of India’ beoog, as hoofdoelwit, om weg te doen met onaantasbaarheid. Hierdie doelwit verwys slegs na wegdoening van sosiale ongelykheid op grond van die ‘Caste System’ (gevolg in Indië) en nie na uitsluiting van ‘n persoon op grond van sy/haar gedrag nie – sien Bakshi 39.

<sup>756</sup> Art 21A van die ‘Constitution of India’. Sien ook Gathia ‘Right to Education’ in Saksena (red) *Human Rights: Fifty Years of India’s Independence* 63-64 wat hierdie reg verder toelig en veral ook daarop wys dat ‘n groot aantal kinders, ten spye van hierdie reg, nie skool bywoon nie. Sien ook Bakshi 67.

<sup>757</sup> Art 23(1) van die ‘Constitution of India’; Bakshi 71.

<sup>758</sup> Art 24 van die ‘Constitution of India’. Vir ‘n bespreking hiervan sien Bakshi 72.

<sup>759</sup> Art 32(1) - (4) van die ‘Constitution of India’.

<sup>760</sup> Sharma ‘Indian Constitution and Human Rights’ in Sehgal (red) *Human Rights in India* 192-195; Das & Mohanty 59-61.

<sup>761</sup> Sharma in Sehgal (red) 193.

<sup>762</sup> Deel III van die ‘Constitution of India’.

<sup>763</sup> Hoofstuk 2 van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>764</sup> Hoofstuk 2 van die Grondwet van Suid-Afrika saamgelees met Deel III van die ‘Constitution of India’. Sien ook par 5.1.3 hierbo vir ‘n bespreking oor die sosiale struktuur in Indië.

<sup>765</sup> Sharma ‘Human Right Violations of Street Children and Child Labour in India’ in Sehgal (red) *Human Rights in India* 187-190; Büchner- Eveleigh ‘n Kritiese Evaluering van Wetgewing wat die Gesondheid van Kinders Beïnvloed 172.

geslag, stand en plek van geboorte. Artikel 15(3) bepaal egter dat die staat spesiale voorsiening vir kinders en vrouens mag maak. Positiewe diskriminasie of regstellende aksie word dus geregverdig ten gunste van kinders, ten einde die maatskaplike omstandighede van kinders te verbeter.<sup>766</sup> Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat daar in omstandighede van mededingende eise, maar met beperkte hulpbronne, voorrang gegee sal word aan die regte van kinders, aangesien hulle as 'n spesiale belangegroep erken word. Suid-Afrika regverdig nie positiewe diskriminasie ten gunste van kinders nie.<sup>767</sup> Artikel 28(2) van die Grondwet van Suid-Afrika bepaal egter dat die beste belang van die kind van deurslaggewende aard is in elke aangeleentheid wat hom/haar raak.<sup>768</sup> Die benadering van die beste belang van die kind beteken egter nie dat ander se grondwetlike beskermde regte of belang ondergeskik aan die regte van die kind is nie.<sup>769</sup> Alhoewel Indië se benadering van positiewe diskriminasie ten gunste van kinders moontlik in Suid-Afrika oorweeg kan word, voel die skrywer dat dit nie noodwendig die beste benadering is nie. Die rede hiervoor is dat, waar volwassenes se regte ondergeskik aan dié van kinders is, dit moontlik die vermoë van sodanige volwassenes kan beperk om te voorsien in die behoeftes en versorging van kinders.<sup>770</sup>

Ander regte, in die 'Constitution of India', wat van belang is vir die vermindering van kinderarbeid en vir die beskerming van kinders sluit artikel 24 en artikel 21A in. Artikel 24 bepaal dat geen kind onder die ouderdom van 14 jaar in 'n fabriek, myn of enige gevaelike

---

<sup>766</sup> Deane 2009 *Potchefstroom Electronic Law Journal* 12(1):40.

<sup>767</sup> Heaton 2009 *Journal for Juridical Science* 34(2):4-5.

<sup>768</sup> Sien par 4.3.2.2.

<sup>769</sup> Currie & de Waal 620; *S v M (Centre for Child Law as Amicus Curiae)* 2008 (3) SA 232 (KH) par 112; *Petersen v Maintenance Officer Simon's Town Maintenance Court and Others* 2004 (2) BCLR 205 (K) par 20 [ook gerapporteer as [2004] 1 ALL SA 117 (K)].

<sup>770</sup> Currie & de Waal 620. Hiermee stem die skrywer saam.

werksomstandighede in diens geneem mag word nie,<sup>771</sup> terwyl artikel 21A die reg op primêre onderwys<sup>772</sup> aan alle kinders onder die ouderdom van 14 jaar waarborg.<sup>773</sup>

Aangesien indiensneming slegs verbied word ten opsigte van myne en fabrieke en in gevaarlike werksomstandighede, word die afleiding gemaak dat kinders onder die ouderdom van 14 jaar wel in sekere ander omstandighede in diens geneem mag word. Hierdie afleiding verskil drasties van die posisie in Suid-Afrika waar indiensneming van kinders onder die ouderdom van 15 jaar verbied word.<sup>774</sup> Met die toename in kinders wat as die hoof van 'n huishouding optree<sup>775</sup> en in omstandighede van stygende armoede, kan Suid-Afrika dit moontlik oorweeg om slegs sekere gevaarlike soorte arbeid te verbied, om kinders in uitermatige armoede die geleentheid te bied om 'n wettige inkomste te verdien.

State in Indië moet verder verseker dat die jong ouderdom van kinders nie uitgebuit word nie en dat geen kind deur ekonomiese omstandighede gedwing word om 'n beroep te betree wat ongeskik vir sy/haar ouerdom of krag is nie.<sup>776</sup> State word ook onder die verpligting geplaas om ongelykhede in inkomste te verminder<sup>777</sup> en om aan kinders geleenthede en fasiliteite te bied wat verseker dat hulle op 'n gesonde wyse ontwikkel.<sup>778</sup> Kinders moet ook ten alle tye teen uitbuiting en verwaarloosing beskerm word.<sup>779</sup> Suid-Afrika beskerm kinders op soortgelyke wyse deur te bepaal dat hulle teen uitbuitende

---

<sup>771</sup> Sien Gathia in Saksena (red) 65-68 vir 'n bespreking oor die betrokke reg. Hiervolgens is daar ook 'n aansienlike aantal kinders in Indië wat steeds in gevaarlike arbeid voorkom. Sien ook Bakshi 72; Mansoor *Working Towards the Eradication of Child Labour? An Analysis of the Legal Framework with Case-studies of Pakistan, India, Indonesia, China, UK and USA* 222.

<sup>772</sup> Gathia in Saksena (red) 63-64; Bakshi 67; Chauhan 24-28; 'Working Group Report on Elementary Education and Literacy 12<sup>th</sup> Five Year Plan 2012-2017' <[http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp12/hrd/wg\\_elementary1708.pdf](http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp12/hrd/wg_elementary1708.pdf)> (besoek 19 Januarie 2013) 1.

<sup>773</sup> Art 29 van die Suid-Afrikaanse Grondwet gee aan elkeen die reg tot basiese onderwys.

<sup>774</sup> Sekere uitsonderings op die verbod op indiensneming geld in Suid-Afrika - sien Art 43(1)(a) en 43(1)(b) saamgelees met art 55(6)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorraad asook par 4.3.9 van hierdie verhandeling.

<sup>775</sup> Sien par 4.3.8.2 oor die toename van kinderhuishoudings in Suid-Afrika.

<sup>776</sup> Art 39(e) van die 'Constitution of India'. 'n Volwasse lid van die familie wie se kind in omstandighede werk wat ongeskik is vir daardie kind se ouerdom of krag, moet toesien dat die kind wat deur ekonomiese omstandighede daartoe gedryf word, ander werk verkry – sien Bakshi 101. Sien ook vir 'n verdere bespreking van hierdie reg Chauhan 9-10.

<sup>777</sup> Art 38(2) van die 'Constitution of India'.

<sup>778</sup> Art 39(f) van die 'Constitution of India'.

<sup>779</sup> *Ibid.*

arbeidspraktyke beskerm moet word<sup>780</sup> en teen arbeid wat 'n risiko vir die gesonde ontwikkeling van die kind is.<sup>781</sup>

Laastens plaas artikel 23(1) van die 'Constitution of India' 'n verbod op die handeldryf in mense<sup>782</sup> asook op enige vorm van dwangarbeid.<sup>783</sup> Artikel 13 van die Grondwet van Suid-Afrika verbied op soortgelyke wyse dwangarbeid in Suid-Afrika en verder verbied art 284(1) van die 'Children's Act' handeldryf met kinders in Suid-Afrika.

#### **5.2.1.2 'Child Labour (Prohibition and Regulation) Act', 61 van 1986**

Indiensneming van kinders onder 'n vasgestelde ouderdom word nie in Indië verbied nie (slegs indiensneming in sekere geværlike soorte werke word verbied).<sup>784</sup> Daar word wel gepoog om kinderarbeid effektief te reguleer deur die 'Child Labour (Prohibition and Regulation) Act' (hierna die 'Child Labour Act') ten einde voldoende beskerming aan die kind in die arbeidsmark te verleen.<sup>785</sup> Die voorgeskrewe tipes werk waarop 'n verbod geplaas word is in ooreenstemming met artikel 24 van die 'Constitution of India' wat kinderarbeid in myne, fabrieke en geværlike werksomstandighede verbied. Waar die tipe werk nie uitdruklik verbied word nie, is daar geen bepaling wat kinders verhinder om in diens geneem te word nie,<sup>786</sup> mits kinders nie langer as die voorgeskrewe ure ten opsigte van kinderarbeid werk nie.<sup>787</sup>

---

<sup>780</sup> Art 28(1)(e) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>781</sup> Art 28(1)(f) van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>782</sup> Sien ook 'Trafficking in Women and Children: An Ounce of Prevention is Worth a Pound of Cure' <[http://www.legalserviceindia.com/articles/tch\\_wo.htm](http://www.legalserviceindia.com/articles/tch_wo.htm)> (besoek 10 Januarie 2013) 1.

<sup>783</sup> Art 23(1) van die 'Constitution of India'. Sien ook Bakshi 71 vir 'n verdere bespreking hiervan.

<sup>784</sup> Butt 'Indian Laws Against Bonded Labour' <<http://www.legalindia.in/indian-laws-against-bonded-labour>> (besoek 17 Januarie 2013) 1; Agarwal 2004 *Arizona Journal of International & Comparative Law* 21(2):681; Sien ook Deel A en Deel B van die Bylaag tot die 'Child Labour (Prohibition and Regulation) Act, 61 van 1986' (hierna Child Labour Act) vir vorms van arbeid waarin kinders nie in diens geneem mag word nie. Waar die werk nie uitdruklik deur die betrokke wet verbied word nie, bestaan geen verdere bepaling wat die indiensneming van kinders onder 'n bepaalde ouderdom verbied nie. Sien ook 'National Legislation and Policies Against Child Labour in India' <<http://www.ilo.org/legacy/english/regions/asro/newdelhi/ipec/responses/india/national.htm>> (besoek 19 Januarie 2013) 1.

<sup>785</sup> Butt 'Indian Laws Against Bonded Labour' <<http://www.legalindia.in/indian-laws-against-bonded-labour>> (besoek 17 Januarie 2013) 1; Agarwal 2004 *Arizona Journal of International & Comparative Law* 21(2):681.

<sup>786</sup> Mansoor 224.

<sup>787</sup> Art 7(2) van die 'Child Labour Act'.

Anders as in Indië, verbied Suid-Afrika die indiensneming van kinders onder die ouderdom van 15 jaar.<sup>788</sup> Daar bestaan wel sekere uitsonderings ten opsigte hiervan, byvoorbeeld waar kinders onder die ouderdom van 15 jaar in die vermaaklikheidsbedryf werksaam is<sup>789</sup> of waar kinders bo die ouderdom van 15 jaar werk verrig.<sup>790</sup> In laasgenoemde geval moet gevare in die werksomgewing geïdentifiseer word en tot die minimum beperk word.<sup>791</sup> Indië se benadering tot die regulering van kinderarbeid verskil dus van dié in Suid-Afrika. Om ‘n idee te kry van die wyse waarop regulering van kinderarbeid in Indië geskied, word vervolgens na die bepalings van die ‘Child Labour Act’ gekyk.

Die bepalings van die wet behels die volgende: geen kind mag in diens geneem word of toegelaat word om te werk in enige van die beroepe soos uiteengesit in Deel A van die Bylaag tot die wet nie.<sup>792</sup> Kinders word ook nie toegelaat om werk te verrig in ‘n werkswinkel waar enige van die prosesse, soos uiteengesit in Deel B van die Bylaag tot die wet, uitgevoer word nie.<sup>793</sup> Laasgenoemde artikel is egter nie van toepassing op enige werkswinkel waarin enige proses uitgevoer word deur ‘n okkuperdeerder met die hulp van sy familie nie en ook nie op ‘n skool wat gestig of erken word deur die regering en wat hierdie prosesse uitvoer nie.<sup>794</sup> ‘n Kind, vir die doeleindes van hierdie wet, is enige persoon onder die ouderdom van 14 jaar.<sup>795</sup> Kinders mag nie vir langer as drie ure aaneen werk sonder om ten minste ‘n uur

---

<sup>788</sup> Art 43(1)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorraad.

<sup>789</sup> Sien par 4.3.9 vir ‘n bespreking hiervan.

<sup>790</sup> Sien par 4.3.10 vir ‘n bespreking hiervan.

<sup>791</sup> Regulasie 3(1) van GK R7 SK 32862.

<sup>792</sup> Volgens hierdie Bylaag word die volgende beroepe ten opsigte van kinders verbied: die vervoer van goedere en persone by wyse van spoorweë; enige bouwerk op ‘n spoorweg of hawe; die verkoop van vuurwerke; werk in slaghuise of motorwerkswinkels; die hantering van giftige en vlambare stowwe; werk wat onder die grond of onder water verrig moet word; asook werk in plastiek-eenhede of veselwerkswinkels.

<sup>793</sup> Die prosesse waaraan kinders nie mag deelneem nie sluit die volgende in: die weef van matte en klere; sementvervaardiging; die vervaardiging van plofstowwe, vuurhoutjies of vuurwerke; die skoonmaak van wol; die vervaardiging van seep; die vervaardiging van leisteen; die vervaardiging of gebruik van giftige metale soos bv. kwik, benseen, chroom en mangaan; deelname aan ‘n solderingsproses in ‘n elektroniese industrie motorherstelwerk; die vervaardiging van dakteëls; die ontginning van katoen; die vervaardiging van skoonmaakkinders; die ontwerp van juwele; en die hantering van chroom en mangaan-erts.

<sup>794</sup> Art 3 van die ‘Child Labour Act’; Mansoor 224 – hiervolgens skep die genoemde artikel ‘n leemte in die betrokke wet, aangesien beskerming nie aan kinders in familiebesighede gebied word, wat in gevaelike prosesse betrokke is nie. Hierdie uitsondering wat geskep word is direk teenstrydig met art 24 van die ‘Constitution of India’ wat bepaal dat geen kind, onder die ouderdom van 14 jaar, in gevaelike werksomstandighede in diens geneem mag word nie – sien Mansoor 225.

<sup>795</sup> Art 2 van die ‘Child Labour Act’.

tussen werksperiodes te rus nie.<sup>796</sup> Daar mag van geen kind verwag word om tussen sewe-uur die aand en agtuur die volgende oggend te werk nie<sup>797</sup> en geen kind word toegelaat om oortyd te werk nie.<sup>798</sup> Enige persoon wat 'n kind in diens neem, moet binne 30 dae na indiensneming of in die geval waar die kind reeds in diens geneem is voor die inwerkingtreding van die wet, binne 30 dae vanaf inwerkingtreding van die wet 'n skriftelike kennisgewing aan die Inspekteur van Kindersorg verskaf wat die volgende inligting bevat: die besonderhede van die persoon in beheer van die werksplek, die naam van die besigheid asook waar sodanige besigheid geleë is en die aard van die werk wat die kind verrig.<sup>799</sup> 'n Register van elke werkende kind moet deur die werkewer gehou word en kan te eniger tyd deur die Inspekteur van Kindersorg geïnspekteer word.<sup>800</sup> Die register moet die volgende aandui:<sup>801</sup>

- naam en geboortedatum van elke kinderwerkneem;
- die aantal ure wat die kind werk asook die aantal ure wat die kind mag rus;
- die aard van die werk wat die kind verrig; en
- enige verdere inligting wat voorgeskryf mag word.

Die register moet jaarliks opgedateer word en moet tot drie jaar na die beëindiging van die diens van die kind deur die betrokke werkewer gehou word.<sup>802</sup>

Die regering mag reëls uitvaardig rakende die regulering van die veiligheid van kinders in die werksplek.<sup>803</sup> Hierdie reëls kan onder andere voorsiening maak vir 'n verbod op die gebruik van gevaaarlike masjinerie deur kinders, indiensopleiding, omheining van werksareas, instandhouding van geboue en toerusting en die voorsiening van voldoende beligting,

---

<sup>796</sup> Art 7(2) van die 'Child Labour Act'; Agarwal 2004 *Arizona Journal of International & Comparative Law* 21(2): 682.

<sup>797</sup> Art 7(4) van die 'Child Labour Act'; Agarwal 2004 *Arizona Journal of International & Comparative Law* 21(2): 682.

<sup>798</sup> Art 7(5) van die 'Child Labour Act'.

<sup>799</sup> Arts 9(1) en 9(2) van die 'Child Labour Act'.

<sup>800</sup> Art 11 van die 'Child Labour Act'.

<sup>801</sup> Art 11(a) – 11(d) van die 'Child Labour Act'.

<sup>802</sup> Reël 16 van die 'Child Labour (Prohibition and Regulation) Rules, 1988.

<sup>803</sup> Art 13(1) van die 'Child Labour Act'.

sanitasie en skoon water.<sup>804</sup> Indien enige bepaling van hierdie wet oortree word, sal die betrokke persoon skuldig wees aan 'n misdryf en sal gevangenisstraf of 'n boete opgelê word.<sup>805</sup>

Bestaande kritiek teen hierdie wet sluit onder andere in dat die wet nie van toepassing is op werk wat verrig word in familiebesighede of in skole wat gestig of erken word deur die regering nie, selfs waar hierdie soort werk in 'n ander konteks verbied sou word.<sup>806</sup> Dit skep ruimte vir uitbuiting, aangesien dit al gebeur het dat werkgewers wat van kinderarbeiders gebruik gemaak het, nie vervolg is nie aangesien die werkgewer voorgegee het dat die kinders deel van sy eie familie was en dat die werk wat verrig is, 'n familiebesigheid daargestel het.<sup>807</sup> Verdere kritiek is dat die wet net van toepassing is op kinders onder die ouderdom van 14 jaar.<sup>808</sup> Behalwe vir die leemtes in die wet self, is daar ook 'n gebrek aan opgeleide personeel om dit effektief af te dwing<sup>809</sup> en die 'Caste System' blyk verder die effektiewe afdwining van die betrokke wet te bemoeilik.<sup>810</sup>

Voordele verbonde aan wetgewing wat kinderarbeid (uitgesluit die ergste vorms en uitbuitende vorms daarvan) toelaat, waarvan die 'Child Labour Act' in Indië 'n voorbeeld is, sluit onder andere in dat baie kinders in uiterste armoede<sup>811</sup> die geleentheid het om 'n

---

<sup>804</sup> Art 13(2) van die 'Child Labour Act'.

<sup>805</sup> Art 14(1) van die 'Child Labour Act'.

<sup>806</sup> Mansoor 225; 'Small Change: Bonded Child Labour in India's Silk Industry' <<http://www.hrw.org/reports/2003/india/india0103.pdf>> (besoek 18 Augustus 2012) 59; Butt 'Indian Laws Against Bonded Labour' <<http://www.legalindia.in/indian-laws-against-bonded-labour>> (besoek 17 Januarie 2013) 1; Saksena 75.

<sup>807</sup> Volgens 'Human Rights Watch' het voorbeeld van hierdie gevalle voorgekom in die sybedryf in Varanasi en in die vuurhoutjie en sigaar nywerhede in Tamil Nadu - sien 'Small Change: Bonded Child Labour in India's Silk Industry' <<http://www.hrw.org/reports/2003/india/india0103.pdf>> (besoek 18 Augustus 2012) 59.

<sup>808</sup> 'Small Change: Bonded Child Labour in India's Silk Industry' <<http://www.hrw.org/reports/2003/india/india0103.pdf>> (besoek 18 Augustus 2012) 60. Geboortesertifikate word dikwels deur werkgewers of ouers, wat hul kinders in slawerny verkoop, vervals ten einde kinders in gevaaarlike aktiwiteite te gebruik. Waar ouers in uiterste armoede verkeer, is hierdie vorm van bedrog dikwels 'n uitweg om 'n inkomste te verseker - sien 'Small Change: Bonded Child Labour in India's Silk Industry' <<http://www.hrw.org/reports/2003/india/india0103.pdf>> (besoek 18 Augustus 2012) 60.

<sup>809</sup> 'Small Change: Bonded Child Labour in India's Silk Industry' <<http://www.hrw.org/reports/2003/india/india0103.pdf>> (besoek 18 Augustus 2012) 60.

<sup>810</sup> *Ibid.*

<sup>811</sup> Achin 'In India Some Families' Economic Survival Relies on Forced Child Labour' <<http://www.voanews.com/content/many-families-depend-on-forced-child-labor-123684444/167611.html>> (besoek 10 Januarie 2013) 1 – vir voorbeeld van gevalle waar kinderarbeid bygedra het tot die oorlewning van gesinne. Sien ook

inkomste te verdien vir oorlewing en dat werksvaardighede van 'n jong ouderdom af aan die kind geleer word.<sup>812</sup>

### 5.2.1.3 'Factories Act', 63 van 1948

Ingevolge die 'Factories Act', 63 van 1948 (hierna die 'Factories Act') mag geen kind onder die ouderdom van 14 jaar toegelaat word om in 'n fabriek te werk nie<sup>813</sup> en geen vrou of kind mag in diens geneem word vir die verwerking van katoen nie.<sup>814</sup> Kinders bo die ouderdom van 14 jaar mag slegs in 'n fabriek werk indien 'n mediese dokter die kind ondersoek het en bevind het dat sodanige kind geskik is om in 'n fabriek te werk.<sup>815</sup> 'n Geskiktheidsertifikaat moet deur die betrokke dokter uitgereik word en ingehandig word by die voornemende werkgewer van die kind.<sup>816</sup> 'n Geskiktheidsertifikaat is slegs vir 12 maande geldig<sup>817</sup> en kan uitgereik word onder voorwaardes wat bepaal watter tipe aktiwiteite die kind nie mag verrig nie.<sup>818</sup> Die kostes verbonde aan die uitreik van die sertifikaat is verhaalbaar van die werkgewer en nie van die kind of sy ouers/voog nie.<sup>819</sup> Die regering mag reëls neerlê rakende die maksimum-gewig wat kinders mag optel, sou hulle werksaam in 'n fabriek wees.<sup>820</sup> Geen kind mag meer as vier en 'n half uur aaneenlopend in 'n fabriek werk nie en geen kind mag gedurende die nag in 'n fabriek werk nie.<sup>821</sup>

---

Budhwani, Wee & McLean 2004 *Human Resource Development Quarterly* 15(1):111 vir voordele verbonde aan kinderarbeid.

<sup>812</sup> Budhwani, Wee & McLean 2004 *Human Resource Development Quarterly* 15(1):111.

<sup>813</sup> Art 67 van die 'Factories Act'. Hierdie wet is egter net van toepassing op fabrieke wat 10 of meer werkers in diens het wat met elektriese of ander vorme van gegenereerde krag werk – sien art 2(m) van die 'Factories Act'; Mansoor 225; Shukla & Ali 84. Art 2(m) van die 'Factories Act' veroorsaak dat kinders in ander fabrieke nie beskerming geniet nie – sien Mansoor 225.

<sup>814</sup> Art 27 van die 'Factories Act'.

<sup>815</sup> Art 68 saamgelees met art 69(1) van die 'Factories Act'; 'National Legislation and Policies Against Child Labour in India' <<http://www.ilo.org/legacy/english/regions/asro/newdelhi/ipec/responses/india/national.htm>> (besoek 19 Januarie 2013) 1.

<sup>816</sup> Art 69 (1) van die 'Factories Act'. Vir 'n kort bespreking oor die betrokke sertifikaat sien Shukla & Ali 84; 'Small Change: Bonded Child Labour in India's Silk Industry' <<http://www.hrw.org/reports/2003/india/india0103.pdf>> (besoek 18 Augustus 2012) 83.

<sup>817</sup> Art 69 (3)(a) van die 'Factories Act'.

<sup>818</sup> Art 69 (3)(b) van die 'Factories Act'

<sup>819</sup> Art 69 (7) van die 'Factories Act'.

<sup>820</sup> Art 34(2) van die 'Factories Act'

<sup>821</sup> Art 71(1)(a) en 71(1)(b) van die 'Factories Act'; Kant & Lata *Child and the Law* 184; 'Child Labour in India: An Overview' <<http://www.childjustice.org/wsecl/papers/Molankal2008.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013) 6.

Die eienaar van enige fabriek waarin kinders werksaam is, moet 'n register hou van die kinders wat in die fabriek werksaam is.<sup>822</sup> Hierdie register moet ten alle tye volledig en beskikbaar wees, sou die Inspekteur van Kindersorg die register wou nasien.<sup>823</sup> Die register moet die volgende inligting bevat:<sup>824</sup> die naam van elke kind werksaam in die betrokke fabriek; die aard van die werk wat kinders verrig; die skofte waarin die kind werk asook die nommer van die geskiktheidsertifikaat van die kind om in 'n fabriek te kan werk. 'n Kind is geregtig op een dag verlof vir elke 15 dae wat hy/sy gewerk het indien hy/sy reeds vir langer as 240 dae gewerk het.<sup>825</sup>

Die wet maak verder voorsiening vir die versorging van kinders waar vrouens met kinders in 'n fabriek werk. In hierdie opsig bepaal die wet, dat in gevalle waar fabrieke meer as 30 vrouens in diens het, voorsiening gemaak moet word vir 'n gesikte kamer waar kinders onder die ouderdom van 6 jaar versorg kan word.<sup>826</sup> Hierdie kamers moet oor voldoende akkommodasie, beligting en ventilasie beskik en moet ten alle tye skoon gehou word.<sup>827</sup> Vrouens wat opgelei is ten opsigte van die versorging van kinders moet aangestel word om toesig oor hulle te hou.<sup>828</sup> Die skrywer voel dat die skepping van alternatiewe sorg daartoe kan bydra dat vrouens ongestoord hul werk kan verrig, maar van groter belang is dat kinders nie in die werk gesteek word of aan arbeidsaktiwiteite blootgestel word waar hulle onder die sorg van hul ouers in fabrieke is nie.

Suid-Afrika het nie soortgelyke bepalings in wetgewing nie. Die rede hiervoor is dat kinderarbeid onder die ouderdom van 15 jaar verbied word en kinders derhalwe nie wettig in fabrieke werksaam mag wees nie. Sou Suid-Afrika die regulering van kinderarbeid in nywerhede as alternatiewe benadering oorweeg, sal die bepalings van die Indiese Fabrieke Wet as voorbeeld kan dien vir die beskerming en regulering van kinderarbeid.

---

<sup>822</sup> Art 73(1) van die 'Factories Act'; Shukla & Ali 84.

<sup>823</sup> *Ibid.*

<sup>824</sup> Art 73(1)(a) – 73(1)(e) van die 'Factories Act'.

<sup>825</sup> Art 79 (1)(ii) van die 'Factories Act'.

<sup>826</sup> Art 48(1) van die 'Factories Act'; Cochran *International Handbook of Child Care Policies and Programs* 255.

<sup>827</sup> Art 48(2) van die 'Factories Act'.

<sup>828</sup> *Ibid.*

### 5.2.1.4 ‘Right of Children to Free and Compulsory Education Act’, 35 van 2009 en ‘Right of Children to Free and Compulsory Education (Amendment) Act’ 30 van 2012

‘n Kind, vir die doeleindes van hierdie wet, is ‘n persoon tussen die ouderdomme van ses tot 14 jaar.<sup>829</sup> Elke kind is geregtig op gratis en verpligte basiese onderrig.<sup>830</sup> Hierteenoor maak Suid-Afrika nie voorsiening vir die reg op gratis onderwys nie, maar die Minister van Onderwys mag ouers algeheel, gedeeltelik of voorwaardelik vrystel van die betaling van skoolgeld waar die ouers nie in staat is om dit te betaal nie.<sup>831</sup> Sou hulpbronne en staatsfinansies dit toelaat, is gratis onderwys ‘n verdere moontlikheid wat Suid-Afrika kan oorweeg om geletterdheid en ‘n kans op beter werkgeleenthede te bevorder, aldus die skrywer.

Kinders in Indië is verder geregtig op spesiale opleiding en aandag indien dit nodig mag blyk om die kind by te staan met die voltooiing van elementêre onderrig en om te verseker dat die kind nie agter raak teenoor ander kinders van sy/haar ouderdom nie.<sup>832</sup> Waar ‘n skool nie oor voldoende fasiliteite beskik om aan elke kind die geleentheid te bied om voldoende

---

<sup>829</sup> Art 2 (c) van die ‘Right of Children to Free and Compulsory Education Act’, 35 van 2009 (hierna ‘Right to Education Act’).

<sup>830</sup> Art 3(1) van die ‘Right to Education Act’ saamgelees met art 3(1) van die ‘Right of Children to Free and Compulsory Education (Amendment) Act’ 30 van 2012. Gratis basiese en verpligte onderrig sluit, volgens UNICEF, dekking van direkte kostes (skoogelde), sowel as indirekte kostes (byvoorbeeld handboeke en skooluniforms) in – sien ‘The Right to Education: Frequently Asked Questions’ <[http://www.unicef.org/india/education\\_6144.htm](http://www.unicef.org/india/education_6144.htm)> (besoek 18 Januarie 2013) 1. Die kostes verbonde aan skoolonderrig sal gedeel word deur beide die federale parlement en die verskillende state se regerings – sien ‘The Right to Education: Frequently Asked Questions’ <[http://www.unicef.org/india/education\\_6144.htm](http://www.unicef.org/india/education_6144.htm)> (besoek 18 Januarie 2013) 1; ‘Right To Education (RTE) Act, 2009’ <<http://www.icbse.com/right-to-education-act>> (besoek 18 Januarie 2013) 1. Ten spyte van die reg op basiese onderrig, bestaan sekere faktore wat die implementering van hierdie wet bemoeilik, onder andere, onkunde aangaande die reg tot gratis basiese onderrig, gebrek aan voldoende infrastruktuur in Indië en toenemende bevolkingsgroei – sien ‘Right to Education Act: Pitfalls and Possibilities’ <[http://www.academia.edu/730018/Right\\_to\\_Education\\_Act\\_Pitfalls\\_and\\_Possibilities](http://www.academia.edu/730018/Right_to_Education_Act_Pitfalls_and_Possibilities)> (besoek 18 Januarie 2013) 3, asook Pratap ‘The Implementation of ILO Standards in Asia: Overview and Selected Issues’ in Nesi, Nogler & Pertile (reds) *Child Labour in a Globalized World: A Legal Analysis of ILO Action* in verband hiermee. Sien ook ‘Children in India 2012: A Statistical Appraisal: Social Statistics Division, Government of India’ <[http://mospi.nic.in/\\_MospiNew/upload/Children\\_in\\_India\\_2012.pdf](http://mospi.nic.in/_MospiNew/upload/Children_in_India_2012.pdf)> (besoek 9 Januarie) 24 – vir bevolkingsgroei in Indië. Sien ook ‘Working Group Report on Elementary Education and Literacy 12<sup>th</sup> Five Year Plan 2012-2017’ <[http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp12/hrd/wg\\_elementary1708.pdf](http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp12/hrd/wg_elementary1708.pdf)> (besoek 19 Januarie 2013) 1.

<sup>831</sup> Art 39(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet. Sien ook par 4.3.4 vir ‘n bespreking van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

<sup>832</sup> Art 4 van die ‘Right to Education Act’.

elementêre onderrig te ontvang nie, kan 'n kind vra vir 'n oorplasingsertifikaat na 'n skool waar die onderrig van die kind effektief gefasiliteer kan word.<sup>833</sup> Die regering moet binne drie jaar vanaf inwerkingtreding van hierdie wet<sup>834</sup> skole oprig in gebiede waar geen skole is nie<sup>835</sup> en geld moet beskikbaar gestel word om die doelwitte van hierdie wet te realiseer.<sup>836</sup> Artikel 3(3) van die Suid-Afrikaanse Skolewet plaas 'n soortgelyke verpligting op die Uitvoerende Raad van Suid-Afrika, wat moet verseker dat daar voldoende plek in skole beskikbaar is sodat elke kind kan skoolgaan en om stappe te doen om 'n gebrek aan ruimte so gou moontlik reg te stel.<sup>837</sup>

#### **5.2.1.5 ‘Juvenile Justice (Care and Protection of Children) Act’, 56 van 2000**

Die ‘Juvenile Justice (Care and Protection of Children) Act’, 56 van 2000 (hierna die ‘Juvenile Justice Act’) is gebaseer op die beginsels van die *UNCRC*,<sup>838</sup> asook op die regte vervat in die ‘Constitution of India’.<sup>839</sup> Soortgelyk aan Suid-Afrika, is die beste belang van die kind van deurslaggewende aard in elke aangeleentheid wat die kind raak en daar word voorsiening gemaak vir spesiale beskermingsmaatreëls ten opsigte van kinders wat sorg en beskerming benodig.<sup>840</sup>

Misdade wat onder die bepalings van hierdie wet, teenoor kinders gepleeg kan word, sluit die volgende in:

- aanranding of verwaarlozing van kinders;<sup>841</sup>

---

<sup>833</sup> Art 5(1) van die ‘Right to Education Act’.

<sup>834</sup> Hierdie wet het in werking getree op 1 April 2010 – sien die ‘Right of Children to Free and Compulsory Education Act’ <<http://www.tnschools.gov.in/rteindia.html>> (besoek 11 Januarie 2013) 1;

<sup>835</sup> Art 6 van die ‘Right to Education Act’.

<sup>836</sup> Art 7(1) van die ‘Right to Education Act’.

<sup>837</sup> Art 3(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

<sup>838</sup> Indië het hierdie konvensie geratificeer op 11 Desember 1992 – sien ‘Status of Ratification - CRC’ <[http://www.bayefsky.com/pdf/crc\\_ratif\\_table.pdf](http://www.bayefsky.com/pdf/crc_ratif_table.pdf)> (besoek 13 Januarie 2013) 1.

<sup>839</sup> Sien par 5.2.1.1.

<sup>840</sup> Aanhef tot die ‘Juvenile Justice Act’. Die wet gaan vanaf die oogpunt uit om kinders, betrokke in die pleeg van misdaad, te rehabiliteer eerder as om hierdie kinders te straf – sien Prakash 2013 *International Research Journal of Social Sciences* 2(1):38. Die betrokke wet maak ook voorsiening vir sorg aan kinders wat sorg en beskerming benodig – sien Prakash 2013 *International Research Journal of Social Sciences* 2(1):39.

<sup>841</sup> Art 23 van die ‘Juvenile Justice Act’.

- indiensneming of die gebruik van kinders vir die doel om te bedel;<sup>842</sup>
- uitbuiting van kinderwerknekemers,<sup>843</sup> en
- verskaffing van narkotiese middels of dwelmmiddels aan kinders.<sup>844</sup>

Die wet maak ook voorsiening vir 'n prosedure wat gevolg kan word ten opsigte van kinders wat sorg en beskerming benodig, ten einde hierdie kinders maksimaal te beskerm.<sup>845</sup> Artikel 29(1) magtig die regering om 'n Kinderwelsyn-komitee in elke distrik te implementeer wat na die belang van kinders, wat sorg en beskerming benodig, omsien. Die Komitee moet toesien dat dat daar in die basiese behoeftes van kinders voorsien word en dat die menseregte van kinders bevorder word.<sup>846</sup> Aangeleenthede rakende die rehabilitasie, versorging en beskerming van kinders word deur die Komitee aangehoor en die beslissing wat die Komitee maak, is finaal.<sup>847</sup> 'n Kind kan voor die Komitee gebring word deur 'n polisiebeampte, staatsamptenaar, Kinderlyn of enige ander kinderorganisasie wat deur die regering erken word, 'n maatskaplike werker of deur die kind self.<sup>848</sup> Indien die kind sorg en beskerming benodig, kan die Komitee 'n bevel uitvaardig dat die kind in 'n kinderhuis geplaas moet word.<sup>849</sup> Die volgende kinders kwalificeer as kinders wat sorg en beskerming nodig het:<sup>850</sup>

- waar 'n kind wees gelaat is en oor geen lewensmiddelle beskik nie;
- indien 'n persoon by wie die kind woon dreig om hom/haar te vermoor of te beseer of waar die betrokke persoon die kind reeds daadwerklik beseer het;
- indien 'n persoon by wie 'n kind woon 'n geskiedenis het van misbruik of verwaarlozing van kinders en redelike vrees bestaan dat die betrokke kind ook verwaarloos of misbruik sal word;

---

<sup>842</sup> Art 24(1) van die 'Juvenile Justice Act'.

<sup>843</sup> Art 26 van die 'Juvenile Justice Act'.

<sup>844</sup> Art 25 van die 'Juvenile Justice Act'.

<sup>845</sup> Prakash 2013 *International Research Journal of Social Sciences* 2(1):39.

<sup>846</sup> Art 31(1) van die 'Juvenile Justice Act'.

<sup>847</sup> *Ibid.*

<sup>848</sup> Art 32(1) van die 'Juvenile Justice Act'.

<sup>849</sup> Art 33(1) van die 'Juvenile Justice Act'.

<sup>850</sup> Art 2(d) van die 'Juvenile Justice Act'.

- waar 'n kind 'n fisiese of geestelike gebrek het, met niemand om na hom/haar om te sien nie;
- waar 'n kind blootgestel word aan uitbuiting<sup>851</sup> of mishandeling;
- waar 'n kind die slagoffer is van gewapende konflik of natuurrampe;
- waar 'n kind se ouers nie oor die vermoë beskik om behoorlik na hom/haar om te sien nie; en
- waar 'n kind die slagoffer van mensehandel is.

Die Nasionale Plan van Aksie vir Kinders wat deur die regering van Indië ingestel is, is aanvullend tot die 'Juvenile Justice Act'.<sup>852</sup> Hierdie plan maak voorsiening vir die identifikasie van verskillende groepe kinders wat sorg en beskerming benodig en vereis strenger beskermingsmaatreëls vir sodanige kinders.<sup>853</sup>

Die aangeleentheid van kinders wat sorg en beskerming benodig, word soortgelyk in die 'Children's Act' van Suid-Afrika gereguleer, waarna verwys is in paragraaf 4.3.8.

#### **5.2.1.6 'Immoral Traffic (Prevention) Act', 104 van 1956**

Wetgewing in Indië kriminaliseer nie alle vorms van prostitusie nie.<sup>854</sup> Slegs georganiseerde vorms van prostitusie is vervolgbaar.<sup>855</sup> Indien 'n persoon sy/haar liggaam individueel en vrywillig aanwend vir die verskaffing van seksuele dienste teen betaling, sal so 'n persoon

---

<sup>851</sup> Die afleiding kan gemaak word dat kinders wat betrokke is by uitbuitende kinderarbeid ten einde te oorleef, afhanglik van sorg en beskerming verklaar kan word en derhalwe in 'n kinderhuis geplaas kan word (waar die nodige versorging van die kind kan plaasvind). Daar word egter nie uitdruklik bepaal dat kinderarbeiders sorg en beskerming benodig nie, aangesien kinderarbeid, anders as in Suid-Afrika, nie totaal verbied word nie.

<sup>852</sup> 'Child Protection and Juvenile Justice System for Children in Need of Care and Protection' <[www.childlineindia.org.in/pdf/CP-JJ-CNPC.pdf](http://www.childlineindia.org.in/pdf/CP-JJ-CNPC.pdf)> (besoek 17 Oktober 2012) 15.

<sup>853</sup> *Ibid.*

<sup>854</sup> 'Why Prostitution should be Legalized and Regulated in India' <[www.mightylaws.in/229/prostitution-legalized-regulated-india](http://www.mightylaws.in/229/prostitution-legalized-regulated-india)> (besoek 1 Augustus 2012) 1; Sithannan *Immoral Traffic, Prostitution in India: An Eye Opener to Guardians of Law and Morals* 96.

<sup>855</sup> *Ibid.*

ongestraf bly.<sup>856</sup> Die ‘Immoral Traffic (Prevention), Act’, 104 van 1956 (hierna ‘Immoral Traffic Act’) verbied egter die volgende vorms van prostitusie:<sup>857</sup>

- seduksie of die werwing van kliënte<sup>858</sup>
- die beoefening van prostitusie in ‘n openbare plek;<sup>859</sup>
- georganiseerde vorms van prostitusie<sup>860</sup> (insluitend bordele en die gebruik van koppelaars); en
- handeldryf in mense.<sup>861</sup>
- Waar enige persoon ‘n kind oorreed om prostitusie te beoefen of veroorsaak dat ‘n kind prostitusie beoefen, sal so ‘n persoon ook skuldig wees aan ‘n misdryf en strafbaar wees met ‘n minimum van sewe jaar tronkstraf.<sup>862</sup>

Die seksuele uitbuiting van kinders is ook in Suid-Afrika ‘n misdaad.<sup>863</sup>

## 5.2.2 Kinderarbeidsprogramme

Die regering van Indië het in 1988 ‘n ‘National Child Labour Project Scheme’ begin ten einde kinders wat in gevaaarlike omstandighede werk, te rehabiliteer.<sup>864</sup> Kragtens hierdie skema is kinders aan gevaaarlike werksomstandighede onttrek en in spesiale oorbruggingskole geplaas.<sup>865</sup> Hierdie skole berei kinders voor om in hoofstroomonderwys opgeneem te word deur die kind by te staan met enige agterstand wat hy/sy ten opsigte van onderrig mag

---

<sup>856</sup> *Ibid.*

<sup>857</sup> Sien ook Sithannan 382-384; Chauhan 296; 303-308.

<sup>858</sup> Art 8 van die ‘Immoral Traffic Act’.

<sup>859</sup> Art 7(1) van die ‘Immoral Traffic Act’.

<sup>860</sup> Art 3(1) en 3(2) van die ‘Immoral Traffic Act’.

<sup>861</sup> Art 5(1) van die ‘Immoral Traffic Act’.

<sup>862</sup> Art 5(1)(d) van die ‘Immoral Traffic Act’.

<sup>863</sup> Art 17(1)(a) en art 17(1)(b) van die Wysigingswet op die Strafreg; sien ook par 4.3.6 van hierdie verhandeling vir ‘n bespreking hiervan.

<sup>864</sup> ‘Report of the Working Group on Child Labour for the 11<sup>th</sup> five year plan 2007 - 2012’ <[http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11\\_rpchlab.pdf](http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11_rpchlab.pdf)> (besoek 31 Julie 2012) 8; ‘The National Child Labour Project (NCLP) Scheme to all Child Labour’ <<http://nicsr.in/?p=844>> (besoek 19 Januarie 2013) 1.

<sup>865</sup> ‘Report of the Working Group on Child Labour for the 11<sup>th</sup> five year plan 2007 - 2012’ <[http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11\\_rpchlab.pdf](http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11_rpchlab.pdf)> (besoek 31 Julie 2012) 8. Hierdie program het daartoe bygedra dat daar 7311 spesiale skole reeds geopen is vir kinders wat aan ergste vorms van arbeid ontrek is – sien NLRD ‘National Child Labour Project (NCLP)’ <<http://nld.org/resources-childs-rights/child-labour/schemes-policy-document-child-labour/national-child-labour-project-nclp>> (besoek 3 Januarie 2013) 1.

hê.<sup>866</sup> Die kind word, behalwe vir formele onderwys, ook voorsien van toelaes, voeding, beroepsopleiding en gereelde gesondheidsondersoeke.<sup>867</sup> Voorts word pogings aangewend om die families van hierdie kinders betrokke te kry by ontwikkelings- en werkskeppingsprogramme, asook inkomste programme van die regering.<sup>868</sup> Nieregeringsorganisasies in Indië is verantwoordelik vir die bestuur van spesiale skole vir werkende kinders wat nie in geværlike omstandighede werk nie.<sup>869</sup> Skole vir werkende kinders word befonds deur die regering, wat geld aan nieregeringsorganisasies beskikbaar stel sodat elke kind se reg op onderrig verseker kan word.<sup>870</sup> Hierdie skole is buigsaam ten opsigte van klastye en maak dikwels gebruik van afstandsonderwys om die kind die geleentheid te bied om indiensneming met onderrig te combineer.<sup>871</sup> Die konsep van afstandsonderwys is definitief iets wat Suid-Afrika kan implementeer om kinders in verskillende omstandighede, insluitende kinders in die kinderarbeidsmark (wat nie uitbuitende of geværlike werk verrig nie), beter te akkommodeer, aldus die skrywer.

In 2002 het die regering van Indië 'n onderwysprogram van stapel gestuur in 'n poging om primêre onderrig vir almal beskikbaar te stel en om die gehalte van onderrig te verbeter.<sup>872</sup> 'n Verdere program, die 'Scheme for Working Children in Need of Care and Protection', verskaf informele onderrig en indiensopleiding aan werkende kinders.<sup>873</sup> Volgens *ILO* het daar ongeveer 7 000 kinders tussen 2005 en 2007 by hierdie program baat gevind.<sup>874</sup>

---

<sup>866</sup> 'Report of the Working Group on Child Labour for the 11<sup>th</sup> five year plan 2007 - 2012' <[http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11\\_rpchlab.pdf](http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11_rpchlab.pdf)> (besoek 31 Julie 2012) 8; sien ook Agarwal 2004 *Arizona Journal of International & Comparative Law* 21(2):684 – waarvolgens daar in hierdie skole gebruik gemaak word van spesiale onderrigmetodes, byvoorbeeld poppekaste, storievertelling en verskeie gemeenskapsaktiwiteite, ten einde kinders te help om in hoofstroomonderwys opgeneem te word en om agterstande wat kinders in hierdie skole mag hê uit die weg te ruim.

<sup>867</sup> 'Report of the Working Group on Child Labour for the 11<sup>th</sup> five year plan 2007 - 2012' <[http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11\\_rpchlab.pdf](http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11_rpchlab.pdf)> (besoek 31 Julie 2012) 8.

<sup>868</sup> *Ibid.*

<sup>869</sup> Report of the Working Group on Child Labour for the 11<sup>th</sup> five year plan 2007 - 2012' <[http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11\\_rpchlab.pdf](http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11_rpchlab.pdf)> (besoek 31 Julie 2012) 9.

<sup>870</sup> 'Report of the Working Group on Child Labour for the 11<sup>th</sup> five year plan 2007 - 2012' <[http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11\\_rpchlab.pdf](http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11_rpchlab.pdf)> (besoek 31 Julie 2012) 9.

<sup>871</sup> *Ibid.*

<sup>872</sup> 'National Legislation and Policies Against Child Labour in India' <<http://www.ilo.org/legacy/english/regions/asro/newdelhi/ipec/responses/india/national.htm>> (besoek 24 Augustus 2012) 2.

<sup>873</sup> *Ibid.*

<sup>874</sup> *Ibid.*

In 2009 het *IPEC*<sup>875</sup> 'n program ingestel teen die ergste vorms van kinderarbeid wat in vyf state toegepas is, naamlik: Bihar, Gujarat, Jharkhand, Orissa en Madhya Pradesh.<sup>876</sup> Hierdie program poog om kinders uit die ergste vorms van kinderarbeid te verwys en om kinders te rehabiliteer wat aan uitbuiting in die arbeidsmark blootgestel was.<sup>877</sup>

Die staat van Tamil Nadu het nagskole ingestel om kinders die geleentheid te bied om skool met werk te kombineer.<sup>878</sup> Aangesien kinders die heeldag werk, gee hierdie skole slegs een en 'n half tot twee uur ná werk klas.<sup>879</sup> Ten spyte van die min tyd wat beskikbaar is vir onderrig, beweer die bestuurders van die projek dat hierdie skole baie hoë slaagsyfers in nasionale eksamens behaal.<sup>880</sup> Kritiek teen hierdie program is dat baie min meisies deur hierdie projek bevoordeel word, vanweë die vrees vir geweld teenoor jong vroue in die aand.<sup>881</sup> Die instel van nagskole kan weereens as voorbeeld vir Suid-Afrika dien om kinders (veral kinderarbeiders) in verskillende omstandighede te akkommodeer.

---

<sup>875</sup> Sien par 3.2.3 vir verdere besonderhede oor *IPEC*. Sien ook Chauhan 167-190 - vir 'n bespreking oor ander aktiwiteite van *IPEC* in Indië (wat, onder andere, insluit om bewusmaking van die probleme rondom kinderarbeid te bevorder en om programme op gemeenskapsvlak, asook op nasionale vlak te identifiseer, wat kan dien as voorbeeld vir ontwikkeling van soortgelyke programme).

<sup>876</sup> 'National Legislation and Policies Against Child Labour in India' <<http://www.ilo.org/legacy/english/regions/asro/newdelhi/ipec/responses/india/national.htm>> (besoek 24 Augustus 2012) 2.

<sup>877</sup> *Ibid.*

<sup>878</sup> 'Small Change: Bonded Child Labour in India's Silk Industry' <<http://www.hrw.org/reports/2003/india/india0103.pdf>> (besoek 18 Augustus 2012) 65.

<sup>879</sup> *Ibid.*

<sup>880</sup> *Ibid.*

<sup>881</sup> *Ibid.*

## HOOFSTUK 6: DIE EFFEKTIEWE REGULERING VAN KINDERARBEID

### 6.1 DOELSTELLING VAN VERHANDELING

Kinderarbeid word in hierdie verhandeling ondersoek, met die doel om die situasie van kinderarbeiders in Suid-Afrika te verbeter. Suid-Afrika se sienswyse tot kinderarbeid is vergelyk met dié van Indië, vanweë die verskil in benadering<sup>882</sup> wat gevolg word tot kinderarbeid. Die skrywer wou vasstel, gesien in die lig van die huidige sosio-ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika, of kinderarbeid, wat nie op die ergste en uitbuitende vorms daarvan neerkom nie, toegelaat kan word vir kinders jonger as 15 jaar, mits so 'n kind die vermoë het om te kan werk. Verder word ondersoek ingestel of Suid-Afrika, in die geval waar kinderarbeid wel toegelaat sou word, steeds aan minimum internasionale standarde sal voldoen wat beskerming aan werkende kinders bied.<sup>883</sup> Indien daar nie aan internasionale standarde voldoen sou word nie, probeer die skrywer vasstel of 'n alternatiewe benadering enigsins geregtig kan word.<sup>884</sup> Die belang van skoolopleiding<sup>885</sup> en streng regulasies ten opsigte van kinderarbeid (uitgesluit ergste vorms en uitbuitende vorms) is en word steeds deurentyd in gedagte gehou ten einde voldoende beskerming aan werkende kinders en ontwikkeling van sulke kinders te verseker.

### 6.2 SUID-AFRIKA

Kinders in Suid-Afrika is in 'n groot mate betrokke by ekonomiese aktiwiteite, asook in ván die ergste vorms van kinderarbeid.<sup>886</sup> Een van die hoofredes hiervoor is die grootskaalse armoede in die land.<sup>887</sup> Wetgewing in Suid-Afrika beskerm kinders teen uitbuitende arbeidspraktyke en bepaal ook dat 'n kind nie verplig of toegelaat mag word om werk te verrig of dienste te lewer wat onvanpas vir 'n persoon van daardie kind se ouderdom is

---

<sup>882</sup> Sien par 5.1.6.

<sup>883</sup> Sien par 4.3.1.

<sup>884</sup> *Ibid.*

<sup>885</sup> Sien par 2.5.

<sup>886</sup> Sien par 4.1.

<sup>887</sup> Sien par 4.4.2.2.

nie.<sup>888</sup> Kinders word ook beskerming aangebied teen arbeid wat 'n risiko inhoud vir die kind se geestelike, morele of maatskaplike ontwikkeling.<sup>889</sup> Die wyse waarop hierdie beskerming aangebied word, is: deur 'n verbod te plaas op slawerny, knegskap en dwangarbeid;<sup>890</sup> om sekere ander ergste vorms van kinderarbeid te kriminaliseer;<sup>891</sup> asook om die indiensneming van kinders onder die ouderdom van 15 jaar of onder die minimum skoolpligtige ouderdom te verbied.<sup>892</sup> Wat laasgenoemde betref, bestaan daar enkele uitsonderings, naamlik waar die kind in diens geneem word vir die verrigting van arbeid in advertensie, sport, artistieke of kulturele bedrywighede.<sup>893</sup> By hierdie uitsonderlike gevalle van kinderarbeid, (wat onder die ouderdom van 15 jaar toegelaat word) is streng regulering daarvan van toepassing.<sup>894</sup> Die belang van skoolonderrig in Suid-Afrika word beklemtoon deur die reg op basiese onderwys,<sup>895</sup> asook deur die plig wat ouers het om elke kind vir wie hulle verantwoordelik is 'n skool te laat bywoon vanaf die eerste skooldag van die jaar waarin sodanige leerder die ouderdom van 7 jaar bereik tot op die laaste skooldag van die jaar waarin sodanige leerder die ouderdom van 15 jaar of die negende graad bereik, watter een ookal eerste plaasvind.<sup>896</sup> Spesiale beskermingsmaatreëls is ingestel vir kinders wat sorg en beskerming nodig het.<sup>897</sup> In Suid-Afrika speel kultuur ook 'n groot rol in die omvang van kinderarbeid, aangesien nie alle kulture werk van kinders as verkeerd beskou nie, maar sommige kulture sien dit eerder as 'n geleentheid vir 'n kind om vaardighede aan te leer.<sup>898</sup>

---

<sup>888</sup> Art 28(1)(e) en 28(1)(f) van die Grondwet van Suid-Afrika. Sien ook par 4.3.2.2.

<sup>889</sup> Art 28(1)(f) van die Grondwet van Suid-Afrika; sien ook par 4.3.2.2.

<sup>890</sup> Art 13 van die Grondwet van Suid-Afrika; sien ook par 4.3.2.2.

<sup>891</sup> Sien byvoorbeeld 4.3.5 en par 4.3.6.2 en par 4.3.7.2.

<sup>892</sup> Art 43(1)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorraarde; sien ook par 4.3.3.2.

<sup>893</sup> Art 43(1)(a) en 43(1)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorraarde, saamgelees met art 55(6)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorraarde. Sien ook par 4.3.3.2 in verband hiermee. Sien ook Sektorale Vasstelling 10 en par 4.3.9.

<sup>894</sup> Sektorale Vasstelling 10; sien ook par 4.3.9.

<sup>895</sup> Art 29(1)(a) van die Grondwet van Suid-Afrika; sien ook par 4.3.2.2.

<sup>896</sup> Art 3(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet. Sien ook par 4.3.4.2.

<sup>897</sup> Hoofstuk 9 van die 'Children's Act'. Sien ook par 4.3.8.2.

<sup>898</sup> Sien par 4.4.2.1.

### 6.3. INDIË

Grootskaalse armoede,<sup>899</sup> oorbevolking<sup>900</sup> en 'n gebrek aan voldoende onderwys<sup>901</sup> is kenmerkend van Indië. Hierdie faktore, asook die gebruik van die 'Caste System'<sup>902</sup> bemoeilik die effektiewe regulering van kinderarbeid in Indië, wat tot gevolg het dat, ten spyte van bestaande effektiewe maatreëls, 'n groot aantal kinders steeds in uitbuitende arbeid voorkom.<sup>903</sup> Wetgewende maatreëls in Indië maak voorsiening vir die reg teen dwangarbeid<sup>904</sup> asook die reg van kinders onder die ouderdom van 14 jaar om nie in fabrieke, myne of geværlike werk in diens geneem te word nie.<sup>905</sup> State moet ook verseker dat kinders nie deur ekonomiese omstandighede gedwing word om 'n beroep te betree wat ongeskik is vir hulle ouerdom nie.<sup>906</sup> Vorms van prostitutie (wat ook gesien kan word as een van die ergste vorms van kinderarbeid, in die geval waar kinders betrokke sou wees) word gekriminaliseer in Indië.<sup>907</sup> Die 'Child Labour Act' reguleer kinderarbeid, wat nie uitbuitend van aard is of uitdruklik verbied word nie.<sup>908</sup> Voorsiening word gemaak vir die sorg en beskerming van kinders.<sup>909</sup> In Indië is elke kind geregtig op gratis basiese onderwys<sup>910</sup> en verder maak Indië ook voorsiening vir 'n aangepaste skoolstelsel soos byvoorbeeld die instel van skole wat buigsaam is ten opsigte van klastye, die gebruik van afstandsonderwys en die instel van nagskole<sup>911</sup> ten einde meer kinders (insluitende kinderarbeiders) te akkommodeer.

---

<sup>899</sup> Sien par 5.1.1.

<sup>900</sup> *Ibid.*

<sup>901</sup> Sien par 5.1.5.

<sup>902</sup> Vir 'n bespreking hiervan sien par 5.1.3.

<sup>903</sup> Sien par 5.1.4.

<sup>904</sup> Art 23(1) van die 'Constitution of India'. Sien ook par 5.2.1.1.

<sup>905</sup> Art 24 van die 'Constitution of India'. Sin ook par 5.2.1.1.

<sup>906</sup> Art 39(e) van die 'Constitution of India'. Sien ook par 5.2.1.1.

<sup>907</sup> Sien par 5.2.1.6.

<sup>908</sup> Sien par 5.2.1.2.

<sup>909</sup> Sien par 5.2.1.5.

<sup>910</sup> Art 3(1) van die 'Right to Education Act' saamgelees met art 3(1) van die 'Right of Children to Free and Compulsory Education (Amendment) Act' 30 van 2012. Sien ook par 5.2.1.4.

<sup>911</sup> Sien par 5.2.2.

## 6.4 MAATREËLS IN INDIË VAN BELANG VIR SUID-AFRIKA

Ten spyte van die onderskeie twee lande se wetgewende bepalings oor kinderarbeid, bly laasgenoemde<sup>912</sup> steeds 'n groot uitdaging vir beide Indië en Suid-Afrika, veral met inagneming van die grootte en omvang van die probleem, asook die feit dat kinderarbeid onlosmaaklik verbind is aan armoede en ongeletterdheid.<sup>913</sup> Alhoewel daar tekortkominge in beide lande voorkom, word 'n alternatiewe benadering tot kinderarbeid in Indië gevolg wat, indien dit effektief afgedwing sou kon word, moontlik kan bydra tot groter sukses met die hantering van kinderarbeid in Suid-Afrika, aldus die skrywer. Die toepassing van die benadering gevolg deur Indië kan moontlik meer suksesvol in die Suid-Afrikaanse konteks realiseer, aangesien Suid-Afrika nie 'n 'Caste System' volg of dieselfde mate van armoede en bevolkingsgroei as Indië in die gesig staar nie.<sup>914</sup>

Reeds in 1979 het die regering van Indië 'n komitee<sup>915</sup> aangestel om die kwessies rakende kinderarbeid te bestudeer en aanbevelings oor die effektiewe regulering daarvan te maak.<sup>916</sup> Na 'n behoorlike ondersoek, het die komitee bevind dat solank as wat armoede bestaan, dit bykans onmoontlik sal wees om kinderarbeid totaal te verbied.<sup>917</sup> Enige wetgewing wat alle vorms van indiensneming van kinders verbied, sal onprakties wees in omstandighede waar kinders dikwels afhanklik is van hul eie inkomste vir hul oorlewing, of waar kinders verantwoordelik is vir die versorging van ander.<sup>918</sup> Die oplossing wat die komitee voorgestel het, was om slegs werk in gevaarlike omstandighede te verbied en om indiensneming in minder gevaarlike omstandighede, onderhewig aan voorwaardes en die

---

<sup>912</sup> Sien par 5.1.4 vir die huidige omvang van kinderarbeid in Indië en par 4.1. vir kinderarbeid in Suid-Afrika.

<sup>913</sup> Sien par 5.1.5; par 5.1.1; par 4.5.2.2.

<sup>914</sup> Sien par 5.1.3 saamgelees met par 5.1.1.

<sup>915</sup> Bekend as die Gurupadswamy-komitee – sien 'Initiatives Towards Elimination of Child Labour – Action Plan and Present Strategy' <<http://aawaaz.aditifoundation.co.in/?p=368>> (besoek 31 Julie 2012) 1; Ministry of Labour & Employment: 'About Child Labour' <<http://labour.nic.in/content/division/child-labor.php>> (besoek 19 Januarie 2013) 1.

<sup>916</sup> 'Initiatives Towards Elimination of Child Labour – Action Plan and Present Strategy' <<http://aawaaz.aditifoundation.co.in/?p=368>> (besoek 31 Julie 2012) 1; Ministry of Labour & Employment: 'About Child Labour' <<http://labour.nic.in/content/division/child-labor.php>> (besoek 19 Januarie 2013) 1.

<sup>917</sup> *Ibid.*

<sup>918</sup> *Ibid.*

effektiewe regulering daarvan, toe te laat.<sup>919</sup> Na aanleiding van die aanbevelings van die komitee is die ‘Child Labour Act’ in Indië uitgevaardig<sup>920</sup> wat die indiensneming van kinders wettig mits dit nie neerkom op gevaarlike beroepe en deel vorm van prosesse soos deur die wet voorgeskryf nie.<sup>921</sup> Suid-Afrika se benadering om indiensneming van kinders onder die ouderdom van 15 jaar te verbied<sup>922</sup> kan moontlik as onprakties beskou word, gesien in die lig van vele Suid-Afrikaanse huishoudings waar kinders aan die hoof van ‘n gesin staan<sup>923</sup> en waar grootskaalse armoede voorkom.<sup>924</sup> Suid-Afrika sal derhalwe kan baat by die toelaat van kinderarbeid (uitgesluit die ergste en uitbuitende vorms daarvan) onder streng en effektiewe regulering daarvan, aldus die skrywer. Die aangepaste skoolsisteem,<sup>925</sup> wat in Indië toegepas word, kan ook van groot waarde vir Suid-Afrikaanse kinders wees, aangesien hierdie aangepaste sisteem meer kinders in verskillende omstandighede sal kan akkommodeer.

## 6.5 VERDERE VOORSTELLE VIR SUID-AFRIKA

Ten opsigte van die ergste vorms van kinderarbeid meen Hammond<sup>926</sup> dat hierdie vorms van arbeid uitgeroei kan word deur seker te maak dat misdadige praktyke nie winsgewend vir misdadigers is nie. Van die beginsels wat Hammond in sy boek *Biblical Principles for Africa*<sup>927</sup> uiteensit, sluit onder meer die volgende in:

- samelopende vonnisse moet afgeskaf word. ’n Oortreder moet sy hele vonnis uitdien voordat ’n tweede vonnis begin. Persone wat kinders uitbuit, moet gevoleklik volle verantwoordelikheid vir elke uitbuitende handeling dra;
- die gebruik van kinders in misdaad en in prostitutie moet effektief gestraf word. Mense pleeg geredelik misdaad aangesien dit nie streng genoeg gestraf word nie.

---

<sup>919</sup> *Ibid.*

<sup>920</sup> *Ibid.*

<sup>921</sup> Sien par 5.2.1.2.

<sup>922</sup> Art 43(1)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorraad. Sien ook par 4.3.3.2.

<sup>923</sup> Par 4.5.2.2.

<sup>924</sup> *Ibid.*

<sup>925</sup> Par 5.2.2.

<sup>926</sup> Hammond *Biblical Principles for Africa* 17-23.

<sup>927</sup> *Ibid.*

Verdere beginsels wat Hammond uiteensit om armoede te voorkom (wat uiteindelik die regulering van kinderarbeid kan vergemaklik), sluit die volgende in:<sup>928</sup>

- alle buitelandse steun wat aan Suid-Afrika gegee word ten einde armoede teen te werk, moet aangewend word om selfonderhouding te bewerkstellig;
- voedsel moet eerste in die behoeftes van die betrokke land voorsien, voordat hulp aan ander lande gegee word;
- beperkte hulpbronne moet effektief aangewend word en nie onnodig vermors word nie;
- individue moet aangespoor word om liefdadigheidsorganisasies te ondersteun wat skuiling en kos aan straatkinders gee, eerder as om vir kinders op straat geld te gee. Van die kinders wat vasgevang is in dwelmmisbruik, gebruik nie die geld om hul van armoede te bevry nie, maar bloot om nog dwelms te bekom.

Op 'n filosofiese vlak redeneer Sen<sup>929</sup> dat daar onvermoë bestaan om die reg effektief toe te pas, as gevolg van 'n beperking wat op individue se vermoë geplaas word om voorspoed te bereik. Wetgewing alleen sal dus in die lig van die bovenoemde onvermoë nooit voldoende wees vir die regulering van kinderarbeid nie, aldus die skrywer. Effektiewe afdwingingsmeganismes moet derhalwe, volgens die skrywer, ingestel word ten einde effektiewe regulasie van kinderarbeid te bereik. Verder sien Sen<sup>930</sup> geregtigheid as substantiewe vryheid wat die begin en einde van ontwikkeling is. Ten einde vryheid te bereik moet daar nie net 'n verdeling van bronne wees nie, maar eerder gekyk word na die vermoë om sekere funksionerende vlakke of 'n bepaalde vlak van ontwikkeling te bereik wat direk vryheid sal bepaal en lei tot lewensgeluk.<sup>931</sup> Wanneer die skrywer Sen se filosofie toepas op kinderarbeid in die hedendaagse samelewing, is die vryheid om lewensgeluk te bereik gesetel in die aanwending van vermoëns. 'n Voorbeeld hiervan sou wees dat die vermoë van 'n kind om te werk eers ontwikkel moet word (soos in bevordering van geletterdheid) ten einde 'n reg tot billike werkgeleenthede te verkry. Wanneer hierdie ontwikkeling van

---

<sup>928</sup> Hammond 61-63.

<sup>929</sup> Vir 'n uiteensetting van Sen se beskouing, ten opsigte hiervan, sien Cornell *Defending Ideals: War, Democracy, and Political Struggles* 1.

<sup>930</sup> Cornell 62-65.

<sup>931</sup> *Ibid.*

vermoëns bereik word en die kind met hierdie vermoëns funksioneer, sal die kind die vryheid hê om 'n beroep van 'n nie-uitbuitende aard te kan kry. Dit is in hierdie vryheid waar geregtigheid lê. Die afleiding kan gemaak word dat meer klem op die besteding van fondse vir doeleinades van onderrig gelê moet word, as om aandag te gee aan daagliks behoeftes van kinders. Daaruit sou volg dat meer kinders uiteindelik selfversorgend kan word en nie staatsfondse sal benodig vir oorlewing nie. Aldus die skrywer, kan hierdie benadering lei tot effektiewe voorkoming van die noodsaak om betrokke te raak by uitbuitende en ergste vorms van kinderarbeid en kan dit veral effektiel toegepas word in Suid-Afrika, met sy beperkte hulpbronne en grootskaalse armoede.

Behalwe vir bogenoemde voorstelle wat kan bydra tot groter suksesse rakende kinderarbeid, word daar met respek aan die hand gedoen dat die volgende ook in oorweging geneem behoort te word: die staat moet toesien dat fondse wat begroot word vir die voorsiening van onderwys effektiel aangewend word om te verseker dat alle kinders tot en met die verpligte skoolverlatingsouderdom skool bywoon; daar moet indringend gefokus word op armoede-verligting en ekonomiese ontwikkeling; en alle geboortes moet geregistreer word om effektiel vas te stel hoeveel kinders afhanklik is van gesondheidsorg en hoeveel kinders skoolpligtig is, ten einde aan kinders hierdie nodige dienste en onderrig te verskaf.

## 6.6 GEVOLGTREKKING

'n Ongekwalifiseerde verbod op kinderarbeid sou kon meebring dat talle kinders nie oorleef nie of dat kinders nie die nodige praktiese vaardighede bekom om in die toekoms as suksesvolle volwassenes te funksioneer nie. Die skrywer voel derhalwe dat daar 'n behoefte bestaan om aan kinders die geleentheid te bied om te mag werk in plaas daarvan om 'n universele verbod op kinderarbeid te plaas. Wetgewing sal aangepas moet word ten einde streng regulering ten opsigte van toegelate arbeid daar te stel. Die benadering tot kinderarbeid wat in Indië gevvolg word kan as voorbeeld dien vir die effektiewe regulering van kinderarbeid in Suid-Afrika, maar Suid-Afrika moet let op die minder suksesvolle

praktiese uitvoering wat in Indië voorkom (as gevolg van verskeie faktore reeds genoem)<sup>932</sup> en dit probeer vermy. Suid-Afrika kan dus leer uit beide die suksesse<sup>933</sup> en tekortkominge van die Indiese benadering tot kinderarbeid, om effektiewe regulering van kinderarbeid daar te stel.

---

<sup>932</sup> Par 6.3 saamgelees met par 5.1.1; par 5.1.5; en par 5.1.3.

<sup>933</sup> Sien par 5.2.1.2 vir suksesse in Indië – waar kinderarbeid bygedra het tot die oorlewing van gesinne.

## Bibliografie

### A. Wetgewing en Regulasies

#### Suid-Afrika

- ‘Child Justice Act’, 75 of 2008
- ‘Children’s Act’, 38 van 2005
- ‘Defence Act’, 42 van 2002
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- ‘Social Assistance Act’, 13 of 2004
- Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996
- Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997
- Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 85 van 1993
- Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante aangeleenthede), 32 van 2007

#### Indië

- ‘Child Labour (Prohibition and Regulation) Act’, 61 van 1986
- ‘Child Labour (Prohibition and Regulation) Rules’, 1988
- ‘Constitution of India’, 1949
- ‘Factories Act’, 63 van 1948
- ‘Immoral Traffic (Prevention) Act’, 104 van 1956
- ‘Juvenile Justice (Care and Protection of Children) Act’, 56 van 2000
- ‘Right of Children to Free and Compulsory Education Act’, 35 van 2009
- ‘Right of Children to Free and Compulsory Education (Amendment) Act’, 30 van 2012

## Verenigde Koninkryke

- ‘Elementry Education Act,’ 1870 (oorspronklik: 33&34 Vict., c. 75)
- ‘Elementry Education Act,’ 1876 (oorspronklik: 39&40 Vict., c. 79)
- ‘Elementry Education Act,’ 1880 (oorspronklik: 43&44 Vict., c. 23)
- ‘Factory Act,’ 1833 (oorspronklik: 3&4 Will. IV, c. 103)
- ‘Factory Health and Morals Act’, 1802 / ‘Factory Health and Morals of Apprentices Act’, 1802 (oorspronklik: 42 Geo. III, c.73)

## B. Konvensies en Resolusies

- ‘African Charter on the Rights and Welfare of the Child’, 1990
- ‘Convention Concerning the Prohibition and Immediate Action for the Elimination of the Worst Forms of Child Labour’, 182 van 1999
- ‘ECOSOC Resolution 2005/20: Guidelines on Justice in Matters involving Child Victims and Witnesses on Crimes’
- ‘Forced Labour Convention’, 29 van 1930
- ‘Hague Convention on the Civil Aspects of International Child Abduction’, 72 van 1996
- ‘Minimum Age (Agricultural) Convention’ 10 van 1921
- ‘Minimum Age Convention’, 138 van 1973
- ‘Minimum Age (Industry) Convention’, 5 van 1919
- ‘Minimum Age (Sea) Convention’, 7 van 1920
- ‘Night Work of Young Persons (Industry) Convention’, 6 of 1919
- ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the involvement of children in armed conflict,’ 2000
- ‘Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the sale of children, child prostitution and child pornography’, 2000
- ‘Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, Especially Women and Children, Supplementing the United Nations Convention against Transnational Organized Crime’, 2000

- 'Supplementary Convention on the Abolition of Slavery, the Slave Trade, and Institutions and Practices Similar to Slavery', 1956
- 'United Nations Convention on the Rights of the Child', 1989

#### C. Staatskoperante

- 'Children's Act,' 38 van 2005: 'General Regulations regarding Children' GK R261 in SK 33076 van 1 April 2010
- 'Social Assistance Act,' 13 van 2004: 'Department of Social Development: Increase in Respect of Social Grants' GK 256 in SK 35189 van 29 Maart 2012
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997: 'Health and Safety of Children at Work Regulations' GK R7 in SK 32862 van 15 Januarie 2010
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997: 'Sectorial Determination 10, Children in the Performance of Advertising, Artistic and Cultural Activities' GK R882 in SK 26608 van 29 Julie 2004

#### D. Sake

- *Brown v Board of Education* (1954) 347 US 483
- *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister for Justice and Constitutional Development and Others* 2009 (2) SACR 130 (KH)
- *Government of the Republic of South Africa and Others v Grootboom and Others* 2000 (11) BCLR 1169 [ook gerapporteer as 2000 (1) SA 46 (KH)]
- *Petersen v Maintenance Officer Simon's Town Maintenance Court and Others* 2004 (2) BCLR 205 (K) [ook gerapporteer as [2004] 1 ALL SA 117 (K)]
- *S v Geldenhuys* 2009 (1) SACR 1 (HHA)
- *S v Makwanyane and Another* 1995 (3) SA 391 (KH)
- *S v M (Centre for Child Law as Amicus Curiae)* 2008 (3) SA 232 (KH)
- *S v Mfazwe and Others* (Saaknommer 07/06, KPA, 28 Junie 2007) - ongerapporteerde saak

- *Teddy Bear Clinic for Abused Children and Another v Minister of Justice and Constitutional Development and Another* (Saaknommer 73300/10, Noord Gauteng Hoë Hof (Pretoria), 4 Januarie 2013) - ongerapporteerde saak

## E. Artikels

- Agarwal RK 'The Barefoot Lawyers: Prosecuting Child Labour in the Supreme Court of India' 2004 *Arizona Journal of International & Comparative Law* 21(2):663
- Arat ZF 'Analyzing Child Labor as a Human Rights Issue: Its Causes, Aggravating Policies, and Alternative Proposals' 2002 *Human Rights Quarterly* 24(1):177
- Bachman SL 'A New Economics of Child Labor: Searching for Answers Behind the Headlines' 2000 *Journal of International Affairs* 53(2):546
- Bennett WH 'A Critique of the Emerging Convention on the Rights of the Child' 1987 *Cornell International Law Journal* 20(1):1
- Bequele A & Boyden J 'Working Children: Current Trends and Policy Responses' 1988 *International Labour Review* 127(2):153
- Bourdillon M 'A Challenge for Globalised Thinking: How Does Children's Work Relate to Their Development' 2011 *South African Review of Sociology* 42(1):97
- Budhwani NN, Wee B & McLean GN 'Should Child Labor be Eliminated? An HRD Perspective' 2004 *Human Resource Development Quarterly* 15(1):107
- Calciano EM 'United Nations Convention on the Rights of the Child: Will it Help Children in the United States?' 1992 *Hastings International and Comparative Law Review* 15(3):515
- Chukwuebuka EC 'Child Trafficking in Sub-Saharan Africa: Continuation of Slavery by Other Means' 2010 *African Renaissance* 7(3-4):29
- Cohen CP 'The Role of the United States in the Drafting of the Convention on the Rights of the Child' 2006 *Emory International Law Review* 20(1):185
- Deane T 'A Commentary on the Positive Discrimination Policy of India' 2009 *Potchefstroom Electronic Law Journal* 12(1):1
- De Beer EJ "n Teologiese-etiese Beoordeling van Kinderarbeid in Suid-Afrika' 2008 *In die Skriflig* 42(4):613

- Duncan N & Bowman B 'Educational Aspirations, Child Labour Imperatives and Structural Inequality in the South African Agricultural Sector' 2008 *Perspectives in Education* 26(3):29
- Frank C 'Abuse of a Different Kind' 2006 *SA Crime Quarterly* (16):13
- Gomien D 'Whose Right (And Whose Duty) Is It? An Analysis of the Substance and Implementations of the Convention on the Rights of the Child' 1989 *New York Law School Journal of Human Rights* 7(1):161
- Govindjee A 'Lessons for South African Social Assistance Law from India: Part I – The Ties That Bind: The Indian Constitution and Reasons for Comparing South Africa with India' 2005 *Obiter* 26(3):575
- Hanson K & Vandaele A 'Working Children and International Labour Law: A Critical Analysis' 2003 *The International Journal of Children's Rights* 11(1):73.
- Haupt LC & Robinson JA "n Oorsig oor die Ontwikkeling van Kinderregte met Verwysing na die Benaderings van die Sogenaamde "Kiddie Libbers" en "Kiddie Savers"' 2001 *THRHR* 64(1):23
- Heaton J 'An Individualised, Contextualised and Child-centred Determination of the Child's Best Interests, and the Implications of such an Approach in the South African Context' 2009 *Journal for Juridical Science* 34(2):4
- Hesselink-Louw A, Bezuidenhout C & Pretorius R 'Child Sex Work: The Nature of, Factors Contributing to, and Consequences of Child Prostitution' 2002 *Acta Criminologica* 15(2):47
- Lalhapersad-Pillay P 'The Orphan Problem in Selected African Countries' 2008 *Africa Insight* 37(4):148
- Mosikatsana TL 'Children's Rights and Family Autonomy in the South African Context: A Comment on Children's Rights Under the Constitution' 1998 *Michigan Journal of Race & Law* 3(2):341
- Nardinelli C 'Child Labour and the Factory Acts' 1980 *Journal of Economic History* 40(4):739
- Nhenga-Chakarisa TC 'Who does the Law seek to Protect and from What? The Application of International Law on Child Labour in an African Context' 2010 *African Human Rights Law Journal* 10(1):161

- Nhlapo RT 'International Protection of Human Rights and the Family: African Variation on a Common Theme' 1989 *International Journal of Law and the Family* 3(1):1
- Nicholson CMA 'The Impact of Child Labor Legislation on Child-headed Households in South Africa' 2008 *Thomas Jefferson Law Review* 30(2):407
- Nirit BA 'Liberating Girls from Trokosi' 2001 *Africa Recovery* 15(4):26
- Olcott M 'The Caste System of India' 1944 *American Sociological Review* 9(6):648
- Omoni GE & Ijeh SU 'Another Dimension to Child Labour: Counseling Implications' 2010 *Edo Journal of Counselling* 3(1):28
- Osita-Oleribe OE 'Exploring the Causes of Child Labour Series' 2007 *International NGO Journal* 2(1):6
- Prakash HD 'Juvenile Justice – A Hard Look' 2013 *International Research Journal of Social Sciences* 2(1):38
- Subramanien DC 'Bought at a Price: Trafficking in Human Beings – A Brief Study of the Law in South Africa and the United States' 2011 *South African Journal of Criminal Justice* 24(3):245
- Thorat S & Dubey A 'Has Growth been Socially Inclusive during 1993-94-2009-10?' 2012 *Economic & Political Weekly* XLVII(10):53

#### **F. Boeke & Hoofstukke in Boeke**

- Alnoaimi T, Hinostroza JE, Isaacs S, Kozma R & Wong P 'Using ICT Policy to Transform Education' in Anon *Transforming Education: The Power of ICT Policies* Parys, UNESCO 2011
- Ameh RK 'Human Rights, Gender and Traditional Practices: The Trokosi System in West Africa' in Kalunta-Crumpton A & Agozino B (eds) *Pan – African Issues in Crime and Justice* Burlington, Ashgate Publishing Company 2003
- Arnal E, Tobin S, Organisation for Economic Co-Operation & Torres R *Combating Child Labour: A Review of Policies* Parys, OECD Publishing 2003
- Aspinall A & Smith EA 'Modern VIII 1783-1832' in Douglas DC *English Historical Documents* Londen, Eyre & Spottiswoode Ltd 1959

- Ayub R & Parker DL 'Silicosis and Silicotuberculosis' in Fassa AG, Parker DL & Scanlon TJ *Child Labour: A Public Health Perspective* Oxford, Oxford University Press 2010
- Bakshi PM *The Constitution of India* New Delhi, Universal Law Publishing Co. 2011
- Bales K *Contemporary World Issues: New Slavery* Kalifornië, ABC-Clio Inc 2005
- Banks JA 'Multicultural Education: Characteristics and Goals' in Banks JA & McGee Banks CA (reds) *Multicultural Education: Issues and Perspectives* Hoboken New Jersey, Wiley 2010
- Bequele A & Myers WE *First Things First in Child Labour: Eliminating Work Detrimental to Children* Geneva, International Labour Office 1995
- Bhalla AS & Luo D *Poverty and Exclusion of Minorities in China and India* Hampshire, Palgrave Macmillan 2013
- Bhargava G *Child Labor* New Delhi, Kalpaz Publications 2003
- Blagbrough J 'Worst Forms of Child Labour: Child Domestic Labour' in Hindman HD (red) *The World of Child Labour: An Historical and Regional Survey* New York, Myron E. Sharpe Inc 2009
- Bonner A, Iliaah K & Saha SK *Democracy in India: A Hollow Shell* Washington DC, American University Press 1994
- Borzaga M 'Limiting the Minimum Age: Convention 138 and the origin of the ILO's Action in the Field of Child Labour' in Nesi G, Nogler L & Pertile M (reds) *Child Labour in a Globalised World: A Legal Analysis of ILO Action* Hampshire, Ashgate Publishing Limited 2008
- Bourdillon MFC, Levinson D; Myers W & White B *Rights and Wrongs of Children's Work* New Jersey, Rutgers University Press 2010
- Boyden J & Myers WE *Exploring Alternative Approaches to Combating Child Labour: Case Studies from Developing Countries* Florence, UNICEF International Child Development Centre 1995
- Bray E 'The South African Schools Act' in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* Kaapstad, Juta & Company Ltd 2009
- Brezina C *The Treaty of Versailles, 1919 – A Primary Source Examination of the Treaty that Ended World War I* New York, The Rosen Publishing Group Inc 2006
- Buck T *International Child Law* Oxon, Routledge 2011

- Burchell J *Principles of Criminal Law* Kaapstad, Juta & Co 2005
- Buscher D 'Women, Work and War' in Martin SF & Tirman J (eds) *Women, Migration and Conflict: Breaking a Deadly Cycle* Dordrecht, Springer 2009
- Campbell G, Miers S en Miller JC *Children in Slavery through the Ages* Athens, Ohio University Press 2009
- Chauhan S *Child Labour (Increasing Challenges)* Delhi, Educational Publishers 2010
- Cochran M *International Handbook of Child Care Policies and Programs* Westport, Greenwood Publishing Group 1993
- Cooke RW & Taylor FSS *The Factory System and the Factory Acts* Londen, Methuen & Co 1894
- Cornell D *Defending Ideals: War, Democracy, and Political Struggles* New York, Routledge 2004
- Cullen H *The Role of International Law in the Elimination of Child Labour* Leiden, Martinus Nijhoff Publishers 2007
- Currie I & De Waal J *The Bill of Rights Handbook* Kaapstad, Juta & Co Ltd 2005
- Dalwai HU *Muslim Politics in India* Bombay, Nachiketa 1969
- Das AK & Mohanty PK *Human Rights in India* New Delhi, Sarup & Sons 2007
- Deb S *Children in Agony: A Source Book* New Delhi, Concept Pub. Co. 2006
- Desai M A *Rights-based Preventative Approach for Psychosocial Well-being in Childhood* New York, Springer 2010
- Detrick S A *Commentary on the United Nations Conventions on the Rights of the Child* Hague, Kluwer Law International 1999
- Dugard J *International Law: A South African Perspective* Kaapstad, Juta & Co 1994
- Erickson F 'Culture in Society and in Educational Practices' in Banks JA & McGee Banks CA (eds) *Multicultural Education: Issues and Perspectives* Hoboken New Jersey, Wiley 2010
- Flowers RB *The Victimization and Exploitation of Women and Children: A Study of Physical, Mental and Sexual Maltreatment in the United States* North Carolina, McFarland & Company Inc. Publishers 1994
- Forastieri V *Children at Work: Health and Safety Risks* Geneva, Internation Labour Office 2001

- Freeman MDA *The Moral Status of Children: Essays on the Rights of the Child* The Hague, Martinus Nijhoff Publishers 1997
- Fronza E & Summerer K 'The Implementation of ILO Child Labour Standards in Domestic Legal Systems: The Role of Criminal Law in Nesi G, Nogler L & Pertile M (eds) *Child Labour in a Globalised World: A Legal Analysis of ILO Action* Hampshire, Ashgate Publishing Limited 2008
- Fyfe A 'Coming to Terms with Child Labor' in Hindman HD (red) *The World of Child Labour: An Historical and Regional Survey* New York, Myron E. Sharpe Inc 2009
- Fyfe A *The Worldwide Movement Against Child Labour: Progress and Future Directions* Michigan, ILO 2007
- Gallinetti J 'Child Justice in South Africa: The Realisation of the Rights of Children Accused of Crime' in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* Claremont, Juta & Co 2009
- Gallinetti J 'Worst Forms of Child Labour: A view from out of Africa' in Sloth-Nielsen J (red) *Children's Rights in Africa: A Legal Perspective* Burlington, Ashgate Publishing Company 2008
- Galloway D 'The Special Educational Needs of Teachers' in Barton L (red) *Integration: Myth or Reality* Hampshire, Routledge 1989
- Gathia J 'Right to Education' in Saksena KP (red) *Human Rights: Fifty Years of India's Independence* New Delhi, Gyan Publishing House 1999
- Gombrich RF *Theravada Buddhism: A Social History from Ancient Benares to Modern Colombo* Londen, Routledge 1995
- Grayson FN *World History* New York, Wiley Publishing Inc 2006
- Gulrajani M 'Child Labour and the Export Sector in the Indian Carpet Industry' in Schlemmer B (red) *The Exploited Child* Londen, Zed Books Ltd 2000
- Hammond PH *Biblical Principles for Africa* South Africa, Christian Liberty Books 2003
- Hartjen CA & Priyadarsini S *The Global Victimization: Problems and Solutions* New York, Springer Science+Business Media 2012
- Hendrick H 'Periods of History: Childhood and Child Work, C.1800 – Present' in Hindman HD (red) *The World of Child Labour: An Historical and Regional Survey* New York, Myron E. Sharpe Inc 2009

- Herath G & Sharma K *Child Labour in South Asia* Hampshire, Ashgate Publishing Limited 2007
- Heywood C 'A Brief Historiography of Child Labour' in Hindman HD (red) *The World of Child Labour: An Historical and Regional Survey* New York, Myron E. Sharpe Inc 2009
- Heywood C *A History of Childhood* Cambridge, Polity Press 2001
- Hindman HD 'Coming to Terms with Child Labour' in Hindman HD (red) *The World of Child Labour: An Historical and Regional Survey* New York, Myron E. Sharpe Inc 2009
- Hobbs S, McKechnie J & Lavallette M *Child Labor: A World History Companion* Kalifornië, ABC-CLIO Inc 1999
- Hodgkin R & Newell P *Implementation Handbook for the Convention on the Rights of the Child* Geneva, Atar Roto Presse 1998
- Horrell S & Humphries J 'Child Labour in British Industrialization' in Lavallette M (red) *A Thing of the Past?: Child Labour in Britain 1800 to the Present* Liverpool, Liverpool University Press 1999
- Humphries J *Childhood and Child Labour in the British Industrial Revolution* New York, Cambridge University Press 2010
- Ishay MR *The History of Human Rights: From Ancient Times to the Globalization Era* Kalifornië, University of California Press 2008
- John M *Children's Rights and Power: Charging Up for a New Century* Londen, Jessica Kingsley Publishers 2003
- Kanbargi R 'Child Labor in India: The Carpet Industry of Varanasi' in Bequele A & Boyden J (eds) *Combating Child Labor* Geneva, ILO 1988
- Kant A & Lata S *Child and the Law* New Delhi, A P H Publishing Corporation 2007
- Kassan D & Mahery P 'Special Child Protective Measures in the Children's Act' in Boenzaart T (red) *Child Law in South Africa* Kaapstad, Juta & Company Ltd 2009
- Kooijmans J 'Prostitution, Pornography and Pornographic Performances as Worst Forms of Child Labour: A Comment on Article 3(b) of ILO Convention' in Nesi G, Nogler L & Pertile M (eds) *Child Labour in a Globalised World: A Legal Analysis of ILO Action* Hampshire, Ashgate Publishing Limited 2008

- Larson GJ 'Discourse about Religion in Colonial and Postcolonial India' in Smart N & Thakur S (eds) *Ethical and Political Dilemmas of Modern India* New York, St. Martin's Press 1993
- Lieten GK *Child Labour: Burning Questions* Amsterdam, Aksant Academic Publishers 2005
- Lundy KS & Janes S *Essentials of Community-Based Nursing* Boston, Jones and Bartlett Publishers 2003
- Mahery P 'The United Nations Convention on the Rights of the Child: Maintaining its Value in International and South African Child Law' in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* Kaapstad, Juta & Co 2009
- Majumdar RC *The History and Culture of the Indian People: The Vedic Age* Londen, George Allen & Unwin Ltd 1951
- Malherbe R 'Education Rights' in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* Kaapstad, Juta & Company Ltd 2009
- Mansoor FZ *Working Towards the Eradication of Child Labour? An Analysis of the Legal Framework with Case-studies of Pakistan, India, Indonesia, China, UK and USA* Londen, Cameron May 2011
- Marais HC *Suid-Afrika: Perspektiewe op die Toekoms* Hillcrest, Owen Burgess-uitgewers 1988
- Martin J & Tajman D *Eliminating the Worst Forms of Child Labour: A Practical Guide to ILO Convention No. 182* Geneva, ILO 2002
- Matthias C & Zaal N 'Children in Need of Care & Contribution Orders' in Davel CJ & Skelton AM (eds) *Commentary on the Children's Act* Kaapstad, Juta & Co 2007
- Mayimele-Hashatse T 'Child Labour' in Davel CJ (red) *Children's Rights in a Transitional Society* Pretoria, Protea Book House 1999
- McCabe KA *The Trafficking of Persons: National and International Responses* New York, Peter Lang Publishing Inc 2008
- Mensah WY & Godwyll FE *Female Ritual Servitude: The Trokosis in Ghana* Indiana, Authorhouse 2010
- Mertus J *The United Nations and Human Rights: A Guide for a New Era* Oxon, Routledge 2009

- Metha PL & Verma N *Human Rights under the Indian Constitution: The Philosophy and Judicial Gerrymandering* New Delhi, Deep & Deep Publication 1999
- Michelman F 'Rule of Law, Legality and the Supremacy of the Constitution' in Woolman S, Roux T & Bishop M (eds) *Constitutional Law of South Africa* Kaapstad , Juta & Company Ltd 2002
- Minnie D 'Sexual Offences against Children' in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* Kaapstad, Juta & Company Ltd 2009
- Misra RN *Child Labour in Hazardous Sectors* New Delhi, Discovery Publishing House 2003
- Mizen P 'Child Labour in the Developed Nations Today' in Hindman HD (red) *The World of Child Labour: An Historical and Regional Survey* New York, Myron E. Sharpe Inc 2009
- Nanjunda DC *Anthropology and Child Labour* New Delhi, Mittal Publications 2009
- Nanjunda DC *Child Labour and Human Rights: A Prospective* New Delhi, Kalpaz Publications 2008
- Noguchi Y 'The Use of Children in Illicit Activities as a Worst Form of Child Labour: A Comment on Article 3(c) of ILO Convention 182' in Nesi G, Nogler L & Pertile M (eds) *Child Labour in a Globalised World: A Legal Analysis of ILO Action* Hampshire, Ashgate Publishing Limited 2008
- Oldenburg P *India, Pakistan and Democracy: Solving the Puzzle of Divergent Paths* Oxon, Talor & Francis 2010
- Olivier M 'The Status of International Children's Rights Instruments in South Africa' in Davel CJ (red) *Introduction to Child Law in South Africa* Kaapstad, Juta & Company Ltd 2000
- Pertile M 'Introduction: The Fight Against Child Labour in a Globalized World' in Nesi G, Nogler L & Pertile M (eds) *Child Labour in a Globalised World: A Legal Analysis of ILO Action* Hampshire, Ashgate Publishing Limited 2008
- Pratap R 'The Implementation of ILO Standards in Asia: Overview and Selected Issues' in Nesi G, Nogler L & Pertile M (eds) *Child Labour in a Globalised World: A Legal Analysis of ILO Action* Hampshire, Ashgate Publishing Limited 2008

- Rishikesh D 'The Worst Forms of Child Labour: A Guide to ILO Convention 182 and Recommendation 190' in Nesi G, Nogler L & Pertile M (eds) *Child Labour in a Globalized World: A Legal Analysis of ILO Action* Hampshire, Ashgate Publishing Limited 2008
- Robb P *A History of India* Basingstoke, Palgrave Macmillan 2002
- Saksena KP *Human Rights: Fifty Years of India's Independence* New Delhi, Gyan Pub. House 1999
- Sanna S 'Slavery and Practices Similar to Slavery as Worst Forms of Child Labour: A Comment on Article 3(a) of ILO Convention 182 in Nesi G, Nogler L & Pertile M (eds) *Child Labour in a Globalised World: A Legal Analysis of ILO Action* Hampshire, Ashgate Publishing Limited 2008
- Saraswati SN *Right to Equality in the Indian Constitution: A Gandhian Perspective* New Delhi, Concept Publishing Company 2002
- Schargel FP & Smink J *Strategies to Help Solve our School Dropout Problem* New York, Eye on Education 2001
- Schlemmer-Schulte S 'The Contribution of the World Bank in Fostering Respect for ILO Child Labour Standards' in Nesi G, Nogler L & Pertile M (eds) *Child Labour in a Globalised World: A Legal Analysis of ILO Action* Hampshire, Ashgate Publishing Limited 2008
- Schurink WJ, Schurink EM & Smit C *Children Involved in Prostitution: Exploring a Social Process to Manage the Problem in South Africa* Pretoria, Human Sciences Research Council Group: Social Dynamics - Focus Area for Crime Related Studies 1995
- Sharma AK 'Human Right Violations of Street Children and Child Labour in India' in Sehgal BPS (red) *Human Rights in India* New Delhi, Deep & Deep Publications 1996
- Sharma SR A *Constitutional History of India* Londen, MacMillan & Co. Ltd 1955
- Sharma YV 'Indian Constitution and Human Rights' in Sehgal BPS (red) *Human Rights in India* New Delhi, Deep & Deep Publications 1996
- Shukla CK & Ali S *Child Labour and the Law* New Delhi, Sarup & Sons 2006
- Shuteriqi M 'Exploitation of Albanian Children in Greece' in Hindman HD (red) *The World of Child Labour: An Historical and Regional Survey* New York, Myron E. Sharpe Inc 2009

- Sithannan TV *Immoral Traffic, Prostitution in India: An Eye Opener to Guardians of Law and Morals* Chennai, Jeywin Publications 2006
- Skelton A 'Constitutional Protection of Children's Rights' in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* Kaapstad, Juta & Co 2009
- Smith J 'Child Labor' in Mitchell S (red) *Victorian Britannia: An Encyclopedia* Oxon, Garland Publishing Inc 1988
- Smith VA *The Oxford History of India* London, Oxford University Press 1994
- Srinivas MN *Caste in Modern India and Other Essays* Londen, Asia Publications House 1970
- Stevens R & Cloete MGT *Introduction to Criminology* Pretoria, International Thomson Publishing South Africa 2005
- Strydom H & Hopkins K 'International Law & International Agreements' in Woolman S, Roux T & Bishop M (eds) *Constitutional Law of South Africa* Kaapstad, Juta & Company 2002
- Swepston L *A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child: Article 32 Protection from Economic Exploitation* Boston, Martinus Nijhoff Publishers 2012
- Swepston LA 'International Labour Law' in Blanpain R (red) *Comparative Labour Law and Industrial Relations in Industrialized Market Economies* Nederland, Kluwer Law International 2010
- Thakur AP & Pandey S *21<sup>st</sup> Century India: View and Vision* New Delhi, Global Vision Publishers 2009
- United Nations Children's Fund *Adolescence: A Time That Matters* New York, UNICEF 2002
- Van Heerden CM, Boraine A, Theophilopoulos C & Rowan AWT *Grondbeginsels van Siviele Prosesreg* Durban, LexisNexis 2007
- Van Jaarsveld SR & Van Eck BPS *Kompendium van Arbeidsreg* Durban, LexisNexis Butterworths 2003
- Veerman PE *The Rights of the Child and the Changing Image of Childhood* Leyden, Martinus Nijhoff Publishers 1992

- Venter F, van der Walt CFC, van der Walt AJ, Pienaar GJ, Olivier NJJ & du Plessis LM *Regsnavoring: Metode en Publikasie* Kaapstad, Juta & Company Ltd 1990
- Vidyarthi LP *Rise of Anthropology in India: A Social Science Orientation* Delhi, Concept Pub. Co. 1978
- Viljoen F 'The African Charter on the Rights and Welfare of the Child' in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* Kaapstad, Juta & Company Ltd 2009
- Viljoen F 'The African Charter on the Rights and Welfare of the Child' in Davel CJ (red) *Introduction to Child Law in South Africa* Kaapstad, Juta & Co Ltd 217-218
- Wal S *Child Labour in Various Industries* New Delhi, Sarup & Sons 2006
- Wal S *Combating Child Labour* New Delhi, Sarup & Sons 2006
- Weston H & Teerink MB 'Rethinking Child Labour: A Multidimensional Human Rights Problem' in Weston H (red) *Child Labour and Human Rights: Making Children Matter* Boulder, Lynne Rienner Publishers 2005
- Wing C *Evils of the Factory System: Demonstrated by Parliamentary Evidence* Londen, Routledge 1967
- Young K 'The Indian Secular State under Hindu Attack: A New Perspective on the Crisis of Legitimation' in Smart N & Thakur SC (reds) *Ethical and Political Dilemmas of Modern India* New York, St. Martin's Press 1993
- Zastrow C & Kirst-Ashman KK *Understanding Human Behaviour and the Social Environment* Belmont, CA:Brooks/Cole Cengage Learning 2010

## G. Proefskrifte en Verhandelinge

- Büchner-Eveleigh M 'n Kritiese Evaluering van Wetgewing wat die Gesondheid van Kinders Beïnvloed (LLD proefskrif Universiteit van Suid-Afrika 2009)
- Coetzee Y *Internationale Perspektiewe op Kinderarbeid: Enkele Lesse vir Suid-Afrika* (LLM verhandeling Noordwes-Universiteit 2005)
- Gallinetti JS *An Assessment of the Significance of the International Labour Organisation's Convention 182 in South Africa with Specific Reference to the Instrumental Use of Children in the Commission of Offences as a Worst Form of Child Labour* (LLD proefskrif Universiteit van Kaapstad 2007)

- Haupt LC *Die Reg van die Kind op Oorlewing, Ontwikkeling en Beskerming* (LLD proefskrif Potchefstroom Universiteit 1998)
- Hesselink-Louw A *'n Viktimologiese Ondersoek na Vroulike Kindersekwerkers met Spesifieke Verwysing na Gauteng* (MA verhandeling Universiteit van Pretoria 2001)
- Kruger HB *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective* (LLD proefskrif Universiteit van die Vrystaat 2010)
- Mouton CPJ *Bewuswording by die Adolessente Dwelmafhanglike tydens die Terapeutiese Proses: 'n Gestaltbenadering* (Magister Diaconiologiae verhandeling Universiteit van Suid-Afrika 2005)
- Nhenga TC *Application of the International Prohibition on Child Labour in an African Context: Lesotho, Zimbabwe and South Africa* (LLD proefskrif Universiteit van Kaapstad 2008)
- Waschefort CA *Child Soldiers and International Law: Progressing towards 'an Era of Application'*? (PhD proefskrif Universiteit van London 2011)

## H. Internet

### **ACERWC**

- 'The African Charter of the Rights and Welfare of the Child' <<http://acerwc.org/the-african-charter-on-the-rights-and-welfare-of-the-child-acrwc/>> (besoek 28 Desember 2012)

### **Achin K**

- 'In India Some Families' Economic Survival Relies on Forced Child Labour' <<http://www.voanews.com/content/many-families-depend-on-forced-child-labor-12368444/167611.html>> (besoek 10 Januarie 2013)

### **Adam VF**

- 'Global Report 2008' <[http://www.child-soldiers.org/\\_global\\_report\\_reader.php?id=97](http://www.child-soldiers.org/_global_report_reader.php?id=97)> (besoek 15 Januarie 2013)

### African Commission on Human and Peoples' Rights

- 'Ratification Table: African Charter on the Rights and Welfare of the Child' <[www.achpr.org/instruments/child /ratification/](http://www.achpr.org/instruments/child_ratification/)> (besoek 28 Desember 2012)

### African Union

- 'A United and Strong Africa: ACRWC Ratification Table' <<http://pages.au.int/acerwc/pages/acrwc-ratifications-table?q=acerwc/pages/acrwc-ratifications-table>> (besoek 29 Desember 2012)
- 'African Charter on the Rights and Welfare of the Child' <[http://www.africa-union.org/official\\_documents/Treaties %20Conventions %20Protocols/a.%20C.%20ON%20THE%20RIGHT%20AND%20WELF%20OF%20CHILD.pdf](http://www.africa-union.org/official_documents/Treaties%20Conventions%20Protocols/a.%20ON%20THE%20RIGHT%20AND%20WELF%20OF%20CHILD.pdf)> (besoek 19 Desember 2012)

### Alfred SK

- 'Child Labour during the British Industrial Revolution' <<http://eh.net/encyclopedia/article/tuttle.labor.child.britain>> (besoek 26 Desember 2012)

### Anand N

- 'Why Prostitution should be Legalized and Regulated in India' <<http://www.mightylaws.in/229/prostitution-legalized-regulated-india>> (besoek 1 Augustus 2012)

### Anon

- 'Blatter Accepts Key 1GOAL Role' <[www.fifa.com/aboutfifa/socialresponsibility/news/newsid=1184400/](http://www.fifa.com/aboutfifa/socialresponsibility/news/newsid=1184400/)> (besoek 1 Januarie 2013)
- 'Child Grants Extended to 15-year-olds' <<http://www.southafrica.info/services/government/csg-220909.htm>> (besoek 23 Desember 2011)
- 'Child Labour Action Programme (South Africa)' <[http://en.wikipedia.org/wiki/Child\\_Labour\\_Programme\\_of\\_Action](http://en.wikipedia.org/wiki/Child_Labour_Programme_of_Action)> (besoek 9 Februarie 2011)
- 'Child Prostitution: The Curse Affecting every Continent' <<http://childrensrightsportal.org/child-prostitution/>> (besoek 27 Desember 2012)
- 'ECOSOC Resolution 2005/20' <<http://www.un.org/en/ecosoc/docs/2005/resolution%202005-20.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013)

- ‘Elementary Education Act 1876’ <<http://www.educationengland.org.uk/documents/pdfs/1876-elem-educ-act.pdf>> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘Graduates Without Work Experience Face Struggle to Secure Jobs, Report Says’ <<http://www.guardian.co.uk/money/2012/jan/11/graduates-work-experience-jobs>> (besoek 14 Julie 2012)
- ‘Inadequate Education and Employment’ <<http://www.fightpoverty.mmbrico.com/poverty/employment.html>> (besoek 4 Januarie 2013)
- ‘India: Political Background’ <<http://www.nationsencyclopedia.com/World-Leaders-2003/India-POLITICAL-BACKGROUND.html>> (besoek 8 Julie 2012)
- ‘India’s Forgotten People’ <[http://news.bbc.co.uk/today/hi/today/newsid\\_9166000/9166402.stm](http://news.bbc.co.uk/today/hi/today/newsid_9166000/9166402.stm)> (besoek 18 Augustus 2012)
- ‘Intriguing History: 1833 Factory Act’ <<http://www.intriguing-history.com/factory-act-2/>> (besoek 23 Desember 2012)
- ‘28 June 1919 the Peace Treaty of Versailles’ <<http://net.lib.byu.edu/~rdh7/wwi/versailles.html>> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘Optional Protocol on the Sale of Children, Child Prostitution and Child Pornography’ <<http://www.fightpoverty.mmbrico.com/cr/prostitution.html>> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘Organisation of African Unity’ <<http://www.sahistory.org.za/topic/organisation-african-unity-oau>> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘Review of the Child Care Act: Executive Summary’ <[http://www.justice.gov.za/salrc/dpapers/dp103\\_exesum\\_2002.pdf](http://www.justice.gov.za/salrc/dpapers/dp103_exesum_2002.pdf)> (besoek 10 Januarie 2013)
- ‘Right To Education (RTE) Act, 2009’ <<http://www.icbse.com/right-to-education-act>> (besoek 18 Januarie 2013)
- ‘SA to Clamp Down on Child Labour’ <<http://www.southafrica.info/about/social/labour-110608.htm>> (besoek 10 Julie 2011)
- ‘State of Indian Agriculture 2011-12’ <[http://agricoop.nic.in/\\_SIA111213312.pdf](http://agricoop.nic.in/_SIA111213312.pdf)> (besoek 3 Januarie 2013)
- ‘State of the Economy and Prospects’ <<http://indiabudget.nic.in/es2011-12/echap-01.pdf>> (besoek 4 Januarie 2013)

- ‘Status of Ratification CRC’ <[http://www.bayefsky.com/pdf/crc\\_ratif\\_table.pdf](http://www.bayefsky.com/pdf/crc_ratif_table.pdf)> (besoek 9 Januarie 2013)
- ‘The Elementary Education Act 1880’ <<http://www.educationengland.org.uk/documents/pdfs/1880-elementary-education-act.pdf>> (besoek 27 Desember 2012)
- ‘The “1 Goal: Education for All” Campaign also Wins the 2010 FIFA World Cup’ <[http://www.entreculturas.org/noticias/ingles\\_1Goal\\_wins](http://www.entreculturas.org/noticias/ingles_1Goal_wins)> (besoek 1 Januarie 2013)
- ‘The National Child Labour Project (NCLP) Scheme to all Child Labour’ <<http://nicsr.in/?p=844>> (besoek 19 Januarie 2013)
- ‘This Day in History’ <<http://www.history.com/this-day-in-history/league-of-nations-instituted>> (besoek 17 Desember 2012)
- ‘Verenigde Nasies: Geskiedenis’ <<http://myfundi.co.za/za/Verenigde/Nasies/Geskiedenis>> (besoek 31 Maart 2012)

#### **Anti-Slavery International**

- ‘Today’s Fight for Tomorrow’s Freedom’ <[http://www.antislavery.org/English/slavery\\_today/child\\_labour.aspx](http://www.antislavery.org/English/slavery_today/child_labour.aspx)> (besoek 27 Desember 2012)

#### **Bal KKC, Govind SYBG & Keshab PA**

- ‘Trafficking in Girls with Special Reference to Prostitution: A Rapid Assessment’ <<http://www.ilo.int/legacy/english/regions/asro/newdelhi/ipec/download/resources/nepal/nppubl01eng9.pdf>> (besoek 27 Desember 2012)

#### **Bonner R, Das PK, Kalra R & Leathes B**

- ‘Delivering Cost Effective and Sustainable School Infrastructure’ <<http://www.dfid.gov.uk/Documents/publications1/del-cost-eff-sust-sch-infra.pdf>> (besoek 3 Januarie 2013)

#### **Butt M**

- ‘Indian Laws Against Bonded Labour’ <<http://www.legalindia.in/indian-laws-against-bonded-labour>> (besoek 17 Januarie 2013)

### Büttner HG

- ‘Meeting the Challenge of Different Cultures and Educational Systems’ <<http://www.idealeague.org/about/docs/eairforum.pdf>> (besoek 4 Junie 2011)

### CAPES

- ‘Labour Law Review 2011 Position Paper: Synopsis of Proposed Changes & the Impact on the SA Economy’ <[http://c.ymcdn.com/sites/www.apso.co.za/resource/resmgr/pdf/CAPES\\_Labour\\_Law\\_Review\\_2011.pdf](http://c.ymcdn.com/sites/www.apso.co.za/resource/resmgr/pdf/CAPES_Labour_Law_Review_2011.pdf)> (besoek 1 Januarie 2013)

### Central Intelligence Agency

- ‘CIA World Factbook’ <<https://www.cia.gov/library/publications/the-world-factbook/geos/sf.html>> (besoek 16 April 2012)

### Chennells M & Katharine H

- ‘Income Poverty, Unemployment and Social Grants’ <[http://www.ci.org.za/depts/ci/pubs/pdf/general/gauge2010-11/sa\\_child\\_gauge\\_2010-11\\_poverty.pdf](http://www.ci.org.za/depts/ci/pubs/pdf/general/gauge2010-11/sa_child_gauge_2010-11_poverty.pdf)> (besoek 16 Januarie 2013)

### Childline South Africa

- ‘Childline South Africa’ <[http://www.childlinesa.org.za/component?option=com\\_frontpage&Itemid,1/](http://www.childlinesa.org.za/component?option=com_frontpage&Itemid,1/)> (besoek 1 Januarie 2013)
- ‘Childline South Africa: Contact Us’ <<http://www.childlinesa.org.za/content/view/15/83/>> (besoek 1 Januarie 2013)

### Child Soldiers International

- ‘Child Soldiers: Global Report 2008’ <[http://www.child-soldiers.org/global\\_report\\_reader.php?id=97](http://www.child-soldiers.org/global_report_reader.php?id=97)> (besoek 15 Januarie 2012)
- ‘Our History’ <[http://www.child-soldiers.org/our\\_history.php](http://www.child-soldiers.org/our_history.php)> (besoek 15 Januarie 2013)

### **Community Law Centre**

- ‘South African Country Reports to the UN Convention on the Rights of the Child (UNCRC) and the African Charter on the Rights and Welfare of the Child (ACRWC)’ <<http://www.peopletoparliament.org.za/focus-areas/children-rights/news/SA-country-reports-to-uncrc-and-acrwc>> (besoek 28 Desember 2012)

### **Cornell University**

- ‘Advancing the Campaign Against Child Labor: Efforts at the Country Level’ <[http://digitalcommons.ilr.cornell.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1138&context=key\\_workplace](http://digitalcommons.ilr.cornell.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1138&context=key_workplace)> (besoek 4 Januarie 2013)

### **Daksha K, Gallinetti J & Ehlers L**

- ‘Child Justice in South Africa: Children’s Rights under Construction’ <[http://www.childjustice.org.za/publications/CJ\\_ConferenceReport.pdf](http://www.childjustice.org.za/publications/CJ_ConferenceReport.pdf)> (besoek 17 Januarie 2013)

### **De Lannoy A & Hall K**

- ‘Education – Children Attending an Educational Institution’ <[http://www.childrencount.ci.org.za/uploads/factsheet\\_15.pdf](http://www.childrencount.ci.org.za/uploads/factsheet_15.pdf)> (besoek 29 Desember 2012)

### **De Mint J**

- ‘Education’ <<http://www.demint.senate.gov/public/index.cfm?p=Education>> (besoek 4 Januarie 2013)

### **Democratic Alliance**

- ‘Saving the Lost Generation: The DA’s Policy on Child-headed Households’ <[http://www.da.org.za/docs/613/ChildHeadedHouseholds\\_document.pdf](http://www.da.org.za/docs/613/ChildHeadedHouseholds_document.pdf)> (besoek 31 Desember 2012)

### **Department Foreign Affairs**

- ‘Dlamini Zuma: SA-India Joint Ministerial Commission (04/07/2003)’ <<http://www.polity.org.za/article/dlamini-zuma-saindia-joint-ministerial-commission-04072003-07-04>> (besoek 12 Januarie 2013)

### **Department of Labour**

- ‘Basic Guide to Deductions (Children in Performing Arts)’ <<https://www.labour.gov.za/legislation/acts/basic-guides/basic-guide-to-deductions-children-in-performing-arts>> (besoek 16 Januarie 2013)
- ‘Basic Guide to Working Hours (Children in Performing Arts)’ <<https://www.labour.gov.za/legislation/acts/basic-guides/basic-guide-to-working-hours-children-in-performing-arts>> (besoek 16 Januarie 2013)
- ‘Child Labour Action Programme for South Africa’ <<http://www.labour.gov.za/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment>> (besoek 23 Desember 2011)
- ‘The National Child Labour Programme of Action for South Africa: Phase two 2008-2012’ <<https://www.labour.gov.za/downloads/documents/annual-reports/child-labour-programme-of-action-for-south-africa/2012/Child%20Labour%20Programme%20of%20Action.pdf>> (besoek 1 Januarie 2013)

### **Department of School Education and Literacy**

- ‘Working Group Report on Elementary Education and Literacy 12<sup>th</sup> Five Year Plan 2012-2017’ <[http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp12/hrd/wg\\_elementary1708.pdf](http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp12/hrd/wg_elementary1708.pdf)> (besoek 19 Januarie 2013)

### **Department of Social Development**

- ‘Grant for Caring for a Young Child’ <<http://www.westerncape.gov.za/eng/directories/services/11586/47468>> (besoek 18 Julie 2011)

**Department: The Presidency Republic of South Africa**

- ‘National Planning Commission Diagnostic Overview’ <<http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=147192>> (besoek 1 Januarie 2013)

**Department: Women, Children and People with Disabilities Republic of South Africa**

- ‘South Africa’s International Reporting on Children’s Rights’ <[http://www.info.gov.za/speeches/docs/2012/qa\\_childrens-report.pdf](http://www.info.gov.za/speeches/docs/2012/qa_childrens-report.pdf)> (besoek 29 Desember 2012)

**Deshpande MS**

- ‘History of the Indian Caste System and its Impact on India Today’ <<http://digitalcommons.calpoly.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1043&context=socssp>> (besoek 20 Augustus 2012)

**DFN**

- ‘Outcastes’ <<http://www.dalitfreedom.org.au/dalits/outcastes.html>> (besoek 10 Januarie 2013)

**Diallo Y, Hagemann F, Etienne A, Gurbuzer Y & Mehran F**

- ‘Global Child Labour Developments: Measuring trends from 2004 to 2008’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=13313>> (besoek 13 Desember 2012)

**Dreze J & Sen A**

- ‘Putting Growth in its Place’ <<http://www.outlookindia.com/article.aspx?278843>> (besoek 9 Januarie 2013)

**Duke Law**

- ‘English Law Statutes’ <<http://law.duke.edu/lib/researchguides/english>> (besoek 11 Januarie 2013)

### Dukess K

- 'Child Labour Robs Children of Childhood, Impedes Development' <[http://www.unicef.org/media/media\\_34504.html](http://www.unicef.org/media/media_34504.html)> (besoek 13 Desember 2012)

### Dyson C

- 'Child Protection Research Briefing: Poverty and Child Maltreatment' <[www.nspcc.org.uk/Inform/reaserch/briefings/povertypdf\\_wdf56896.pdf](http://www.nspcc.org.uk/Inform/reaserch/briefings/povertypdf_wdf56896.pdf)> (besoek 1 Januarie 2013)

### Earle D

- 'How can Tertiary Education Deliver Better Value to the Economy?' <[http://www.educationcounts.govt.nz/\\_data/assets/pdf\\_file/0004/86980/value-of-tertiary-education.pdf](http://www.educationcounts.govt.nz/_data/assets/pdf_file/0004/86980/value-of-tertiary-education.pdf)> (besoek 4 Januarie 2013)

### Federal Ministry for Economic Co-operation and Development

- 'Education in Developing Countries' <[http://www.bmz.de/en/what\\_we\\_do/issues/Education/hintergrund/bildungssituation/index.html](http://www.bmz.de/en/what_we_do/issues/Education/hintergrund/bildungssituation/index.html)> (besoek 5 Januarie 2013)

### Fodje MN

- 'The Impact of Technology to Education in the Developing Countries' <[http://www.ict-e.org/T99\\_Library/T99\\_194.PDF](http://www.ict-e.org/T99_Library/T99_194.PDF)> (besoek 4 Januarie 2013)

### Gallinetti J

- 'Getting to Know the Child Justice Act' <[http://www.issafrica.org/crime\\_hub/uploads/gettingtoknowchild\\_justice\\_act.pdf](http://www.issafrica.org/crime_hub/uploads/gettingtoknowchild_justice_act.pdf)> (besoek 26 Desember 2011)

### Gillard D

- 'Education in England: A Brief History' <<http://www.educationengland.org.uk/history/chapter03.html>> (besoek 28 Desember 2012)

### **Government of India**

- 'Initiatives Towards Elimination of Child Labour – Action Plan and Present Strategy' <<http://aawaaz.aditifoundation.co.in/?p=368>> (besoek 31 Julie 2012)
- 'Report of the Working Group on Child Labour for the 11<sup>th</sup> five year plan 2007-2012' <[http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11\\_rpchlab.pdf](http://planningcommission.nic.in/aboutus/committee/wrkgrp11/wg11_rpchlab.pdf)> (besoek 31 Julie 2012)

### **High Fliers**

- 'The Graduate Market in 2012' <<http://www.highfliers.co.uk/download/GMReport12.pdf>> (besoek 6 Januarie 2013)
- 'Welcome to High Fliers Research' <<http://www.highfliers.co.uk/>> (besoek 6 Januarie 2012)

### **Hoover H**

- 'Regulations on Hazardous work by Children' <<https://www.labour.gov.za/downloads/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment/childlabourooklet2012.pdf>> (besoek 16 Januarie 2013)

### **Human Rights Watch**

- 'Small Change: Bonded Child Labour in India's Silk Industry' <<http://www.hrw.org/reports/2003/india/india0103.pdf>> (besoek 18 Augustus 2012)

### **IBSA**

- 'The India-Brazil-South Africa Dialogue Forum' <<http://www.ibsa-trilateral.org/>> (besoek 13 Januarie 2013)

### **ILO**

- 'Accelerating Action Against Child Labour: Global Report under the Follow-up to the ILO Declaration on Fundamental Principles and Rights at Work 2010' <[http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/---dgreports/---dcomm/documents/publication/wcms\\_126752.pdf](http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/---dgreports/---dcomm/documents/publication/wcms_126752.pdf)> (besoek 11 Januarie 2013)

- ‘A Future without Child Labour: Global Report under the Follow-up to the ILO Declaration on Fundamental Principles and Rights at Work’ <[http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/@dgreports/@dcomm/@publ/documents/publication/wcms\\_publ\\_9221124169\\_en.pdf](http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/@dgreports/@dcomm/@publ/documents/publication/wcms_publ_9221124169_en.pdf)> (besoek 18 Desember 2012)
- ‘A Future without Child Labour: Global Report under the Follow-up to the ILO Declaration on Fundamental Principles and Rights at Work. Report of the Director-General, 2002’ <[http://www.ilo.org/global/publications/ilo-bookstore/order-online/books/WCMS\\_PUBL\\_9221124169\\_EN/lang--en/index.htm](http://www.ilo.org/global/publications/ilo-bookstore/order-online/books/WCMS_PUBL_9221124169_EN/lang--en/index.htm)> (besoek 24 Desember 2012)
- ‘Child Labour: ILO’s International Programme on the Elimination of Child Labour (IPEC)’ <[www.un.org/en/globalissues/briefingpapers/childlabour/iloprogramme.shtml](http://www.un.org/en/globalissues/briefingpapers/childlabour/iloprogramme.shtml)> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘Children Used by Adults to Commit Crime: Situation Analysis and Pilot Design’ <<http://www.legal-aid.co.za/wp-content/uploads/2012/05/Children-used-by-Adults-to-Commit-Crime-CUBAC-Guidelines.pdf>> (besoek 22 Desember 2012)
- ‘C029-Forced Labour Convention, 1930 (No. 29)’ <[http://www.ilo.org/dyn/normlex/en/f?p=NORMLEXPUB:12100:0::NO:12100:P12100\\_INSTRUMENT\\_ID:312174:NO](http://www.ilo.org/dyn/normlex/en/f?p=NORMLEXPUB:12100:0::NO:12100:P12100_INSTRUMENT_ID:312174:NO)> (besoek 22 Desember 2012)
- ‘C138 - Minimum Age Convention, 1973 (No. 138)’ <[http://www.ilo.org/dyn/normlex/en/f?p=NORMLEXPUB:12100:0::NO:12100:P12100\\_INSTRUMENT\\_ID:312283:NO](http://www.ilo.org/dyn/normlex/en/f?p=NORMLEXPUB:12100:0::NO:12100:P12100_INSTRUMENT_ID:312283:NO)> (besoek 10 Januarie 2013)
- ‘Commercial Sexual Exploitation of Children’ <<http://www.ilo.org/ipec/areas/CSEC/lang--en/index.htm>> (besoek 26 Desember 2012)
- ‘Eliminating the Worst Forms of Child Labour: A Practical Guide to ILO Convention No. 182’ <[www.ipu.org/PDF/publications/childlabour\\_en.pdf](http://www.ipu.org/PDF/publications/childlabour_en.pdf)> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘Facts on Child Labour 2010’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=17075>> (besoek 26 Desember 2012)
- ‘Girls in Mining: Research Findings from Ghana, Niger, Peru and the United Republic of Tanzania’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=5304>> (besoek 10 Desember 2012)

- ‘Give Girls a Chance – Tackling Child Labour, a Key to the Future’ <<http://www.ilo.org/ipecinfo/product/viewProduct.do?productId=10290>> (besoek 31 Desember 2012)
- ‘Guide to Archives of International Organisations’ <[http://www.unesco.org/archives/sio/Eng/presentation\\_print.php?idOrg=1019](http://www.unesco.org/archives/sio/Eng/presentation_print.php?idOrg=1019)> (besoek 2 Januarie 2013)
- ‘ILO and Today’s Global Challenges 1992’ <[www.ilo.org/public/english/support/lib/century/content/1992.htm](http://www.ilo.org/public/english/support/lib/century/content/1992.htm)> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘International Labour Standards and Child Labour in Agriculture’ <[http://www.ilo.org/ipec/areas/Agriculture/WCMS\\_172348/lang--en/index.htm](http://www.ilo.org/ipec/areas/Agriculture/WCMS_172348/lang--en/index.htm)> (besoek 6 Januarie 2013)
- ‘List of Ratifications of International Labour Conventions – Minimum Age Convention, 1973 (No.138)’ <<http://webfusion.ilo.org/public/db/standards/normes/appl/appl-byConv.cfm?hdroff=1&conv=C138&Lang=EN>> (besoek 20 Augustus 2012)
- ‘List of Ratifications of International Labour Conventions: South Africa’ <<http://webfusion.ilo.org/public/applis/appl-byCtry.cfm?lang=EN&CTYCHOICE=0650&hdroff=1>> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘Mining and Quarrying’ <<http://www.ilo.org/ipec/areas/Miningandquarrying /lang--en/index.htm>> (besoek 30 Desember 2012)
- ‘National Legislation and Policies Against Child Labour in India’ <<http://www.ilo.org/legacy/english/regions/asro/newdelhi/ipec/responses/india/national.htm>> (besoek 19 Januarie 2013)
- ‘Origins and History’ <<http://www.ilo.org/global/about-the-ilo/history/lang--en/index.htm>> (besoek 2 Januarie 2012)
- ‘Scream Stop Child Labour: Supporting Children’s Rights through Education, the Arts and the Media’ <[http://learning.itcilo.org/ilo/ipec/scream/pack\\_en/pdf/Users\\_Guide\\_EN.pdf](http://learning.itcilo.org/ilo/ipec/scream/pack_en/pdf/Users_Guide_EN.pdf)> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘Setting the Terms of the Child Labour Debate’ <[http://www.ilo.org/global/publications/magazines-and-journals/world-of-work-magazine/articles/ilo-in-history/WCMS\\_144687/lang--en/index.htm](http://www.ilo.org/global/publications/magazines-and-journals/world-of-work-magazine/articles/ilo-in-history/WCMS_144687/lang--en/index.htm)> (besoek 2 Januarie 2013)

- ‘The Informal Sector’ <[http://www.ilo.org/public/english/region/asro/bangkok/feature/inf\\_sect.htm](http://www.ilo.org/public/english/region/asro/bangkok/feature/inf_sect.htm)> (besoek 6 Januarie 2013)
- ‘The Programme’ <<http://www.ilo.org/ipec/programme/lang--en/index.htm>> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘Trafficking in Children’ <<http://www.ilo.org/ipec/areas/Traffickingofchildren /lang--en/index.htm>> (besoek 22 Desember 2012)
- ‘Training Module for Teachers on Child Labour’ <[http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/@asia/@ro-bangkok/@sro-new\\_delhi/documents/projectdocumentaction/wcms\\_125444.pdf](http://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/@asia/@ro-bangkok/@sro-new_delhi/documents/projectdocumentaction/wcms_125444.pdf)> (besoek 5 Mei 2012)
- ‘World Day Against Child Labour 2012: Human Rights and Social Justice... let's end child labour’ <<http://www.ilo.org/ipec/Campaignandadvocacy/wdac/2012/lang--en/index.htm>> (besoek 2 Januarie 2013)

### **Jeyalakshmi S**

- ‘Children in India 2012: A Statistical Appraisal: Social Statistics Division, Government of India’ <[http://mospi.nic.in/Mospi\\_New/upload/Children\\_in\\_India\\_2012.pdf](http://mospi.nic.in/Mospi_New/upload/Children_in_India_2012.pdf)> (besoek 9 Januarie 2013)

### **Joint United Nations Programme on HIV/AIDS**

- ‘UNAIDS Terminology Guidelines’ <[http://www.unaids.org/en/media/unaidstassests/documents/unaidspublication/2011/JC2118\\_terminology-guidelines\\_en.pdf](http://www.unaids.org/en/media/unaidstassests/documents/unaidspublication/2011/JC2118_terminology-guidelines_en.pdf)> (besoek 26 Desember 2012)

### **Joubert N**

- ‘Verslapping van Arbeidswette kan Werk Skep’ <<http://m.news24.com/sake24/Economie/Verslapping-van-arbeidswette-kan-werk-skep-20110816>> (besoek 24 Julie 2012)

### **Kelly J**

- ‘The Unstoppable Rise of Work Experience’ <<http://www.bbc.co.uk/news/magazine-10891905>> (besoek 14 Julie 2012)

**Kumar M**

- ‘Trafficking in Women and Children: An Ounce of Prevention is Worth a Pound of Cure’ <[http://www.legalserviceindia.com/articles/tch\\_wo.htm](http://www.legalserviceindia.com/articles/tch_wo.htm)> (besoek 10 Januarie 2013)

**Lieten GK**

- ‘The Causes for Child Labour in India: The Poverty Analysis’ <<http://www.childlabour.net/documents/kristoffel%20publicaties/PovertyAnalysis.pdf>> (besoek 10 Augustus 2012)

**Mashaba H**

- ‘When Those with Jobs Blocks Those Without’ <<http://www.timeslive.co.za/opinion/commentary/2012/03/18/when-those-with-jobs-block-those-without>> (besoek 10 Julie 2012)

**Mehta N**

- ‘Child Protection and Juvenile Justice System for Children in Need of Care and Protection’ <<http://www.childlineindia.org.in/pdf/CP-JJ-CNCP.pdf>> (besoek 17 Oktober 2012)

**Ministry of Labour & Employment**

- ‘About Child Labour’ <<http://labour.nic.in/content/division/about-child-labour.php>> (besoek 19 Januarie 2013)

**Mitch D**

- ‘Education and Economic Growth in Historical Perspective’ <<http://eh.net/encyclopedia/article/mitch.education>> (besoek 2 Januarie 2013)

**Molankal GM**

- ‘Child Labour in India: An Overview’ <<http://www.childjustice.org/wsecl/papers/Molankal2008.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013)

### **Naidoo E**

- ‘Family Policy Institute’ <[www.pechurchnet.co.za/post/docs/family\\_policy\\_institute\\_submission\\_on\\_prostitution.pdf](http://www.pechurchnet.co.za/post/docs/family_policy_institute_submission_on_prostitution.pdf)> (besoek 31 Desember 2012)

### **National Treasury**

- ‘Budget Review 2011: National Treasury Republic of South Africa’ <<http://www.treasury.gov.za/documents/national%20budget/2010/review/Budget%20Review.pdf>> (besoek 1 Januarie 2013)

### **NLRD**

- ‘National Child Labour Project (NCLP)’ <[http://nld.org/resources-childs-rights/child-labour\\_schemes-policy-document-child-labour\\_national-child-labour-project-nclp](http://nld.org/resources-childs-rights/child-labour_schemes-policy-document-child-labour_national-child-labour-project-nclp)> (besoek 3 Januarie 2013)

### **Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights**

- ‘Convention on the Rights of the Child’ <<http://www2.ohchr.org/english/law/crc.htm>> (besoek 17 Desember 2012)

### **Owen H**

- ‘The Elementary Education Act 1870’ <[http://books.google.co.za/books?id=9c0DAAAQAAJ&printsec=frontcover&source=gb\\_ge\\_summary\\_r&cad=0#v=onepage&q&f=false](http://books.google.co.za/books?id=9c0DAAAQAAJ&printsec=frontcover&source=gb_ge_summary_r&cad=0#v=onepage&q&f=false)> (besoek 23 Desember 2013)

### **Piccard L**

- ‘ILO Convention 138 – Concerning the Minimum Age for Admission to Employment’ <[http://www.child-abuse.com/childhouse/childrens\\_rights/dci\\_ilc.html](http://www.child-abuse.com/childhouse/childrens_rights/dci_ilc.html)> (besoek 19 Desember 2012)

### **Rademeyer A**

- ‘SA Kry nie Waarde uit Belegging in Onderrig’ <<http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2010/07/11/B1/5/tardeklerk.html>> (besoek 4 Junie 2011)

### **Rademeyer A & de Bruin P**

- '10 000 Child Prostitutes in JHB' <<http://www.news24.com/SouthAfrica/News/10-000-child-prostitutes-in-Jhb-20090603>> (besoek 27 Desember 2012)
- 'Skokverslag oor kindermishandeling' <[http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2009/06/04/SK/14/aabaaaatj\\_1254\\_1551.html](http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2009/06/04/SK/14/aabaaaatj_1254_1551.html)> (besoek 22 Desember 2011)

### **Ramakrishnan V**

- 'Features – Guide to Indian Laws' <<http://www.llrx.com/features/indian.htm>> (besoek 8 Julie 2012)

### **Ramutloa L**

- 'Towards a National Child Labour Action Programme for South Africa' <<https://www.labour.gov.za/documents/useful-documents/basic-conditions-of-employment/towards-a-national-child-labour-action-programme-for-south-africa>> (besoek 16 Januarie 2013)

### **Sahu T**

- 'Right to Education Act: Pitfalls and Possibilities' <[http://www.academia.edu/730018/Right\\_to\\_Education\\_Act\\_Pitfalls\\_and\\_Possibilities](http://www.academia.edu/730018/Right_to_Education_Act_Pitfalls_and_Possibilities)> (besoek 18 Januarie 2013)

### **Sanders T**

- 'The International Labour Organisation of the League of Nations' <[http://lib161.lse.ac.uk/archives/fabian\\_tracts/197.pdf](http://lib161.lse.ac.uk/archives/fabian_tracts/197.pdf)> (besoek 24 Januarie 2013)

### **Sheahan F**

- 'Advancing Children's Rights: A Guide for Civil Society Organisations on How to Engage with the African Committee of Experts on the Rights and Welfare of the Child' <<http://www.crin.org/docs/Advancing%20Children's%20Rights%20-%20CSO%20Guide%20to%20the%20ACERWC.pdf>> (besoek 27 Desember 2012)

### **Sloth-Nielsen J**

- ‘Realising the Rights of Children growing up in Child-headed Households: A Guide to Laws, Policies and Social Advocacy’ <<http://www.communitylawcentre.org.za/projects/socio-economic-rights/Research%20and%20Publications/SER%20Publications/Child-headed%20households.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013)

### **South Africa Government Services**

- ‘Child Support Grant’ <[http://www.services.gov.za/services/content/Home/ServicesForPeople/Socialbenefits/childsupportgrant/en\\_ZA](http://www.services.gov.za/services/content/Home/ServicesForPeople/Socialbenefits/childsupportgrant/en_ZA)> (besoek 19 Januarie 2013)

### **South African Government Information**

- ‘Government Services’ <<http://www.info.gov.za/faq/services.htm>> (besoek 1 Januarie 2013)

### **South African Police Services**

- ‘Crime Research and Statistics – South African Police Service’ <[www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2012/categories/neglect\\_illtreat\\_children.pdf](http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2012/categories/neglect_illtreat_children.pdf)> (besoek 5 Januarie 2012)
- ‘South African Police Service: Family Violence, Child Protection and Sexual Offences Unit’ <[http://www.saps.gov.za/org\\_profiles/core\\_function\\_components/fcs/establish.htm](http://www.saps.gov.za/org_profiles/core_function_components/fcs/establish.htm)> (besoek 1 Januarie 2013)

### **Statistics South Africa**

- ‘Statistical Release P0212: Survey of Activities of Young People 2010’ <[www.datafirst.uct.ac.za/catalogue3/index.php/catalog/130](http://www.datafirst.uct.ac.za/catalogue3/index.php/catalog/130)> (besoek 29 Desember 2012)

### **Suresh Babu GS**

- ‘Child Labour in India – Problems in Conceptualisation’ <<http://www.thinkindiaquarterly.org/thinkindiaquarterly/ArticleDetails.aspx?ArticleId=192&Id=20>> (besoek 20 Augustus 2012)

### Tamilnadu School Education Department

- 'The Right of Children to Free and Compulsory Education Act' <<http://www.tnschools.gov.in/rteindia.html>> (besoek 11 Januarie 2013)

### Thatcher W

- 'Child Labor during the English Industrial Revolution' <<http://wathatcher.iweb.bsu.edu/childlabor/>> (besoek 26 Desember 2012)

### The International Centre on Child Labor and Education

- 'Consequences of Child Labor' <[http://www.knowchildlabor.org/child\\_labor/consequences\\_of\\_child\\_labor.php](http://www.knowchildlabor.org/child_labor/consequences_of_child_labor.php)> (besoek 29 Desember 2012)

### The World Bank

- 'Poverty Headcount Ratio at \$1.25 a Day (PPP) (% of Population)' <<http://search.worldbank.org/all?qterm=poverty+headcount+ratio+at+%241.25+a+day&title=&filetype=#>> (besoek 10 Januarie 2013)

### UNESCO

- 'Commitment to Education: Public Spending Table 11' <<http://www.unesco.org/education/gmr2008/statistics/table11.pdf/table11.pdf>> (besoek 4 Junie 2011)
- 'Education Partners: Private Sector' <<http://www.unesco.org/new/en/education/partners/education-partners/private-sector/>> (besoek 6 Januarie 2013)
- 'Education: Literacy' <<http://www.unesco.org/new/en/education/themes/education-building-blocks/literacy/>> (besoek 6 Januarie 2013)
- 'Education: Teachers' <<http://www.unesco.org/new/en/education/themes/education-building-blocks/teacher-education/>> (besoek 6 Januarie 2013)
- 'EFA Global Monitoring Report 2010: Reaching the Marginalized' <<http://unesdoc.unesco.org/images/0018/001866/186606e.pdf>> (besoek 10 Januarie 2013)
- 'UNESCO and Education: Everyone has the Right to Education' <<http://unesdoc.unesco.org/images/0021/002127/212715e.pdf>> (besoek 5 Januarie 2013)

- ‘UNESCO Strategy on Teachers (2012-2015)’ <<http://unesdoc.unesco.org/images/0021/002177/217775E.pdf>> (besoek 6 Januarie 2013)

### **UNICEF**

- ‘About UNICEF: Who we are’ <[http://www.unicef.org/about/who/index\\_introduction.html](http://www.unicef.org/about/who/index_introduction.html)> (besoek 10 Junie 2011)
- ‘Annual Report 2004’ <[http://www.unicef.org/publications/files/UNICEFAnnualReport2004\\_eng.pdf](http://www.unicef.org/publications/files/UNICEFAnnualReport2004_eng.pdf)> (besoek 10 November 2012)
- ‘Annual Report 2009’ <[http://www.unicef.org/publications/files/UNICEF\\_Annual\\_Report\\_2009\\_EN\\_061510.pdf](http://www.unicef.org/publications/files/UNICEF_Annual_Report_2009_EN_061510.pdf)> (besoek 10 November 2012)
- ‘Basic Education and Gender Equality’ <[http://www.unicef.org/education/bege\\_61657.html](http://www.unicef.org/education/bege_61657.html)> (besoek 11 Junie 2011)
- ‘Childinfo: Monitoring the Situation of Children and Women’ <<http://www.childinfo.org/labour.html>> (besoek 13 Desember 2012)
- ‘Child Labour and Commercial Sexual Exploitation’ <[http://www.unicef.org/esaro/5480\\_child\\_labour\\_sexual\\_exploitation.html](http://www.unicef.org/esaro/5480_child_labour_sexual_exploitation.html)> (besoek 21 Desember 2011)
- ‘Child Labour and Commercial Sexual Exploitation’ <[http://www.unicef.org/esa/ro/factsonchildren\\_5783.html](http://www.unicef.org/esa/ro/factsonchildren_5783.html)> (besoek 1 Januarie 2013)
- ‘Child Protection from Violence, Exploitation and Abuse’ <[http://www.unicef.org/media/media\\_45451.html](http://www.unicef.org/media/media_45451.html)> (besoek 11 Junie 2011)
- ‘Child Protection Information Sheet: Commercial Sexual Exploitation’ <[http://www.unicef.org/chinese/protection/files/Sexual\\_Exploitation.pdf](http://www.unicef.org/chinese/protection/files/Sexual_Exploitation.pdf)> (besoek 10 Desember 2012)
- ‘Child Sexual Abuse and Commercial Sexual Exploitation of Children in the Pacific: A Regional Report’ <[http://www.humantrafficking.org/uploads/publications/Pacific\\_CSEC\\_report.pdf](http://www.humantrafficking.org/uploads/publications/Pacific_CSEC_report.pdf)> (besoek 26 Desember 2012)
- ‘Combating Child Labour in India’ <[http://www.unicef.org/india/child\\_protection\\_1726.htm](http://www.unicef.org/india/child_protection_1726.htm)> (besoek 10 Januarie 2013)
- ‘Convention on the Rights of the Child’ <[http://www.unicef.org/crc/index\\_30229.html](http://www.unicef.org/crc/index_30229.html)> (besoek 26 Desember 2012)

- ‘Focus Areas’ <<http://www.unicef.org/whatwedo/index.html>> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘Health’ <[http://www.unicef.org/health/index\\_4020.html](http://www.unicef.org/health/index_4020.html)> (besoek 11 Junie 2011)
- ‘Nutrition’ <[http://www.unicef.org/nutrition/index\\_4050.html](http://www.unicef.org/nutrition/index_4050.html)> (besoek 11 Junie 2011)
- ‘The African Charter on the Rights and Welfare of the Child’ <[http://www.unicef.org/es\\_aros/children\\_youth\\_5930.html](http://www.unicef.org/es_aros/children_youth_5930.html)> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘The Right to Education: Frequently Asked Questions’ <[http://www.unicef.org/india/education\\_6144.html](http://www.unicef.org/india/education_6144.html)> (besoek 18 Januarie 2013)
- ‘The State of the World’s Children: What is Child Labour?’ <<http://www.unicef.org/sowc97/report/what.htm>> (besoek 29 Desember 2012)
- ‘Trafficking’ <<http://www.unicef.org/protection/files/Trafficking.pdf>> (besoek 26 Desember 2012)
- ‘Unite for Children: Unite Against AIDS’ <[http://www.unicef.org/aids/index\\_55821.html](http://www.unicef.org/aids/index_55821.html)> (besoek 10 Junie 2011)
- ‘Water, Sanitation and Hygiene’ <[http://www.unicef.org/wash/index\\_3951.html](http://www.unicef.org/wash/index_3951.html)> (besoek 12 Junie 2011)

### **United Nations**

- ‘History of the United Nations’ <<http://www.un.org/en/aboutun/history/index.shtml>> (besoek 24 Desember 2012)
- ‘India still Home to Largest Illiterate Population: UNESCO’ <<http://www.currentaffairsindia.co.in/society/india-still-home-to-largest-illiterate-populationunesco/>> (besoek 20 Augustus 2012)
- ‘Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, Especially Women and Children, supplementing the United Nations Convention against Transnational Organized Crime’ <[http://www.uncjin.org/Documents/Conventions/dcatoc/final\\_documents\\_2/convention\\_%20traff\\_eng.pdf](http://www.uncjin.org/Documents/Conventions/dcatoc/final_documents_2/convention_%20traff_eng.pdf)> (besoek 22 Desember 2012)

### **United Nations High Commissioner for Refugees**

- ‘C182 Worst Forms of Child Labour Convention’ <[www.unhcr.org/refworld/docid/3ddb6e0c4.html](http://www.unhcr.org/refworld/docid/3ddb6e0c4.html)> (besoek 19 Desember 2012)

### **United Nations Human Rights**

- ‘Universal Declaration of Human Rights’ <<http://www.ohchr.org/en/udhr/pages/introduction.aspx>> (besoek 5 Januarie 2013)

### **United Nations Office at Geneva**

- ‘The Founding of the League of Nations’ <[http://www.unog.ch/80256EDD006AC19C/\(httpPages\)/DC4AA21261EF9EE4C1256F31002C7B73](http://www.unog.ch/80256EDD006AC19C/(httpPages)/DC4AA21261EF9EE4C1256F31002C7B73)> (besoek 28 Desember 2012)

### **United States: Department of Justice**

- ‘The National Strategy for Child Exploitation, Prevention and Interdiction: A Report to Congress August 2010’ <<http://www.justice.gov/psc/docs/natstrategyreport.pdf>> (besoek 27 Desember 2012)

### **United States: Department of Labor**

- ‘International Programme on the Elimination of Child Labor (ILO/IPEC)’ <[www.dol.gov/ILAB/programs/iclp/ilopec/main.htm#.UN3tTazcD84](http://www.dol.gov/ILAB/programs/iclp/ilopec/main.htm#.UN3tTazcD84)> (besoek 28 Desember 2012)
- ‘South Africa: Child Labor in South Africa’ <[www.dol.gov/ilab/media/reports/iclp/advancing1/html/south\\_africa.htm#.UN8h76zc\\_D84](http://www.dol.gov/ilab/media/reports/iclp/advancing1/html/south_africa.htm#.UN8h76zc_D84)> (besoek 27 Desember 2012)

### **Van Wyk E**

- ‘Gestremde Kind te Huur: R20’ <<http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2010/05/26/RH/5/evbedel1.html>> (besoek 10 Julie 2011)

### Vijapur AP

- ‘Education of Ex-untouchables (Dalits): Plight of Human Rights Education in Indian Schools’ <<http://www.hurights.or.jp/archives/pdf/asia-s-ed/v10/15Education%20of%20Ex-Untouchables,%20Dalits.pdf>> (besoek 22 Augustus 2012)

### Wadhwa S

- ‘For sale: Childhood’ <[http://www.outlookindia.com/article.aspx?20\\_5123](http://www.outlookindia.com/article.aspx?20_5123)> (besoek 23 April 2012)

### Walker A

- ‘Village Self-Help Groups: Keeping Children out of Labour’ <[http://www.unicef.org/india/reallives\\_6927.htm](http://www.unicef.org/india/reallives_6927.htm)> (besoek 5 Mei 2012)

### Willemse M

- ‘Vroeëre Slagoffers Dryf nou Self Handel in Mense’ <<http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2009/02/26/B1/16/tMWmensehandel.html>> (besoek 22 Desember 2011)

### Wise S & Sanson

- ‘A Child Care in Cultural Context: Research Paper No. 22 – Australian Institute of Family Studies’ <<http://www.aifs.gov.au/institute/pubs/RP22.pdf>> (besoek 1 Januarie 2013)

**Aantal woorde: 49 870**

**Proeflees: Dr H Pieterse; Dr V Srivastava; Me B Bradley en Me M Adendorf**